

**Levitikus 18 en 20 in die homoseksualiteitsdebat: 'n Hermeneutiese
perspektief**

deur

Jacobus Abraham Swart

**'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
graad**

MA Bybelkunde

in Bybel- en Godsdienkunde aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

STUDIELEIER: Prof DJ Human

2007

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN AFKORTINGS	6
HOOFSTUK 1: INLEIDING	7
1.1 AKTUALITEIT	7
1.1.1 Verskillende standpunte	11
1.1.1.1 Verkennende kerke	11
1.1.1.2 Behoudende groepe en kerke	12
1.1.1.3 Tradisionele hoofstroomkerke	13
1.1.2 Voorkoms van homoseksualiteit	17
1.1.3 Steeds talle vrae	18
1.2 PROBLEEMSTELLING	19
1.2.1 Dilemma vir die kerk	19
1.2.1.1 Moet kerke nuut oor homoseksualiteit dink?	19
1.3 DOELWITTE	20
1.3.1 Problematiek en aktualiteit rondom homoseksualiteit	20
1.3.2 Belangrike historiese asook natuur- en geesteswetenskaplike insigte	21
1.3.3 Verskillende hermeneutiese vertrekpunte	21
1.3.4 Uitleg en toepassing van Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13	23
1.4 METODOLOGIE	24
1.4.1 Literatuurstudie	24
1.4.2 Eksegetiese studie	24
1.4.2.1 Uiteenlopende invalshoeke of benaderings	25
1.4.2.1.1 Histories-kritiese benaderings	26
1.4.2.1.2 Struktuur-analitiese metodes	26
1.4.2.1.3 Resepsie-teoretiese benaderings	26
1.4.2.2 Eksegetiese proses	27
1.5 HIPOTESE	28
1.6 HOOFSTUKINDELING	29
1.7 TERMINOLOGIE	29

HOOFSTUK 2: HISTORIESE PERSPEKTIEWE OP HOMOSEKSUALITEIT	34
2.1 VOËLVLUG DEUR DIE EEUE	34
2.1.1 Antieke tyd	34
2.1.2 Grieke en Romeine	35
2.1.3 Vroeë Judaïsme	36
2.1.4 Vroeë kerk	36
2.1.5 Middeleeue	37
2.1.6 Reformasie	40
2.1.7 Twintigste eeu	41
2.2 AGTERGROND VAN DIE HUIDIGE DEBAT	44
2.2.1 Vinnig veranderende postmoderne era	44
2.2.2 Nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet	45
2.3 PROBLEMATIESE ASPEKTE	48
2.3.1 Nood van homoseksuele gelowiges	48
2.3.2 Inkonsekwente kerklike hantering	52
2.3.3 Wêreldwye vraagstuk	55
2.3.4 Versoenbaarheid met die Bybel	56
2.3.5 Homoseksuele “huwelike”	57
2.3.6 Homoseksuele ampsdraers	63
2.3.7 Praktisering van homoseksuele oriëntasie	65
2.3.8 Homofobie	69
2.4 WANPERSEPSIES OOR HOMOSEKSUALITEIT	71
HOOFSTUK 3: GEESTES- EN NATUURWETENSKAPLIKE PERSPEKTIEWE	75
3.1 INLEIDING	75
3.2 SEKSUELE ORIËNTASIE	76
3.3 HOMOSEKSUALITEIT: NORMAAL OF ABNORMAAL?	78
3.4 MOONTLIKE OORSAKE VAN HOMOSEKSUALITEIT	83
3.5 VERANDERING VAN SEKSUELE ORIËNTASIE	88

HOOFSTUK 4: BYBELSE PERSPEKTIEWE	92
4.1 INTERPRETASIE VAN DIE BYBEL	92
4.1.1 Reformatoriese perspektief op die Bybel.....	92
4.1.2 Gesag van die Bybel	94
4.1.3 Verskillende lees van die Bybelse teks	96
4.1.4 Verskillende invalshoeke op die Skrif lewer verskillende resultate	99
4.1.4.1 Objektiewe Skrifverstaan	99
4.1.4.2 Subjektiewe Skrifverstaan.....	99
4.1.4.3 Dialektiese Skrifverstaan	100
4.2 TEKSTE WAT SKYNBAAR HOMOSEKSUALITEIT AFWYS	100
4.3 TEKSTE WAT MOONTLIK NA HOMOSEKSUALITEIT	
VERWYS	102
4.3.1 Ou Testament	103
4.3.1.1 Inleiding	103
4.3.1.2 Genesis 19 (en Rigters 19).....	104
4.3.1.3 Levitikus 18:22 en 20:13.....	105
4.3.1.4 Ander tekste	106
4.3.1.5 Nuwe Testament	108
4.3.1.6 Gevolgtrekking	109
4.4 KONTEKS VAN LEVITIKUS 18 EN 20	110
4.4.1 Ou Nabye Oosterse perspektiewe	110
4.4.2 Levitikus.....	112
4.4.3 Heiligheidskodeks	113
4.5 LEVITIKUS 18	114
4.5.1 Struktuur van Levitikus 18.....	114
4.5.2 Inleidende opmerkings.....	115
4.5.3 Raamwerk: Inleiding (1-5) en slot (24-30)	116
4.5.4 Wette wat verskillende seksuele verbintenisse reguleer	117
4.5.4.1 Verbode verhoudings met 'n naby bloedverwant (6-18)	118
4.5.4.2 Verontreinigende seksuele daade (19-23)	118
4.5.5 Levitikus 18:22	120
4.6 LEVITIKUS 20	123
4.6.1 Struktuur van Levitikus 20.....	123

4.6.2	Inleidende opmerkings.....	124
4.6.3	Inhoud van hoofstuk 20.....	125
4.6.4	Levitikus 20:13	126
4.7	SINTESE VAN LEVITIKUS 18:22 EN LEVITIKUS 20:13	128
4.8	WAAROM VERBIED DIE OU TESTAMENT OËNSKYNLIK HOMOSEKSUELE DADE?	130
	HOOFSTUK 5: SINTESE	135
5.1	AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING	135
5.2	DOELWITTE	135
5.3	METODE	136
5.4	INHOUD	137
5.5	HIPOTESE	143
5.6	SLOTWOORD	144

BIBLIOGRAFIE

SAMEVATTING

ABSTRACT

LYS VAN AFKORTINGS

APA American Psychological Association

GKN Gereformeerde kerke in Nederland

GKSA Gereformeerde kerke in Suid-Afrika

NGK Nederduitse Gereformeerde kerk

NHKA Nederduitsch Hervomde kerk van Afrika

RKK Rooms Katolieke Kerk

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AKTUALITEIT

Die vraagstuk rondom homoseksualiteit vorm huidiglik een van die mees aktuele kwessies wat individue en groepe uit verskillende hoeke en met uiteenlopende oortuigings benader (Potgieter 2005:xiv-xv; Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2004 = NHKA 2004:379). Hierdie ingewikkelde verskynsel skep vir Christene en talle ander 'n verknorsing en selfs 'n verleentheid, waarmee hulle nie vorentoe of agtertoe weet nie (Soards 1995:55). In 'n poging om hierdie ongemaklike turksvy so gou as moontlik uit die weg te ruim slaan geleerdes en ander een van drie weë in: homoseksualiteit word dikwels vinnig verwerp, dikwels vinnig aanvaar of in baie gevalle, vinnig verdra sonder veel verdere besinning of nadenke oor die saak (Soards 1995:56). Net soos wat slawerny in die 1800's die brandendste morele vraagstuk geskep het, skep homoseksualiteit dit vandag (Strommen 2001:74; Sehested 1999:51; Wink 1999:33, 47). Min sake, indien enige, lok soveel verskil van opinie en verdeeldheid uit (Potgieter 2005:xiv; Sehested 1999:50). Baie emosie, soms selfs histerie, politieke druk en gebrek aan objektiwiteit oor homoseksualiteit bemoeilik die hantering daarvan (Geysers & Van Aarde 2004:25; Nissinen 1998:132). Daar word vandag wêreldwyd, meer as ooit tevore, in wetenskaplike kringe, tydskrifte, publieke forums en kerke 'n hewige debat oor homoseksualiteit (Snyman 2006:968; Anthonissen & Oberholzer 2001:39; Gagnon 2001:25; Nissinen 1998:1). Hierdie debat moet ingelig (Soards 1995:ix), volwasse en gebalanseerd wees. Ongelukkig gebeur dit nie altyd nie. Sommige geleerdes meen dat daar selfs ruimte moet wees vir gelowiges om oor hierdie verdelende saak van mekaar te verskil (Wink 1999:48-49). Homoseksualiteit vorm saam met sake soos vroueregte, rassisme, armoede en ekologiese uitbuiting een van die belangrikste knelpunte en uitdagings van die een en twintigste eeu (Anthonissen & Oberholzer 2001:39). Talle mense beskou homoseksualiteit as 'n toetszaak vir hoe kerke en gelowiges die Bybel gebruik (Geysers & Van Aarde 2004:25). Op kulturele, politieke, godsdienstige en akademiese gebied besin feitlik almal oor homoseksualiteit en homoseksuele persone (Gagnon 2001:26).

Sommige sien die debat oor homoseksualiteit as 'n saak van geregtigheid soos rassiediskriminasie of die hantering van vroue in die verlede (Strommen 2001:91;

Soards 1995:60-61). Ander sien homoseksualiteit as 'n menseregte kwessie en beskou die kerk se tradisionele standpunt as outyds. 'n Ander groep sien weer pogings om homoseksualiteit anders (selfs aanvaarbaar) te beskou as 'n aggressiewe, liberale aanslag of agenda. Nog 'n groep wil die gesprek binne die ruimte van Bybelse teologie plaas, maar vind dit moeilik om ander of nuwe interpretasies oor homoseksualiteit te verwerk. Sommige geleerdes meen dat hierdie saak tans soveel prominensie geniet weens onder andere heteroseksuele gelowiges se inkonsekwente gebruik en toepassing van die Bybel asook die al groter wordende sekulêre aanslag op die gesag van die Skrif (Potgieter en Van Huyssteen 2002:125).

Die realiteit is dat homoseksuele persone nie net gaan verdwyn nie, en dat hulle in Europa, Amerika en ook in Suid-Afrika 'n baie meer sigbare rol in die alledaagse lewe begin speel (Doe 2000:102). Hoewel sommige mense dit moeilik aanvaar, vorm homoseksuele persone ook deel van die kerk¹ en wil hulle graag openlik hulle plek binne hul bepaalde geloofsgemeenskap inneem (NHKA 2007:3).

Seksuele kwessies, maar veral homoseksualiteit, verdeel en verskeur tans Christelike gemeentes, kerke en denominasies soos nog nooit tevore nie (Potgieter 2005:11, 42; Anthonissen & Oberholzer 2001:29; Gagnon 2001:26; Wink 1999:33).² Wêreldwyd bestaan daar nie in kerklike kringe eenstemmigheid oor hoe homoseksuele Christene hanteer behoort te word nie. Dit lei tot spanning en konflik (NGK 2007:140; Potgieter 2005:10).

Vir 'n baie lang tyd bestaan die persepsie dat homoseksualiteit duidelik 'n afwyking van die natuur verteenwoordig wat die Bybel en gesonde verstand eenvoudig verbied (NHKA 2007:4; De Villiers 2006b:69; Dreyer 2004:188-189; Potgieter & Van

¹ Tensy anders aangedui verwys kerk telkens na die Christelike kerk (wat wêreldwyd uit uiteenlopende denominasies bestaan) in die algemeen.

² Strommen (2001:76) haal die bekende teoloog, Wolfhart Pannenberg aan wat in 1996 in 'n artikel *You Shall Not Lie with a Male* skryf: "Those who would press the church to change the norm of her teaching on this question must understand that they press the church toward schism. For a church which allows itself to be pushed to regard homosexual activity as no longer a departure from the biblical norm and to recognize homosexual partnerships as a form of personal relationship equivalent to marriage would no longer stand on the foundation of the Scripture but rather in opposition to its unanimous witness. A church that takes such a step has thereby ceased to be an evangelical church in the tradition of the Lutheran Reformation". Uit Pannenberg se woorde blyk waarom dit vir my belangrik is om hierdie studie oor homoseksualiteit te onderneem. Die doel van gelowiges en ander wat van kerke vra om opnuut oor homoseksualiteit te besin, is nie om kerke te skeur of om nie meer die Bybel ernstig op te neem nie. Dit is juis die teenoorgestelde.

Huyssteen 2002:9; Anthonissen & Oberholzer 2001:23; Nissinen 1998:133). Baie toegewyde Christene meen steeds dat homoseksuele persone onmoontlik Christene kan wees; dat hulle losbandig lewe en hel toe gaan; en vind dit moeilik om te aanvaar dat gays werklik die Gees van God in hulle lewe het (Potgieter & Van Huyssteen 2002:19; Anthonissen & Oberholzer 2001:33).

Die prentjie wat baie Christene en die samelewing van gays teken verander egter tans al meer en vinniger (Potgieter & Van Huyssteen 2002:19; Doe 2000:84; Nissinen 1998:1). Binne en buite die kerk kry al hoe meer mense met homoseksuele persone te doen. Heteroseksuele mense ontdek dat van hulle eie vriende, familieledede en selfs lede van hulle kerkfamilie lesbies of gay is. Ware verhale oor die lewe van homoseksuele mense verander stadig maar seker gevestigde persepsies en vooroordele oor homoseksualiteit (Anthonissen & Oberholzer 2001:191). In hierdie verhale lê groot pyn en hartseer opgesluit en verwoord homoseksuele mense en hul families hulle worsteling met hierdie saak asook die vervreemding en verwerping wat hulle ervaar (Potgieter 2005:146-147; Potgieter & Van Huyssteen 2002:33-35). Pieter Cilliers se boek *'n Kas is vir klere* (1997) asook Lidia Theron se *Jy bly my kind* (2006) dien as goeie voorbeelde.³ Hierdie ware verhale dwing Christene, die kerk en ook homoseksuele persone om opnuut te vra wat die liefdesgebod vandag beteken (Anthonissen & Oberholzer 2001:15; Wink 1999:44-45). In die lig van die liefdesgebod en die intense besorgdheid oor die homoseksuele naaste wil talle toegewyde gelowiges graag hê dat die kerk moet afsien van haar tradisionele standpunt oor homoseksualiteit (Strommen 2001:71).

Net soos dit vandag met homoseksualiteit gebeur, was dit veral die verhale (en later protes) van slawe, vroue en swart gelowiges wat die kerk (en samelewing) al meer ontroer en beweeg het tot nuwe nadenke en selfs tot 'n ander verstaan van die Bybel (Anthonissen & Oberholzer 2001:46).⁴ Sonder om te luister na die ervaring en verhale van homoseksuele mense kan jy moeilik nuut of anders oor homoseksualiteit dink (Dreyer 2004:190; Geysers & Van Aarde 2004:25). Deeglike eksegese en blootstelling

³ Sien Anthonissen en Oberholzer (2001:15-34) vir nog verhale.

⁴ Anthonissen en Oberholzer (2001:193) haal die woorde van Thomas E Schmidt aan wat dit goed opsom: "These are people with faces, people with names, often Christian people, and whatever we conclude about the larger issues their stories represent, we must never lose sight of their individual struggles, their individual pain, their faces. If we neglect faces, we neglect the gospel".

aan die leed wat apartheid veroorsaak het, het grootliks daartoe bygedra dat apartheid vandag nie meer Bybels geregtig word nie (De Villiers 2006b:55). Hierin lê waardevolle lesse in die huidige worsteling met homoseksualiteit.

Die debat oor homoseksualiteit kan net vorder indien deelnemers uiterste standpunte vermy (Die Hervormer 1 November 2005:4; Strommen 2001:10; Soards 1995:ix).⁵ Aan die een uiterste pool kry jy 'n groep wat homoseksuele persone voor die voet veroordeel en verwerp (De Villiers 2006a:187-189). Hulle hoop en poog om homoseksuele uit die kerk te verdryf omdat hulle as sondaars 'n gruwel vir God is en niks minder as die doodstraf verdien nie. Talle fundamentaliste val in hierdie groep.

Aan die ander uiterste pool is daar die ondersteuners van die militante gay agenda (Strommen 2001:10). Hulle voel sterk dat jy homoseksualiteit in alle manifestasies onkrities moet aanvaar en selfs vier (De Villiers 2006a:189-190). Omdat mense homoseksueel gebore word en hulle derhalwe nie kan verander nie moet jy die onmoontlike (om van oriëntasie te verander) nie van homoseksuele persone verwag nie. Deur hulle te beywer vir veranderde wetgewing hoop hulle dat die samelewing homoseksualiteit toenemend as normaal sal aanvaar (Strommen 2001:14-15). Talle akademië en leiers in Christelike denominasies behoort tot hierdie groep.

Beide uiterste of ekstremistiese invalshoeke kan in die lig van gewigtige teologiese, sielkundige en sosiologiese gronde nie standhou nie (De Villiers 2006a:190; Strommen 2001:10). Hierdie uiterste standpunte polariseer mense en veroorsaak dat intelligente debat en gesprek oor hierdie ingewikkelde saak nie kan plaasvind nie (Strommen 2001:11). 'n Tussengrond wat met 'n dialektiese invalshoek die uiterste pole vermy en 'n gebalanseerde, intelligente, goed ingeligte en deernisvolle reaksie verteenwoordig op die moeilike vrae met betrekking tot homoseksualiteit en die kerk lyk na 'n beter opsie (Strommen 2001:10, 87).

⁵ Sien De Villiers (2006a:187-190) vir 'n kort beskrywing van die twee eensydige benaderings van Christene tot homoseksualiteit nl die ongenueanseerde konserwatiewe veroordeling daarvan of die ongenueanseerde progressiewe goed-praat daarvan.

1.1.1 Verskillende standpunte

Tans bestaan daar min of meer drie groeperinge van kerklike standpunte oor homoseksualiteit (Anthonissen & Oberholzer 2001:72). Hierdie groeperinge val uiteen in verkennende kerke, behoudende groepe en tradisionele hoofstroomkerke.

1.1.1.1 Verkennende kerke⁶

Hierdie kerke voel ernstig oor die goddelike inspirasie van die Bybel, maar sien die gesag van die Bybel in die breë heilsboodskap van Christus en nie net in die onfeilbare en letterlike betekenis van verskillende woorde en tekste nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:96). Verkennende kerke en groepe maak erns met die nuutste navorsing oor die Bybel en hang 'n organiese inspirasieleer⁷ aan wat ruimte laat dat die Bybelse geskrifte ook op 'n bepaalde vlak die neerslag vorm van menslike ervaringe met God (Anthonissen & Oberholzer 2001:96-97).⁸

Hierdie denominasies wat reeds 'n lang proses van dialoog deurloop het, vertoon 'n verkennende ingesteldheid. Hulle sien seksuele oriëntasie, hetsy homo-, bi- of heteroseksualiteit, as 'n gawe van God waarvan nie een van die variante vorme as sodanig sondig is nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:72). Wanneer jy 'n bepaalde seksuele oriëntasie egter buite 'n liefdevolle verhouding of onder dwang, manipulasie en promiskuiteit uitleef word dit sondig (Anthonissen & Oberholzer 2001:72-73). Hierdie kerke vertoon 'n inklusiewe benadering met betrekking tot homoseksuele persone en 'n bereidheid om homoseksuele lidmate en gay predikante voluit in die gemeente op te neem. Hulle sien selfs kans om gay predikante te orden.

Kerke wat hierdie standpunt huldig, sluit in: die Gereformeerde kerke in Amerika (1978), Holland (1979), Australië (1987), en Kanada (1988), die Episkopale kerk van die VSA (1976) en die Evangelies-Lutherse kerk in Denemarke (1996) (Anthonissen & Oberholzer 2001:73).

⁶ Verkennende kerke verwys na "... daardie kerke wat die jongste navorsing oor seksuele oriëntasie (dat dit geneties-sosiaal bepaal is en daarom moeilik veranderbaar) *versoen* met die Bybelse siening van die mens en sy roeping voor God" (Anthonissen & Oberholzer 2001:73).

⁷ Sien Potgieter (2005:104-106) vir 'n kort bespreking van die organiese inspirasieleer.

⁸ Dit kan saamgevat word in die volgende stelling: "*The Bible records a gradual evolution of religious thought over many centuries*" (Anthonissen & Oberholzer 2001:97).

1.1.1.2 Behoudende groepe en kerke⁹

Dogmaties of behoudende groepe en kerke beskou die Bybel as 'n samestelling van ewige en altydgeldende (objektiewe) waarhede en werk met 'n meganiese inspirasieleer (Anthonissen & Oberholzer 2001:96). Hierdie groepe toon min bereidwilligheid om die bevindinge van die nuutste navorsing in hulle denke oor homoseksualiteit te verdiskonteer en vind dit nie werklik belangrik nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:73). Dialoog oor die saak lyk nie vir hulle werklik nodig nie en hulle beskou seksuele oriëntasie as 'n keuse wat jou opvoeding tot 'n groot mate bepaal (Anthonissen & Oberholzer 2001:73-74). Gevolglik sien hulle 'n homoseksuele oriëntasie as iets wat in beginsel kan en moet verander omdat dit 'n gruwel voor God en abnormaal is.

Die *Assemblies of God* denominasie het in 1979 in 'n verslag alle vorme van homoseksualiteit as sonde beskryf.¹⁰ Hulle beskou hulle standpunt oor homoseksualiteit nie as diskriminasie nie, maar as 'n saak van moraliteit wat alleen poog om die morele en geestelike gesondheid van die volk te bewaar (Anthonissen & Oberholzer 2001:78). Die A.G.S.¹¹ en die Bybel-Baptistekerk¹² wys beide homoseksualiteit af. Die Sewende Dag Adventiste beskou 'n homoseksuele oriëntasie as 'n “obvious perversion of Gods original plan” wat die gay persone (totdat hulle verander) uit die gemeente weer. (Anthonissen & Oberholzer 2001:74). Sommige ekstreem fundamentalistiese groepe soos die Mormone skors lidmate met gay gevoelens en/of verbreek soos die Jehova-getuies kontak met die geskorstes.

⁹ Behoudende groepe neig om die tekste oor homoseksualiteit baie fundamentalisties en letterlik te interpreteer en vertoon gevolglik 'n eksklusiewe benadering teenoor gays (Anthonissen & Oberholzer 2001:74, 96).

¹⁰ Anthonissen & Oberholzer (2001:74) verwoord die bevinding van hierdie verslag soos volg: “... die sonde is selfs erger as ander sondes sodat praktiserende gay persone moet weet dat hulle vir die hel bestem is. Alleen wie Jesus as Heer en Saligmaker aanneem, sal tot heteroseksualiteit bekeer word en hemel toe gaan”.

¹¹ Cilliers (1997:175) haal Isak Burger aan wat die standpunt van die AGS in Suid Afrika so weergee: “Die AGS veroordeel die praktyk, “homoseksualisme onomwonde – maar nie die gay mens nie ... Daar is geen twyfel dat die gruwelike sonde nie Bybels geregtig is nie, maar as mense is gays welkom. Hulle sal nie verwerp of veroordeel word nie”. Dat dit nie so eenvoudig is om wat iemand is (homoseksueel) van sy of haar dade te skei nie, sal later aangetoon word. Of homoseksuele persone welkom sal voel in kerke met so 'n standpunt is egter te betwyfel.

¹² Volgens Cilliers (1997:175-176) beskou die Bybel-Baptistekerk homoseksualiteit as 'n “... walglike sonde. Die mense gee hulle oor aan die vlees. Hulle laat wellus hulle beheer – terwyl dit andersom kan wees ... Dit is 'n abnormaliteit soos prostitusie en bestialiteit. Maar hulle kan gered word ... Homoseksuele is nog nooit aanvaar nie en sal nooit aanvaar word nie”.

1.1.1.3 Tradisionele hoofstroomkerke

Tussen die twee uiterstes van die verkennende kerke en die behoudende kerke lê hierdie groep wat hoofsaaklik uit die tradisionele hoofstroomkerke, naamlik, die Anglikane, Rooms-Katolieke en Protestante, bestaan (Anthonissen & Oberholzer 2001:75). Hierdie kerke bevind hulle in 'n proses van pynlike en moeisame verandering. Individue en kleiner groepe sien dikwels toe dat homoseksualiteit in die kerk aandag geniet en dat die saak vurige debat uitlok. Hulle hanteer hierdie emosionele en verdelende saak meestal baie versigtig (sommige meen selfs dubbelslagtig) in 'n poging om nie die meerderheid lidmate te vervreem nie.

Die Rooms Katolieke Kerk (RKK)¹³, soos die meeste ander kerke, veroordeel homofobie en toon 'n meer pastorale benadering jeens homoseksuele mense (Doe 2000:59). Omdat 'n persoon nie 'n homoseksuele oriëntasie kies nie, het die Vatikaan in 1975 geoordeel dat dit (die oriëntasie) nie veroordeel kan word nie, maar wys steeds in die lig van die Skrif homoseksuele verhoudings af (Potgieter 2005:244; Anthonissen & Oberholzer 2001:75). Die *Letter to the Bishops of the Catholic Church on the Pastoral Care of Homosexual Persons* beskryf homoseksualiteit as "... 'ordered towards an intrinsic moral evil', 'an objective disorder' and 'a disordered sexual inclination which is essentially selfindulgent'" (Doe 2000:59). Die Katolieke Kategismus van 1994 maak geen melding van seksuele oriëntasie nie en veroordeel homoseksuele dade skerp (Doe 2000:59). Die Rooms Katolieke Kerk sien nie homoseksuele huwelike en- verhoudings as Bybels nie (Potgieter 2005:11, 244).

Alle afgevaardigdes na die Southern Baptist Convention moet 'n verklaring onderteken waarin hulle verklaar dat hulle gemeente nie homoseksualiteit kondoneer nie (Doe 2000:103; Sehested 1999:51). Die Anglikaanse kerk beskou homoseksuele persone as volle lede van die liggaam van Christus, maar wys steeds homoseksuele dade af.¹⁴

¹³ Talle pro-gay groepe sien die RKK as "die Kerk wat die grootste oorsaak van lyding onder homoseksuele persone is" (Potgieter 2005:244).

¹⁴ Die Anglikaanse kerk het in 1998 verklaar hulle: "recognises that there are among us persons who experience themselves as having a homosexual orientation ... We commit ourselves to listen to the experience of homosexual persons and we wish to assure them that they are loved by God and that all baptized, believing and faithful persons, regardless of sexual orientation, are full members of the Body of Christ; while rejecting homosexual practice as incompatible with Scripture, calls on all our people to minister pastorally and sensitively to all irrespective of sexual orientation ..." (Doe 2000:121-123). Gebeure in die Episkopale kerk veroorsaak tans beroeringe binne Anglikaanse geleedere. Die

’n Internasionale debat word veral binne Protestantse kerke¹⁵ oor homoseksualiteit gevoer (Potgieter 2005:xiv). Die Internasionale Raad van Kerke sien homoseksualiteit in die lig van die Bybel as sonde en oordeel dat net heteroseksuele mans en vroue leiersposisies in die kerk van Christus mag beklee (Potgieter 2005:244). Die Evangelies Lutherse kerk in die V.S.A. neem ’n akkommoderende houding in teenoor homoseksuele persone en hulle families.¹⁶ Die Duitse Lutherse kerk oordeel weer anders en stel dit duidelik: “No biblical statements exist which place homosexuality in a positive relation to the will of God” (Strommen 2001:80).

Vir ’n groot deel van haar geskiedenis was die NG kerk (NGK) se standpunt (soos verwoord in die algemene sinode besluit van 1986) dat “homoseksualiteit in die lig van die Skrif ’n afwykende vorm van seksualiteit is” (Potgieter 2005:1; Die Kerkbode 24 September 2004:1; Cilliers 1997:174). Homoseksualiteit is sonde en onversoenbaar met die Woord van God (Cilliers 1997:174).¹⁷

Die NG sinode van Wes Kaapland het in Oktober 1999 ’n nuwe weg oor hierdie saak ingeslaan¹⁸. Die Algemene Sinodes van die NGK in 2002 en 2004 wou nie finale standpunte oor homoseksualiteit inneem nie (Beeld 10 November 2005:14).¹⁹ Die

Amerikaanse Episkopale kerk het die wêreldwye Anglikaanse gemeenskap hewig ontstel deur onder andere ’n gay kerklike (wat in ’n verhouding met ’n ander man leef) as biskop te bevestig (Beeld 22 Februarie 2007:7). Hierdie gebeure wys weereens daarop dat die verskille binne kerke en denominasies oor homoseksualiteit heelwat onrus en ongemak veroorsaak. Dit kan selfs tot skeuring lei (iets wat nooit vir gelowiges aanvaarbaar behoort te wees nie).

¹⁵ Potgieter (2005:540) wys daarop dat daar net ’n klein groep binne die Protestantse kerke is wat permanente seksuele verhoudings tussen persone van dieselfde geslag as Skriftuurlik verantwoord sien. Hoewel dit belangrik is om kennis te neem van wat verskillende kerke se standpunte oor homoseksualiteit is, beteken die feit dat die meerderheid op ’n bepaalde manier oor ’n saak dink nie dat hulle standpunt daarom sondermeer reg is nie. Vir jare het die meerderheid kerke in Suid-Afrika byvoorbeeld geoordeel dat apartheid in lyn met die Bybel is en dat vroue nie predikante mag word nie.

¹⁶ Die biskoppe van die Evangelies Lutherse kerk in die V.S.A. het in 1998 verklaar: “We repudiate all words and acts of hatred toward gay and lesbian persons in our congregations and in our communities, and extend a caring welcome for gay and lesbian persons and their families. We invite gay and lesbian persons to join with other members of this church in mutual prayer and study of the issues that still divide us so that we may seek truth together” (Strommen 2001:67).

¹⁷ Verder is gemeen dat “homoseksuele praktyke en ’n homoseksuele verhouding afgewys moet word as in stryd met die wil van God” hoewel “die homoseksuele lidmaat nie op grond van sy afwykende gerigtheid die beleving van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God ontse word nie” (NGK 2004:138; Cilliers 1997:174).

¹⁸ Sien Anthonissen & Oberholzer (2001:8-9) vir die belangrike implikasies van die sinode se besluit asook Potgieter (2005:7-9) se bespreking daarvan.

¹⁹ Die algemene sinode van 2004 het wel besluit dat gays ingesluit is in God se liefde, dat hulle volwaardige lidmate van die kerk kan word, dat hulle getuienis oor hulle geloof en oriëntasie ernstig deur die kerk opgeneem wil word, daar is verskoning gevra dat die kerk hulle in die verlede seergemaak het, net die verbintenis tussen ’n man en vrou kan as ’n huwelik beskou word en alle promiskuiteit is veroordeel (sien bv Beeld 21 Oktober 2004:9).

Algemene Sinode in 2004 se erkenning dat daar in eie midde ernstige meningsverskil bestaan oor die morele aanvaarbaarheid van vaste homoseksuele verbintenisse het tot heelwat onsekerheid en onrus onder lidmate gelei (De Villiers 2006b:57; Potgieter 2005:42). Die verdeeldheid²⁰ wat daar in die NGK oor hierdie aangeleentheid bestaan, blyk daaruit dat onder andere drie streeksinodes (Oos-Transvaal, KwaZulu-Natal en die Vrystaat) in 2005 besluit het dat 'n homoseksuele lewenstyl in stryd met die Bybel is (Beeld 10 November 2005:14; sien ook NGK 2007:140). Die taakspan wat aangewys is om verdere studie en besinning oor homoseksualiteit te doen en dan aan die Algemene Sinode in 2007 verslag te doen, kon nie eenstemmigheid oor alle aspekte bereik nie (sien NGK 2007:140-144). Ten einde laaste moes die tien moderators van die tien streeksinodes van die NGK poog om meer van 'n middelgrond tussen die uiteenlopende standpunte te vind. Van die belangrikste besluite²¹ wat die Algemene Sinode van 2007 geneem het, is dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en as lidmate toegang het tot die sakramente en ampte. Slegs gelegitimeerdes wat selibaat bly kan egter die predikantsamp beklee. Homoseksuele huwelike en verbintenisse kan nie aanvaar word nie. Hoewel die NGK weer 'n voorwaartse stap met van hierdie besluite geneem het, is die dilemma steeds dat homoseksuele persone nie toegelaat of begelei word om op

²⁰ Sien Potgieter (2005:9ev) wat na die 2003 sinode van die NGK van Oos-Transvaal verwys as voorbeeld van die verdeeldheid binne die NGK oor homoseksualiteit.

²¹ Die volledige besluit (sien Du Toit 2007) van die Algemene Sinode lui soos volg:

- Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
- Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
- Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
- Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
- Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.
- Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
- Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
- Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

'n verantwoordelike wyse hul seksualiteit in 'n permanente langtermynverhouding van liefde en trou uit te leef nie.

In 2004 het die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika (NHKA) in die lig van nuwere eksegetiese resultate asook met inagneming van nuwe insigte vanuit ander dissiplines haar tradisionele standpunt oor homoseksualiteit²² heroorweeg. Daarmee is 'n eerste tree gegee in die rigting van groter begrip (NHKA 2004:367-368).²³ Debat oor die saak, duur steeds voort.

Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (GKSA) sien homoseksuele gedrag op grond van die Skrif as teen die skeppingsorde (contra naturam) en wys enige vorm van homoseksuele gedrag af (Vorster 2006:1).²⁴

Twee Suid-Afrikaanse kerke, die Metodiste kerk en die Verenigde Presbiteriaanse kerk, het albei besluit om 'n gespreksbenadering te volg sodat daar met verloop van tyd groter konsensus oor hierdie verdelende saak kan ontwikkel (NGK 2007:141).

So ver bekend bestaan daar nie 'n enkele kerklike steungroep vir of organisasie van homoseksuele persone in enige Afrikaanse kerk nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:84). Die Katolieke kerk in Kaapstad het wel 'n steungroep vir gay lidmate naamlik *Pilgrims*. Die Anglikane se organisasie vir gay lidmate staan as *Integrity* bekend.

²² Die NHKA se denke oor seksualiteit blyk uit die volgende: "Teenoor ... nuwere insigte en veranderinge in die samelewing, staan die Bybelse riglyn dat die heteroseksuele verhouding van een man en een vrou, binne die verhouding van wedersydse trou in die huwelik, die ideale ruimte is waarbinne die gawe van seksualiteit tot sy volle vervulling, as rekreasie en moontlike prokreasie, kan kom. Alle moontlike variante van seksuele intimiteit, of dit nou heteroseksueel, of homoseksueel van aard is, word as losbandigheid beskryf en skaad hierdie ideaal" (NHKA 2004:367). Al meer klink daar stemme op om in die lig van die Bybel nuut te dink oor seksualiteit en homoseksualiteit. Verdere besinning oor betekenisvolle verhoudingsmoontlikhede vir alle mense word ook bepleit (NHKA 2007:10-12).

²³ Die gevolg was 'n besluit om homoseksuele persone pastoraal te versorg en aan hulle morele leiding te verskaf, dat gays welkom is in die geloofsgemeenskap, maar dat die heteroseksuele huwelik steeds die enigste ruimte is waarbinne seksuele aktiwiteite, familiebou en gesinsgroeï kan plaasvind, en dat die gesprek hieroor voortgesit word (NHKA 2004 Besluitbundel:162-163). Vir 'n bespreking van die Hervormde kerk se uitgangspunte oor die saak sien Die Hervormer (1 November 2005:3, 4). Vir verskillende menings en standpunte oor homoseksualiteit binne die NHKA sien Die Hervormer van 1 Augustus 2007 asook Bylae A, B en E in die Agenda van die 68e Algemene Kerkvergadering,

²⁴ Sien ook Die Kerkbode (27 Oktober 2006:5).

1.1.2 Voorkoms van homoseksualiteit

Dit is 'n onbetwisbare feit dat 'n sekere deel van die mensdom primêr of eksklusief homoseksueel is (Beeld 21 Maart 2007:11; Bateman & Bennett 2006:260; De Villiers 2006b:68-69; Nissinen 1998:5). Die Kinsey verslag²⁵ van 1948 het 'n groot rol daarin gespeel dat mense dit vandag beseft en om hulle houding jeens homoseksualiteit te verander (Doe 2000:66). Op grond van bepaalde kriteria het Kinsey bevind dat net meer as 18 persent van mans en 'n bietjie minder vroue ten minste die helfte van hulle seksuele ervarings met persone van dieselfde geslag het. Tien persent van die persone tussen 16 en 55 het aangedui dat hulle vir 'n tydperk van ten minste 3 jaar seksuele gedrag en fantasieë wat uitsluitlik homoseksueel van aard is, gehad het. Kinsey het beweer dat tot 10 persent van die V.S.A. se manlike bevolking hoofsaaklik of eksklusief homoseksueel is (Bateman & Bennett 2006:260).

Op grond van Kinsey se navorsing skat kenners dat tussen 7-10 persent van mense homoseksueel gebore word (Potgieter & Van Huyssteen 2002:38, 45). Talle bevraagteken egter Kinsey se statistieke as gevolg van die groep persone (onder andere gevangenes) wat ondervra is en die vrae wat gestel is (Potgieter 2005:131, 544; Potgieter & Van Huyssteen 2002:45; Doe 2000:66; Nissinen 1998:5). Ten spyte hiervan meen baie geleerdes steeds dat ongeveer 10% van die samelewing 'n homoseksuele oriëntasie vertoon (NHKA 2004:374; Strommen 2001:16).²⁶ Hoewel navorsing daarop wys dat tot 10 persent van die inwoners van die V.S.A. se 12 grootste stede homoseksueel is, is die homoseksuele persone in die totale bevolking waarskynlik slegs 3 persent of minder (Strommen 2001:17). Dit wil voorkom of homoseksualiteit in die V.S.A. hoofsaaklik 'n stedelike verskynsel is (Gagnon 2001:416). Ander studies van onder andere Hunt skat dat tussen 2-3 persent van mans eksklusief of feitlik-eksklusief homoseksueel is, terwyl Bieber meen dat dit so min as 1-2 persent kan wees (Doe 2000:67). Jan van Elfen beweer in *Wat seuns wil weet* dat

²⁵ Dit beweer volgens Doe (2000:66; vgl ook Nissinen 1998:5) "... of the men interviewed 37 percent had had some overt homosexual experience leading to orgasm, 25 percent had had more than incidental homosexual experience, and 4 percent had been exclusively homosexual throughout adulthood, with the observation that this latter figure would have been "a much larger proportion if there were no social constraints." "

²⁶ Die APA stel in Julie 1994: "It is found in about ten percent of the population, a figure which is surprisingly constant across cultures, irrespective of the different moral values and standard of a particular culture. Contrary to what some imply, the incidence of homosexuality in a population does not appear to change with new moral codes or social mores" (Anthonissen & Oberholzer 2001:144; vgl ook Dreyer 2004:193).

10% van mense homoseksueel gebore word en in die 2001 uitgawe van *Dokter in die huis* dat 3% van alle mense homoseksueel is (Potgieter & Van Huyssteen 2002:45).²⁷

Sommige geleerdes (hoewel ander dit ook bevraagteken omdat seksuele oriëntasie nie noodwendig lewenslank dieselfde bly nie) meen dat indien jy die inhiberende effek van homofobie in ag neem, selfs meer as 10 persent van alle mans eksklusiewe gay gedrag vertoon (Potgieter & Van Huyssteen 2002:46; Anthonissen & Oberholzer 2001:146). Ander geleerdes oordeel dat kulture wat toenemend meer verdraagsaam raak ten opsigte van homoseksualiteit, daartoe sal lei dat die voorkoms van homoseksuele gedrag in die samelewing merkbaar toeneem (Potgieter 2005:140; Gagnon 2001:416, 471).²⁸ Ten spyte van groter verdraagsaamheid en meer gay rolmodelle blyk dit egter dat die gay minderheid in die samelewing min of meer konstant tussen 2 en 3 persent bly (Myers 1999:68).²⁹ Sommige geleerdes reken dat eksklusiewe homoseksuele persone ongeveer een uit vyftig van enige menslike bevolking verteenwoordig (Bateman & Bennett 2006:260). Alberts (Beeld 21 Maart 2007:11) reken dat 3 tot 7 persent van mense eksklusief gay is.

Dit is interessant om daarop te let dat homoseksuele gedrag nie net onder mense voorkom nie, maar ook algemeen onder baie ander spesies: meer as driehonderd gewerwelde diere vertoon dieselfde geslag hofmakery en genitale kontak (Bateman & Bennet 2006:260-261).

1.1.3 Steeds talle vrae

Vir 'n lang tyd is die debat oor homoseksualiteit oorheers deur vrae oor oorsake en of dit 'n aanvaarbare alternatiewe toestand en lewenswyse verteenwoordig (Doe 2000:74). In die huidige debat wentel talle vrae rondom die vraag oor hoe seksualiteit 'n sosiale konstruksie blyk te wees (Nissinen 1998:8). Daar word soms hierna verwys

²⁷ Potgieter & Van Huyssteen (2002:46) verwys na Thomas E Schmidt se navorsing wat bevind "... dat die persentasie volwassenes wat gesê het dat hulle gedurende die voorafgaande jaar homoseksueel verkeer het soos volg was: mans: 1-1,5%, vroue: 0,5-0,75%. Die persentasie wat sê hulle het "same gender sex" gedurende hulle leeftyd gehad, het gewissel van 4-5%".

²⁸ Navorsing toon aan dat dit nie die geval is nie (sien NGK 2007:156).

²⁹ Sien Potgieter (2005:131-132) wat na navorsing deur Laumann (2% mans en 0,9% vroue beskryf hulself as homoseksueel) en Harry (2,4% mans het 'n homoseksuele oriëntasie) verwys oor die voorkoms van homoseksualiteit. Sien ook Potgieter (2005:133-134) vir 'n skematiese voorstelling van die persentasie persone in permanente homoseksuele verhoudings wat uit verskeie ondersoeke in verskillende lande geblyk het.

as die debat tussen “essentialism” en “constructionism” (Doe 2000:74).³⁰ Die debat is begin deur Michel Foucault, ’n gay Franse filosoof en voortgesit deur onder andere David Greenberg wat meen “sexuality is not a given, static condition like being black or left-handed, but rather it is learned behaviour, produced and interpreted in different ways by different societies at different times” (Doe 2000:74). Die uitdrukking “queer theology” sluit nou by die oortuiging aan dat “there is no ‘essential’ sexuality or even gender” (Doe 2000:74). Hierdie ingewikkelde debat³¹ roep vrae op oor elke aspek van seksualiteit, ook oor heteroseksualiteit (Doe 2000:75-76).

1.2 PROBLEEMSTELLING

1.2.1 Dilemma vir die kerk

Verskeie aspekte het tot gevolg dat homoseksualiteit vir kerke wêreldwyd ’n dilemma veroorsaak. Die nood van homoseksuele gelowiges kan nie langer deur die kerk van Christus geïgnoreer word nie. Veral die inkonsekwente hantering van homoseksualiteit deur talle kerke en gelowiges skep ’n geloofwaardigheids en-legitimitatekrisis. In hoe ’n mate homoseksualiteit versoenbaar is met die Bybel is ’n belangrike vraag wat verskillend beantwoord word. Waarom die vraag belangrik is, blyk uit vrae rondom hoe gelowiges en kerke tans moet oordeel oor homoseksuele huwelike, homoseksuele ampsdraers en of die praktisering van ’n homoseksuele oriëntasie aanvaarbaar is. Die voorkoms van homofobie vra ook van alle kerke ’n duidelike standpunt. Uit bogenoemde problematiese aspekte³² waarmee feitlik alle kerklike denominasies worstel vloei die vraag:

1.2.1.1 Moet kerke nuut oor homoseksualiteit dink?

Sommige geleerdes meen dat daar waarskynlik ’n fyn beplande veldtog aan die gang is om die kerk van haar eeue oue standpunt oor homoseksualiteit te laat afsien (Potgieter & Van Huyssteen 2002:14). Of dit die geval is of nie moet die kerk vra of dit nodig is om in die lig van die hedendaagse verstaan van die Bybel en van

³⁰ Heel eenvoudig gestel: “Essentialists hold that the basic structures of sexuality and gender are independent of their social context, that people are born with their sexual orientation ... Constructionists see sexuality and its manifestations as social constructions” (Doe 2000:74). Vir ’n bespreking sien hoofstuk 25 in Germond & De Gruchy (1997).

³¹ Doe (2000:75) stel: “... generally speaking, for both sexes, the essentialist versus constructionist debate is not about individuals being free to choose their own sexuality, but about how the sexuality that each individual comes to discover within himself or herself is affected by what society generally is able to describe and willing to allow”.

³² Hierdie sake sal in hoofstuk 2 deeglik bespreek word.

homoseksualiteit haar eeue-oue standpunt³³ oor homoseksualiteit te wysig (Strommen 2001:66, 76, 89). Indien die Bybel 'n skynbaar duidelike, ondubbelsinnige, deurlopende standpunt oor 'n saak inneem en die kerk hierdie standpunt vir byna 2000 jaar handhaaf (Gagnon 2001:28-29; 346, 485) moet daar goeie en voldoende gronde vir 'n verandering in standpunt bestaan. Die tradisie kan egter nooit die Skrif as primêre morele gesagsbron vervang nie (De Villiers 2006b:66). Die Bybel dien as belangrike bron en norm vir die lewenswandel en geloofsleer van gelowiges en die kerk (Human 2003:262). Enige gereformeerde kerk moet altyd bereid wees om haar standpunt oor 'n saak voortdurend deur deeglike eksegeese aan die Bybel te toets³⁴ (De Villiers 2006b:66; Groenewald 2006:42; NGK 2004:139).³⁵

Talle geleerdes oordeel dat daar geen teologiese rede bestaan waarom homoseksualiteit nie as 'n aanvaarbare lewenswyse vir sekere gelowiges kan geld nie (Soards 1995:31). Hulle vind na 'n gebalanseerde oorweging van die Bybel, tradisie, ervaring, die rede en die wetenskap geen afdoende en oortuigende teenkanting teen homoseksualiteit of dan ten minste sekere homoseksuele praktyke nie (Soards 1995:32). Of dit wel die geval is, is 'n saak wat hewige debat ontketen en deur baie bevraagteken word.

1.3 DOELWITTE

Die volgende dien as doelwitte vir hierdie ondersoek:

1.3.1 Problematiek en aktualiteit rondom homoseksualiteit

Homoseksualiteit skep nie 'n eenvoudige vraagstuk nie (Potgieter & Van Huyssteen 2002:10). Soos reeds in die inleiding vermeld, vorm homoseksualiteit tans wêreldwyd een van die mees aktuele kwessies. Talle gelowiges en ander neem egter deel aan die

³³ Potgieter (2005:93) kom tot die gevolgtrekking "... dat die kerklike tradisie, ongeag sekere uitvalle, 'n gelyklopende lyn deur die eeue gevolg het wat homoseksuele praktyke veroordeel het". Dit is egter 'n belangrike vraag of daar ooit deur die kerkgeskiedenis sprake was van permanente verbintnisse van liefde en trou tussen persone van dieselfde geslag soos dit vandag die geval is?

³⁴ Die tye van verandering wat tans voorkom, skep volgens Koopman en Vosloo (2002:7) die geleentheid vir Christene om te vra: "Is dit wat vir ons vanselfsprekend lyk oor moraliteit wel so Christelik as wat ons dink?". Ek het self ervaar dat my eie oorspronklike verstaan van homoseksualiteit na baie worsteling met die Bybel nie dieselfde kon bly nie.

³⁵ Kwessies soos homoseksualiteit, die vrou in die amp, kindernagmaal, sosiale geregtigheid en rassisme toon aan die kerk dat haar "... Skrifbeskouing nie staties is nie, maar telkens weer in gesprek met ander oorweeg, getoets en selfs hersien moet word" (Anthonissen & Oberholzer 2001:71).

debat oor homoseksualiteit sonder om werklik die problematiek rondom hierdie saak te verstaan of werklik in ag te neem. In die lig van die Skrif (sonder om die Bybel te verander) en met inagneming van (al) die nuutste wetenskaplike navorsing oor homoseksualiteit vanuit die tradisie, teologie, sielkunde, genetica, antropologie en biologie, moet die kerk en gelowiges 'n eerlike, verantwoordelike en verantwoordbare standpunt oor homoseksualiteit vorm (Strommen 2001:87; Wink 1999:46; vgl ook Geyser & Van Aarde 2004:25; NGK 2004:148-149; Potgieter en Van Huyssteen 2002:9). Hierdie studie sal onder andere poog om in die lig van bogenoemde uitgangspunt van die belangrikste probleme rondom homoseksualiteit uit te wys. Hopelik sal dit tot meerdere kennis, 'n beter begrip van die probleem asook nuwe insig bydra.

1.3.2 Belangrike historiese asook natuur- en geesteswetenskaplike insigte

'n Belangrike deel van 'n intelligente, deernisvolle en gebalanseerde gesprek oor homoseksualiteit is om kennis te neem van hoe dit deur die loop van die eeue beskou en beoordeel is (Strommen 2001:13). Gevolglik is een doelwit van hierdie studie om van die belangrikste historiese gebeure, tot en met die huidige stand van sake, met betrekking tot homoseksualiteit kortliks te bespreek.

Sedert die tyd van die Bybel het omvangryke verdere en nuwe ontwikkelings in die natuur- en geesteswetenskappe plaasgevind. Wanneer oor homoseksualiteit vanuit 'n teologiese hoek besin word, kan hierdie natuur- en geesteswetenskaplike insigte nie buite rekening gelaat word nie (Potgieter 2005:104). Hierdie nuwe insigte moet in gesprek gebring word met die perspektiewe van die Bybelskrywers (Dreyer 2006:448). Dit is 'n verdere doelwit van hierdie studie.

1.3.3 Verskillende hermeneutiese vertrekpunte

Dikwels aanvaar mense onnadenkend dat dit wat hulle in die Bybel lees heel eenvoudig presies is net wat in die Bybel staan (NHKA 2004:381).³⁶ Die Bybel is egter lank gelede en ver weg, in ander tye, in verskillende plekke, verskillende kulture, met 'n ander wêreldbeeld en in verskillende tale geskryf (Human 2003:266-267; Soards 1995:7). Niemand lees die Bybel (of enige ander teks) sonder om dit wat

³⁶ Sien Bosman (1986:8-9) vir 'n kort beskrywing van 'n voorwetenskaplike of naïewe verstaan van die Ou-Testament.

gelees word, te probeer verstaan of interpreteer nie (Bosman 1986:8). Die lees van die Bybel is niks anders as interpretasie nie (Nissinen 1998:4). Indien die inligting wat die Bybel wil oordra nie reg geïnterpreteer word nie, sal dit geen relevansie vir die lewe of geloof hê nie (Soards 1995:7). Indien 'n mens dus wil bepaal of homoseksualiteit versoenbaar met die Skrif is of nie, moet jy kyk wat die Bybel daarvoor sê en hoe jy die uitsprake daarvoor moet verstaan (Doe 2000:26).

Om die Bybel op die hedendaagse tyd van toepassing te maak, behels altyd 'n hermeneutiese gebeurtenis waarin die verskille tussen die wêreld van die Bybel en die eietydse hedendaagse wêreld op een of ander wyse uitgestryk word (Nissinen 1998:3).

Ten diepste worstel geleerdes en gelowiges in die hele kwessie rondom homoseksualiteit met 'n hermeneutiese³⁷ vraag (NGK 2004:147; NHKA 2004:379; Potgieter & Van Huyssteen 2002:73-74; Soards 1995:10-14).³⁸ Die debat oor homoseksualiteit skep 'n gulde geleentheid om duidelikheid te kry oor hoe die Bybel vandag hieroor en oor ander sake geïnterpreteer behoort te word (Wink 1999:33).

Verder moet bepaal word of “... daar wel hermeneutiese sleutels is, wat die uitsprake van die Skrif kan veto ...” (Potgieter 2005:4).³⁹

Omdat verskillende hermeneutiese sleutels⁴⁰ gebruik word deur verskillende mense wat die Bybel lees en interpreteer, bestaan daar verskillende standpunte oor homoseksualiteit en homoseksuele praktyke (Potgieter & Van Huyssteen 2002:136). Daar is verskeie wyses waarop die Skrif benader kan word. Van die vernaamste invalshoeke (om slegs twee te noem) is naamlik fundamentalisties⁴¹ en organies

³⁷ Hermeneutiek kan omskryf word as die studie van hoe die mens verstaan (Bosman 1986:8). Die oorspronklike Griekse woord het beteken “interpretation, translation or explanation” (Sanders 1976:402). Volgens Sanders (1976:402) verwys die term hermeneutiek na “(1) the principles, rules, and techniques whereby the interpreter of a text attempts to understand it in its original context; (2) the science of discerning how a thought or event in one cultural context may be understood in a different cultural context; and (3) the art of making the transfer”.

³⁸ Potgieter (2005:xvii) wys daarop dat die debat handel “... oor dit wat vir die gereformeerde erfenis baie kosbaar is, nl die Skrif, sy gesag en die interpretasie daarvan”.

³⁹ Sien ook Potgieter (2005:142, 157, 164-165).

⁴⁰ Potgieter (2005:44) identifiseer verskeie hermeneutiese sleutels wat voorstanders van homoseksuele verhoudings- en huwelike binne 'n kontekstuele hermeneutiek gebruik en neem dit dan verder in sy proefskrif in oënskou.

⁴¹ Sien De Villiers (2006b:1) vir 'n kort beskrywing van 'n fundamentalistiese benadering tot die Bybel.

(Anthonissen & Oberholzer 2001:99; sien ook Dreyer 2004:181-184; NHKA 2004:371-372).

Die hermeneutiese invalshoek wat iemand gebruik om die Bybel te ontsluit, sal op die einde sy of haar standpunt oor homoseksualiteit bepaal. Een van die belangrike doelwitte van hierdie studie is om bogenoemde aan te toon.

1.3.4 Uitleg en toepassing van Levitikus 18:22 en 20:13

Die Christelike kerk se tradisionele verwerping en veroordeling van homoseksualiteit is gebaseer op 'n handvol Bybeltekste (Strommen 2001:68).⁴² Hierdie tekste word soms onverantwoordelik gebruik en misbruik⁴³ om bepaalde standpunte Bybels (selfs goddelik) te begrond of om debat oor die saak summier te beëindig (Human 2005:630). Hierdie toedrag van sake veroorsaak vir talle homoseksuele gelowiges intense pyn en worsteling.⁴⁴ Sedert die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, kom die bevraagtekening van tradisionele kerklike standpunte en veral die Bybelse begronding daarvan al meer voor (De Villiers 2006b:56; Potgieter 2005:39).

Daar moet hermeneuties uitgemaak word of die reglynige toepassing van die Bybel se skynbaar duidelike afwysing van homoseksuele gedrag in die lig van hedendaagse

⁴² Hayes & Holladay (1982:18; vgl ook Punt 2006:892 e v) wys daarop dat die Bybel as heilige geskrif omring word deur tradisie en verskeie tradisionele interpretasies wat die eksegeet voortdurend in die versoeking stel om tekste bloot in die lig van die tradisie te lees sonder enige kritiese oordeel of om die teks toe te laat om opnuut en op sy eie te spreek. (Dan vind eisegese plaas en nie eksegeese nie). Hierdie opmerking illustreer waarom homoseksualiteit nie net op grond van die negatiewe tradisie wat dit omring afgewys kan word nie.

⁴³ Deist (1986:29) wys daarop "... dat tekste duidelik misbruik kan word om namens die leser te buikspreek..." Hierteen moet voortdurend gewaak word deur almal wat die Bybel lees en as gesagvol vir hul leer en lewenswandel beskou.

⁴⁴ Paul Germond (1997:193) skryf: "For countless gay and lesbian people the Bible has brought death, not life. Many speak of the Bible as a 'six gun', a pistol loaded with six texts (Gen 19:1-29; Lev 18:22; 20:13; Rom 1:18-32; 1 Cor 6:9 and 1 Tim 1:8-11) that are used as bullets – Bible bullets – to kill lesbian and gay people in a contest about whether they can be full members of the community of faith. They kill because they are used to legitimize the rejection of gay and lesbian people from the church". Cilliers (1997:176) is van oortuiging: "Die Bybel was vir die kerk nie die boek wat die liefde en genade van God voorgehou het nie. Dit was die lat om mee te slaan. Die vuurhoutjie om die brandstapel mee aan te steek. In die naam van God".

Dreyer (2006a:156) meen: "The way in which the Bible has been interpreted in the past and is still being interpreted by some, has been harmful to sexual minorities. Biblical texts have been used against people without admitting to the underlying prejudicial presuppositions on which the exegesis was built".

oorwegings geregverdig is (Gagnon 2001:341).⁴⁵ Talle teoloë herinterpreteer vandag die tekste oor homoseksualiteit en vind nie meer 'n veroordeling van homoseksualiteit daarin nie (NGK 2004:140; Strommen 2001:73).

'n Doelwit van hierdie ondersoek is om op verantwoordelike wyse in die lig van sekere hermeneutiese vertrekpunte Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 uit te lê en toe te pas.

1.4 METODOLOGIE

Hierdie navorsing word hoofsaaklik op twee maniere aangepak. Dit is 'n literatuurstudie en tegelyk 'n eksegetiese studie met 'n hermeneutiese onderbou.

1.4.1 Literatuurstudie

In die eerste plek behels hierdie ondersoek 'n literatuurstudie. Sonder 'n literatuurstudie is dit nie moontlik om op hoogte te wees van die huidige stand van die debat en werklike problematiek rondom homoseksualiteit nie. Nie net die teologie nie, maar ook ander wetenskappe kom aan die orde. Homoseksualiteit kan nie direk en alleenlik uit die Bybel verstaan word nie (Dreyer 2006:448). Verdere ontwikkelings in die wetenskap na die tyd van die Bybel moet in ag geneem en in gesprek gebring word met die Bybel (NGK 2004:140).

1.4.2 Eksegetiese studie⁴⁶

Die tweede belangrike deel van hierdie navorsing behels 'n eksegetiese studie.⁴⁷ Hoewel van die ander tekste wat oënsynlik na homoseksualiteit verwys kortliks

⁴⁵ Snyman (2006:969) stel dit duidelik: “Wanneer Bybeltekste reglynig en sonder inagneming van die literêre en historiese konteks gebruik (misbruik?) word, maak dit die aansprake van Bybeltekste in die algemeen en van 'n boek soos Levitikus in die besonder soms gewoon belaglik”.

⁴⁶ Eksegese (van die Griekse woord *exegeomai* wat basies ‘om uit te lei’ beteken het) vind plaas wanneer 'n mens byvoorbeeld dit wat jy lees in 'n teks of hoor in 'n stelling probeer verstaan en interpreteer (Hayes & Holladay 1982:5). Sonder eksegese kan kommunikasie en verstaan nie geskied nie. Verskeie faktore verleen kompleksiteit aan die eksegetiese proses waaronder derde party perspektief, wanneer die teks of dokument in 'n vreemde taal geskryf is, die kulturele gaping, die historiese gaping, wanneer 'n dokument die produk is van kollektiewe en historiese groei, wanneer veelvuldige en verskillende tekste van dieselfde dokument voorkom en laastens indien die teks as heilig beskou word (Hayes & Holladay 1982:8-14). By die eksegese van die Bybel speel al bogenoemde faktore 'n rol (Hayes & Holladay 1982:15-18). Heel eenvoudig kan eksegese gesien word as “a systematic way of interpreting a text” met die volgende doel: “to reach an informed understanding of the text” (Hayes & Holladay 1982:23).

⁴⁷ Waarom dit belangrik is blyk uit die woorde van De Villiers (2006b:66): “Dit gebeur soms dat nuwe wetenskaplike bevindinge en aangrypende pastorale ervaringe nuwe vrae opwerp omtrent kwessies

bespreek sal word, sal net die tekste in Levitikus meer uitvoerig met veral 'n literêr-historiese bril bekyk word. Dit is belangrik om te bepaal hoe hierdie Ou Testamentiese tekste wat skynbaar oor homoseksualiteit handel, geïnterpreteer moet word (Groenewald 2006:62).

1.4.2.1 Uiteenlopende invalshoeke of benaderings⁴⁸

Die tekste van die Ou Testament "... is literêr-gestolde geskiedenisgebeure wat deur verskeie teologies geïnterpreteerde *Schichten* in (meer of minder verskillende kontekste tot selfstandige tekseenhede ontwikkel het" (Human 1999:355). Hierdie tekste kan vanuit verskillende invalshoeke gelees (benader en ontleed) word (Human 1999:355-357; Prinsloo 1989:44, 50). Soms staan die leser agter die teks, soms binne in die teks en altyd voor die teks met 'n bepaalde "bril"⁴⁹ (Bosman 1986:14). Verskillende benaderings tot die teks het verskillende vertrekpunte (Human 2003:265-266).⁵⁰ In die eerste plek kan daar vrae rondom die historiese gebeure of teologiese idees agter die teks gevra word, byvoorbeeld wie is die outeur(s) van die teks of aan wie is die teks(te) gerig? (Prinsloo 1989:44). In die tweede plek kan vrae oor die literêre teks self gevra word en laastens kan gevra word met watter bril en binne watter konteks die leser die teks lees (Human 2003:265; Bosman 1986:14). Afhangende van die invalshoek wat gebruik word, kan die belangrikste Ou Testamentiese eksegetiese benaderings tot teksanalise gereduseer word tot die histories-kritiese benaderings, die struktuur-analitiese benaderings en die resepsie-teoretiese benaderings (Human 1999:355).

waaroor die kerk reeds 'n oordeel gevel het. Homoseksualiteit, egskeiding en genadedood is sulke kwessies. In sulke gevalle kan nie met eksegetiese resultate van die verlede volstaan word nie, maar moet nuwe eksegesië in antwoord op nuwe vrae gedoen word".

⁴⁸ Hayes en Holladay (1982:24) wys daarop: "We do well to remember that the various techniques of biblical criticism have been developed as interpreters have sought to answer particular kinds of questions and solve particular kinds of problems". Waarom dit belangrik is om die regte vrae aan tekste te vra of die regte antwoord op vrae te gee blyk uit die volgende opmerking van Hayes en Holladay (1982:24): "Eisegesis or faulty exegesis, may be said to occur when the wrong kinds of questions are asked of a text or when the appropriate kinds of questions are answered wrongly".

⁴⁹ Die term "bril" verwys na die voorveronderstellings waarmee almal na die werklikheid kyk (Bosman 1986:10).

⁵⁰ Spangenberg (1998:24-25) wys op Roman Jakobson se kommunikasie-model waarin hy uitlig dat enige kommunikasie uit drie elemente bestaan naamlik 'n sender wat 'n boodskap stuur, die boodskap wat gestuur word en laastens 'n ontvanger van die boodskap. (Sender → Boodskap → Ontvanger). Tekste kommunikeer volgens hierdie model soos volg: Skrywer → Teks → Leser. Die klem in die studie van die Bybel het aanvanklik op die skrywers en tekste wat hulle geskryf het geval, terwyl geleerdes huidiglik meer fokus op die teks en die lesers van die teks.

1.4.2.1.1 Histories-kritiese benaderings

Hierdie metodes het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis met wortels wat diep in die *Aufklärung* geanker is (Human 1999:355; Prinsloo 1989:45; Bosman 1986:13). Die historiese gebeure (konteks) of teologiese idees (intensies) agter die teks dien as vertrekpunt vir die eksegeese (Human 2003:265). Vrae rondom die ontstaan en ontwikkeling van die teks (historiese aspekte) word op 'n diakroniese wyse aangespreek (Human 1999:355; Bosman 1986:14). Ongelukkig spreek hierdie benadering nie genoegsaam alle vrae rondom die teks en sy struktuur aan nie (Human 2003:265; Prinsloo 1989:46). Dit gee aanleiding tot die ontstaan en ontwikkeling van teks- en struktuur-georiënteerde benaderings (Human 1999:355).

1.4.2.1.2 Struktuur-analitiese metodes

Hierdie benadering staan soms bekend as die teksimmanente benadering, 'n "close reading", die narratiewe of literêre lees van die teks en het veral na die Eerste Wêreldoorlog begin momentum kry (Human 1999:355). Veral die werk van Ferdinand de Saussure gee aanleiding tot die analisering van die Ou Testament as literêre en outonome kunswerk. Vorm- of struktuuranalitiese metodes ontleed in die besonder die sinkroniese aspekte van die teks en fokus baie minder aandag op die historiese aspekte (Human 2003:265; Prinsloo 1989:49; Bosman 1986:13-14). Die klem val hier op die finale vorm van die teks (Prinsloo 1989:46,49; Bosman 1986:14).

1.4.2.1.3 Resepsie-teoretiese benaderings

Hierdie benaderings ontleed die teks vanuit die gesigspunt van die leser as ontvanger in die kommunikasieproses (Human 1999:356; Prinsloo 1989:49; Bosman 1986:14). Die ontvanger in die kommunikasieproses se belangrike rol by die hele verstaansproses word met die onderskeid wat tussen die geïmpliseerde en werklike lesers gemaak word, uitgelig (Human 2003:266). Hierdie resepsie-teoretiese benaderings speel 'n aanvullende of komplementêre rol in verhouding tot die ander eksegetiese metodes (Human 1999:356). Die klem op die voorveronderstellings en konteks (die "bril") van die leser open die weg vir onder andere die sosiologiese, psigologiese, ideologiese, politieke, feministiese, swart-teologiese of die bevrydings-teologiese lees van die tekste van die Ou Testament (Human 2003:266).

1.4.2.2 Eksegetiese proses

Daar is nie ’n vasgestelde of voorgeskrewe leespatroon – met ander woorde ’n korrekte “metode”⁵¹ om by die betekenis van die tekste uit te kom nie (Human 1999:356; Prinsloo 1989:50).⁵² Gevolglik word eerder gekies vir invalshoeke of bepaalde perspektiewe op die tekste.⁵³

Die tekste in Levitikus moet met inagneming van beide literêre en historiese perspektiewe geanaliseer word (Human 1999:361).⁵⁴ Sinkronie en diakronie is dus komplementêre gespreksgenote. Hoewel dit nie maklik is om te bepaal of die teks eers literêr of histories ontleed word nie, geniet die sinkroniese gestalte van die teks metodologies ’n werksprioriteit (Prinsloo 1989:51). In die leesproses van die teks vervloei die sinkroniese en diakroniese aspekte egter en kry die teks betekenis namate dit van verskillende kante deeglik ondersoek word (Human 1999:362). Die soort literatuur wat geanaliseer word (saam met verskeie ander faktore soos byvoorbeeld die konteks van die leser) sal tot ’n groot mate bepaal watter aspekte die meeste aandag in die lees en verstaan van die teks sal speel (Bosman 1986:14; Hayes & Holladay 1982:105-107).

⁵¹ Bosman (1986:10) toon aan “... dat elke wyse van wetenskaplike verstaan bepaalde ingeboude tekortkominge het en dat daar ewe geldige alternatiewe bestaan vir elke metode van wetenskaplike verstaan ...”.

⁵² Hayes en Holladay (1982:23-24) wys daarop: “The fact is, there are various aspects of a text’s meaning and different types of exegesis can address these different aspects. For this reason, the exegete can never hope to present *the* exegesis of a passage as if it were the final word. Rather, one does an exegesis of a passage in which a coherent, informed interpretation is presented, based on one’s encounter with and investigation of a text at a given point in time ... Exegesis does not allow us to master the text so much as it enables us to enter it”.

⁵³ Human (1999:357) is oortuig: “’n *Bepaalde* invalshoek op die lees van ’n teks belig tog net *bepaalde* betekenismoontlikhede. Ons lees van tekste bly tog ’n proses wat deur verskillende aspekte agter die teks, in die teks en voor die teks beïnvloed word. Die bybelleser wil verseker blootgestel word aan die vele perspektiewe op die Ou Testament wanneer hy/sy binne talle kontekste die betekenis van die teks wil begryp”.

⁵⁴ Sommige geleerdes meen dat eksegete in Suid-Afrika of die historiese (diakroniese) of die teksimmanente (sinkroniese) benadering tot teksanalise volg (Human 1999:357-360). Dit is baie belangrik dat nie een van die benaderings verabsoluteer moet word nie omdat dit ’n verarming en vereensydiging van eksegetiese resultate tot gevolg het. Beide metodes kan ongelukkig soms positivisties en subjektief toegepas word, maar aan die positiewe kant vertoon albei metodes ’n komplementêre karakter. Wanneer ’n teks ontleed word moet die eksegete toesien dat beide die diakroniese en sinkroniese aspekte verreken word sodat beide die historiese en literêre aspekte mekaar kan aanvul om die ryke verskeidenheid van dimensies van die teks se veelkleurigheid uit te lig (Bosman 1986:15).

Die volgende aspekte sal onder andere in die leesproses van die tekste in Levitikus 18 en 20 ondersoek word:

- Tekskritiek en literêre genre;
- Struktuur, opbou en inhoud van die twee hoofstukke;
- Verskillende vertalingsmoontlikhede van Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 met enkele belangrike opmerkings oor hierdie verse;
- Moontlike redes waarom homoseksualiteit oënskynlik verbied word deur die Ou Testament;
- Hoe die funksionering van eer en skaamte lig kan werp op die verstaan van hierdie tekste;
- 'n Teologiese perspektief op Levitikus 18:22 en 20:13.

Hoewel dit moontlik is om aan verskeie ander aspekte ook aandag te gee en om in baie meer diepte eksegeese te doen, sal dit nie in hierdie studie gebeur nie, omdat die eksegetiese studie dan te omvangryk word.

1.5 HIPOTESE

Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 is die enigste tekste in die Ou Testament wat oënskynlik homoseksuele handeling tussens mans uitdruklik verbied. Dit is egter belangrik om te bepaal hoe bruikbaar hierdie tekste in die debat oor homoseksualiteit is en of kerke net eenvoudig hierdie tekste kan gebruik om die afwysing van homoseksuele verhoudings 'Bybels' te regverdig.

Die hipotese van hierdie studie is die volgende: *die bepaalde hermeneutiese sleutel wat 'n eksegeet gebruik om tekste soos dié in Levitikus te ontsluit, bepaal sy of haar verstaan van hierdie tekste. 'n Eksegetiese en hermeneutiese analise van hierdie tekste dui daarop dat beide Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 nie in die hedendaagse teologiese debatte oor homoseksualiteit eenvoudig direk eweredig aangewend kan word om die seksuele oriëntasie van homoseksualiteit op hierdie Bybelse gronde af te wys nie.*

Hierdie tekste kan nie net so op vandag se verstaan van homoseksuele verhoudings toegepas word nie omdat hulle nie konstitusionele homoseksualiteit in die oog het nie en reageer op probleme wat eie was aan die konteks van die volk Israel.

1.6 HOOFSTUKINDELING

Die *eerste hoofstuk* bied 'n oorsig oor die aktualiteit van homoseksualiteit en die probleme wat dit huidiglik omring. Hieruit vloeï die doelwitte vir hierdie studie en die metode van ondersoek wat gebruik sal word. Die hipotese waarmee gewerk word, hoofstukindeling en verduideliking van die belangrikste terme wat in die homoseksuele debat aan die orde kom, volg daarna.

Met 'n historiese perspektief bied die *tweede hoofstuk* ondersoek hoe homoseksualiteit deur die eeue beoordeel is en wat die huidige stand van sake is. Van die belangrikste problematiese aspekte daar rondom word belig.

Uit die *derde hoofstuk* blyk die rol wat die buite-Bybelse wetenskappe kan speel in die huidige verstaan van homoseksualiteit.

In die *vierde hoofstuk* kom die belangrikste Bybelse perspektiewe aan die orde met besondere klem op die analise van die tekste in Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 en toepassing. Laastens volg *hoofstuk vyf* waarin 'n sintese van die bevindings van hierdie ondersoek gemaak word.

1.7 TERMINOLOGIE

Homoseksualiteit is nie 'n eenvoudige monolitiese verskynsel nie (Kelsey & Kelsey 1999:63; Soards 1995:56). Daar bestaan baie vertakkings (Potgieter 2005:24). Geleerdes wys op verskillende soorte dieselfde geslag aktiwiteite en verhoudings wat altyd in 'n bepaalde kulturele konteks plaasvind (Nissinen 1998:124). Alle homoseksuele persone is nie dieselfde nie en daar is 'n groot verskeidenheid binne die ruimte van homoseksuele gevoelens en gedrag (Strommen 2001:13). Verskillende vorme van homoseksualiteit kom voor en sommiges sien dit as vreemde seksualiteit of grys seksualiteit (Potgieter & Van Huyssteen 2002:35).

Verskeie definisies van homoseksualiteit bestaan.⁵⁵ Homoseksualiteit kan gesien word as die erotiese en seksuele aantrekkingskrag van ’n persoon tot ander lede van dieselfde geslag (Human 2005:630). Die term homoseksualiteit het eers laat in die negentiende eeu ontstaan en is in 1892 uit Duits in Engels oorgeneem (Potgieter 2005:20; Dreyer 2004:176; NHKA 2004:377). Dit kom van die Grieks *homoios* (soos of dieselfde) en nie van die Latyn *homo* (mens) nie (NHKA 2007:1). ’n Belangrike vraag is of die term homoseksualiteit nie op anakronistiese wyse in antieke tekste ingelees word nie (Nissinen 1998:16).

Daar kan tussen homoseksualisme, homoseksualiteit en homofilie onderskei word.⁵⁶ Homofilie is ’n redelik neutrale benaming vir iemand wat homoseksueel is en verwys na liefde vir die eie geslag. Omdat die begrip homofilie⁵⁷ net in Nederland gebruik word (waar dit geskep is), is dit nie werklik bruikbaar vir die internasionale debat nie (Potgieter & Van Huyssteen 2002:36).

Homotropie (enkelgeslagtelike lewenswyse) verwys na dieselfde geslag oriëntasie, maar hoewel dit net soos homofilie ’n meer neutrale term verteenwoordig, het dit ook nooit internasionaal algemene inslag gevind nie (Nissinen 1998:16).

Daar word verder onderskei tussen homoseksualiteit waar ’n persoon kies om homoseksueel te leef (hierdie keuse hang af van dinge wat in sekere stadiums in die persoon se lewe met hom of haar gebeur het) en homoseksualiteit wat ontwikkel

⁵⁵ Een moontlike definisie sien homoseksualiteit as “... ’n bepaalde seksuele oriëntasie waarvolgens persone van dieselfde geslag op mekaar aangewys is vir hulle emosionele, psigies-intellektuele en fisiese behoeftes in hulle soeke na ’n lewensmaat” (NHKA 2004:377).

Anthonissen en Oberholzer (2001:35,142) verstaan onder homoseksualiteit of gay “... daardie “homoseksuele oriëntasie” wat verwys na die liefde, emosionele betrokkenheid en seksuele aangetrokkenheid en gedrag tussen mense van dieselfde geslag”. Dit is egter belangrik om in ag te neem “... dat daar ’n verskeidenheid van *gay gedrag* is en nie alle *gay gedrag* kan onder bogenoemde definisie as *gay oriëntasie* beskryf word nie. Die wetenskap erken ook dat daar nog nie genoeg navorsing onder alle kulture gedoen is om tot ’n universele omskrywing van “homoseksualiteit” te kom nie (veral nie in Afrika nie)” (Anthonissen & Oberholzer 2001:142).

⁵⁶ In navolging van Ralph Barnard en die GKN onderskei Potgieter en Van Huyssteen (2002:36-37):

1. **Homoseksualisme:** Dit is die ideologisering van ’n bepaalde seksuele oriëntasie as die ideaal – in die geval die seksuele uitlewing van twee mense van dieselfde geslag.
2. **Homoseksualiteit:** Homoseksualiteit is ’n manier van seksuele uitlewing en bied ruimte vir ’n “alternatief” ten opsigte van heteroseksualiteit.
3. **Homofilie:** Dit is die liefde vir die eie geslag – dit is meer as homoseksualiteit aangesien dit meer as net fisieke en seksuele aspekte omsluit, maar liefde in sy totaliteit, soos dit by heteroseksuele egpare gevind word.

⁵⁷ Vir ’n bespreking van wat onder homofilie verstaan word sien Potgieter (2005:22-23).

omdat die persoon as homoseksueel gebore is (egte homoseksualiteit, kern-homoseksualiteit of konstitusionele homoseksualiteit, endogene en konstitutiewe homoseksualiteit) (NGK 2004:138-139; Potgieter & Van Huyssteen 2002:36; Van Wyk 1997:1; Douma 1984:9).

Verder kan homoseksuele praktyke ook onderskei word.⁵⁸ Pseudo- of perifere-homoseksualiteit kom voor onder heteroseksuele mense wat vir kort tye met homoseksuele praktyke besig is, byvoorbeeld noodhomoseksualiteit onder gevangenes in tronke en matrose wat lang tye op die see deurbring, mode-homoseksualiteit met die oog op aanvaarding deur 'n sekere groep, homoseksuele prostitusie vir geldelike gewin en ontwikkelingshomoseksualiteit wat verwys na 'n fase van veral homofilie in die adolessensiejare (Potgieter 2005:19-20; NGK 2004:138-139; Van Wyk 1997:1; Douma 1984:9).

Ander begrippe wat in verband met homoseksualiteit voorkom sluit in homoerotiek, inversie, uranisme en sodomie (Douma 1984:11). Inversie verwys na omkering of omdraaiing en verwys volgens sommiges na iemand met teennatuurlike seksuele gevoelens. Om Uranisme te omskryf is moeilik. Die term word nie algemeen gebruik nie en verwys na veral manlike homoseksualiteit. Onder sodomie (na aanleiding van die gebeure wat in Genesis 19 beskryf word) word verskillende sake verstaan. Dit is nie 'n goeie term om te gebruik deur na homoseksualiteit te verwys nie.

Die begrip homoerotiek is baie bruikbaar in die gesprek oor homoseksualiteit. Dit omvat 'n wyer betekenis as homoseksualiteit en is nie so nou verbind aan moderne konsepte van seksualiteit nie. Dit beskryf beide mans en vrouens se wedersydse erotiese interaksie (ook op die vlak van rolle en praktyke), selfs sonder 'n gedagte aan homoseksuele oriëntasie (Nissinen 1998:17).

⁵⁸ Potgieter en Van Huyssteen (2002:36) verstaan dit so: "... daar 'n verskil is tussen iemand wat homoseksueel is, en iemand wat homoseksuele praktyke beoefen. Nie alle homoseksuele mense beoefen homoseksuele praktyke nie. So is daar ook heteroseksuele mense wat homoseksuele praktyke beoefen".

Greenberg (sien Nissinen 1998:7, 13 asook Gagnon 2001:414) onderskei in sy navorsing tussen die volgende terme:

1. 'Transgenerational homosexuality', bestaande uit 'n ouer en jonger (manlike) party. Die partye is dus van verskillende generasies;
2. 'Transgenderal homosexuality', wat 'n 'cross gender role' impliseer (met ander woorde een van die partye speel 'n geslagsrol teenoorgesteld van wat sy biologiese geslag werklik is);
3. 'Egalitarian same-sex relations' waar die partye sosiale gelykes is;
4. 'Class distinguished homosexuality' partye behoort tot verskillende sosiale klasse, byvoorbeeld die een party is 'n vry volwasse burger en die ondergeskikte party is 'n slaaf of prostituut.

Hoewel antieke bronne heelwat verwysings na groepe 1, 2 en 4 toon, bevat dit feitlik geen inligting oor groep 3 nie (Nissinen 1998:131). Vandag se debat oor homoseksualiteit fokus egter op die derde groep en dit is gevolglik belangrik om te bepaal of die Bybel na hierdie groep verhoudings verwys.

Die term 'queer', wat verwys na mans wat seksueel aangetrokke is tot ander mans, is aanvanklik gemunt as plaasvervanger vir homoseksueel, maar ongelukkig is dit ook op 'n neerhalende wyse gebruik en is die term gay gevolglik verkies (Dreyer 2006a:161). Die terme gay en lesbies verwys soms na onderskeidelik manlike en vroulike uitinge van homoseksualiteit hoewel die begrip gay ook dikwels beide geslagte insluit (NGK 2004:139; Anthonissen & Oberholzer 2001:35).

Vroulike homoseksualiteit, lesbiese liefde of sapphisme wek deur die eeue nie naastebly soveel weersin en afkeer as die manlike vorm nie (Van Wyk 1997:1). In Duits word die begrippe 'Lesben' en 'Schwulen' gebruik om die vroulike vorme van homoseksualiteit te omskryf (Potgieter 2005:21). Dit blyk dat die meeste navorsing oor homoseksualiteit op manlike homoseksualiteit fokus en dat daar relatief min wetenskaplike inligting oor lesbiërs bestaan (Strommen 2001:13; Nissinen 1998:7).

Die begrippe disposisie en oriëntasie het dikwels min of meer dieselfde betekenis.⁵⁹ Heel eenvoudig gestel verwys seksuele oriëntasie na 'n individu se seksuele voorkeur vir dieselfde, teenoorgestelde of selfs beide geslagte (Nissinen 1998:12).

Weinberg het die term homofobie in 1972 die eerste keer gebruik (Dreyer 2006b:446). Homofobie⁶⁰ is die resultaat van skadelike vooroordeel (Dreyer 2006a:163). Heteroseksisme⁶¹ het in baie gevalle homofobie⁶² tot gevolg (Anthonissen & Oberholzer 2001:183). In baie gevalle lei homofobie⁶³ tot sarkofobie⁶⁴ (Dreyer 2004:175-176). Homofobie funksioneer op vier vlakke naamlik persoonlike, interpersoonlike, institusionele en kulturele (NHKA 2007:9).

Homomisiëse gedrag verwys volgens Alberts na die “gedrag van iemand wat 'n sterk afkeer toon in gay-gedrag en selfs daarvoor gril” (Beeld 21 Maart 2007:11).

⁵⁹ Hierdie belangrike terme “... dui op sowel 'n sielkundige as 'n fisieke toestand (psigo-fisies) wat saamhang met hoe 'n persoon hom- of haarself verstaan, en sy of haar selfbeeld en liggaamsbeeld beleef.” (Anthonissen & Oberholzer 2001:35).

⁶⁰ Dreyer (2006a:164) haal Gough se verstaan van die term aan wat daaronder verstaan “a fear of homosexuality in others (and probably in oneself) and frequently implies verbal and physical aggression towards individuals (self-) identified as lesbian or gay”.

⁶¹ Heteroseksisme is volgens Anthonissen en Oberholzer (2001:182) “... die verskynsel dat daar, ten spyte van die toenemende herkenning van sogenaamde gay regte in die samelewing, steeds deur stereotipering, etikettering, spotterny en selfs aktiewe vervolging, teen hulle gediskrimineer word. Die argument lui: “Heterosexuality is the normative form of human sexuality. All other forms of sexual orientation are regarded as deviant, and in this dominant system homosexuality is constructed as the archetypal perversion.””.

⁶² Homofobie verwys na “'n irrasionele vrees vir homoseksualiteit wat tot uiting kom in negatiewe emosies en lei tot diskriminerende gedrag” (Anthonissen & Oberholzer 2001:156). Anders gestel is homofobie “... die akute vrees vir gay persone wat nie alleen (op 'n meer dramatiese vlak) eis dat hulle uit 'n samelewing moet verdwyn of verwyder word nie, maar wat hom op 'n interpersoonlike vlak manifesteer in die vrees om naby aan gay persone te kom, aan hulle te raak of selfs deur hulle omhels te word” (Anthonissen & Oberholzer 2001:183).

⁶³ In hoofstuk 2 word homofobie in meer diepte bespreek.

⁶⁴ Dreyer (2004:175-176) omskryf sarkofobie as “... 'n irrasionele vrees en haat vir die eie of ander se mens-wees en liggaam”.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE PERSPEKTIEWE OP HOMOSEKSUALITEIT

2.1 VOËLVLUG DEUR DIE EEUE

Voordat 'n intelligente, deernisvolle en gebalanseerde gesprek oor homoseksualiteit kan plaasvind, is dit belangrik om te verstaan hoe dit deur die loop van die eeue beskou en beoordeel is (Strommen 2001:13). Nuwe navorsing wys daarop dat homoseksualiteit 'n verskynsel is wat al baie lank voorkom (Dreyer 2004:192; Potgieter & Van Huyssteen 2002:38, 79; Anthonissen & Oberholzer 2001:43, 146-152). Feitlik alle kulture ter wêreld, reg deur die loop van die menslike geskiedenis, is bekend met homoseksuele praktyke (of anders gestel “same-sex erotic-sexual interaction”) (NGK 2004:146; Kelsey & Kelsey 1999:65; Nissinen 1998:1).¹ Anthonissen en Oberholzer (2001:145) wys daarop: “Selfs marteling, doodstraf en baie ander vorms van druk en diskriminasie kon dit nie verander nie”.

2.1.1 Antieke tyd

Ongelukkig bestaan daar nie baie getuienis wat spesifiek lig werp op homoseksuele verhoudings in die antieke tyd nie (Potgieter 2005:49). Reeds in die oudste beskawings was homoseksualiteit 'n bekende verskynsel (Strommen 2001:18). Die oudste gedokumenteerde bronne waaroor die mens vandag beskik (ongeveer 5000 jaar gelede) bevat verwysings na verskillende seksuele praktyke wat homoseksuele gedrag insluit (Dreyer 2004:192; Anthonissen & Oberholzer 2001:146). Vanaf die vroegste tye was sekere vorme van homoseksuele gedrag 'n belangrike deel van die heidense kultuur en godsdiens (Anthonissen & Oberholzer 2001:148). Die uitleef van homoseksuele verhoudings was volgens sommige geleerdes deel van die godsdienste van Donisus, Shiva, Baäl, Ashera en die antieke Babiloniese godsdienste terwyl homoseksuele dade deel gevorm het van die aanbidding van Adonis (Potgieter 2005:50). Op amforas (sierfase) uit die antieke tye is onder andere homoseksuele tonele geskilder (Potgieter & Van Huyssteen 2002:79).

¹ C.S. Ford en F.A. Beach het bevind dat 49 van die 76 primitiewe gemeenskappe wat hulle bestudeer het, homoseksualiteit as normaal beskou en aanvaar het (Strommen 2001:19; Kelsey & Kelsey 1999:65).

2.1.2 Grieke en Romeine

Bekende Griekse en Romeinse skrywers soos Plato, Aristoteles, Plutargus en Cicero verwys in verhale na homoseksuele verhoudings (Potgieter & Van Huyssteen 2002:79; Strommen 2001:18). Filosofe soos Sokrates, Cartulles, Virgilius en Horatio skryf erotiese gedigte oor mans waaruit volgens sekere geleerdes hul voorkeur en liefde vir mans blyk (Potgieter 2005:58-59). In die Griekse wêreld² is drie standpunte oor homoseksualiteit gehuldig: Sommige het homoseksualiteit opgehemel (verskillende skrywers uit die klassieke oudheid prys die pederastie as die mees volmaakte vorm van liefde), ander soos die Stoïsyne³ het homoseksuele veroordeel as verwyf⁴ en laastens, moontlik die grootste groep, het gemeen die belangrikste saak met betrekking tot seksuele toegeneentheid is nie die geslag van die ander persoon nie, maar sy sosiale status (Potgieter & Van Huyssteen 2002:82-83; Anthonissen & Oberholzer 2001:148; Gagnon 2001:139,164-165, 170; Strommen 2001:19; Doe 2000:64).

Pederastie, militêre homoseksualiteit en permanente langtermyn homoseksuele verhoudings⁵ het saam met ander homoseksuele praktyke voorgekom (Potgieter 2005:59-61, 70). Binne die kulture van die sogenaamd klassieke Europa van Griekeland en Rome is sekere vorme van homoseksuele gedrag in sekere kringe beoefen (keiser Hadrianus was byvoorbeeld gay⁶) en as natuurlik aanvaar (Anthonissen & Oberholzer 2001:66). Dit wil voorkom of homoseksuele verhoudings meestal onder die adel voorgekom het (Potgieter 2005:69, 539). Prominente persone wat al met ten minste biseksualiteit (en wat dus sekere homoseksuele praktyke beoefen het) in verband gebring is, sluit in Augustus, Tiberius, Domitianus, en Trajanus (Strommen 2001:19). Nero het volgens sommige historici met twee mans huwelike gesluit (NGK 2007:189; Potgieter 2005:65). Romeinse wetgewing het volgens sommiges nie streng tussen hetero- en homoseksuele daade onderskei nie

² Sien Nissinen (1998:57-69) vir 'n interessante bespreking van Griekse manlike homoerotiek.

³ Sommige soos Potgieter (2005:538-539) wys hierteenoor daarop dat verhoudings tussen persone van dieselfde geslag vir die Stoïsyne aanvaarbaar was indien dit ten minste 28-jaar sou duur.

⁴ Verskeie filosofe keur homoseksuele verhoudings af, onder andere Xenophon en Musonius Rufus (Potgieter 2005:539).

⁵ Volgens Potgieter (2005:538) het verskeie filosofe sulke verhoudings gehad waaronder Plato met Dion van Sirakuse, Sokrates met Agaton, asook Cartulles, Virgilius, Horatio en Pausanius. Dit is interessant om daarop te let dat Plato en Aristoteles erken het dat seksuele verhoudings tussen persone van dieselfde geslag nie biologies en fisiologies natuurlik is nie (Potgieter 2005:541).

⁶ Hadrianus het 'n verhouding met 'n man genaamd Antonius gehad (NGK 2007:189).

(Anthonissen & Oberholzer 2001:66).⁷ Bandeloosheid, veral homoseksuele dade, is egter met algemene afkeur begroet (Soards 1995:48,50).⁸

2.1.3 Vroeë Judaïsme

Die vroeë Judaïsme was eenstemmig in die verwerping van homoseksuele gedrag (Gagnon 2001:160). Flavius Josefus en Philo van Alexandrië wys homoseksuele praktyke af (Potgieter 2005:73-76). Binne die Joods-Christelike tradisie was daar nie ruimte vir “same sex relations” nie (Doe 2000:63). Homoseksualiteit is in die lig van die Skrif gesien as iets ongewens en verkeerd wat vermy en nie aangemoedig moes word nie (Strommen 2001:20). Dit wil voorkom of daar in die Joods-Christelike tradisie ’n tendens was om homoseksuele persone met ’n groot mate van vyandigheid en liefdeloosheid te hanteer (Dreyer 2004: 176; Soards 1995:24).

2.1.4 Vroeë kerk

Min bronne deur die loop van die eeue verwoord die Christelike kerk se standpunt oor homoseksuele praktyke en dit bemoeilik navorsing oor die kerklike tradisie en homoseksualiteit (Potgieter 2005:76). Vanaf die middel van die tweede eeu, tot die einde van die negentiende eeu, is homoseksuele oortredings deur die kerk hoofsaaklik as sonde beskou en die wat hulle daaraan skuldig gemaak het streng gestraf (Soards 1995:33).⁹

Die vroegste kerkvaders reageer in lyn met die Bybel nie positief teenoor homoseksuele praktyke nie (NGK 2007:209-211; Potgieter 2005:77). Die vroeë kerkvaders wat na homoseksualiteit verwys, is geneig om die verbod teen homoseksualiteit in Levitikus aan te haal (Doe 2000:57).¹⁰ Die Patristiese kerk se aanvanklike teiken met betrekking tot homoseksualiteit was pederastie (mans wat seks

⁷ Potgieter (2005:71) verwys na die Lex Scantinia (149 vC) wat spesifiek oor homoseksuele verhoudings handel en die Lex Iulia wat die doodstraf vir homoseksuele verhoudings bepaal.

⁸ Dit is belangrik om daarop te let: “Die Rabynse tradisie en sommige Griekse filosofe en Romeinse skrywers het homoseksuele praktyke nie as ’n aanvaarbare lewensvorm beskou nie ... Nêrens word dit ook regtig ongekwalifiseerd aangeprys of aanbeveel nie, behalwe natuurlik deur die enkele filosofe wat dit self toegepas het” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:81, 82).

⁹ Tog meen John Boswell, ’n historikus van Yale, “that intolerance of homosexuality is not an essential feature of Christianity itself, but only became the dominant attitude after twelve hundred years of church history” (Anthonissen & Oberholzer 2001:66; vgl ook Strommen 2001:18). Boswell se bevindinge wat aanvanklik wye navolging geniet het, word egter in baie kringe bevraagteken (Potgieter & Van Huyssteen 2002:12; Soards 1995:34).

¹⁰ Vgl ook Soards (1995:37) wat D F Wright aanhaal wat nie hiermee saamstem nie.

het met seuns) (Strommen 2001:75). Talle prominente figure uit hierdie vroeë era van die kerkgeskiedenis spreek hulle sterk afkeur van homoseksuele gedrag uit waaronder Justinus die Martelaar, Tertullianus, Basilius van Ceaserea, Gregorius van Nissa, Johannes Chrisostomus, Augustinus asook die konsilies van Elvira en Ankara en die outeur(s) van die *Apostoliese Konstitusies* (Soards 1995:36). Augustinus sien homoseksuele gedrag as wellustige optrede wat mense van God uitsluit, terwyl Chrisostomus homoseksualiteit striem as 'n verdorwenheid en ontaarding wat die gevolg is van 'n lewe van bandelose weelde (vgl ook Potgieter 2005:80-81). Wanneer Augustinus 'n sekere vorige vriendskap met 'n man in herinnering roep "... he wanted to repent of the 'dirt of lust' and the 'blackness of desire' which had contaminated him" (Doe 2000:57). Basilius en Gregorius, wat ook ernstig homoseksuele gedrag veroordeel, beskou dit in dieselfde lig as egbreuk en ernstiger as die erge sonde van hoerery. Basilius (375 nC) het aangedring dat persone wat hulle skuldig maak aan homoseksuele dade vir 'n tydperk van 15 jaar boetedoening moes doen voor hulle weer toegelaat kon word om die sakramente te ontvang (Soards 1995:37). Egbrekers het dieselfde straf ontvang, terwyl hoereerdes vir sewe jaar moes boete doen. Die konsilies gehou te Elvira, 'n dorpie in Spanje in 305-306 nC en Ankara in Klein Asië in 314 nC het besluit om homoseksuele persone van die doop en kategese te weerhou tot hulle van hulle verkeerde gedrag afsien.

Kort nadat die Christelike kerk onder keiser Konstantyn staatskerk geword het, is wette aangeneem teen homoseksuele dade (Potgieter 2005:81; Doe 2000:58). Wat in sommige dele van die Griekse samelewing aanvaarbaar was is deur die kerk as 'n sonde beskou (Doe 2000:76).

2.1.5 Middeleeue

Gedurende die middeleeue het die Christelike kerk se optrede teen homoseksuele persone in felheid toegeneem (Soards 1995:37). Soos die Christendom oor Europa versprei het, het 'sodomie' 'n kriminele oortreding geword (Doe 2000:76).

Teen die sesde eeu (533 nC) was homoseksualiteit strafbaar met die brandstapel (Strommen 2001:18; Doe 2000:58). In wetgewing van 538 nC en 544 nC deur Jusitianus uitgevaardig, word homoseksualiteit verklaar tot misdadig wat mans korrup maak (Potgieter 2005:82). In ongeveer 650 nC het wetgewing van koning

Visigots in Spanje bepaal dat homoseksuele persone gekastreer moet word (Soards 1995:38). Hierdie bepaling is deur die koning van Gotiese Spanje, Egica, tydens die sestende konsilie van Toledo in 693 nC, herhaal (Soards 1995:38). Strabo skryf gedigte waarin hy sy liefde vir sy vriend Liutger en later ook vir die monnik Gottschalk verwoord (Potgieter 2005:84).

Pous Gregorius III se wetgewing uit die agste eeu het mans wat hulle aan homoseksuele verhoudings skuldig maak met 'n jaar van selfkastyding gestraf en vroue in lesbiese verhoudings met 160 dae (Potgieter 2005:83). Dit is interessant dat beskrywings van 'n verskeidenheid homoseksuele dae en die toepaslike strawwe daarvoor in die *Penitentials*¹¹ aangetref word (Soards 1995:38). Die *Penitentials* versamel 'n omvattende lys van sondes en skryf die gepaste straf of nodige boetedoening vir hierdie sondes voor. Die straf vir eenvoudige homoseksuele soenery was agt spesiale vaste, vir wedersydse masturbasie deur eerste oortreders twintig tot veertig dae van boetedoening, vir interfemorale kontak twee jaar boetedoening en sewe jaar boetedoening vir gewoonte fellatio en sodomie. Dit is opmerklik dat die *Penitentials* tussen verskillende homoseksuele dae onderskei asook dat vroulike homoseksualiteit erken en veroordeel word (Soards 1995:38-39). Onafhanklik hiervan het 'n ordonnansie van Aix-la-Chapelle (Aachen) uit 789 nC, in aansluiting by die standpunt van die sinode van Ankara, 'n algemene veroordeling van homoseksualiteit bevat (Soards 1995:39). Bonifatius, wat as sendeling in Engeland optree, sien homoseksuele verhoudings in 'n negatiewe lig (Potgieter 2005:83).

Tydens die negende eeu is hierdie negatiewe oordeel oor homoseksuele aktiwiteite voortgesit en veroordeel Karel die Grote byvoorbeeld sodomie onder monikke (Potgieter 2005:83; Soards 1995:39). Alkuin, 'n monnik aan die hof van Karel die Grote, spreek as bejaarde sy spyt uit oor die homoseksuele praktyke wat hy in sy jeug beoefen het.

Gedurende die latere middeleeue duur die negatiewe houdings teenoor homoseksuele verhoudings voort (Potgieter 2005:85-87). Anselmus van Kantelberg (1033-1109) weier egter om sekulêre wetgewing teen homoseksuele verhoudings te ondersteun.

¹¹ Dit is 'n boek van die Rooms Katolieke Kerk wat 'n versameling instruksies vir biegteling bevat.

Marbord, die biskop van Rennes, skryf 'n liefdesgedig oor sy homoseksuele verhouding. Sommige geleerdes wys daarop dat koning Richard die Leeuhart en Longchamp in 'n homoseksuele verhouding betrokke was. Sommige historici reken dat Pous Benediktus in 1022 kettters begin verbrand het en dat persone wat hulle aan homoseksuele praktyke skuldig gemaak het in Orleans as kettters verbrand is.

In 1051 het Petrus Damianus *Liber Gomorrhianus* gepubliseer waarin hy verskeie homoseksuele dade, wat strek van wedersydse masturbasie tot interfemorale kontak tot sodomie, skerp kritiseer en veroordeel (Soards 1995:39). Volgens Damianus is hierdie sondes teen die natuur nie streng genoeg deur die *Penitentials* hanteer nie en het dit die felste straf moontlik verdien. Hy het aangedring dat enige monnik of geestelike wat aan homoseksuele praktyke meegedoen het uit hulle ordes verwyder moet word. In die lig van hierdie boek reken Pous Leo IX dat ampsdraers wat berou oor hul sonde toon en daarvan afsien in hul ampte kon aanbly (Potgieter 2005:87).

Die konsilie van London by Westminster in 1102 nC het almal wat hulle skuldig maak aan die skandelike sonde van sodomie veroordeel deur *anatema* tot hulle deur belydenis en boetedoening aangetoon het dat hulle vergifnis verdien (Soards 1995:40). Deur die weeklikse publikasie van hulle veroordeling is die wat die ban opgelê is deur al die kerke in die hele Engeland in die openbaar ontmasker. Die koning en die patriarg van Jerusalem het in 1120 nC tydens 'n sinode gehou te Neapolis, 'n skerp veroordeling van homoseksualiteit uitgevaardig waarin 'n oproep gedoen word dat almal wat hulle vrywillig deur sodomie (aktief of passief) verontreinig op die brandstapel moes sterf. Hoewel die kerk die straf van sodomie aan die burgerlike owerhede oorgee is hierdie optrede van die owerheid stilswyend goedgekeur. In teenstelling hiermee meen John Boswell: "...sustained and effective oppression of those engaged in homosexual behaviour was not known in Europe until the thirteenth century, and was never common in the Byzantine East" (Doe 2000:58).¹²

¹² Anthonissen en Oberholzer (2001:67) sluit in navolging van Boswell hierby aan en meen: "Die hoogbloeï van Christelike toleransie en openheid ten opsigte van homoseksualiteit vind 'n mens ... tydens die Middeleeue in Europa (10 de tot die 14de eeu nC). Selfs binne die Rooms-Katolieke Kerk is dit in die stadium verdra". Sommige geleerdes staan egter baie krities teenoor Boswell se bevindings met betrekking tot homoseksualiteit en het dit grondig weerlê (Potgieter & Van Huyssteen 2002:12, 156; Soards 1995:34).

'n Bekende homoseksuele priester uit die tyd was Aelred van Rievaulx en daar is selfs geleerdes wat beweer dat die kerk sover gegaan het om homoseksuele verhoudings te seën (Potgieter 2005:86-87; Anthonissen & Oberholzer 2001:67-68). Gedurende die Middeleeue was dieselfde-geslag verhoudings tussen geestelikes en tussen persone in kloosters 'n wydverspreide probleem (Strommen 2001:75). As gevolg hiervan het die derde Lateraanse konsilie in 1179 homoseksuele persone saam met geldskieters, kettters, Jode, Moslems en huursoldate veroordeel (Doe 2000:58). In die twaalfde eeu het Hildebert van Lavardin homoseksuele verhoudings as 'n misdaad wat wyd voorkom beskryf, Walter van Chatillon spot met homoseksuele verhoudings terwyl Bernard van Morlaix sulke verhoudings betreur (Potgieter 2005:87-88). Die Katare of Albigense sien homoseksuele verhoudings nie as sonde nie (Potgieter 2005:89).

In die dertiende eeu het Aquinas geoordeel dat net bestialiteit erger as sodomie is (Soards 1995:40). Aquinas verklaar dat dit 'onnatuurlik' is en selfs erger as verkragting, omdat daar geen moontlikheid van bevrugting bestaan het nie (Doe 2000:58; Soards 1995:40-41). Vir dieselfde rede beskou Dante dit as 'n perversie van liefde. Die Inkwisisie het groot getalle homoseksuele persone gemartel en dood gemaak. In Frankryk het die vervolging van homoseksuele persone in 1260 in alle erns begin en was boetedoening nie meer voldoende nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:149). Vir 'n eerste en tweede oortreding was die verlies van geslagsdele die vonnis en vir 'n derde oortreding verbranding.

2.1.6 Reformasie

Nie die Reformasie of Kontra-Reformasie het die Protestantse- of Rooms Katolieke Kerke se amptelike leer oor homoseksualiteit laat verander nie (Doe 2000:58-59; Soards 1995:42). Hoewel die kerkhervormers monikke toegelaat het om te trou, is die veroordeling van homoseksuele praktyke deur byvoorbeeld Luther en Calvyn in die lig van die Skrif behou (Soards 1995:41-42). Koningin Elisabeth I het in 1565 weer anti-homoseksuele wetgewing in Engeland ingestel (Potgieter 2005:90). In Engeland was sodomie tot 1861 met die galg strafbaar, waarna dit vervang is met moontlike lewenslange dwangarbeid (Doe 2000:18). Met die aankoms van die Puriteine in die Nuwe Wêreld het hulle die doodstraf vir sodomie en egbreuk behou (Doe 2000:59).

2.1.7 Twintigste eeu

In New York City in die VSA is honderde gay mans elke jaar in die 1920's en 1930's gearrester en in die dekade na die Tweede Wêreldoorlog jaarliks letterlik duisende (Strommen 2001:21). Die Nazi's het tydens hul skrikbewind duisende vermeende homoseksuele in konsentrasie kampe geplaas (Doe 2000:65). Alle gay mense moes daar 'n pienk driehoek aan hulle klere dra om uitgeken te word (Anthonissen & Oberholzer 2001:82). Daar word geskat dat tot 15 000 homoseksuele persone in die kampe omgekom het, hoewel daar geleerdes is wat meen dat dit tot soveel as 300 000 kan wees (Doe 2000:66). In Nederland, wat na die Tweede Wêreldoorlog gekenmerk word deur 'n gees van verdraagsaamheid, is homoseksualiteit in 1961 as oortreding uit die wetboek verwyder (Anthonissen & Oberholzer 2001:83).

Al meer word homoseksualiteit vandag wêreldwyd beskou as 'n seksuele variant waarin die ongeïnhibeerde en skuldvrige uitlewing van die homoseksuele begeerte oor alle grense heen, aanvaarbaar is (Anthonissen & Oberholzer 2001:151).

In die verlede was homoseksualiteit egter nie so 'n problematiese saak soos dit vandag die geval is nie (Strommen 2001:18). Tot en met die negentiende eeu is dit nie openlik bespreek nie. Eers aan die einde van die twintigste eeu, met die opkoms van die Gay bevrydingsbeweging, het homoseksualiteit 'n omstrede openbare saak geword (Dreyer 2006a:161). Eers met die Stonewall rebellie op 26 Junie 1969 het homoseksualiteit werklik 'n belangrike kwessie geword (Strommen 2001:21). Op hierdie dag het die polisie 'n klopjag op die Stonewall Inn, 'n gay kroeg, uitgevoer wat uitgeloop het in 'n oproer. Hierdie gebeurtenis kan beskou word as die beginpunt van die gay kultuur as 'n politieke beweging met die oogmerk om die stigma rondom homoseksualiteit te verwyder.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar tot in die onlangse verlede geen onderskeid gemaak is tussen jou seksuele oriëntasie en seksuele dade nie (Doe 2000:64). Van die verskil tussen inversie en perversie was daar tot onlangs geen sprake nie (Stott 1990:347). Hoewel sekere dade amptelik verbied is, is mense nie sosiaal gedefinieer in terme van hulle seksualiteit nie (Doe 2000:65). Die onderskeid tussen homoseksualiteit (as identiteit) en heteroseksualiteit is 'n streng moderne, Westerse

verskynsel (Anthonissen & Oberholzer 2001:146; Strommen 2001:21; Nissinen 1998:124, 128).¹³

Homoseksuele persone het na gelang van die kultuurhistoriese situasie waarin hulle verkeer het hulle oriëntasie op verskillende wyses uitgeleef. Gevolglik is homoseksualiteit deur die loop van die geskiedenis verskillend beskryf en beoordeel (Anthonissen & Oberholzer 2001:35; Strommen 2001:16). Sommige geleerdes is oortuig die verhaal van homoseksuele persone is, net soos dit die geval is met die verhaal van vroue, uit die geskiedenis uitgeskryf as gevolg van onder andere vooroordeel (Anthonissen & Oberholzer 2001:147-148). Daar is egter baie getuienis wat daarop dui dat daar deur die loop van die eeue, in alle kulture en tydperke van die geskiedenis, 'n sekere persentasie persone was wat ons vandag as homoseksueel sou kon beskryf (Doe 2000:65; Anthonissen & Oberholzer 2001:145). Dit is egter nie duidelik of die persentasie persone wat hulleself in verskillende historiese tydperke as homoseksueel sou beskryf, konstant gebly het nie (Strommen 2001:16). Volgens Alan Brash se lys sluit dit onder andere Leonardo da Vinci, Michelangelo, Francis Bacon, Erasmus, Dostojevsky, Tchaikovsky, Lawrence van Arabië, Keiser Wilhelm II, Virginia Woolf en Greta Garbo in (Doe 2000:65).

Hierby kan gevoeg word Newton, Halley, Robert Boyle, Keynes, Wittgenstein, Beethoven, Schubert, Proust, Hans Christian Andersen, Aleksander die Grote, Julius Ceasar en Cecil John Rhodes, om slegs enkeles te noem (Anthonissen & Oberholzer 2001:150-151). 'n Goeie voorbeeld van 'n briljante lesbiese sportvrou is Martina Navratilova (Strommen 2001:41). Selfs behoudende teoloë gee toe: “Deur die eeue heen het homoseksuele wonderlike diens aan die kerk en die samelewing gegee” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:152).

'n Oorsig van die geskiedenis toon aan dat die meeste Christene in feitlik elke era van die kerk dieselfde-geslag seksuele praktyke verwerp en afgekeur het (Potgieter 2005:93, 94; Gagnon 2001:343-344; Strommen 2001:75). Die probleem van homoseksuele gedrag was nooit deur die loop van die kerkgeskiedenis afwesig nie en

¹³ Hoewel John Boswell die universele bestaan van homoseksualiteit aangetoon het, stel hy “... dat die verskynsel eers gedurende die afgelope 100 jaar as 'n eiesoortige bestaansvorm herken en gekonseptualiseer is” (Anthonissen & Oberholzer 2001:147).

het periodieke veroordeling vereis (Soards 1995:34). Die huidige tyd word egter gekenmerk deur 'n groter wordende groep, veral binne Protestantse kringe, wat die kerk se tradisionele standpunt oor homoseksualiteit bevraagteken en selfs verwerp (Strommen 2001:75; Soards 1995:43). Al meer word in navolging van byvoorbeeld Helmut Thielicke gepleit vir sosiale en godsdienstige verdraagsaamheid van homoseksualiteit en dat Christelike optrede teenoor hierdie groep mense eerder deur begrip as veroordeling gekenmerk moet word.¹⁴ Selfs Protestantse teoloë soos Richard B. Hays wat die tradisionele standpunt van die kerk met betrekking tot homoseksualiteit wil behou, vra dat homoseksuele persone met deernis en barmhartigheid deur mede Christene hanteer moet word (Soards 1995:44).

Uit die geskiedenis blyk dit duidelik dat homoseksuele aktiwiteite deurgaans in Christelike kringe veroordeel en afgewys is (Potgieter 2005:554; Soards 1995:45). Deur die eeue het die tradisionele Christelike standpunt teenoor homoseksuele gedrag in intensiteit en skerpheid gewissel, maar dit was deur die bank konstant negatief (Nissinen 1998:125).¹⁵ Tog word dikwels vergeet dat die Christelike tradisie in baie gevalle ook negatief oor heteroseksualiteit geoordeel het. Seksualiteit is soms beskou as die uitdrukking van lus en gevolglik sondig (Nissinen 1998:125, 127). Hoewel daar in die onlangse verlede 'n verandering in heelwat gelowiges se standpunt oor die saak gekom het, is daar nog nie naastenby in Christelike kringe eenstemmigheid oor homoseksualiteit nie (Soards 1995:45). Dit is 'n belangrike vraag of die Bybel hierdie intense negatiewe verstaan en hantering van persone wat homoseksuele dade pleeg deur die Christelike tradisie regverdig.

¹⁴ Sien byvoorbeeld Buitendag (2004:76) wat na Thielicke se meer gebalanseerde standpunt oor homoseksualiteit verwys.

¹⁵ Potgieter (2005:553) wys daarop dat behoudende teoloë en die kerk nie homoseksuele verhoudings en –huwelike as Skriftuurlik kan aanvaar nie omdat die Skrif, kerklike tradisie en –geskiedenis sowel as die amptelike standpunte van die kerk deur die eeue heen dit duidelik afwys. Omdat die kerklike tradisie, –geskiedenis en –standpunte op grond van die verstaan van die Skrif ontwikkel het, is dit nodig om weer opnuut na die Skrif te kyk en behoort dit die belangrikste rol in vandag se besinning oor homoseksualiteit te speel.

2.2 AGTERGROND VAN DIE HUIDIGE DEBAT

2.2.1 Vinnig veranderende postmoderne era¹⁶

Suid-Afrika¹⁷ asook die res van die wêreld¹⁸ beleef tans 'n tyd van snelle verandering wat 'n groot rol speel in hoe mense oor hulleself, die wêreld en God dink (Koopman & Vosloo 2002:7). By talle mense skep dit 'n gevoel van morele disoriëntasie (Koopman & Vosloo 2002:7, 17-18). In tye van morele en sedelike verval verwag talle mense van die kerk en die teologie om in die lig van die Bybel aan hulle riglyne te gee oor seksualiteit (Haspel 2007:260).

Potgieter en Van Huyssteen (2002:133) wys daarop: “Indien die postmoderne era nie in Suid-Afrika ook kinders gekry het nie, sou die debat oor homoseksualiteit nooit in sy huidige vorm ter sprake gekom het nie”. Volgens Potgieter en Van Huyssteen (2002:133) kan die volgende oor postmoderne¹⁹ mense gesê word:

- aanvaar nie meer absolute waarhede nie,
- aanvaar nie uitsprake van gesaghebbendes nie,
- is nie meer lojaal aan die kerk of ander tradisionele instansies nie,
- leef met veelvoudige keuses (pluriformiteit),
- is verdraagsaam teenoor alles.

Globalisering veroorsaak dat die wêreld klein geword het en 'n wêrelddorp/global village vorm waarin almal verweef en verbind is (Potgieter 2005:96; Koopman & Vosloo 2002:35). Die feit dat daar stadig maar seker wegbeweeg word van 'n patriargaal gedomineerde wêreld het 'n groot invloed op hoe mense vandag oor man-vrou en dieselfde-geslag verhoudings dink (Doe 2000:60). Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat ons uitbeweeg het uit 'n hiërgargiese wêreld waarin dié met mag bepaal het wat normatief is vir ander mense (Doe 2000:111). Vandag is die wêreld

¹⁶ Kortliks en baie oorvereenvoudig kan gestel word: “Sedert die Tweede Wêreldoorlog kry ons die postmoderne (nawetenskaplike) era, gekenmerk deur 'n ontugtering in die mens se vermoë om 'n beter wêreld te skep, die groeiende betwyfeling van die logika en “absolute waarhede”, en die meer bepalende rol wat subjektiewe ervaring (teenoor objektiewe inligting) in die vertolking van kennis speel [*Wat vir my reg voel, is reg*].” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:132). Sien Potgieter (2005:149-154) vir 'n kort verduideliking van die postmoderne era en die rol wat dit in die debat oor homoseksuele huwelike speel asook NGK (2007:175).

¹⁷ Sien Koopman en Vosloo (2002:19-21) vir 'n kort bespreking van die veranderings en oorgange in die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1994 en die implikasies daarvan.

¹⁸ Sien Koopman en Vosloo (2002:21-40) vir 'n bespreking van die veranderende wêreldwye kultuursituasie.

¹⁹ Vir 'n bespreking van die begrip postmodernisme sien Koopman en Vosloo (2002:27-32).

baie meer individualisties en “consumerled” met ruimte vir groter diversiteit. Daar kan selfs van ’n “*me* generation” en “anything goes”-kultuur gepraat word. Veranderinge in wêreldbeskouing (byvoorbeeld die aarde is rond en wentel om die son) het talle mense gedwing om aan te pas by beskouings en denke wat skynbaar in stryd is met die Bybel (Nissinen 1998:126).

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat ’n verandering in waarheidsbegrip plaasgevind het (Dreyer 2006a:158-160; Anthonissen & Oberholzer 2001:81). Dit kan beskryf word as die verhouding-waarheidsbegrip.²⁰ Waarheid word in verhouding gevind, in die interaksie met iets buite jouself (Dreyer 2006b:458; vgl ook Potgieter 2005:14).²¹ Dit sluit nou aan by die Ou Testament se siening van waarheid as ’n verhoudingsbegrip.

Doe (2000:111) wys tereg daarop: “In the whole area of ethics we may have to accept that many of the old taken-for-granted values have gone ... but we play our part in this so-called postmodern world as those who are faithful to certain unnegotiable truths, not least the love of God at the center of what makes sense of being a person and being in partnership with others”.

Binne hierdie postmoderne era beleef die kerk nie net ’n legitimeiteitskrisis nie, maar ook ’n identiteitskrisis.²²

2.2.2 Nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet

Voor 1994 het wetgewing in Suid-Afrika private homoseksuele verhoudings tussen instemmende volwasse manspersone toegelaat (Botha 1986:2).²³ Op 27 April 1994

²⁰ Anthonissen en Oberholzer (2001:81; vgl ook Dreyer 2006a:160) beskryf dit soos volg: “Tussen die twee pole van “objektiewe waarheid” (waarheid as iets wat daar buite IS, buite en los van die mens en wat *feitelik* vasgestel kan word) en die pool van “subjektiewe waarheid” (alleen dit wat EK kan ervaar en weet, is waar) het daar ’n nuwe waarheidsbegrip ontstaan. Hierdie opvatting het die nadruk daarop gelê dat die waarheid alleen binne ’n innige *verhouding* tussen subjek en objek geopenbaar word”.

²¹ Dit sluit vir Anthonissen en Oberholzer (2001:81) nou aan by die Bybelse begrip oor waarheid “Want vir die Bybel is die waarheid juis nie klinkklare, goed geformuleerde antwoorde nie. Waarheid word ontworstel in ’n spesifieke situasie en word helder soos wat mense saam daarmee moet worstel voor die aangesig van God”.

²² Potgieter en Van Huyssteen (2002:133) wys daarop: “Die basiese bron waarmee die kerk werk, dit wil sê die basis waarop die kerk se teologie gebou moet word en waarmee die kerk se lewenstyl in beginsel gevorm moet word, is ’n b(B)boek wat in die premoderne tyd ontstaan het. Ons, kerk van vandag, is keuseloos vasgevang in ’n modernistiese teologie en bedieningstyl, terwyl al meer mense, soos die tyd aanstap, keuseloos postmoderne mens word”.

het 'n nuwe tussentydse grondwet in werking getree en het Suid-Afrika 'n nuwe konstitusionele bedeling betree (Malherbe & Rautenbach 1998:voorwoord)²⁴. Op 4 Februarie 1997 het die huidige grondwet van die Republiek van Suid-Afrika in werking getree (Malherbe & Rautenbach 1998:4). Hierin is 'n handves van menseregte²⁵ opgeneem (Stiebert & Walsh 2001:119). Die regte wat hierin beskerm word is onder andere dat daar nie teen iemand op grond van sy of haar seksuele oriëntasie gediskrimineer mag word nie (Malherbe & Rautenbach 1998:16).²⁶

Binne die gay gemeenskap is hierdie verwikkeling as bevrydend ervaar en het die openbare debat en mediadekking oor homoseksualiteit baie toegeneem (Anthonissen & Oberholzer 2001:36; Cilliers 1997:162). Die Gay-beweging sien homoseksuele persone as 'n onderdrukte groep wat dieselfde diskriminasie as byvoorbeeld Afro-Amerikaners ervaar (Strommen 2001:22).²⁷

Die afgelope 20 jaar is daar groot vordering gemaak op die gebied van regte vir die homoseksuele persoon (Anthonissen & Oberholzer 2001:159). Die uitsprake van die konstitusionele hof bevestig dit.²⁸ Almal is egter nie met die toedrag van sake gelukkig nie (Doe 200:12). Alveda King, die niggie van Martin Luther King Jnr, het

²³ Dit is egter as 'n misdryf beskou indien 'n manspersoon met 'n ander manspersoon by 'n party 'n daad pleeg wat daarop bereken is om geslagsdrif te prikkel of om geslagtelike bevrediging te verskaf. Seksuele verkeer tussen 'n ouer man en 'n seun jonger as 19 jaar is ook verbied (Botha 1986:2).

²⁴ In hulle publikasie *What does the Constitution say?* stel Malherbe en Rautenbach (1998:voorwoord) dit duidelik dat hierdie gebeure "... had a profound effect on the lives of all South Africans". Waarom dit die geval is blyk duidelik uit die volgende opmerkings: "A constitution is ... an important component of the legal system of a state. It provides the norm for everybody's actions and must express the values and sentiments of society" (Malherbe & Rautenbach 1998:1). Hoewel gelowiges wetsgehoorsame burgers is, bly die belangrikste norm vir hul handelinge steeds die Bybel.

²⁵ Malherbe en Rautenbach (1998:4) verduidelik die funksie van die handves van menseregte soos volg: "A Bill of Rights as part of the entrenched Constitution protects everyone's defined rights against infringement". Dit word ook beskou as 'n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika en "It affirms the democratic values of human dignity, equality and freedom" (Malherbe & Rautenbach 1998:8).

²⁶ Volgens Stiebert en Walsh (2001:120): "This is, to the best of our knowledge, the first national constitution in the world to protect sexual orientation and same-sex relationships explicitly from discrimination, both public and private. In this way, the question of sexual orientation as a human rights issue has been raised for discussion indigenously within the countries and cultures of Southern Africa" (vgl ook Potgieter 2005:36-39; Dreyer 2004:194 en Doe 2000:6).

²⁷ Doe (2000:12) stel dit duidelik: "...gay liberation has been the natural successor of the civil rights movement".

²⁸ Die afgelope paar jaar is onder andere beslis: "Diskriminasie teen gays met die MI-virus in die werkplek is verbied. Gay paartjies is bevoeg verklaar om kinders wettig aan te neem en om ingevolge die landswette op mekaar se pensioen te kan aanspraak maak. Gay-verwante misdade soos sodomie is verwerp" (Beeld 30 Julie 2004:15). Op 30 November 2005 het die konstitusionele hof ook beslis dat die huwelikswet binne een jaar gewysig moet word omdat dit teen gays diskrimineer (Beeld 10 November 2006:18).

by geleentheid gesê: “Don’t expect us and our children to approve of, promote or elevate sexual preference to civil rights status. What’s next, civil rights status on the basis of prostitution and paedophilia?” (Doe 2000:13). Om prostitusie en pedofilie met homoseksualiteit gelyk te stel is egter nie billik nie en uiters onsensitief en onregverdig teenoor homoseksuele persone.

In sommige dele van die wêreld, veral in ‘die Noorde’ word homoseksualiteit en homoseksuele gedrag vandag al meer aanvaar as ’n gelyke deel van ’n toenemend diverse kultuur (Dreyer 2004:194; Doe 2000:69). Op 27 Junie 1969 het die keerpunt vir homoseksuele persone in Amerika aangebreek (Strommen 2001:20). Die polisie van New York het op daardie dag ’n klopjag op die Stonewall Inn uitgevoer, maar die gay persone daarbinne het geweier om oor te gee. Die verreikende gevolge hiervan was die ontstaan van ’n Gay-beweging, ’n verandering in openbare beleid, en in die meeste groot stede ’n gay gemeenskap wat met eerbied en respek behandel word. Daar is selfs sprake van ’n “...‘post-gay culture’, in which having a same-sex partner is no more a matter of social identity than being in a heterosexual relationship or staying single” (Doe 2000:69). Ook in Europa word seksuele oriëntasie toenemend beskou as ’n noodsaaklike komponent van enige wet of beleid oor menseregte en gelyke geleenthede.

Almal is egter nie ewe opgewonde oor die toenemende aanvaarding van homoseksualiteit nie (Doe 2000:70). Vir baie fundamentalistiese Christene bly dit *anatema*.²⁹ Suid-Afrika se toenemende aanvaarding en simpatieke hantering van homoseksualiteit (ten minste in die grondwet)³⁰ blyk die uitsondering in Afrika te wees (Dreyer 2004:194). In die meeste ander Afrika lande is daar heftige teenkanting

²⁹ Hulle oordeel: “The sin of homosexuality is not one shameful sin among many; rather it is the sin that most fully works out and manifests sin’s vileness – it is the nadir of the degradation of sin” (Doe 2000:70). Dit is duidelik nie ’n standpunt wat deur die getuienis van die Bybel ondersteun word nie.

³⁰ In Beeld (17 Januarie 2007:9) word die volgende woorde van Fikile Mazibuko aangehaal: “Afrika het ’n diepgewortelde vyandigheid jeens homoseksualiteit. Baie swart gemeenskappe is nog te geneig om woorde en neerhalende etikette te gebruik. Dis gesetel in ons kultuur, die ding dat ons homoseksuele brandmerk as nie deel van ons gemeenskap nie”. ’n Onrusbarende en onaanvaarbare verskynsel wat skynbaar wydverspreid in die townships en swart gemeenskappe voorkom is “korrektiewe verkragting”. Dit verwys na lesbiërs wat deur mans verkrag word sodat hulle “reggehelp” (heteroseksueel) kan word. Sommige navorsing skat die getal swart lesbiërs van alle ouderdomme wat al verkrag is op amper tien persent. Hulle loop verder kwaai deur onder viktimisasie en geweld (Beeld 17 Januarie 2007:9). Hieroor moet alle kerke en gelowiges hulle baie duideliker uitspreek.

teen homoseksualiteit (Strommen 2001:19).³¹ President Robert Mugabe van Zimbabwe het byvoorbeeld by geleentheid gesê: “Homosexuals are lower than dogs” (Doe 2000:8). Die president van Uganda, Yoweri Museveni, het in September 1999 nadat twee mans getroud is, aangekondig: “I have told [the police] to look for homosexuals, lock them up and charge them ... for their abominable acts. God created Adam and Eve. I did not see God creating man and man” (Doe 2000:8). Uit hierdie en ander uitsprake blyk die groot mate van onverdraagsaamheid en homofobie wat steeds onder talle leiers en gemeenskappe in Afrika voorkom.

2.3 PROBLEMATIESE ASPEKTE

In die huidige debat oor homoseksualiteit word kerke onder andere met die volgende probleme gekonfronteer:

2.3.1 Nood van homoseksuele gelowiges

In die voorwoord van *Aliens in the household of God* (Germond & De Gruchy 1997) skryf Desmond Tutu onder andere:

The church of Jesus Christ, far from being inclusive and welcoming of all, has over and over again pushed many to the periphery; instead of being hospitable to all, it has made many of God’s children outcasts and pariahs on the basis of something which, like race or gender, they could do nothing about – their sexual orientation. The church has joined the world in committing what I consider to be the ultimate blasphemy – making the children of God doubt that they are children of God. Lesbians and gays have been made to reject God and, in their rejection of the church, they have been made to question why God created them as they were. I have found this official position of the church illogical, irrational and frankly un-Christlike, totally untenable.

³¹ Doe (2000:8-9) maak die volgende interessante opmerking: “The claim that homosexuality is not part of African culture and was brought in by white culture is disputed within Africa itself. It is, however, as now understood in the so-called First World, an expression of a more individualistic culture, which is very different from the customs and acts, which gave meaning and stability within traditional African society” (Vir ’n bespreking van “Homosexuality and African culture” sien hoofstuk 26 in Germond & De Gruchy 1997).

Die kerk kan die seerkry, swaarkry, worsteling, verwerping en nood van homoseksuele gelowiges nie langer ignoreer nie.³² Homoseksuele gelowiges sukkel om te verstaan hoe die kerk aan die een kant homoseksualiteit op grond van die Bybel as sonde kan veroordeel en aan die ander kant gelowige homoseksuele persone met pastorale warmte wil benader (Dreyer 2004:178,179). Dit is nie in die praktyk moontlik om beide te doen nie.

Heel eenvoudig is pyn en wanhoop die rede waarom baie homoseksuele Christene hul ou kerke verlaat (NHKA 2004:375). Gelowige homoseksuele persone voel meestal nie tuis in gevestigde kerke nie (Dreyer 2004:197).³³ Is dit nie tyd dat kerke poog om hierdie toedrag van sake te verander nie?

In Suid-Afrika (net soos wêreldwyd die geval is) bestaan daar “gay kerke”³⁴ (Dreyer 2004:197; Anthonissen & Oberholzer 2001:214). Dit sluit in Die Goeie Hoop Metropolitaanse Gemeenskapskerk in Kaapstad, die Gay Christian Community (Gay Christian Church) in Johannesburg, gemeentes van Die Reformerende kerk in Pretoria en Johannesburg en Deo Gloria Family Churches. Vir baie homoseksuele persone is hierdie “gay kerke” alleen maar ’n laaste uitweg omdat hulle met hulle verdriet en

³² ’n Anonieme gay verwoord haar worsteling met die kerk so: “Ek is ’n kind van God. Ek wil gays nie help oorskakel na ’n heteroseksuele leefwyse nie. Ek wil gays na God lei. Die kerk se deure staan nie oop vir ons nie. Hoe kan ek hulle help as die kerk die gay gemeenskap verstoot?” (Stander 2003:119). ’n Ander gay vra: “... wat is ons vir kerkmense? Die eens vriendelike mense wat my as kind in hul huis aanvaar het, wil niks meer met my te doen hê nie” (Stander 2003:120). Nadat sy van die diskriminasie teen haar en seerkry op haar lewenspad vertel het, vra sy: “Sou dit nie beter wees as heteroseksuele gelowiges gays wou bystaan ... en dalk ontdek gays is ook net mense nie?” (Stander 2003:120). Nog ’n gay Christen sê: “Dit is vir my so erg dat iemand nie eens kan hoor wat hy sê as hy vir my vertel dat ek net so welkom in die kerk is as die owerspelige, prostituut, alkoholis of selfs moordenaar nie. Dit wys op sy totale onkunde oor wie ek is en wat my liefde vir my vriend presies beteken. Hoe durf hy hierdie liefde wat ek van God afgebied het, vergelyk met hoerery of moord?” (Anthonissen & Oberholzer 2001:79). ’n Gay sielkundige merk op: “Dit gaan immers oor mense wat halwe lewens lei, wat hulself verwerp en elke dag verskeurd voel. As die kerk net ’n idee kan vorm van die skade wat die gay Christen aangedoen is deur mense se opinie oor homoseksualiteit, sal ons almal harder werk om dit te hersien” (Anthonissen & Oberholzer 2001:51). Stander (2003:125) stel dit duidelik: “Die liggaam van Christus kan die lot, die potensiaal, die dilemma en die bruikbaarheid van die homofiel nie langer sistap nie. So min as wat die *depressielyer* deur die kerk verwerp durf word, so onhoudbaar en onskriftuurlik is die aktiewe of passiewe verguising van hierdie medemens in enige gemeente (vgl Gal. 6:2-4)”. Gelowiges en die kerk kan nie onaangeraak bly deur hierdie en ander noodkrete van homoseksuele gelowiges nie. Hoe hulle daarop gaan reageer is egter die belangrikste vraag.

³³ Aan die ander kant is Anthonissen en Oberholzer (2001:190) van oortuiging: “Vanuit ’n geloofsperspektief geld dit nog meer dat gay Christene unieke gawes ontvang het waarmee hulle die geloofsgemeenskap kan verryk en selfs nader kan bring aan hulle roeping in die wêreld. Dis presies omdat hulle dit glo, dat baie gay persone nog vashou aan die geloof en aanbly in die kerk”.

³⁴ Anthonissen en Oberholzer (2001:42) is van oortuiging: “Ons moet die bestaan van sogenaamde “gay kerke” eerder as ’n uitdaging aan die kerk sien – ’n uitdaging om in gesprek te bly met ons lidmate wat hulle daar meer tuis voel”.

menswees geen raad meer in die kerke waar hulle gedoop en aangeneem is gewees het nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:42; Cilliers 1997:178).³⁵ Die wêreld se eerste gay sinagoge is in Los Angeles gesetel (Dreyer 2004:195).

Hoewel dit hulle lewens en geloof is wat op die spel is, ervaar homoseksuele gelowiges dat talle kerke hul stemme as gevolg van vrees en vyandigheid nie hoor nie.³⁶ Meer as ooit tevore moet daar binne kerke 'n oop, vrye en ongeïnhibeerde gesprek oor homoseksualiteit en met homoseksuele persone plaasvind waarin alle standpunte en perspektiewe op die tafel kom (Strommen 2001:89).³⁷

Sommige geleerdes is oortuig dat jy homoseksuele persone kan sien as die hedendaagse ekwivalent van melaatses (Stott 1990:359-360). Randfigure³⁸ soos homoseksuele persone moet in kerke welkom wees³⁹ omdat alle mense wat in Jesus Christus glo welkom is (NHKA 2004:375; vgl ook Dreyer 2004:199-200; NGK 2004:144; Wink 1999:47 en Nissinen 1998:127). Cameron-Ellis se navorsing het bevind dat homoseksuele persone gewoonlik net welkom is in talle kerke as hulle swyg oor hulle seksuele oriëntasie of verander (Dreyer 2004:194). Al hoe meer gaan pleidooie op dat homoseksuele persone as aktiewe lidmate welkom sal wees in kerke en dat Christene alle vorme van diskriminasie, vooroordeel⁴⁰ en selfs soms geweld teen mense bloot as gevolg van hulle seksuele oriëntasie met mag en mening sal afkeur en teenstaan (Anthonissen & Oberholzer 2001:12; Strommen 2001:88;

³⁵ Potgieter en Van Huyssteen (2002:28) meen: "Dit is dalk ter wille van die eenheid van Christene belangrik dat homoseksuele Christene binne gemeentes van Christus opgeneem word. Ons glo nie aparte homoseksuele gemeentes is die ideaal nie". Al meer weerklink die versoek soos deur Potgieter en Van Huyssteen (2002:144) verwoord: "Ons pleit ... by heteroseksuele Christene dat ons nie homoseksuele moet afbreek nie. Ons moet hulle nie verbitterd teenoor God en die kerk maak nie. Ons behoort veral ons gay broer en suster te dien sodat hulle ook heel kan word en hoop kan kry".

³⁶ Michael Doe (2000:5) skryf: "What I have also tried to do is to listen to gay and lesbian people themselves. They are part of the Church, but the fear and hostility which surrounds them means that their voice is still rarely heard. Yet it is their lives and their faith that are at stake".

³⁷ Indien dit nie gebeur nie bly Vasey se woorde waarna Doe (2000:85) verwys waar: "For gay people ... the churches are likely to remain places of danger ... They may find themselves, like Jesus, suffering "outside the gate"".

³⁸ Dit is 'n belangrike vraag of homoseksuele persone steeds as randfigure gesien kan en moet word?

³⁹ Potgieter en Van Huyssteen (2002:19-20) wys daarop: "... God se genade is vir alle mense, ook vir homoseksuele, maar in besonder ook vir my (of ek nou 'n alkoholis, 'n vroueslaner, 'n verkrachter, 'n skinderbek of rassis is)". Dit is waar dat God se genade alle mense insluit, maar dit is 'n belangrike vraag of dit billik is om homoseksualiteit in dieselfde asem as alkoholisme (wat 'n siekte is), iemand wat sy vrou slaan, verkragting of rassisme te noem. Die implikasie daarvan is dat homoseksualiteit op dieselfde vlak as hierdie verkeerde dade lê en dit is debatteerbaar. Iemand is tog nie sondig net omdat hy of sy 'n homoseksuele oriëntasie het nie.

⁴⁰ Sien Dreyer (2006a:155-173) vir 'n volledige bespreking oor hoe vooroordeel tot homofobie lei en waarom dit onaanvaarbaar vir gelowigis behoort te wees.

Sehsted 1999:53; Soards 1995:74). Kerke is nie 'n museum vir heiliges nie, maar 'n hospitaal vir siekes en gevolglik moet homoseksuele persone binne verskillende kerke gehuisves word soos dit met alle mense en alle sondaars die geval is (Potgieter en Van Huyssteen 2002:27; vgl ook Soards 1995:75-77).

Selfs al gee kerke toe dat homoseksuele persone welkom is, bly die vraag steeds hoe beskou hulle homoseksualiteit? Beteken geloof dat homoseksuele persone hulle eie homoseksualiteit moet haat of anders gestel is geloof en homoseksualiteit versoenbaar of nie? (NHKA 2004:375). Die meeste gelowiges sal toegee dat God homoseksuele persone net so liefhet soos hy alle ander mense liefhet, want alle mense is sondig⁴¹ en gebroke, maar tog ook in en deur Jesus Christus verlose sondaars (Strommen 2001:10, 87-88). Dit is belangrik om op 'n gebalanseerde wyse na homoseksualiteit en homoseksuele praktyke te kyk: dit is nie die grootste of enigste sonde in die samelewing nie, maar kan volgens sommiges ook nie anders hanteer word as die ander negatiewe sake wat die Bybel aanspreek nie (Potgieter en Van Huyssteen 2002:22,24; vgl ook Strommen 2001:87-88 asook Soards 1995:24-25).

Is homoseksuele persone sondig net omdat hulle 'n homoseksuele oriëntasie het? Indien iemand ontdek dat hy of sy wel 'n homoseksuele oriëntasie het, moet die persoon dit onderdruk of ontken? Doen persone wat hulle homoseksualiteit binne 'n permanente verhouding uitleef sonde? Is 'n vaste homoseksuele verbintenis moreel aanvaarbaar? (De Villiers 2006b:68). Indien nie, wat staan homoseksuele persone te doen? Die belangrikste kwessie bly steeds in hoe 'n mate onderskeie kerke en gelowiges se optrede teenoor die homoseksuele naaste deur liefde⁴² gekenmerk word of nie.⁴³

⁴¹ Sommiges redeneer: Omdat alle mense sondaars is maak dit nie werklik saak of homoseksualiteit sonde is of nie, want God het alle sondaars lief en daarom moet gelowiges mekaar eerder liefhê as om oor seksualiteit te stry (Soards 1995:viii-ix). Van Huyssteen (Potgieter & Van Huyssteen 2002:13) wys hierdie argument af: "Jesus het immers ook – liefdevol, maar tog ferm en onontkombaar – gesê: "... *Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie*" (Joh 8:11). Hy het die randfigure juis ingetrek binne die gesinskring ("kinders van die Vader" wat, uit liefde vir God, sy geboorte gehoorsaam en "die sondige wêreld oorwin deur die geloof" (vgl 1 Joh 5:1-4)" (vgl ook NGK 2007:206-207, Gagnon 2001:30 en Soards 1995:60).

⁴² De Villiers (2006a:191-192) se uiteensetting van wat Christelike naasteliefde vir homoseksuele persone moet behels dien as goeie riglyn en toets vir Christene se gedrag.

⁴³ Volgens Stott (1990:359): "... love is just what the church has generally failed to show to homosexual people". Rictor Norton, soos deur Stott (1990:360) aangehaal, is selfs van oortuiging: "The church's record regarding homosexuals is an atrocity from beginning to end: it is not for us to

Kerke moet ten spyte van hierdie moeilike vraagstuk perspektief behou⁴⁴ en in die lig van hul denke oor God uitmaak of hulle in hul wese inklusief of eksklusief wil wees.⁴⁵ Hoe kerke in die toekoms hierdie saak hanteer sal 'n groot rol speel in die geloofwaardigheid van die kerk.⁴⁶

2.3.2 Inkonsekwente kerklike hantering

Baie homoseksuele persone beleef die kerk se hantering van homoseksualiteit as inkonsekwent en skynheilig (Doe 2000:103-104). Daar kan nie een stel waardes vir homoseksuele gelowiges en 'n ander stel waardes vir heteroseksuele gelowiges geld nie (Potgieter & Van Huyssteen 2002:27). Verskeie kerke sien byvoorbeeld nie meer 'n probleem daarin om geskeide persone toe te laat om weer te trou nie (Doe 2000:48, 104; Sehested 1999:57-58). 'n Op sig waarde lees van die Bybel verbied egskedding⁴⁷ en hertrou (behalwe in die geval van Deut 24:1-4 en owerspel) egter (Strommen 2001:74-75; Wink 1999:41). In die lig van Jesus en Paulus se uitsprake oor die huwelik is die moontlikheid van 'n tweede huwelik na 'n egskedding (net soos homoseksualiteit) 'onversoenbaar met die Skrif' (Doe 2000:52-53). Selfs geskeide predikante kry weer toelating tot die evangeliebediening (Cilliers 1997:177).

Paulus stel dit duidelik dat vroue nie mag leer of preek in die kerk nie en hy begrond dit in die skepping (Strommen 2001:74; Doe 2000:103; Sehested 1999:57). Tog laat baie kerke vroue tot die ampte toe. Ten spyte van die talle duidelike verwysings in die Bybel na die onderhorige posisie van die vrou en die aanvaarding van slawerny as normale praktyk sien die kerk albei kwessies as kultuurgebonde en nie geldend vir

seek forgiveness, but for the church to make atonement". Talle kerke het alreeds verskoning gevra vir die leed en pyn wat hul optrede in die verlede vir homoseksuele persone en hul families veroorsaak het.⁴⁴ Doe (2000:16) haal die insiggewende antwoord van Biskop Swing op die vraag of die Episkopale kerk in Amerika die gay debat, wat dreig om die kerk in twee te skeur, sal oorleef, aan: "Of course it will. The central message of the Gospel is not sex, nor is it homosexuality. This is only one of the issues where the Church must discern the mind of Christ. Any church that lives or dies on the homosexual issues lacks perspective".

⁴⁵ Doe meen (2000:113): "...the real issue is about the nature of the Church – whether we are an inclusive or an exclusive community – and about the nature of God ... in the end it is a question of spirituality". My persoonlike voorkeur is vir 'n inklusiewe kerk (sien ook NGK 2007:141).

⁴⁶ Anthonissen & Oberholzer (2001:37) waarsku: "Meer as vroër hou die buitewêreld die kerk fyn dop om te sien hoe hy sy lidmate en ander gaan begelei om gaywees te beoordeel en te hanteer. 'n Traagheid om aan die saak aandag te skenk en debat aan te wakker, stel die kerk oop vir die beskuldiging van skynheiligheid en die onvermoë om diversiteit te hanteer. Uiteindelik kan die evangelie van hoop en bevryding self daardeur skade ly".

⁴⁷ Sien Potgieter (2005:206-209) vir redes waarom hy oordeel dat homoseksualiteit en egskedding nie met mekaar vergelyk kan word nie.

alle tye nie (NGK 2004:143). Waarom kan die kerk wat sommige sake betref anders as die Skrif oordeel maar in ander gevalle weier om weer te besin omdat dit ‘onversoenbaar’ is met die Skrif? (Doe 2000:104).⁴⁸ Dit skep die vraag of die kerk altyd konsekwent die Bybel hanteer (Sehested 1999:56). Ongelukkig nie altyd nie.

Homoseksuele persone vra en verwag van die kerk om die Bybel op dieselfde manier te hanteer as wat die geval was met die toelating van vroue tot die predikant amp en die afskaffing van slawerny⁴⁹ (Anthonissen & Oberholzer 2001:57; vgl ook Cilliers 1997:177). Indien die kerk ’n meer verligte standpunt oor hierdie sake kan inneem as die Bybel, waarom dan nie dieselfde meer verligte standpunt oor homoseksualiteit nie? (Strommen 2001:73).⁵⁰

Sommige geleerdes meen egter dat jy nie die kwessie van homoseksualiteit met slawerny en die posisie of status van die vrou gelyk kan stel nie (Potgieter en Van Huyssteen 2002:74-79, 155; vgl ook Potgieter 2005:197-206 en Strommen 2001:73-74).⁵¹

Die gevolg van hierdie dubbele waardestelsels is dat die kerk legitimiteit inboet (Potgieter en Van Huyssteen 2002:27). Persone in saamwoonverhoudings, wat voorhuwelikse seks beoefen of in buite-egtelike verhoudings betrokke is (wat almal verkeerde verhoudings is) word nie met dieselfde ywer as homoseksuele verhoudings veroordeel nie (Potgieter & Van Huyssteen 2002:108-109). In die Ou Testament

⁴⁸ Sien Gagnon (2001:442-443) vir enkele redes waarom daar volgens hom anders oor homoseksualiteit geoordeel word.

⁴⁹ Dit is interessant dat die debat oor slawerny die tradisionele beskouing oor Skrifgesag onomkeerbaar verander het. Anthonissen en Oberholzer (2001:77) stel: “Namate die meeste Christene slawerny as ’n verwerplike praktyk begin ervaar het, het hulle begin besef dat die Bybel oor hierdie saak verkeerd is. Hulle het erken dat die Skrifgedeeltes wat oor slawerny handel het, vir hierdie debat nie behulpsaam was nie. Dit moes liefse geïgnoreer word. Verder moet ’n hoër, meer gevorderde vlak van moraliteit hier toegepas word”.

⁵⁰ Sien Potgieter (2005:16-18) vir ’n lys van voorbeelde waar Bybelse sienings en standpunte nie meer vandag gehandhaaf word nie. Hy vra egter die vraag: “Is die analoë voorbeelde wat vanuit die Skrif gebruik word relevante voorbeelde, of het hierdie voorbeelde met iets anders as Christelike moraliteit te make?” (Potgieter 2005:24-25). Die belangrikste vraag is egter of daar in die Bybel ’n analoë voorbeeld bestaan waarmee die hedendaagse verstaan van homoseksualiteit vergelyk kan word? Dit wil nie vir my so voorkom nie.

⁵¹ Potgieter en Van Huyssteen (2002:78) wys daarop: “... Webb [kom] tot die gevolgtrekking dat ’n vergelykende studie van al die Bybeltekste aantoon dat die homoseksuele tekste in ’n ander kategorie as die slawerny- en vrouetekste val ... Laasgenoemde twee groepe tekste is oorwegend kultuurgebonde en dit wys in die rigting van die gelykheid en gelykwaardigheid van die mens, ongeag ras, volk of geslag. Die homoseksuele (asook transvestiet-) tekste is baie swaar oorwegend transkultureel en dit wys in die rigting van handhawing van die sosiale geslagsgrense”.

(Deut 22:22) was die straf vir egbreuk die steniging van beide partye (Wink 1999:37-38). Hoewel egbreuk geweldige skade in ons samelewing aanrig, en die Skrif dit ondubbelsinnig verbied, is daar niemand wat pleit vir die steniging van egbrekers nie. Net so verbied die Ou-Testament seksuele omgang tydens die sewe dae van die menstruasie tydperk (Lev 18:19; 15:19-24)⁵² en vereis dat 'n bruid wat nie meer 'n maagd is nie gestenig moet word (Deut 22:13-21). Voeg hierby dat poligamie in die Ou Testament onder talle mense soos byvoorbeeld Salomo voorgekom het. Die leviraatshuwelik wat byvoorbeeld in Rut beskryf word, word nie meer deur enige Christene toegepas nie (Wink 1999:38-39). In talle gevalle leef ons in 'n samelewing met ander norme as die wat eksplisiet in die Bybel gestel word (Wink 1999:42). 'n Goeie voorbeeld is Deuteronomium 25:11 en 12: “Wanneer twee mans baklei, en die een se vrou kom help haar man teen die een deur wie haar man geslaan word en sy gryp die ander man aan sy geslagsorgane, moet haar hand afgesny word. Jy mag geen genade betoon nie”. Min gelowiges, indien enige, sal vandag oordeel dat hierdie voorskrif net so gehandhaaf moet word. Feitlik almal sal dit as wreed en onaanvaarbaar beskou.

Talle Christene (hoewel min dit sal erken), hetsy evangelies of fundamentalistes, liberaal of hoofstroom, is selektief in die seksuele sedes wat hulle kies om na te volg (Wink 1999:44). Baie seksuele praktyke wat deur die Bybel verbied word, word vandag toegelaat, en talle wat deur die Bybel toegelaat word, word vandag verbied. Die feit dat die kerk in die praktyk verskillende waardestelsels vir homo- en heteroseksuele mense voorhou, lei tot 'n geloofwaardigheidskrisis (Potgieter en Van Huyssteen 2002:109).⁵³ Verantwoordelike, konsekwente, verantwoordbare Skrifhantering is ononderhandelbaar en waarskynlik die grootste uitdaging en probleem.⁵⁴

⁵² Sien Potgieter (2005:175-178) vir die redes waarom hy oordeel dat die veranderde siening oor gemeenskap met 'n menstruerende vrou nie met homoseksuele verhoudings en- huwelike vergelyk kan word nie.

⁵³ Anthonissen en Oberholzer (2001:30) stel dit duidelik: “Die gesindheid en gedrag waarmee die kerk met die vraagstuk van homoseksualiteit omgaan, is vandag betekenisvol vir ons geloofwaardigheid na buite en na binne”.

⁵⁴ Anthonissen en Oberholzer (2001:115) wys daarop “... dat mense sekere tekste aangryp as gesaghebbend, maar ander soortgelyke tekste volledig ignoreer. So byvoorbeeld word die teks van Levitikus 18:22 wat lui: “*Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie, dit is 'n afstootlike sonde*”, letterlik geneem en gebruik as argument teen 'n gay gerigtheid by mense. Tog word soortgelyke tekste, byvoorbeeld die verbod op die dra van mansklere deur vroue (Deut 22:5), of op die dra van kledingstukke van twee soorte materiaal (Deut 22:11), of op die uitleen van iets teen rente aan 'n

2.3.3 Wêreldwye vraagstuk

Feitlik elke kerklike denominasie worstel tans wêreldwyd met homoseksualiteit (NGK 2007:141; Geysers & Van Aarde 2004:25; Anthonissen & Oberholzer 2001:36-37; Strommen 2001:66-67; Doe 2000:24). Dit sluit al die groot Christelike tradisies soos Gereformeerde, Luthers, Anglo-Saksies, Rooms-Katoliek en Pinksterkerke in (Anthonissen & Oberholzer 2001:68; Sehested 1999:51). Die kerk se integriteit en geloofwaardige getuienis in die samelewing en die nood van die gay persoon self dien as die hoofredes vir hierdie wêreldwye debat (Anthonissen & Oberholzer 2001:39). Die ideaal moet wees om binne 'n atmosfeer van vryheid, sonder vrees vir intimidasie of om sekere standpunte as belaglik af te maak (of ander eensydig te beklemtoon), verskillende standpunte oor homoseksualiteit binne Christelike kerke te debatteer en in 'n gees van liefde te bespreek (Strommen 2001:91). Ongelukkig gebeur dit dikwels juis nie.

Verskeie Gereformeerde kerke wêreldwyd voer al vir tientalle jare gesprek met homoseksuele persone en besin gevolglik al lank oor homoseksualiteit (NGK 2007:171; Potgieter 2005:xiv; Anthonissen & Oberholzer 2001:69). Die Gereformeerde kerke in Nederland het in 1961 met hierdie gesprek begin, die Verenigde kerk van Kanada in 1965 en die Verenigde kerk van Christus in die VSA, die Evangelies-Lutherse kerk van Amerika, die Presbiteriaanse kerk in Amerika, die Anglikane (VSA), die Lutherse kerk in Swede en die Verenigende kerk van Australië

volksgenoot (Deut 23:19) geïgnoreer. So 'n hantering van die Skrif is onhoudbaar – dit weerspieël 'n dubbele moraal en wys ons weer eens op die belang van die konteks vir 'n sinvolle verstaan van die onderskeie tekste” (Sien Potgieter (2005:178-179 en 189-192) vir redes waarom hy reken dat die verbod op die dra van mansklerre deur vroue asook die uitleen van iets teen rente nie met homoseksualiteit vergelyk kan word nie).

Daniël Louw sluit volgens Anthonissen en Oberholzer (2001:181) hierby aan: “As jy sê: “Ek weet homoseksualiteit is sonde,” beroep jy jou op tekste. Nie op 'n teologie nie, maar op bepaalde tekste. En dan is jy selektief. Jy beroep jou op een teks, maar net links daarvan staan dat jy nie rente mag vra nie. Hoe werk so 'n teksgebruik dan?”. Hieruit blyk dat die werkswyse wat sommige persone en kerke volg om die afwysing van homoseksualiteit te handhaaf deur net 'n paar verse aan te haal nie houdbaar is nie. Cilliers (1997:176) skryf: “Die Bybel sê baie dinge. Levitikus en Deuteronomium is voorbeelde daarvan. Daarvolgens is die eet van skulpviss verbode. Die aanhou van slawe word aangemoedig. Poligamie was aan die orde van die dag. 'n Seun wat nie na sy ouers wou luister nie, is deur die leiers van die stad met klippe doodgegooi ... 'n Vrou wat voorgegee het sy was 'n maagd met die voltrekking van haar huwelik en gejok het, is deur die mans van die stad gestenig. 'n Buite-egtelike kind kon nooit 'n gemeentelid word nie. 'n Buite-egtelike verhouding was strafbaar met die dood. ...Elke sewe jaar is alle skuld kwytgeskeld ... Seks tussen 'n man en sy vrou tydens die menstruasiesiklus was strafbaar met verbanning... tussen al hierdie uitsprake wat vandag kopskuddend aangehoor word, staan dit dat mans wat homoseksueel verkeer, doodgemaak moet word. Tog is dit die uitspraak wat as die Bybelse waarheid uitgelig word. Die kennis van ons tyd en die historiese konteks ten spyt”. Hierdie voorbeelde illustreer hoe belangrik dit is om hermeneuties verantwoordelik met die Bybel om te gaan.

almal in die sewentigerjare van die vorige eeu. Die groot verskil is dus: al meer kerke praat vandag nie meer net oor homoseksualiteit nie, maar met homoseksuele persone (Potgieter 2005:30-31, 143; Anthonissen & Oberholzer 2001:70).⁵⁵ Die fokus in die gesprek oor homoseksualiteit val gevolglik al minder op die verskynsel of kwessie en al meer op die mens (Dreyer 2004:197; Geysers & Van Aarde 2004:25).

2.3.4 Versoenbaarheid met die Bybel

Op die vraag of 'n mens homoseksuele gedrag kan versoen met die Bybel of nie bestaan daar verskillende antwoorde (Doe 2000:42-45):

1. Homoseksualiteit in sy totaliteit word deur die Bybel as sonde verwerp. Die feit dat die outeurs van die Bybel geen onderskeid tussen oriëntasie en die uitleef van daardie oriëntasie maak nie, is volgens hierdie standpunt irrelevant. Of homoseksualiteit 'n nie-vrywillige deel van die gevalle menslike natuur is, of 'n doelbewuste keuse, maak geen verskil nie. Volgens hierdie beskouing is daar weinig verskil tussen homoseksualiteit, bestialiteit en pedofilie. Al weg wat volgens die Bybel vir die homoseksueel oopstaan, is bekering.
2. Die Bybel sê niks eksplisiet oor homoseksuele oriëntasie nie, maar is baie duidelik daaroor dat homoseksuele gedrag onaanvaarbaar is. Heteroseksuele monogamie is die norm wat deur God self tydens die skepping daargestel is. Enige afwyking hiervan is onversoenbaar met God se verordening. 'n Voorstaander van hierdie standpunt is John Stott.
3. Hoewel die Bybel homoseksuele gedrag (dade) veroordeel, moet die gaping tussen die Bybelse wêreld en ons eie oorbrug word. Hoewel die Bybel dus 'n negatiewe beskouing van homoseksuele verhoudings het, kan die Bybel se leer oor seksualiteit nie net op sigwaarde oorgeneem word nie. As voorbeeld geld byvoorbeeld die leviraatshuwelik wat Christene nie vandag meer aanvaar nie.
4. Homoseksuele gedrag is nie onversoenbaar met die Bybel nie. Veral die Nuwe Testamentiese gedeeltes wat oor homoseksualiteit handel, het eerder betrekking op pederastie, prostitusie of heteroseksuele ontaarding (of 'n kombinasie daarvan).⁵⁶ Dit het nie dieselfde tipe 'selfde geslag' liefdevolle

⁵⁵ Potgieter (2005:13) wys daarop dat die motief waarom homoseksuele persone in die wetenskaplike teologiesering oor homoseksualiteit betrek word, belangrik is. 'n Empaties-pastorale motief is vir hom aanvaarbaar maar nie 'n strategie om te manipuleer nie.

⁵⁶ Hulle onderskei dus verkeerde dade en gedrag.

verhoudings in die oog wat vandag bestaan nie. Hierdie groep wil ook 'n duidelike onderskeid tref tussen 'onreinheid' en 'sondigheid'.

Wanneer mense oor hierdie vraag nadink moet hulle teen die gevaar van “biblical literalism”⁵⁷ en bibliolatrie waak (Doe 2000:44-45; Sehested 1999:57; Wink 1999:48). Groter versigtigheid by die lees en interpretasie van die Bybel⁵⁸ asook eerlikheid oor Skrif benadering⁵⁹ is nodig.

Tydens die hoogbloei van die stryd rondom die afskaffing van slawerny was beide kante in staat om in die Skrif te vind wat hulle graag wou (Strommen 2001:74; Doe 2000:103). Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het politieke leiers en ander in Suid-Afrika die Bybel gebruik om apartheid te regverdig, te implementeer en in stand te hou (Punt 2006:885). Pro- en anti-gay groepe roep God en die Bybel in om hulle standpunt te verdedig net soos dit byvoorbeeld met apartheid die geval was (Potgieter 2005:xv; Potgieter & Van Huyssteen 2002:138). Dit skep by talle die vraag: aan wie se kant is God nou eintlik?⁶⁰

2.3.5 Homoseksuele “huwelike”⁶¹

Net soos daar verskillende soorte heteroseksuele verhoudings bestaan, is dit die geval met homoseksuele verhoudings: liefdevolle langtermyn verbintenisse, korttermyn verhoudings, “one night stands” en selfs verkragtings (Kelsey & Kelsey 1999:64).

⁵⁷ Doe (2000:44-45) haal Browning se vermaning aan: “History tells us that biblical literalism was used to support both the practice of slavery and the denigration of women. We have moved past slavery and we are moving past the oppression of women. It is time to move past using literalistic readings of the Bible to create prejudices against our gay and lesbian brothers and sisters”.

⁵⁸ Cilliers (1997:161) wys op Desmond Tutu se waarskuwing: “Baie mense haal die Bybel aan om te regverdig dat homoseksualiteit 'n gruwel voor die Here is. Ons moet versigtig wees oor hoe ons die Bybel interpreteer. Ons moet eerder vra wat die algehele prentjie is wat die Bybel skep. Waarom is ons selektief in ons interpretasie van die Bybel? Ons aanvaar sekere dinge wat die Bybel ons verbied. In die verlede is die Bybel ook gebruik teen rasse-groepe en vroue”.

⁵⁹ Doe (2000:102-103) stel: “ We need to admit that we all read Scripture selectively, and often we have our own agenda which determines what we take at face value and what we reinterpret or just gloss over ... Some of the time we can argue that we are allowing Scripture to interpret itself from within Scripture. Much of the time we choose what meets our agenda, copes with our fears, and makes our life easier even if it adds to the burden of others”.

⁶⁰ Potgieter en Van Huyssteen (2002:139) maak die volgende opmerking: “God is nie aan die kant van die verontregte of die onderdrukker nie. Hy kan nie deur ons in 'n kassie geplaas word nie. Dalk moet ons in nederigheid en afhanklikheid eerder agter Hom gaan staan”.

⁶¹ Philip de Bruin (Beeld 30 Julie 2004:15) wys daarop: “Gay huwelike word wêreldwyd 'n brandpunt, met gays aan die een kant wat daardie reg wil opdwing en gemeenskappe aan die ander kant wat sulke huwelike verwerp”.

Talle homoseksuele Christene dring vandag aan op dieselfde regte en voorregte wat heteroseksuele Christene in kerke geniet naamlik om georden te word as ampsdraers en om te trou (NGK 2007:153; Strommen 2001:63). Internasionaal en ook in Suid-Afrika verkeer kerke toenemend onder druk van die staat om homoseksuele huwelike te aanvaar (Potgieter 2005:35-42).

Denemarke het in Mei 1989 die eerste land geword wat homoseksuele huwelike wettig (Stott 1990:338). Teen 1999 was daar reeds 1449 gay en 634 lesbiese paartjies wat van hierdie nuwe situasie gebruik gemaak het (Anthonissen & Oberholzer 2001:73). In Nederland en Frankryk bestaan reeds 'n selfde geslag alternatief vir die burgerlike huwelik (Doe 2000:69). Homoseksuele pare in Duitsland het in 2001 die reg gekry om 'n wettige status gelyk aan die van 'n huwelik met mekaar te sluit hoewel net 3 van 24 hoofstroomkerke ten gunste daarvan was (Potgieter 2001:36). In Engeland maak wetgewing dit sedert 2005 vir mense van dieselfde geslag moontlik om te trou (Beeld 9 Desember 2006:3). Op die eerste dag wat homoseksuele huwelike wettig in Brittanje kon plaasvind is ongeveer 700 paartjies getroud. Volgens navorsing wat die WNNR in 2003 gedoen het, oordeel 78% van Suid-Afrikaners dat huwelike tussen persone van dieselfde geslag verkeerd is (Potgieter 2005:41-42). Vanaf 30 November 2006, met die ondertekening van die Wet op Burgerlike Verbintnisse, kan gay persone wettig in Suid-Afrika trou (Beeld 1 Desember 2006:5).

Die vraag waarmee dit die kerk konfronteer is of gelowiges en ander homoseksualiteit vandag as normale variant van menslike seksualiteit kan sien en of homoseksuele huwelike daarom net soos heteroseksuele huwelike erkenning kan geniet (NGK 2007:153; Potgieter & Van Huyssteen 2002:75; vgl ook Strommen 2001:76).⁶² Hoe gelowiges en kerke in die lig van die Bybel oor homoseksualiteit oordeel, sal bepaal hoe daar oor homoseksuele huwelike geoordeel word.⁶³

⁶² In Suid-Afrika, asook die wêreldkerk, vorm die kerklike inseën van homoseksuele huwelike die kern vraagstuk in die homoseksualiteitsdebat (Potgieter 2005:559).

⁶³ Potgieter en Van Huyssteen (2002:149) is oortuig: "Vanweë die feit dat ons glo die Bybel leer dat die beoefening van homoseksuele praktyke verkeerd is, kan ons nie die sprong maak om te sê die Skrif regverdig homoseksuele huwelike nie".

Sommige geleerdes meen dat dat daar net 'n klein groepie Protestantse teoloë en kerke is wat oordeel dat homoseksuele huwelike en verhoudings in lyn met die Bybel is terwyl die grootste kerk ter wêreld, die Rooms Katolieke Kerk, dit afwys (Potgieter 2005:45). Die Nederlandse Hervormde kerk keur homoseksuele huwelike en verhoudings af (Potgieter 2005:6-7). Die Duitse Lutherse kerk is oortuig dat die huwelik 'n instelling moet bly wat gereserveer is vir heteroseksuele paartjies (Strommen 2001: 90). Die meeste Protestantse denominasies in die VSA hou steeds vol dat homoseksuele ampsdraers selibaat moet bly en dat gay huwelike nie voltrek of geseën mag word nie. (Strommen 2001:66). Die Lambeth Konferensie⁶⁴ van 1998 stel hulle “cannot advise the legitimising or blessing of same-sex unions, nor the ordination of those involved in such unions” (Doe 2000:94).

Strommen (2001:76) gebruik Stanley Grenz om aan te toon dat daar nie voldoende gronde bestaan om die kerk se tradisionele standpunt, wat homoseksuele gedrag veroordeel, te wysig nie. Grenz is oortuig dat die veronderstelde natuurlikheid van 'n persoon se homoseksuele voorkeur of oriëntasie steeds nie die Bybelse eis dat seksuele uitdrukking slegs eksklusief binne 'n monogame heteroseksuele huwelik mag plaasvind, ophef nie. Strommen (2001:89) meen dat 'n toegewyde, heteroseksuele huwelik in die lig van die Skrif en tradisie van die Christelike kerk steeds aanbeveel moet word.

Volgens Stott (1990:346): “... Scripture defines the marriage God instituted in terms of heterosexual monogamy. It is the union of one man with one woman, which must be publicly acknowledged (the leaving of parents), permanently sealed (he will “cleave to his wife”) and physically consummated (“one flesh”). And Scripture envisages no other kind of marriage or sexual intercourse, for God provided no alternative”.⁶⁵ Hierdie standpunt neem egter nie die volle spektrum van Bybelse getuienis in ag nie en is 'n totale oorvereenvoudiging.⁶⁶

⁶⁴ Dit is 'n byeenkoms van Anglikaanse biskoppe wat sedert 1867 tienjaarliks by die Lambeth paleis in London plaasvind.

⁶⁵ In die lig van die skeppingsverhale in Genesis vra Doe (2000:31): “How far is ‘heterosexual complementarity’ the only expression of God’s gifts of sexuality and companionship? Is the Lutheran theologian Wolfhart Pannenberg right, for example, to say that heterosexual marriage is ‘the goal of our creation as sexual beings’? Karl Barth went even further, stating that according to Genesis it is the complementarity of male and female which is in the image of God, and so full humanity can only be achieved through a relationship with a member of the opposite sex”.

Dit is belangrik om daarop te let dat huweliksvorme verander soos kulturele gebruike verander (NHKA 2007:4; Dreyer 2006:449; NHKA 2004:371). Binne Westerse kulture geld die veronderstelling dat monogame⁶⁷ huwelike die norm is (Bateman & Bennett 2006:259). Die bestudering van verskeie tradisionele kulture toon egter aan dat monogamie slegs in ongeveer 16% van hulle voorkom en poliginie⁶⁸ in min of meer 83%.⁶⁹ Poliandrie⁷⁰ kom onder slegs 'n klein groep mense voor.

Verskillende tipes huweliksvorme kom in die Bybel voor (NHKA 2004:371). Dit sluit onder andere in monogamie (wat die mees algemeen onder Israel voorgekom het), poligamie en die leviraatshuwelik⁷¹, om slegs enkeles te noem. Hierdie Bybelse huweliksvorme het oor 'n tydperk van twaalf eeue ontstaan en verander en nie een van hulle bestaan vandag nog net so in die Westerse wêreld nie. In die Bybelse tyd het mense nie soos hedendaagse Westerlinge getrou omdat daar wedersydse liefde bestaan nie. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dat dit nie so maklik is "... om "die Bybelse huwelik tussen man en vrou" te sien as die enigste moontlike ruimte waarbinne wedersydse liefde en seksualiteit uitgeleef mag word" nie (NHKA

Anthonissen en Oberholzer (2001:170) gee toe: "Wat betref die sinvolle uitlewing van menslike seksualiteit en die waarde daarvan voor God, is dit duidelik dat die heteroseksuele verhouding met die oog op voortplanting en 'n gesonde gesinslewe, binne die kontoere van 'n monogame huwelik, vir die Bybel baie belangrik is. In die meerderheid gevalle geld dit as normatief, maar nie in alle omstandighede nie". Hulle wys daarop dat die Bybel sekere kultuurhistoriese afwykings van die norm soos byvoorbeeld poligamie by die aartsvaders en die Israelitiese konings binne 'n Kanaänitiese kultuur akkommodeer. In die lig daarvan oordeel Anthonissen en Oberholzer (2001:170-171) "... alhoewel die Bybel nie vertrouwd was met die maniere waarop die hedendaagse mens vandag sy seksualiteit beleef en uitleef nie, dit met hierdie *akkommodasiebeginsel* nie die deur toemaak vir ander maniere waarop die mens, na gelang van sy/haar omstandighede asook seksuele oriëntasie sy/haar seksualiteit kan uitleef nie. Almal, om maar een voorbeeld te gebruik, is op slot van sake nie getroud nie".

⁶⁶ Hoewel die skeppingsverhale dit duidelik stel dat man en vrou in 'n spesiale verhouding staan, kan die huwelik as 'n spesifieke geïnstitusionele vorm nie daaruit afgelei word nie (sien Haspel 2007:263). Hoewel Protestante aanneem dat die huwelik deur God ingestel is, "word dit nietemin beskou as 'n wêreldse instelling" (Haspel 2007:266).

⁶⁷ Bateman en Bennett (2006:254) maak die volgende insiggewende opmerking oor monogamie: "In the 1980s, discovery of hyper-variable DNA meant that 'genetic finger-printing' allowed researchers to assign paternity almost unambiguously. Immediately it was realised that most monogamous species were in fact only socially monogamous and that polyandry and 'extra-pair copulations' were extremely common". Sien ook Bateman en Bennet (2006:260) vir redes waarom hulle oordeel dat monogamie die norm in Westerse samelewings is.

⁶⁸ Poliginie verwys na die huwelik van 'n man met meer as een vrou tegelykertyd (volgens stamgebruik).

⁶⁹ Dit is interessant dat sommige geleerdes daarop wys dat poliginie meestal saamval met despotisme en monogamie met egalisme. Sien Bateman en Bennet (2006:259) wat na navorsing deur Betzig in hierdie verband verwys.

⁷⁰ Poliandrie verwys na 'n huwelik van 'n vrou met meer as een man tegelykertyd.

⁷¹ Sien byvoorbeeld Deuteronomium 25:5-10, Genesis 38 en die boek Rut.

2004:371).⁷² Dit is interessant dat daar in die Hebreuse Ou Testament nie 'n behoorlike woord vir die huwelik is nie (Haspel 2007:263).

'n Amerikaanse biskop van die Episkopaalse kerk skryf: “Everytime the church blesses the marriage of a straight couple, without sanctioning the covenant of gay and lesbian couples, it strengthens the heterosexism of this society and the domination of straight people” (Doe 2000:14). Hoewel hierdie uitspraak vir talle gelowiges skerp mag klink, dwing dit gelowiges en kerke om weer opnuut te vra waarom hulle nie ten gunste van permanente verbintenisse tussen homoseksuele gelowiges is nie. Doe (2000:107) is oortuig:

... we can't escape the fact that there are, not least amongst us in the Church, men and women who have this orientation, and who in their relationships show the fruits of commitment, faithfulness and love. Many Christians will find it difficult to see these partnerships as being on a par with marriage, and perhaps one should recognise that they are rather different. Nevertheless, we can no longer pretend that there is 'marriage' and there is 'sodomy' – the world has moved on, and the Church needs to move on as well.

Indien talle kerke die standpunt bly handhaaf dat die heteroseksuele huwelik die enigste ruimte is waarbinne menslike seksualiteit uitgeleef kan word⁷³, beteken dit dat daar geen ruimte of regte manier is waarop kernhomoseksuele Christene hul seksualiteit kan uitleef nie (NGK 2007:153-154; De Villiers 2006b:71).⁷⁴ Al hoe meer word betoog dat 'n heteroseksuele huwelik en 'n lewenslange, liefdevolle homoseksuele verbintenis “... are “two equally valid alternatives”, being equally tender, mature and faithful” (Stott 1990:338).⁷⁵ Vandag vind dit al meer plaas dat

⁷² In die Nuwe Testament verklaar Paulus selfs die selibaat as 'n Christelike gawe (Haspel 2007:265).

⁷³ Sien De Villiers (2006b:74) vir die redes waarom die meeste kerke nie bereid is om homoseksuele huwelike te aanvaar nie.

⁷⁴ De Villiers (2006b:73) vra tereg: “Hou die Bybelse riglyne van naasteliefde en geregtigheid, wat onteenseglik deel uitmaak van die basiese morele oriëntering van die Skrif, nie in dat die kerk die uitlewing van homoseksualiteit in vaste homoseksuele verbintenisse behoort te aanvaar nie?” Binne die NHKA word daar ook byvoorbeeld gevra dat voortgesette navorsing oor betekenisvolle verhoudingsmoontlikhede vir alle mense plaasvind (sien NHKA 2007:10-12).

⁷⁵ In 'n *Kas is vir Klere* haal Pieter Cilliers (1997:160) die volgende woorde van Desmond Tutu aan: “Indien twee gay mense hulself aan mekaar wil verbind in 'n eksklusiewe verhouding, 'n gelofte wil

homoseksuele persone permanente verhoudings, wat gegrond is op Bybels-etiese waardes⁷⁶, binne huweliksverband met mekaar aangaan (Potgieter & Van Huyssteen 2002:42).⁷⁷ Navorsing toon volgens sommige geleerdes dat permanente homoseksuele verhoudings dikwels nie slaag nie (Gagnon 2001:453, 456-460). Dieselfde kan natuurlik van permanente heteroseksuele verhoudings en huwelike gesê word.

Die Protestantse kerk in Nederland, wat gay-huwelike toelaat, gebruik net die woord huwelik in die geval van heteroseksuele paartjies en verwys na verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag as ander lewensverbintenisse (Die Hervormer 1 November 2005:3).⁷⁸ Die GKN beskou homoseksuele huwelike as Bybels en aanvaarbaar net solank dieselfde waardes⁷⁹ daarvoor geld as die wat vir 'n heteroseksuele huwelik geld (Potgieter & Van Huyssteen 2002:42).⁸⁰ 'n Studiegroep van die Verenigde kerk van Kanada het aanbeveel: “We acknowledge that heterosexual, gay and lesbian adults can engage in sexual behaviour within a committed relationship with the intention of permanence that is morally responsible. The standards for discerning whether sexual behaviour is morally responsible are the

aflê en geseën wil word, sou ek sê ja, dit kan. Tydens my termyn as aartsbiskop het ek my gehou by die posisie van die Kerk wat ek nie logies gevind het nie. Ek het die Kerk se posisie gehandhaaf vanweë my amp. Nou het ek afgetree”.

⁷⁶ Vir sommiges geld daar slegs sekere Bybelse kriteria vir die sinvolle en menswaardige beoefening van seksualiteit, of jy nou homo-, bi-, of heteroseksueel is. Anthonissen en Oberholzer (2001:171-173) sien dit as “heelmaking, afronding, en kommunikatiewe, medemenslike samesyn ... kreatiwiteit, ekstase en genot ... binding en toewyding ... sensitiwiteit en solidariteit ... trou en vertroue” (sien ook Haspel 2007:272). In navolging van Malina oordeel Potgieter en Van Huyssteen (2002:149) dat die volgende waardes by 'n huwelik betrokke behoort te wees: “Wederkerigheid, duursaamheid, vryheid, veiligheid, hulp, kameraadskap, liefde”. Hulle voeg egter ook die volgende aspekte by:

- 'n Man en 'n vrou (1 Kor 7:1-40; 1 Tess 4:4);
- Seksuele omgang tussen verskillende geslagte – behalwe in sekere situasies, met wedersydse instemming (1 Kor 7);
- Die moontlikheid om kinders te kan voortbring. (Let Wel: Nie dat kinders voortgebring moet word nie – onder meer omdat seks nie uitsluitlik vir voortplanting gegee is nie; weens die sondeval is sommige egpare kinderloos, en so meer). Hierdie moontlikheid kan net tussen heteroseksuele pare bestaan, nie tussen homoseksuele pare nie. (Potgieter & Van Huyssteen 2002:150).

Homoseksuele persone kan wel langtermyn-vriendskapsverbintenisse maak, maar volgens Potgieter en Van Huyssteen (2002:151-152) kan hulle “nie trou ... soos heteroseksuele trou nie. Ons glo dat dit 'n wesenskenmerk van 'n mens is om kameraadskap te hê. Dit sou vir ons daarom nie verkeerd wees indien twee gays 'n verbintenis of kameraadskap met mekaar sou aangaan nie, “maar dan 'n ander soort verbintenis” as 'n huwelik”.

⁷⁷ In Engels staan dit bekend as “covenant relationships”.

⁷⁸ De Villiers (2006b:75) stel voor dat die NGK naas die heteroseksuele huwelik voorsiening maak vir 'n nuwe instelling naamlik 'n homoseksuele verbintenis wat grootliks met die heteroseksuele huwelik ooreenstem en ook met 'n kerklike seremonie gepaard gaan.

⁷⁹ Hierdie waardes is wederkerigheid, vryheid, duursaamheid en veiligheid (Potgieter 2005:6).

⁸⁰ Homoseksuele huwelike kan vanaf 1980 kerklik ingeseën word in die GKN (Potgieter 2005:xiv).

same irrespective of orientation or marital status” (Cilliers 1997:178). Die Evangelies-Lutherse kerk in Nederland laat die kerklike inseëning van homoseksuele lewensverbintenisse toe (Potgieter 2005:6).

Oor hierdie verdelende en emosioneel gelaaide saak is daar egter nog nie konsensus binne die meeste kerke nie (Strommen 2001:66).

2.3.6 Homoseksuele ampsdraers

Volgens navorsing wat in die kerk van Engeland gedoen is, is tot 15 persent van die kerk se geestelikes homoseksueel (Doe 2000:21). Hoewel baie biskoppe meen dat dit ’n ernstig oordrewe getal is, is dit moeilik om met sekerheid die getal te bepaal. Maar daar is waarskynlik nie een kerklike denominasie wat nie homoseksuele ampsdraers in hulle midde het nie.

Moet kerke praktiserende homoseksuele persone toelaat om Nagmaal te gebruik en om in kerklike ampte te dien? (NGK 2007:142, 157; Doe 2000:22). Homoseksuele persone word dikwels verbied om die sakramente te gebruik (Anthonissen & Oberholzer 2001:51). Daar is kerke wat meen dat homoseksuele Christene wat selibaat lewe tot die ampte toegelaat kan word (NHKA 2004:373).⁸¹ Indien homoseksuele persone in die kerk welkom is as lidmate⁸², waarom nie ook as ampsdraers nie? Of is net homoseksuele persone wat nie hulle seksuele oriëntasie

⁸¹ Binne die Gereformeerde tradisie is die selibaat nog nooit as voorwaarde vir toelating tot die besondere ampte gestel nie. Dit is ook nie ’n gawe wat aan al die gelowiges gegee word nie (NGK 2007:157-158). Dit is gevolglik vreemd dat die selibaat juis deur sommige gelowiges en kerke van homoseksuele gelowiges verwag word voordat hulle as ampsdraers mag dien.

⁸² Waarom geen gelowige uit die kerk uitgesluit kan word nie blyk uit die volgende: “Kerkwees is die heilige boog wat koms en wederkoms verbind; ’n boog waaronder en waardeur die Christen gevorm word. Dit is die verhaal van mense wat deur God aangeraak is en wat hulle in die kragveld van die Gees bevind. Daarom moet die kerk ook altyd ’n warme gemeenskap van gelowiges daarstel waar mense tuis kan kom en sin van alles kan vind. Dit moet ook ’n onderdak kan bied vir die dakloses, ’n nis vir die randfigure van die samelewing” (NHKA 2004:389). Anthonissen en Oberholzer (2001:169) meen: “Of ’n persoon dus voor God ’n plek het, word nie bepaal deur ras, geslag, afkoms, posisie, kultuur of konteks nie (vgl Gal 3:28), maar alleen deur sy nuwe status in Christus en deur die werk van die Heilige Gees; die Gees wat inwonend is in alle mense en wat binne die ruimte van die gemeenskap van gelowiges sy gawes aan alle kinders van God toedeel. Hier in die liggaam van Christus is daar nie plek vir ’n eksklusiewe benadering nie, maar geld ’n *inklusiewe* kultuur”. ’n Goeie voorbeeld van hierdie inklusiewe benadering is die doop van die ontmande Etiopiër wat in Handeling 8 beskryf word (Anthonissen & Oberholzer 2001:169; vgl ook NGK 2004:145).

uitleef nie welkom in die kerk en die ampte?⁸³ Hierdie vrae het in 2005 veral in die Suid-Afrikaanse kerklike konteks werklik belangrik geword in die lig van die gebeure rondom ds Laurie Gaum van die St. Stephens gemeente in Kaapstad.⁸⁴

Toe die GKN moes besluit oor die ordening van homoseksuele predikante het hulle redeneer: “As jy ‘A’ sê, moet jy ook ‘B’ kan sê” (Anthonissen & Oberholzer 2001:71-72). Hulle “... het dus “A” gesê naamlik: “dat daar in die Bybel geen uitsprake is oor homoseksualiteit *soos ons dit vandag ken nie*”. As die Bybel dit dan nie veroordeel nie, wat weerhou gay predikante van “B” – naamlik om georden te word, of ’n liefdevolle paartjie om die kerklike seën oor hul verhouding te vra?” (Anthonissen & Oberholzer 2001:72). Hulle gevolgtrekking was dat die ordening van homoseksuele predikante aanvaarbaar is.

Die NG gemeente in Tamboerskloof, Kaapstad, laat reeds vanaf die begin van die negentigerjare gay lidmate toe om op die kerkraad te dien (Anthonissen & Oberholzer 2001:85). Reeds voor die geskiedkundige besluit van die sinode van Wes-Kaapland in 1999, het hierdie gemeente “besluit dat hulle inklusief wil wees en gay lidmate verwelkom om sonder vrees van veroordeling aan te sluit” (Anthonissen & Oberholzer 2001:85). ’n Studiegroep van die Verenigde kerk van Kanada het aanbeveel: “We affirm that sexual orientation in and of itself is not a barrier to participation in all aspects of the life and ministry of the Church, including the order of ministry” (Cilliers 1997:178). Homoseksuele persone moet in die kerk welkom wees omdat alle mense daar welkom is (Strommen 2001:10-11).

Tog meen talle gelowiges en kerke steeds dat praktiserende homoseksuele persone nie tot die ampte toegelaat moet word nie en dat persone wat onberouvol in ’n homoseksuele lewenswyse volhard op een of ander wyse onder die kerklike dissipline hanteer moet word (Gagnon 2001:489-490; Strommen 2001:90). Een van die redes hiervoor (dat homoseksuele persone nie kerklike ampte moet bekleë nie) is dat sommiges oordeel dat homoseksuele persone nie goeie rolmodelle vir jong kinders kan wees nie. Hierdie argument is egter nie geldig nie. Daar is talle heteroseksuele

⁸³ Potgieter en Van Huyssteen (2002:152) is van oortuiging dat homoseksuele persone predikante kan wees, mits hulle stry teen die toepassing van homoseksuele praktyke. Van heteroseksuele persone word egter nie dieselfde verwag nie. Hulle kan trou en hulle seksualiteit binne die huwelik uitleef.

⁸⁴ Sien Punt (2006:898-900) wat die hantering van hierdie saak kortliks bespreek.

persone wat ook nie goeie rolmodelle vir kinders is nie, maar toegelaat word om in die ampte te dien net omdat hulle nie homoseksueel is nie. Dit is tog nie billik of konsekwent nie. Die belangrikste rede is waarskynlik dat kerke soos die Presbiteriaanse kerk (VSA) steeds homoseksualiteit beskou as iets wat deur die Skrif verbied word (Soards 1995:79-80). Of dit werklik die geval is word tans deur talle bevraagteken.

2.3.7 Praktisering van homoseksuele oriëntasie

Talle mense, insluitend baie gelowiges, is oortuig: “Sex is essential to human fulfilment. To expect homosexual people to abstain from homosexual practice is to condemn them to frustration and to drive them to neurosis, despair and even suicide. It’s outrageous to ask anybody to deny himself what to him is a normal and natural mode of sexual expression. It’s ‘inhuman en inhumane’. Indeed, it’s positively cruel” (Stott 1990:355).⁸⁵

Hoewel seksualiteit ’n belangrike deel van menswees vorm, is die bogenoemde standpunt nie aanvaarbaar nie. Die norm vir die uitleef van menslike seksualiteit is vir gelowiges nie die mens se natuurlike drange en begeertes nie, maar die riglyne van die Bybel.

Die vraag is of die praktisering of uitleef van ’n homoseksuele oriëntasie in die lig van die Bybel moreel aanvaarbaar is? (NGK 2007:188).⁸⁶ Is die beoefening van homoseksuele seks (ook binne ’n permanente verbintenis van liefde en trou) sonde wat persone wat homoseksuele verhoudings beoefen uitsluit van die nagmaal en ampte soos sommiges beweer? (Potgieter 2005:109).⁸⁷

⁸⁵ Talle vorme van sondige seksuele gedrag soos voorhuwelikse seks, egbreuk en pedofilie word egter ook deur die kerk afgewys sonder dat dit as wreed of ongevoelig beskou word (Gagnon 2001:431).

⁸⁶ Stander (2003:122) haal die Duitse teoloog, Helmut Thielicke se belangrike vraag aan: “Moet die individu wat homoseksueel gebore is sy “natuurlike” impulse uitleef, onderdruk of sublimer?”. Met ander woorde: “Is dit vir die gay mens toelaatbaar om volledig op te tree volgens sy geneigdheid, om sy gevalle natuur te aktualiseer? Mag homoseksuele mense in ’n seksuele verhouding leef?” (Stander 2003:125).

⁸⁷ Potgieter (2005:537) oordeel dat die enigste wyse om die Skrif se duidelike nee vir seksuele verhoudings van liefde en trou tussen mense van dieselfde geslag ’n ja te maak die volgende is: “Gebruik hermeneutiese sleutels wat die Skrif tot ’n randgespreksvennoot rangeer, bring die Skrif onder verdenking en herinterpreteer dit”.

Volgens 'n rapport van die Verenigende kerk van Australië wat in 1997 die lig gesien het: “It is not our orientation, but what we do with our sexual nature that constitutes right or wrong” (Anthonissen & Oberholzer 2001:73). Paul Egertson en Morton Kelsey is oortuig dat 'n homoseksuele oriëntasie en linkshandigheid ewe min met moraliteit te doen het (Wink 1999:46).⁸⁸ Wat jy met hierdie oriëntasie doen, bring egter moraliteit ter sprake.⁸⁹

Konserwatiewe navorsers soos Gagnon (2001:37) is oortuig daarvan dat die Bybel duidelike, sterk en geloofwaardige getuienis bevat wat onomwonde dieselfde geslag omgang as sonde⁹⁰ sien. Vir Gagnon (2001:432) laat die Bybel net twee keuses indien jy seksuele omgang wil hê: raak betrokke in 'n lewenslange heteroseksuele verhouding (huwelik) of bly selibaat. Homoseksuele persone moet liefgehê word deur hulle nederig te voorsien van ondersteuning, bemoediging en leiding wat hulle sal aanmoedig om nie toe te gee aan hulle homoseksuele passies nie (Gagnon 2001:485). Homoseksuele persone moet begelei word om van hulle homoseksuele oriëntasie bevry te word of om 'n lewe van seksuele onthouding (selibaat)⁹¹ te lei⁹² (NGK

⁸⁸ Doe (2000:39) haal Hayes aan wat stel: “Scripture affirms repeatedly that ... our sexual desires rightly find fulfilment within heterosexual marriage. Once in the fallen state ... we are ‘slaves to sin’ which distorts our perceptions, overpowers our wills. Thus ... it cannot be maintained that a homosexual orientation is morally neutral because it is involuntary”.

⁸⁹ Potgieter en Van Huyssteen (2002:66) stel: “Ons glo dat 'n eerlike, onpartydige oorsig van die navorsingsresultate in hierdie stadium van ons soeke na die waarheid oor hierdie problematiese saak, ons nie kan oortuig dat homoseksualiteit “onteenseglik” 'n genetiese oorsprong het nie. Wat wel in hierdie stadium aangeneem kan word, is dat daar beslis mense is (baie min) wat met 'n homoseksuele predisposisie gebore is. Die gedrag of optrede van diegene bly egter altyd 'n keuse, hoe moeilik dit ook al mag wees”.

⁹⁰ Of 'n mens homoseksuele verhoudings en –huwelike as sonde sien sal afhang van wat onder (of hoe) sonde verstaan word (Potgieter 2005:251).

⁹¹ In 'n verklaring, *Homosexuality and hope*, wat in November 2000 deur die Catholic Medical Association uitgereik is word gestel: “It is possible, with God’s grace, for everyone to live a chaste life including persons experiencing same-sex attraction, as Cardinal George, Archbishop of Chicago, so powerfully stated in his address to the National Association of Catholic Diocesan Lesbian & Gay ministries: ‘To deny that the power of God’s grace enable those with homosexual attractions to live chastely is to deny, effectively, that Jesus has risen from the dead.’” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:147). Talle gelowige homoseksuele persone onderskat nie die krag van God se genade nie, maar ervaar steeds na intense worsteling en verskeie pogings dat hulle dit net soos sommige heteroseksuele gelowiges moeilik vind om selibaat te leef.

⁹² Ben Witherington III het in 1999 in 'n toespraak op 'n nasionale konvensie van die United Methodist Church onder andere gesê: “The point is that by the miraculous grace of God, whatever our particular sinful inclinations, we all have a choice about our behaviour ... In an age where everyone wants to claim to be a victim of something and no one wants to take responsibility for their actions the Bible refuses to let us do so ... If we as a church have given up believing that God’s grace is sufficient to actually change human nature, or at the very least to enable us to restrain ourselves from willful active sin, then what good news do we indeed have to offer a world full of fallenness and sinfulness? If we do not believe any longer in the grace that can transform or at least reform human nature, we should have

2004:147). Dit is 'n belangrike vraag of daar nie ander alternatiewe is nie. Vir kern homoseksuele persone is 'n heteroseksuele huwelik, bevryding van hulle homoseksuele oriëntasie en 'n lewe van selibaat soms nie moontlik nie. Wat van die moontlikheid van 'n eksklusiewe langtermyn homoseksuele verbintenis?

Die Lambeth Konferensie van 1998, die tien jaarlikse byeenkoms van Anglikaanse biskoppe van regoor die wêreld, het met 'n groot meerderheid verklaar dat homoseksuele praktyke onversoenbaar met die Bybel is en dat slegs die heteroseksuele huwelik aanvaarbaar is.⁹³ Desmond Tutu, ook 'n Anglikaan, oordeel egter anders oor die saak.⁹⁴

Volgens Stott (1990:355): “The only alternative to heterosexual marriage is sexual abstinence”. Stott (1990:356) meen verder: “The true “orientation” of Christians is not what we are by constitution (hormones), but what we are by choice (heart, mind and will)”.⁹⁵ Richard Hays, 'n Nuwe-Testamentiese etikus, is daarvan oortuig dat homoseksuele Christene selibaat moet leef en hulle van homoseksuele gedrag moet weerhou omdat dit vir hulle skadelik is net soos wat dit vir 'n alkoholisk skadelik is om

the decency to close the doors and stop ministering as if we did believe it” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:147).

⁹³ Volgens Doe (2000:2-3) het die Lambeth Konferensie verklaar “... homosexual practice was ‘incompatible with Scripture’ and could find no justification for the blessing of same-sex unions or the ordination of those involved in them. Scripture required either lifelong heterosexual marriage or singleness: a call to ‘Chastity’ was changed to ‘Abstinence’ lest there be any suggestion that permanent, faithful same-sex unions were exempt”.

⁹⁴ Cilliers (1997:161) haal die volgende woorde van Tutu aan: “My lewe lank het ek 'n stryd gevoer teen ongeregtheid. Veral ongeregtheid waar mense benadeel word vir iets waaraan hulle niks kan doen nie. In my geval was dit ras. Ek het die ordening van vroue in my kerk om dieselfde rede gesteun. Ek glo, en die meeste bewyse staaf dit, dat dit ook die geval is met gays en lesbiërs. As mens dus aanvaar dat seksuele oriëntasie iets is wat jy nie kies nie, kan jy nie anders as om dit te ondersteun nie. Ons sê seksuele oriëntasie is moreel gesproke 'n onbelangrike saak, maar dat homoseksuele dade strafwaardig is. Daarenteen sê ons seksualiteit is 'n goddelike gawe wat ons help om volledig mens te wees. Hoe verstaan mens dit? Seksualiteit is daardie deel van menslikheid wat maak dat ons deernis het, vriendelik en versorgend is en sodoende meer omgee vir mekaar. Wat sal ons wees sonder hierdie gawe? Waarom wil ons nie hê dat homoseksuele in liefdevolle dade uitdrukking kan gee aan hulle seksualiteit nie? In die beste seksuele verhouding gee die een tog totaal van die self aan die ander, en omgekeerd”.

⁹⁵ Potgieter en Van Huyssteen (2002:125) is oortuig: “Wie ... kies om 'n kind van God te wees, het vanselfsprekend ook gekies om sy riglyne na te kom, hoe moeilik dit ook al mag wees. Dit is die rede waarom Christene daarna strewende om die sonde af te lê en die pad van heiligmaking te stap”. Gevolglik vind hulle homoseksuele praktyke (wat nie groter sonde as ander sondes is nie) onaanvaarbaar, hoewel die homoseksuele persoon nie verwerp word nie en steeds deur die kerk (God se familie) versorg moet word (Potgieter & Van Huyssteen 2002:128,145). Potgieter en Van Huyssteen (2002:145) glo “... dat gay Christene kan en behoort te stry om God se oorwinning in hulle lewe sigbaar te maak”. Die vraag is egter deur wie en hoe word bepaal wat God se riglyne vir gelowiges vandag is? Hoe lyk 'n lewe waarin God se oorwinning sigbaar is?

te drink (Dreyer 2004:188). Niemand redeneer egter dat heteroseksuele persone hulle van heteroseksuele gedrag moet weerhou omdat dit skadelik is vir hulle nie. Waarom nie vir homoseksuele persone 'n ruimte skep wat nie skadelik is vir die uitleef van hulle seksualiteit nie?

Talle Christene en kerke probeer die saak hanteer deur te onderskei tussen jou seksuele oriëntasie en die uitleef van daardie oriëntasie (NGK 2004:145; Doe 2000:70)⁹⁶, die mens as sondaar en die sondige daad van die mens (Dreyer 2004:179). Hiervolgens moet die sonde gehaat, maar die sondaar liefgehê word.⁹⁷ Selfs al beskou jy dus homoseksualiteit as sonde, moet homoseksuele mense liefgehê en met genade behandel word - net soos Jesus hulle sou behandel (Potgieter & Van Huyssteen 2002:22). Die vraag is dus wat jy met jou seksuele oriëntasie doen (Potgieter 2005:186-187; Gagnon 2001:38, 462). Selfs al sou geleerdes kon aantoon dat iemand 'n seksuele oriëntasie het vir byvoorbeeld bestialiteit, beïnvloed dit nie die feit dat daar steeds negatief oor die daad geoordeel word nie (Gagnon 2001:70).⁹⁸ Om egter te redeneer dat mense slegs moreel verantwoordelik is vir wat hulle doen en nie vir wat hulle is nie lyk vir Doe (2000:71) na 'n te simplistiese oplossing.⁹⁹ Dit is ook 'n dualisme wat die eenheid¹⁰⁰ van liggaam, siel en gees ontken (NHKA 2004:375).

⁹⁶ Volgens Stott (1990:337-338): "... we have grown accustomed to distinguish between a homosexual orientation or "inversion" (for which people are not responsible) and homosexual physical practices (for which they are). We may not blame people for what they are, though we may for what they do". Vir Stott (1990:338) is dit belangrik om te onderskei tussen "... "being" and "doing"... between a person's identity and activity, sexual preference and sexual practice, constitution and conduct". Potgieter en Van Huyssteen (2002:65) sluit hierby aan: "... dit [kan] ... nie *per se* sonde wees indien iemand met 'n gay-geneidheid gebore word nie. Wat die persoon egter met hierdie homoseksualiteit maak, sal bepaal of hy of sy sonde doen of nie". Op 'n ander plek stel hulle: "Om die letsels van die sondeval met jou saam te dra, beteken nog nie dat jy sondig nie. Jy sondig wanneer jy hierdie letsels gebruik om jou verhouding met ander mense en God aan te tas of te verbreek" (Potgieter & Van Huyssteen 2002:153).

⁹⁷ In die woorde van C Everett Koop: "You may hate sin, but you are to love the sinner" (Potgieter & Van Huyssteen 2002:21; vgl ook Gagnon 2001:492).

⁹⁸ Potgieter (2005:327) wys byvoorbeeld daarop: "Dit gaan nie vir die Bybelskrywers oor die rede/motivering waarom mense bestialiteit, bloedskanie of homoseksuele verhoudings beoefen nie, maar dat mense dit wel beoefen". Vir my lyk dit egter baie belangrik om vas te stel wat die rede of motivering is waarom homoseksuele daad deur die Bybel afgewys word. Is die rede waarom dit afgewys word, nog op die huidige tyd van toepassing?

⁹⁹ Elisabeth Stuart se vraag wat Doe (2000:72) aanhaal is in die verband belangrik: "Can one make such a division in a person's sexuality - or indeed their spirituality - between who they are and what they do? Is what people 'do' sexually only a matter of certain acts, or rather much more a part of what is going on in their minds and emotions?" (vgl ook Dreyer 2004:179).

¹⁰⁰ Die konklusie waartoe Anthonissen en Oberholzer (2001:173-174) kom is: "... dat daar nie gekies sal word vir 'n *negatiewe, afwysende houding (verwerping)* van die gay persoon en sy/haar handelinge nie. Ook nie vir 'n standpunt van *goedkeuring* nie. 'n *Neutrale en onseker* standpunt word ook afgewys. Daar word gekies vir 'n *verantwoordelike etiese standpunt* wat aan die een kant daarteen sal waak om dualisties skeiding te maak tussen die gay persoon en sy/haar gay handelinge of gedrag. Voor

In die lig van die liefdesgebod en Jesus se liefdevolle aanvaarding en nie veroordeling van byvoorbeeld prostitute en ander sondaars, oordeel talle mense dat homoseksuele praktyke ook nie veroordeel mag word nie (Potgieter & Van Huyssteen 2002:128-129; Soards 1995:60). Dit is egter baie belangrik om die liefdesgebod reg te verstaan en toe te pas.¹⁰¹ Gelowiges wat oordeel dat daar geen Bybelse gronde bestaan¹⁰² om homoseksualiteit te veroordeel nie meen dat homoseksuele persone begelei moet word¹⁰³ om hulle seksualiteit op 'n verantwoordelike wyse uit te leef (NGK 2004:147).

Ook oor die praktisering van homoseksualiteit bestaan daar geen eenstemmigheid onder gelowiges nie. Vir homoseksuele gelowiges en ander homoseksuele persone moet daar egter 'n ruimte geskep word om op verantwoordelike wyse hul seksualiteit uit te leef.

2.3.8 Homofobie

Van die grootste probleme waarmee homoseksuele persone en- gelowiges worstel is die homofobie wat hulle daaglik in die wêreld en ook in die kerk ervaar (De Villiers 2006b:71).¹⁰⁴ Vandag is daar 'n groter wordende bewustheid van homofobie, die skade wat dit aan homoseksuele persone doen en doelbewuste optrede daarteen (NHKA 2004:375; Strommen 2001:22; Doe 2000:69). Homofobie is 'n mengsel van irrasionele vrees, haat en selfs heftige afkeer van en weersin in homoseksualiteit

God leef ons immers as 'n eenheid. Aan die ander kant sal 'n Bybelse etiek nie kan nalaat om te wys op die beginsel van toewyding aan God (1 Tim 4:7-8) en die strewe na opregtheid, geloof, liefde en vrede saam met almal wat God uit 'n rein hart aanroep (2 Tim 2:22)".

¹⁰¹ Potgieter en Van Huyssteen (2002:129; vgl Soards 1995:60) wys daarop dat "Jesus met die liefdesgebod vir ons wil leer hoe ons teenoor ons medemens – ongeag van wie of wat die persoon is – moet optree: met liefde, meegevoel, deernis, empatie, sorgsaamheid, nie-veroordelend. Nêrens gee Jesus vir ons egter die aanduiding dat ons nou alle sondige of verkeerde gedrag moet goedpraat nie. Die liefdevolste optrede kan dikwels na die ongevoeligste daad lyk".

¹⁰² Anthonissen en Oberholzer (2001:167) is oortuig: "Wanneer homoseksualiteit vandag nie met kultiese tempelprostitusie en afgodediens in verband staan nie, kan dit nie op teologiese en Skriftuurlike gronde afgewys word as 'n sondige afwyking wat ressorteer onder die straf van God nie. Trouens, die verskynsel kan nie teologies gehanteer word vanuit 'n kategorieëse afwysende benadering van: "Laat staan eers die praktyk ... bekeer jou ... los dit ... verander jou lewe ... kry die verlossing ... leef daaruit as bevryde ... dan sal jy reg wees voor God" nie".

¹⁰³ Anthonissen en Oberholzer (2001:162) meen: "Gays moet aangemoedig word om hulle gay identiteit uit te leef en hulle selfbeeld te bevorder. Terselfdertyd moet hulle gehelp word om 'n positiewe, gay geörienteerde waardesisteem op te bou wat erotiese en seksuele uitdrukking insluit en wat op persoonlike vlak bevredigend is en respek betoon aan die medemens".

¹⁰⁴ Melanie Judge van Out-Wellbeing, 'n groep wat veg vir die regte van gays, lesbiërs, biseksuele en transgender-mense, wys in Beeld (17 Januarie 2007:9) daarop: "Feit is: Ons het een van die mees liberale grondwette, maar ons sit steeds met een van die mees homofobiese samelewings ter wêreld".

(Dreyer 2004:175; Stott 1990:360).¹⁰⁵ Dit is ook meer as net vrees, dit is vooroordeel wat diskriminerende en gewelddadige optrede tot gevolg het (Dreyer 2006b:446, 459). Homofobie veroorsaak by talle homoseksuele persone selfhaat of sarkofobie en depressie as gevolg van die onderdrukking van hulle seksuele behoeftes (Dreyer 2004:196).

Baie verkies egter om nie die term homofobie te gebruik nie, maar eerder heteroseksisme¹⁰⁶ omdat hulle meen dat dit nie 'n kliniese patologie is nie, maar eerder 'n sosiale verskynsel soos rassisme (Doe 2000:69). Volgens gay aktiviste kan enige iemand wat heteroseksualiteit hoër aanslaan en meer natuurlik ag as homoseksualiteit, as homofobies beskryf word (Strommen 2001:24).

Dit is ook belangrik om daarop te let dat gays nie soos ander minderheidsgroepe oor ondersteuningsnetwerke beskik wat hulle kan bystaan wanneer hulle diskriminasie ervaar nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:158). Deur die loop van die geskiedenis (en ook vandag) is homoseksuele persone meestal veroordeel en uitgestoot, en die kerk en die Christendom het grootliks aktief hieraan meegedoen (Potgieter & Van Huyssteen 2002:20; Anthonissen & Oberholzer 2001:182).

Feitlik elke kerk wat in die afgelope paar jaar oor die saak 'n uitspraak gemaak het, het homofobie veroordeel (Doe 2000:82). Alle kerke het 'n belangrike rol om kragdadig en onomwonde die veroordeling van homoseksuele persone te verwerp, asook dade van diskriminasie en ongeregtheid teen hierdie groep mense (Dreyer 2006b:460; Strommen 2001:88; Soards 1995:58). Kerke moet meehelp dat heteroseksuele lidmate hulle negatiewe gesindheid (soms selfs haat) jeens homoseksuele lidmate oorkom. Die Vatikaan, wat ook homofobie afwys, reken in 1986 "... violent and irrational attacks would be likely to increase if homosexuality itself were condoned" (Doe 2000:82). Desmond Tutu meen dat die kerk na die stryd teen apartheid kan veg teen homofobie en heteroseksisme (Germond & De Gruchy 1997:voorwoord).

¹⁰⁵ Anthonissen en Oberholzer (2001:157) is van oortuiging: "Solank as homofobie in die samelewing heers, sal dit baie moeilik wees vir 'n gay persoon om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Selfs ouers doen mee aan hierdie verwerping en sommige van hulle sal selfs so ver gaan om te sê dat dit vir hulle beter sou wees indien hulle kind eerder dood was".

¹⁰⁶ Sommige geleerdes verkies die term gayhaat (NHKA 2007:1).

Dit is interessant dat daar aan die ander kant weer gelowiges is wat voel dat hulle gemarginaliseer, teen gediskrimineer en benadeel word omdat hulle homoseksualiteit as sonde beskou (Gagnon 2001:483-484). Dit illustreer weereens dat die debat oor homoseksualiteit nog nie binne 'n ruimte van liefde, vertrouwe en ware begrip plaasvind nie.

2.4 WANPERSEPSIES OOR HOMOSEKSUALITEIT

Talle wanpersepsies, wanvoorstellings en oningeligtheid omring homoseksualiteit steeds in die hedendaagse wêreld (Nissinen 1998:132). Baie gelowiges meen byvoorbeeld verkeerdelik dat homoseksualiteit 'n selfgekose seksuele perversie is (De Villiers 2006b:71; Potgieter 2005:xvi) 'n Duursame homoseksuele gerigtheid is volgens die meeste kenners egter nie iets wat jy self kies nie, maar eerder met verloop van tyd ontdek (NGK 2007:155; De Villiers 2006a:192).

Wanneer baie mense oor 'n homoseksuele leefwyse (veral onder mans) dink, bring hulle dit in verband met hoofsaaklik drie dinge: MIV/VIGS, promiskuïteit en kindermolestering (Gagnon 2001:440-441, 480-481; Doe 2000:79-80; Cilliers 1997:179). Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar, net soos by heteroseksuele persone, individuele verskille tussen homoseksuele persone voorkom en dat almal nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie (Potgieter 2005:22-23; Strommen 2001:14, 15).

Die *Comprehensive Textbook for Psychiatry* wys daarop dat homoseksuele mans oor die algemeen hoër vlakke van seksueel oordraagbare siektes en MIV infeksie vertoon (Strommen 2001:43-44). In die VSA blyk homoseksuele gedrag een van die grootste bydraende faktore tot die verspreiding van hierdie gevreesde siekte te wees, terwyl die situasie in Afrika die teenoorgestelde is (Gagnon 2001:473-474). In Afrika speel heteroseksuele gedrag die grootste rol in die verspreiding van die siekte. Dit is ook opmerklik dat persone wat homoseksuele seks beoefen 'n twee tot drie keer hoër voorkoms van seksueel oordraagbare siektes vertoon.

Sommige kerke en mense meen dat MIV/VIGS God se straf is¹⁰⁷ vir dié wat aan sy wet ongehoorsaam is (Wink 1999:36). Dit is egter 'n eensydige en ongegronde standpunt. Wat van mense wat verkrag word, deur 'n bloedoortapping besmet word, of babas wat vigs van hul moeders kry? Is hulle almal aan God se wet ongehoorsaam en kry maar net wat hulle verdien? Hoewel MIV/VIGS 'n groot invloed op die homoseksuele gemeenskap gehad het en steeds het, is dit wêreldwyd ook 'n heteroseksuele siekte en nie net 'n 'gay plaag nie' (Doe 2000:79; Wink 1999:37; Stott 1990:352).

Homoseksualiteit word meestal onmiddellik met seks in verband gebring (Potgieter & Van Huyssteen 2002:33; Anthonissen & Oberholzer 2001:157). Navorsing wys daarop dat homoseksuele en heteroseksuele seksuele gedrag veral wat langtermyn, monogame verhoudings betref verskil (Gagnon 2001:453-460). In 'n studie wat deur Bell en Weinberg in 1978 gedoen is, is bevind dat 28% van homoseksuele mans seksuele ervarings met 'n duisend of meer maats gehad het (Strommen 2001:42). Daar is ook bevind dat 79% aangedui het dat meer as die helfte van hulle seksuele maats vreemdelinge was. Slegs 1% van die seksueel aktiewe mans het minder as vyf lewenslange bedmaats gehad. In die lig van hierdie navorsing oordeel Pollack in 1985 dat homoseksuele verhoudings selde langer as twee jaar duur. In 1991 is 'n studie deur 'n vooraanstaande homoseksuele Duitse seksuoloog, Martin Danecker, onder 900 manlike homoseksuele persone in vaste verhoudings gedoen. Uit hierdie groep het 83% gesê dat hulle in 'n 12 maande tydperk gereelde homoseksuele kontak met 'n ander persoon as hulle vaste maat gehad het (Strommen 2001:42-43). Die gemiddelde getal per persoon was 115.

Oor die persepsie dat homoseksuele persone meer promisku is as heteroseksuele persone kan baie gedebatteer word.¹⁰⁸ Net soos wat daar heteroseksuele persone is

¹⁰⁷ Pat Buchanan stel volgens Doe (2000:79): "The poor homosexuals – they declared war on nature, and now nature has taken its revenge in Aids". Stott (1990:354) meen: "AIDS may rightly be seen ... as "part of God's judgement on society"".

¹⁰⁸ Doe (2000:80) vra onder andere: "Is it actually true that gay men, generally, are more promiscuous than heterosexual men, especially those who are unmarried? What evidence is there that homosexuality in itself makes a person more likely to act irresponsibly than someone who is 'straight'? And how far are they led in that direction by the circumstances they are in? These include being defined by their sexual preference (gay bars, gay clubs, etc.) in a way that would never happen to heterosexuals, the clandestine life of 'closet gays, and society's reluctance to give public support and recognition to those in more committed relationships".

wat losbandig lewe, is daar homoseksuele persone wat dieselfde doen (Potgieter & Van Huyssteen 2002:37; Strommen 2001:15, 42, 47). 'n Meer gebalanseerde standpunt is dat promiskue seksuele gedrag, hetsy homo- of heteroseksueel, skadelik is vir mense (NGK 2007:141; NHKA 2007:5; Beeld 16 Oktober 2004:5; Dreyer 2004:188; NHKA 2004:373). Die Bybel wys alle vorme van losbandige seksuele gedrag af.¹⁰⁹ Die verwerping wat baie homoseksuele persone ervaar, het egter wel veroorsaak dat 'n eie kultuur (subkultuur) van samesyn en ondersteuning deur hulle geskep is wat in baie gevalle los staan van die kerk en die evangelie se waardes (Anthonissen & Oberholzer 2001:188). Die feit dat hierdie kultuur nie op evangeliese waardes gebou is nie, kan nie vir gelowiges aanvaarbaar wees nie.

Wat kindermolestering aanbetref is daar geen bewyse¹¹⁰ wat aantoon dat homoseksualiteit opsigself tot kindermolestering¹¹¹ aanleiding gee nie (Doe 2000:80). Hierdie skadelike, ongegronde wanpersepsie moet deeglik ontmasker word.

Die eensaamheid, vervreemding en verwerping wat homoseksuele persone ervaar gaan egter by baie mense ongesiens verby (Potgieter 2005:139; Doe 2000:81). Die voorkoms van selfmoordpogings onder homoseksuele persone is baie hoër as die normale (Ganon 2001:473, 476-477).¹¹² Dit is insiggewend dat daar bereken word dat tot 'n derde van alle jongmense wat in die VSA selfmoord pleeg homoseksueel is (Doe 2000:81). In Nieu-Seeland sterf meer homoseksuele mans vanweë selfmoord as aan MIV/VIGS (Doe 2000:81). Wat die toedrag van sake in Suid-Afrika is, is nie heeltemal seker nie.¹¹³ Uit die VSA en Nieu-Seeland se situasie klink egter ook waarskuwings vir Suid-Afrika.

¹⁰⁹ De Villiers (2006b:62, 72) wys byvoorbeeld daarop dat Paulus (asook ander Bybeltekste) se afwysing van alle losbandige homoseksuele gedrag vandag nog heel toepaslik is.

¹¹⁰ Die American Psychiatric Association sê in *Answers to Your Questions About Sexual Orientation and Homosexuality*: "There is no evidence indicating that homosexuals are more likely than heterosexuals to molest children" (Anthonissen & Oberholzer 2001:145).

¹¹¹ Sien Gagnon (2001:479-480) wat wys op die gevaar van pedofilie wat die aanvaarding of aanmoediging van homoseksualiteit volgens hom inhoud.

¹¹² Anthonissen en Oberholzer (2001:158-159) wys daarop: "Ongeveer 30% van die selfmoordgevalle onder tieners hou verband met homoseksualiteit. Die selfmoordsyfer vir gay mans is drie keer hoër as die nasionale gemiddeld. Hierdie tragiese voorkoms van selfmoord is 'n ernstige aanklag teenoor almal wat deel uitmaak van die samelewing. Dit is belangrik om daarop te let dat nie gay oriëntasie nie, maar die verwerping wat die persoon beleef na aanleiding van sy of haar gay oriëntasie, die rede is vir hierdie selfmoordneigings".

¹¹³ Daar is navorsing wat daarop dui dat ongeveer 9% van swart lesbiërs feitlik altyd aan selfmoord dink (Beeld 17 Januarie 2007:9).

Die redes waarom gay, lesbiese of biseksuele jongmense poog om selfmoord te pleeg is, onder andere, angs en benoudheid oor hulle homoseksuele gedagtes en die gebrek aan voldoende hulpbronne om hulle unieke situasie en behoeftes te hanteer (Strommen 2001:45).

Uit navorsing blyk dit dat "... stigmatisering en marginalisering van die belangrikste lewenskewessies is waarmee homoseksuele persone worstel" (NHKA 2004:375). Baie homoseksuele persone wat nog 'in die kas is' lewe met 'n skuldgevoel en skaamte, maar al wil hulle verander, kry hulle dit nie reg nie (Potgieter 2005:137-138; Strommen 2001:15). Die gevolg is dat sommige geleerdes meen dat homoseksuele persone 'n hoër voorkoms van alkohol- en dwelmmisbruik, unipolêre depressie, selfmoord gedagtes en selfmoord pogings vertoon (Potgieter 2005:137; Gagnon 2001:475). Hoeveel hiervan die gevolg is van 'n vyandige gemeenskap waarin homoseksuele persone moet leef en hoeveel aan homoseksuele gedrag self gewyt moet word, word nog hewig gedebatteer.

Al meer wys die wetenskap daarop dat homoseksuele persone se diepste behoefte (net soos by heteroseksuele persone) nie in die eerste plek "... seksuele bevrediging is nie, maar die behoefte aan kameraadskap, geneentheid, liefdevolle verbintenis en die liggaamlike teerheid wat daarby hoort" (Anthonissen & Oberholzer 2001:140; vgl ook Dreyer 2006:447). Oor die belang van die wetenskap in verskeie aspekte van homoseksualiteit word in hoofstuk 3 reflekteer.

HOOFSTUK 3

GEESTES- EN NATUURWETENSKAPLIKE PERSPEKTIEWE

3.1 INLEIDING

Gelowiges en ander kan nie homoseksualiteit direk en alleenlik uit die Bybel verstaan nie (Dreyer 2006:448). Verdere en nuwe ontwikkelings in die wetenskap¹ moet in ag geneem en in gesprek gebring word met die Bybel (NHKA 2007:3-4; Potgieter 2005:104). In die lig van die nuutste navorsing oor homoseksualiteit, oordeel talle geleerdes dat die mens tans soveel meer van hierdie saak weet as die outeurs van die Bybel, dat die Bybelse en tradisionele afwysing van homoseksualiteit nie meer gehandhaaf kan word nie (Soards 1995:59).² Binne die gereformeerde tradisie was daar nog altyd 'n openheid om van die omvangryke ontwikkeling en toename in wetenskaplike kennis³ wat van buite die Bybelwetenskappe verwerf is in ag te neem in die voortgaande proses van Bybeluitleg (NGK 2004:140). Wetenskaplike insigte oor homoseksualiteit (hoe dit vandag verstaan word) moet saam met die Bybelse gegewens oor homoseksualiteit (hoe dit deur die Bybelskrywers verstaan is) in ag geneem word wanneer besinning oor hierdie saak plaasvind.⁴

¹ Die inligting wat die wetenskappe (bv sielkunde, sosiologie, fisiologie, biologie) oor homoseksualiteit bied is volgens sommige geleerdes dubbelsinnig, altyd oop vir interpretasie, dikwels weersprekend, soms misleidend en nie afdoende nie (Soards 1995:59, 63). Hierdie beskrywende inligting kan hoogstens net aandui hoe dinge is en nie hoe dit behoort te wees nie. Dit bly egter steeds belangrik om van die perspektief wat verskillende geestes- en natuurwetenskappe op homoseksualiteit bied kennis te neem. In hierdie hoofstuk sal onder andere gekyk word na insigte uit die sielkunde, biologie en antropologie.

² Potgieter (2005:545) is oortuig dat die natuur- en geesteswetenskappe nie die Skrif tot 'n randgespreksvennoot kan veto nie. Dit is ook nie my of talle ander se doel met die gebruik van die nuutste wetenskaplike navorsing oor homoseksualiteit nie. Die kerk en gelowiges kan egter nie hul oë sluit vir wat verskillende wetenskappe aan die lig bring nie. Hopelik het die kerk haar les geleer met byvoorbeeld die debat oor of die aarde plat of rond is!

³ Waarom dit belangrik is blyk uit die volgende: "Dit moet onthou word dat die wetenskap, die rede en ervaring die Kerk dikwels forseer het om sy standpunt te verstel" (Potgieter 2005:128). Sien ook Buitendag (2004:65) wat aantoon waarom dit belangrik is vir die teologie om deurgaans in gesprek te bly met die natuurwetenskappe, asook Haspel (2007:269).

⁴ Die kerk is in haar worsteling met homoseksualiteit "... net soos dit was met die kwessies ten opsigte van die vrou in die amp, slawerny en apartheid, in 'n proses van denke. In die proses is daar 'n voortdurende wisselwerking tussen ons begrip van die mens en ons begrip van die Woord van God". (Anthonissen & Oberholzer 2001:44).

3.2 SEKSUELE ORIËNTASIE

Seksualiteit⁵ bestaan uit 4 komponente naamlik biologiese seks, geslagsidentifikasie, die sosiale geslagsrol en seksuele oriëntasie (Stander 2003:121). Doe (2000:60) haal 'n verslag aan wat stel: "... sexuality isn't simply a matter of behaviour, but something that goes to the heart of our identity as persons. Our self-understanding, our experience of ourselves as male or female, our ways of experiencing and relating to others, are all reflective of our being as sexual persons". Uit hierdie woorde blyk die integrale deel wat seksualiteit⁶ van menswees vorm.

Haspel (2007:268-269) identifiseer ten minste vier aspekte of vorme van uitdrukking en betekenis wat seksualiteit omvat:

- identiteit,
- verhouding,
- plesier,
- vrugbaarheid of kreatiwiteit.

Seksuele oriëntasie⁷ kom tot uiting in die individu se emosionele, romantiese en seksuele aangetrokkenheid of toegeneentheid tot persone van 'n bepaalde geslag (Stander 2003:121). Seksuele oriëntasie is gedagtes, emosies en gevoelens en het te doen met die selfkonsep. Geleerdes onderskei tussen onder andere die volgende seksuele oriëntasies: heteroseksueel, biseksueel en homoseksueel (Nissinen 1998:v). Sommige mense is selibaat of aoseksueel (Kelsey & Kelsey 1999:63).

Seksuele oriëntasie verwys dus na 'n persoon se erotiese reaksie neiging (homoseksueel, biseksueel of heteroseksueel) teenoor ander persone met dieselfde of 'n ander seksuele oriëntasie wat bestaan uit drie dele: begeerte, gedrag en identiteit (Strommen 2001:13). Hierdie drie dele is nie altyd identies nie.

⁵ Bateman en Bennett (2006:263) wys daarop "... that it is difficult to have any certainties about human sexuality, whether as biologists or sociologists". Hierdie woorde beklemtoon dat daar oor talle aspekte van menslike seksualiteit nog heelwat onsekerheid onder geleerdes bestaan. Alberts (Beeld 21 Maart 2007:11) beklemtoon: "Wetenskaplike studies verskaf interessante, maar omstredende kliniese inligting waarvan almal wat by die gay-vraagstuk betrokke is, kennis moet neem".

⁶ Haspel (2007:268) beskryf seksualiteit "as 'n dialektiese verhouding tussen die biologiese voorvereistes soos seksuele impulse (libido), die kulturele verpakking, sowel as die individuele (geslagtelike) uitlewing daarvan. Dit sluit aan by die onderskeid tussen seks (biologies) en geslag (sosiokultureel)".

⁷ Volgens Anthonissen en Oberholzer (2001:142) verwys seksuele oriëntasie "... na 'n persoon se keuse van 'n seksuele maat, hetsy van dieselfde geslag of van die teenoorgestelde geslag".

Elke persoon het 'n bepaalde seksuele oriëntasie (Stott 1990:336). Kinsey het alle mense op 'n skaal van 0⁸ tot 6⁹ geplaas (Strommen 2001:57; Nissinen 1998:5; Stott 1990:336). Tussen die twee pole het hy verskillende grade van biseksualiteit onderskei. Die terme homoseksueel (gay) en heteroseksueel (straight) is dus nie absolute kategorieë nie omdat daar 'n kontinuum tussen die pole van heteroseksualiteit en homoseksualiteit bestaan (Strommen 2001:14, 57; vgl Beeld 21 Maart 2007:11; Dreyer 2004:192; Kelsey & Kelsey 1999:63, 65). Seksuele oriëntasie moet dus as 'n posisie op 'n spektrum (wat hierbo beskryf is) gesien word (NGK 2004:138).

Die verwerwing van 'n bepaalde seksuele identiteit is oor die algemeen 'n ontwikkelingsproses wat oor 'n tydperk plaasvind. Hierdie proses bestaan uit verskillende dele of fases (Strommen 2001:13-14). In die eerste fase ontstaan en ontwikkel 'n groeiende bewustheid en/of verwarring oor dieselfde geslag erotiese gevoelens. Hierna volg 'n fase waarin hierdie gevoelens 'n invloed begin uitoefen op die persoon se lewe en vir hom of haar relevant raak. Laastens breek 'n langer fase aan waarin die persoon toenemend sy of haar identiteit aanvaar en trots is daarop. Nie alle persone wat homo-erotiese begeertes ervaar of homoseksuele gedrag beoefen ontwikkel egter noodwendig 'n lesbiese, gay of biseksuele identiteit nie.

Tydens laat-adolessensie of in die volwasse jare besluit die homofiel gewoonlik vir of teen die openlike uitlewing van sy of haar seksuele oriëntasie (Stander 2003:121). Meeste homoseksuele persone beweer dat hulle nie gekies het om homoseksueel te wees nie¹⁰, maar dat hulle van geboorte af so is (Potgieter & Van Huyssteen 2002:37; Strommen 2001:25).¹¹ Al meer word “die idëe dat seksuele oriëntasie 'n bewustelike keuse en 'n omkeerbare wilsbesluit sou wees, ... deesdae algemeen verwerp” (Stander 2003:121; vgl ook NHKA 2004:374).¹² Die nasionale gay- en lesbiese taakgroep van

⁸ 0 = 'n eksklusiewe heteroseksuele voorkeur, alleenlik aangetrokke tot die teenoorgestelde geslag.

⁹ 6 = 'n eksklusiewe homoseksuele voorkeur, uitsluitlik aangetrokke tot die eie geslag.

¹⁰ Eric Marcus skryf in sy boek *Is It a Choice?* dat hy soos baie ander gays die groeiende besef dat hy homoseksueel is as angswekkend en onwelkom beleef het (Strommen 2001:25). Waarom sal iemand vrywillig kies om in 'n vyandige en homofobiese wêreld homoseksueel te wees?

¹¹ Hulle meen dus dit is die gevolg van genetiese en biologiese oorsake en is dus iets wat hulle van God ontvang het.

¹² Potgieter en Van Huyssteen (2002:57) meen egter: “Gene het 'n invloed, soos in die geval van baie ander menslike gedragseienskappe, maar dit dwing iemand nie op 'n onontkombare wyse tot homoseksualiteit nie, soos die geval sou wees met byvoorbeeld blou oë, waar 'n mens geen beheer of

die VSA, asook talle ander geleerdes, is oortuig dat homoseksuele persone nie 'n keuse het oor hul seksuele oriëntasie nie (sien Beeld 21 Maart 2007:11 asook NGK 2007:145). Seksuele oriëntasie is 'n suiwer genetiese saak, iets waarmee 'n mens gebore word en waaroor jy geen beheer het nie. Al wat 'n homoseksuele persoon daaraan kan doen is om sy of haar seksuele oriëntasie te aanvaar en daarmee saam te leef.

Die *St Andrew's Day Statement* van 1995 beklemtoon dat mense nie in terme van hulle seksuele oriëntasie gedefinieer moet word nie (Doe 2000:22).¹³

Dit is baie belangrik om te onthou dat verskillende kategorië van seksuele oriëntasie 'n moderne klassifikasie verteenwoordig wat 'n mens nie in antieke bronne en perspektiewe vind nie. Hierdie kategorië is streng gesproke 'n produk van moderne westerse denke (Nissinen 1998:12).¹⁴ Dit beteken egter nie dat antieke bronne niks oor homoseksuele dade te sê het nie of dat dit nie in die antieke tye voorgekom het nie.¹⁵

3.3 HOMOSEKSUALITEIT:¹⁶ NORMAAL OF ABNORMAAL?

Paul Wennes Egertson, 'n Lutherse biskop, moes saam met sy gesin worstel oor wat homoseksualiteit is toe sy oudste seun erken het hy is homoseksueel (Egertson

keuse daarvoor het nie maar geneties so “geprogrammeer” is”. Wat die oorsaak of oorsake ookal is, bly die vraag wat persone met 'n homoseksuele oriëntasie te doen staan. Moet hulle lewenslank stry teen die uitleef van hul seksualiteit? Moet homoseksuele persone gedwing word om selibaat te leef of dalk om te verander?

¹³ Dit stel volgens Doe (2000:23): “There is no such thing as ‘a homosexual’ or ‘a heterosexual’: there are human beings, male and female, called to redeemed humanity in Christ, endowed with a complex variety of emotional potentialities and threatened by a complex variety of forms of alienation”. John Stott (1990:336) sluit hierby aan: “... *we are all human beings*. That is to say, there is no such phenomenon as “a homosexual”. There are only people, human persons, made in the image and likeness of God, yet fallen, with all the glory and the tragedy which that paradox implies, including sexual potential and sexual problems”. Dit is belangrik om in die lig van bogenoemde opmerkings in gedagte te hou dat 'n persoon se seksuele oriëntasie slegs een faset (hoewel belangrik) van sy of haar menswees verteenwoordig en nie mense meer of minder aanvaarbaar maak nie.

¹⁴ Daar is geleerdes wat die algemene beskouing dat seksuele oriëntasie nie in die antieke wêreld onderskei is nie problematies vind (Gagnon 2001:393).

¹⁵ Sien byvoorbeeld die hoofstuk oor historiese perspektiewe.

¹⁶ Die Weense skrywer Benkert, wat die term homoseksualiteit gemunt het, wou daarmee “... die vervolging van homoseksuele persone hokslaan deur daarop te wys dat die homoseksuele persoon 'n derde seksuele geslag (“a third sex”) los van hulle eie wilsbesluit verteenwoordig. Om die rede, so het hy geredeneer, kan hulle nie van enige onsedelikheid of kriminaliteit beskuldig word nie” (Anthonissen & Oberholzer 2001:150).

1999:23-30; Doe 2000:100; vgl ook Anthonissen & Oberholzer 2001:23-29). Hulle het die volgende moontlikhede oorweeg:

1. It's a conscious and defiant rebellion against the laws of God – like prostitution - and so it deserves divine judgement.
2. It's an illness in which certain types of behaviour bring a bondage to addiction which can only be broken by total abstinence – like alcoholism – and so it requires celibacy.
3. It's a tragedy in nature – like infertility – and so it calls for compassion and whatever accommodation might be possible.
4. It's a variety in nature – like left-handedness – and so it's something to celebrate as a gift from God (Doe 2000:100; vgl Egertson 1999:28-30 vir 'n volledige bespreking).

Na vele worsteling het hy en sy gesin die vierde opsie gekies.¹⁷

Die woord 'homoseksueel' is vir die eerste keer in 1869 in Duits gebruik en eers twintig jaar later in Engels. Doe (2000:65) wys daarop: "Its appearance marked a change from talking about things which some people did to talking about the way that certain people are. It also denoted how what had been seen as a sin or a crime could now be regarded more as an illness". Hieruit blyk duidelik dat wat en hoe jy is nie geskei kan word van wat jy doen nie. Om homoseksualiteit vandag nog as 'n siekte te sien is egter nie aanvaarbaar nie.¹⁸

In 1935 skryf Freud onder andere dat homoseksualiteit nie iets is om oor skaam te wees nie, nie 'n gebrek (vice), nie 'n ontarding (degradation) of siekte nie. Freud beskou homoseksualiteit as beskadigde of geblokkeerde heteroseksualiteit (Dreyer 2004:194). In 1963 is egter steeds in psigiatryse kringe geoordeel dat 'n homoseksuele persoon 'n emosioneel versteurde individu is wat nie die normale

¹⁷ Die konklusie waartoe hulle gekom het is die volgende: "Since there is no experts who can answer these questions beyond the shadow of doubt, all we can do is digest the best information available from the testimony of gay and lesbian people, the ongoing results of scientific research, and the insights of serious biblical scholarship, praying that the Holy Spirit will lead us into all truth ... As for me and my house, we're putting our money on the *celebration* line" (Egertson 1999:30).

¹⁸ Sien Bylae D in NHKA (2007).

vermoë om bevredigende heteroseksuele verhoudings te ontwikkel verwerf het nie (Strommen 2001:22).

Karel Barth sien homoseksualiteit as 'n fisiese, sielkundige en sosiale siekte, die verskynsel van perversie, dekadensie en verval, wat te voorskyn kan kom wanneer die mens weier om die geldigheid van die goddelike gebod te aanvaar (Soards 1995:43).

Homoseksualiteit is eers in 1973 deur Amerikaanse psigiaters van hulle amptelike lys van patologiese toestande verwyder en in 1974 uit die DSM (sommige meen onder politieke druk van gay aktiviste¹⁹) (Anthonissen & Oberholzer 2001:145; Strommen 2001:22, 33-34; Doe 2000:66; Stott 1990:357). In 1975 het die American Psychological Association (ten spyte van teenkantiing) ook homoseksualiteit van hulle lys van geestesiektes verwyder (Strommen 2001:34). Binne psigiatrisie en sielkundige kringe word homoseksualiteit dus eers vanaf die sewentigerjare van die twintigste eeu deur talle geleerdes nie meer as 'n afwyking beskou nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:38; Strommen 2001:22).

Indien homoseksualiteit (of dan ten minste 'n homoseksuele oriëntasie) nie 'n sonde, perversie, afwyking of 'n siekte is nie, wat is dit? (Geyser & Van Aarde 2004:26; NGK 2004:146, 147; Doe 2000:72). Verteenwoordig dit maar net 'n unieke en eiesoortige dimensie van die mens se seksualiteit? (Anthonissen & Oberholzer 2001:43; NGK 2004:147).²⁰ Daar bestaan steeds verskillende menings oor homoseksualiteit.

Sommige wetenskaplikes sien homoseksualiteit as 'n gestremdheid (disability) wat met dieselfde deernis en openheid hanteer moet word as byvoorbeeld iemand wat sukkel om te praat of loop (NGK 2004:147). Ander beskryf dit as “less than ideal” of “falling short” terwyl meer konserwatiewe Christene soos Jones en Workman steeds meen homoseksualiteit moet gesien word as 'n “developmental abnormality” (Doe

¹⁹ Sien byvoorbeeld NGK (2007:220) asook Potgieter (2005:136, 544-545) wat kortliks hierna verwys.

²⁰ Sommige geleerdes (byvoorbeeld Havelock Ellis) sien homoseksualiteit as net so 'n normale variant van menslike gedrag soos om byvoorbeeld linkshandig te wees (Doe 2000:65; vgl ook Burr se soortgelyke beskouing in Dreyer 2004:194).

2000:73).²¹ Jeffrey Satinover is van oortuiging dat alhoewel homoseksualiteit nie 'n ware siekte is nie “it may be thought an illness in the spiritual sense of “soul sickness” innate to fallen human nature” (Doe 2000:73).

Talle hedendaagse geleerdes meen dat homoseksuele gedrag wat wederkerig, met beide partye se instemming in 'n liefdevolle, toegewyde verhouding beoefen word, op sigself nie skadelik is nie (Dreyer 2004:188).

Die nuutste sielkundige navorsing toon aan dat homoseksualiteit nie as 'n geestesiekte, as iets abnormaals of 'n morele afwyking geklassifiseer kan word nie (NHKA 2004:374; Potgieter & Van Huyssteen 2002:67; Anthonissen & Oberholzer 2001:157). Homoseksualiteit is die wyse waarop 'n minderheid menslike liefde en seksualiteit uitdruk.²²

Die evolusionêre bioloog, Joan Roughgarden toon aan dat die argument dat dieselfde geslag seksualiteit “onnatuurlik” is nie meer gehandhaaf kan word nie (Bateman & Bennett 2006:261). Volgens Bateman en Bennett (2006:261) wys Roughgarden daarop: “That is why non-reproductive sexual behaviour such as homosexuality occurs, because, according to social selection, homosexuality ultimately functions in the same way as heterosexuality: negotiating social bonds and access to resources”.

Al hoe meer mense in die hedendaagse wêreld beskou homoseksualiteit as net nog 'n aanvaarbare alternatiewe lewenswyse of seksuele variant²³ wat ongeïnhibeerd en

²¹ James Dobson sien homoseksualiteit as 'n verstoring wat waarskynlik nie self gekies word nie (Potgieter 2005:138).

²² Die APA verklaar volgens Anthonissen en Oberholzer (2001:145): “The research on homosexuality is very clear. Homosexuality is neither mental illness nor moral depravity. It is simply the way a minority of our population expresses human love and sexuality. Study after study documents the mental health of gay men and lesbians. Studies of judgement, stability, reliability, and social and vocational adaptiveness all show that gay men and lesbians function every bit as well as heterosexuals. Research findings suggest that efforts to repair homosexuals are nothing more than social prejudice” (sien ook Dreyer 2004:193). Sommige geleerdes bevraagteken egter die APA se bereidwilligheid om inligting wat hierdie amptelike standpunte oor homoseksualiteit weerspreek in ag te neem of selfs te publiseer (Strommen 2001:36). Die geweldige politieke invloed wat op die APA uitgeoefen word bekommer ook talle wetenskaplikes (Strommen 2001:35-37; Gagnon 2001:421-422).

²³ Volgens hierdie standpunt moet dus onderskei word tussen “homoseksuele oriëntasie as normale seksuele variant, waar gay-gevoelens en –gedrag nie 'n keuse is nie maar 'n onontkombare noodwendigheid, en homoseksuele gedrag gepleeg deur heteroseksuele mense” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:65-66).

skuldvry uitgeleef kan word (Potgieter & Van Huyssteen 2002:65; Anthonissen & Oberholzer 2001:151; Doe 2000:107).²⁴

Die doel van die Gay Activist Movement is om homoseksualiteit as 'n aanvaarbare, normale en veilige lewenswyse voor te hou wat deur die samelewing as net so 'n normale seksuele voorkeur as heteroseksualiteit beskou moet word (Strommen 2001:22). As 'n skeppingsgawe kan en moet dit as 'n normale deel van die lewe gevier word. Militante gay aktiviste (Strommen 2001:23) stel dit duidelik dat homoseksualiteit

- 'n aangebore, geneties gedetermineerde²⁵ deel van die menslike liggaam is²⁶;
- onomkeerbaar en onveranderbaar is;
- normaal is soos linkshandigheid normaal is.

Op die vraag of homoseksualiteit as normale gedrag beskou moet word, is daar vandag onder verskillende sielkundiges en psigiaters steeds skerp meningsverskil (Strommen 2001:33).²⁷ Dit wil tog voorkom of die oorwig getuienis daarop dui dat homoseksualiteit vandag nie sondermeer net as iets abnormaals beskou kan word nie.

²⁴ Is dit nie tyd vir die kerk om vir gelowige homoseksuele persone riglyne te gee hoe om hulle seksuele oriëntasie skuldvry en ongeïnhibeerd binne 'n permanente verbintenis van liefde en trou uit te leef nie?

²⁵ Potgieter en Van Huyssteen (2002:67) is egter van oortuiging: "Hoogstens kan dit aanvaar word dat die mens se gene waarskynlik wel 'n rol kan speel en dat daar 'n predisposisie (vatbaarheid, neiging) tot homoseksualiteit mag wees, teenoor die bewering dat daar 'n genetiese predestinasie (onafwendbare voorbeskikking is)". Buitendag (2004:77) toon ook oortuigend aan dat genetiese predisposisie besliste grense het.

²⁶ Potgieter en Van Huyssteen (2002:67-68) is in die lig van hulle kinderlike geloof in God en die Skrif, die verhare van Genesis 1-3, die sondeval en die skepping van die mens as manlik en vroulik, nie daarvan oortuig dat homoseksualiteit onteenseglik 'n genetiese oorsprong het nie en stem saam met William Webb: "Untill God redesigns the physical/sexual construction of male and female, this distinction or boundary continues to influence our contemporary world. While a greater understanding of non-volitional components – biological and environmental – confirms the need for an appropriately nuanced approach (scaled culpability), it hardly overturns the physiological facts of being male or female and does not alter the grounds for ethical reasoning about right relationships between persons who remain male and female under God's creative and recreative purposes".

²⁷ Hierdie verskille in beskouing oor homoseksualiteit spruit grootliks uit die teorie waarmee gewerk word: essensialisties of konstruktivisties (Strommen 2001:34; vgl ook NGK 2007:213-214).

3.4 MOONTLIKE OORSAKE VAN HOMOSEKSUALITEIT²⁸

Die volgende woorde som die huidige stand van sake, wanneer oor moontlike oorsake van homoseksualiteit gedebatteer word, goed op: “Research into the causes of homosexuality has left a lot of mysteries unsolved” (Stott 1990:356-357). Daar bestaan geen eenstemmigheid oor waarom sekere mense homoseksueel en ander byvoorbeeld heteroseksueel is nie (Nissinen 1998:5, 7).²⁹ Selfs in die huidige post-moderne tyd bly die redes vir en oorsake van ’n homoseksuele oriëntasie onbekend (De Villiers 2006a:192; Nissinen 1998:125).

Vandat daar in Europa begin is om homoseksualiteit as ’n toestand te beskou word daar na oorsake daarvoor gesoek (Anthonissen & Oberholzer 2001:147). Freud was van oortuiging dat elke persoon met ’n biseksuele potensiaal gebore word, maar vir onbekende redes word iemand of homo- of heteroseksueel (Doe 2000:67). Freud het na homoseksuele as ‘inverte’ verwys en tussen drie soorte onderskei: die ‘biologiese’ wat eksklusief homoseksueel was; die ‘amfigeniese’ bedoelende biseksueel en die ‘kontingente’ wie se toestand grootliks die gevolg van omgewingsinvloede was en gevolglik moontlik kon verander. Hy het gemeen dat die hooforsaak van homoseksualiteit psigologies van aard was en het dit verbind met die Oedipus kompleks en narcisme (Doe 2000:67; NGK 2004:146).

Verskeie faktore is al as redes vir ’n individu se seksuele oriëntasie aangevoer (Nissinen 1998:5-7). Dit sluit onder andere in genetiese en hormonale faktore, vroeë kinderervarings³⁰, dominante ma’s en afwesige vaderfigure (Stander 2003:121; Strommen 2001:25-32). Daar is dus voorstanders van beide konstitusionele homoseksualiteit en verworwe homoseksualiteit asook ’n kombinasie van die twee

²⁸ Vir eeue al woed daar onder geleerdes ’n debat oor wat vir die vorming van elke individu se menswees en gevolglik ook menslike gedrag verantwoordelik is: gene (nature) of omgewingsinvloede (nurture)? (Ridley 2003:41 e v; Sien Buitendag 2004:67-68 vir voorbeelde van geleerdes wat menslike gedrag net aan gene toeskryf asook waarom hierdie standpunt afgewys moet word). Hoewel daar nog nie eenstemmigheid oor die saak is nie, begin dit al meer blyk “... that gene expression can be modified by experience ... that learning itself consists of nothing more than switching genes on and off” (Ridley 2003:42). Ridley (2003:47) is oortuig dat dit tans beter is om te dink in terme van “nature via nurture” as in terme van “nature vs nurture”.

²⁹ Die Lepchas wat in die Sikkim Himalayas woon is daarvan oortuig dat homoseksualiteit veroorsaak word deur ’n gekastreerde vark se vleis te eet (Doe 2000:67). Dit illustreer maar net een van talle (soms vreemde!) teorieë oor wat moontlik homoseksualiteit veroorsaak. Binne sommige swart kulture word geglo dat homoseksualiteit enigets van ’n geestesiekte tot ’n produk van kolonialisme is (Beeld 17 Januarie 2007:9).

³⁰ Sommige geleerdes reken dat ongeveer 30% van alle homoseksuele persone beweer dat hulle as kinders gemolesteer is (Potgieter 2005:139).

(NHKA 2004:376). Wetenskaplikes is dit egter eens dat dit nie moontlik is om net een enkele oorsaak te gee vir 'n homo- en/of heteroseksuele oriëntasie nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:143; Strommen 2001:25-28; Nissinen 1998:132). Volgens die jongste geestes- en natuurwetenskaplike navorsing blyk dit dat seksuele oriëntasie die gevolg is van 'n komplekse interaksie tussen biologiese, psigologiese en sosiale faktore in die eerste lewensjare (NGK 2004:146; Stander 2003:121; Anthonissen & Oberholzer 2001:143; Strommen 2001:25, 80; Nissinen 1998:132).³¹

Tydens vroeë adolessensie, in die afwesigheid van enige vorige seksuele ervarings, ontdek sommige tieners 'n aangetrokkenheid tot hulle eie geslag (Stander 2003:121). Almal wat hierdie aangetrokkenheid tot die eie geslag ervaar is egter nie noodwendig homoseksueel nie. Navorsing toon aan dat talle adolessente op 'n stadium verward of onseker is oor hulle seksuele identiteit (Strommen 2001:28-29).

'n Gewilde verklaring vir die voorkoms van 'n homoseksuele oriëntasie is die volgende (vgl Stander 2003:124): God se oorspronklike skeppingsorde is deur die sondeval versteur.³² Wat jou seksuele oriëntasie ookal mag wees, elkeen vertoon sy of haar individuele letsels uit die sondeval. Homoseksueel, biseksueel en heteroseksueel is slegs verskillend beskadig. Die homofiel se letsels as gevolg van die sondeval is in die area van seksuele oriëntasie.³³ Dit kom voor in sy gene³⁴, net soos die "letsels" in die gene van byvoorbeeld sekere alkoholiste en depressie lyers.

Die Bybel probeer volgens sommige geleerdes ook nie om die oorsprong van homoseksuele gedrag aan te dui anders as in die mag van sonde nie (Soards

³¹ Sien Buitendag (2004:74-76) wat die vraag bespreek of 'n homoseksuele oriëntasie gesien kan word as iets waarin iemand 'n keuse het en of jy maar net 'n slagoffer daarvan is.

³² Stander (2003:123-124) wys daarop: "*Skeppingsorde* is 'n sleutelwoord in die Christelike etiek. In die *skeppingsorde* sien die gelowige God se oorspronklike plan: ongeskonde en volgens sy wil. Binne die *skeppingsorde* leef een man en een vrou in 'n seksuele en geestelike verhouding met mekaar saam, bewerk en bewaak die mens die skepping, is die ekologie in harmonie en die die rusdag tot liggaamlike en geestelike verkwikking. Die *skeppingsorde* is deur die sondeval versteur...Homoseksualisme is, soos siekte, lyding, pyn en die dood, 'n uitval uit die *skeppingsorde*".

³³ Potgieter en Van Huyssteen (2002:64-65) beskou nie die letsels van die sondeval as sonde nie, maar wat jy met daardie letsel maak kan volgens hulle wel sonde word.

³⁴ Daar word dus beweer "... dat homoseksualiteit iets is wat 'n mens kan oorerf, dat dit deel van God se skeppingsordening is en dat mense wat homoseksueel georiënteer is, nie anders kan as om dit te (wil) beoefen nie" (Potgieter & Van Huyssteen 2002:44).

1995:59).³⁵ Dit skep natuurlik die vraag hoe bepaal jy watter gedrag se oorsprong lê in die mag van sonde?

John Money is oortuig dat homoseksualiteit iets is wat met jou gebeur, iets wat bepaal is voor jou geboorte (Strommen 2001:23; vgl ook NGK 2004:146). Homoseksualiteit is net so min 'n voorkeur as wat heteroseksualiteit 'n voorkeur is. 'n Populêre beskouing wat talle homoseksuele aktiviste propageer is dat jy of gay gebore word³⁶ of nie, dat dit 'n geneties gedetermineerde oriëntasie is wat jy nie self kies nie (Beeld 21 Maart 2007:11; Potgieter 2005:130; Gagnon 2001:395). Daar is dus aan die een kant wetenskaplikes wat oortuig is dat mense homoseksueel gebore word as gevolg

³⁵ Sommige sien homoseksuele verhoudings as 'n abnormale verskynsel wat die gevolg is van die sondige gebroke werklikheid (Potgieter 2005:91; sien ook NGK 2007:209). Potgieter (2005:262) is oortuig: "Die ontstaan en bestaan van sonde, sowel as die gevolge wat dit op die skepping in geheel gehad het, en nog sal hê, verklaar die voorkoms van hartseer en onvolmaakte dinge ... Net so verklaar dit ook die bestaan van 'n homoseksuele oriëntasie ... Dit is die sondeval en die meegaande letsels wat dit op die mens en die skepping gelaat het, wat almal vandag en deur die eeue heen, in 'n staat van onvolmaaktheid gelaat het". Is homoseksualiteit egter wel iets wat hartseer, onvolmaak en die gevolg van die sondeval is?

³⁶ Anthonissen en Oberholzer (2001:169-170) stel: "*Met betrekking tot die kwessie van homoseksualiteit* gaan dit in die skeppingsperspektief *nie allereers om die vraag of dit so deur God gewil is nie* (dus of God die persoon so gemaak het en of die persoon hom/haarself so gemaak het nie), of Hy daaragter sit (as oorsaak of as straf) en of die persoon self die toestand veroorsaak het (aangeleerde gedrag, permissiwiteit, ens) nie. Dit gaan om die feit dat alle mense God so moet verteenwoordig dat sy genade en ontferming teenoor die wêreld sal blyk. Ook dat sy status en eer as troue God nie aangetas sal word nie. *Representasie* is die doel van die skepping en verwys teologies gesproke na die feit dat die mens as skepsel in al die fasette van sy/haar bestaan beeldraer van God is. Juis dit het Christus kom herstel, sodat die mens in die totaliteit van sy bestaan, veral dan ook in sy seksualiteit, God kan dien en sy eer kan handhaaf".

Potgieter en Van Huyssteen (2002:39) sien in bogenoemde argument (wat eerder wil uitgaan van 'n herskeppingsteologie as 'n skeppingsteologie) "die invloed van die postmoderne teologie en die ontkenning van die sondeval of erfsonde en die hartseer werklikheid van die "sondige natuur" (die vlees - Rom 8; Gal 5)...".

Potgieter en Van Huyssteen (2002:64) benader die saak soos volg: "Dit lyk vir ons of God se oorspronklike bedoeling met die skepping van die mens, voordat die sondeval plaasgevind het, die volgende was:

*Skep die mens as man en vrou, sonder enige fisiek-biologiese of psigies-sosiale gebreke/afwykings, wat albei as sodanig beeldraers van God is, en wat 'n bepaalde twee-eenheid (ook fisiek/liggaamlik) kan word om intieme maats, vriende en helpers vir mekaar te wees. So 'n paar tree dan in 'n vaste langtermynverhouding met mekaar – ons praat van trou of die huwelik.

*Albei moet die aarde as sy verteenwoordigers bewoon en bewerk.

*Voortplanting van die mens moet deur 'n mensepaar geskied, dus kry hulle die nodige liggaamlike "apparaat" en potensiaal (of die moontlikheid) daartoe.

Na die sondeval het dinge ingrypend verander. Vanuit die breë inligting wat ons in die Skrif kry, kan ons nie anders nie as om te sê dat ons in die geval van al die gemelde kwale, afwykende toestande (fisiek en psigies, geneties-bepaald of nie, oorgeërf of aangeleer) te doen het met die direkte nalatenskap van die sondeval. Sonde kom egter eers saam met dit wat jy met en van jou toestand maak.

van genetiese en opvoedkundige invloede wat teen twee jaar reeds vasgelê is (Potgieter & Van Huyssteen 2002:45; Strommen 2001:26).³⁷

Daar is aan die ander kant ook gesaghebbende navorsing wat stel dat dit uiters moeilik is om te bewys dat 'n persoon geneties homoseksueel gebore kan word (Potgieter & Van Huyssteen 2002:46, 60; Strommen 2001:26, 80).³⁸ Geen tweelingstudies³⁹ of geenkoppelingstudies of ander navorsing kon bewys dat homoseksualiteit geneties-deterministies oorerflik⁴⁰ is nie (Potgieter & Van Huyssteen 2002:61-63; Strommen 2001:26-27; Nissinen 1998:7). In die woorde van Dean Hamer (self 'n homoseksuele man): “There is not a single master gene that makes people gay ... I don't think we will ever be able to predict who will be gay” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:61; vgl ook Gagnon 2001:400).⁴¹ Hoewel homoseksualiteit dus 'n duidelike genetiese komponent het, bestaan daar nie iets soos 'n gay-geen nie.⁴² Indien gene op 'n deterministiese wyse vir homoseksualiteit verantwoordelik is, kan dit ook vir ander afwykende en onaanvaarbare gedrag soos verkragting, pedofilie, woedebuie, kindermishandeling en selfs homofobie en rassisme verantwoordelik wees (Potgieter & Van Huyssteen 2002:51-52; vgl ook Buitendag 2004:68 e v).⁴³ Min mense, indien enige, sal redeneer dat gewelddadige optrede so deur gene beïnvloed word dat persone

³⁷ Sommige navorsers het bevind dat gay mans meer waarskynlik is om ouer broers (maar nie ouer susters) te hê nie as byvoorbeeld lesbiërs of heteroseksuele mans. Sien Ridley (2003:47) wat hierna verwys.

³⁸ Sien NGK (2007:214-219), Potgieter & Van Huyssteen (2002:51-61) en Gagnon (2001:399-403) vir 'n volledige bespreking.

³⁹ Bateman en Bennet (2006:261) wys op navorsing wat wel aantoon dat indien een lid van 'n disogotiese manlike tweeling homoseksueel is, daar 'n een in vier waarskynlikheid is dat die tweelingbroer ook homoseksueel sal wees. Indien een monosogotiese manlike lid van 'n tweeling homoseksueel is, het sy identiese broer 'n 50% kans om ook homoseksueel te wees. Sommige navorsing wys verder daarop dat homoseksualiteit van die moeder en nie van die vader geërf word. Dit is interessant dat ooms wat homoseksueel is waarskynlik van die ma se kant van die familie afkomstig sal wees. Alberts (Beeld 21 Maart 2007:11) verwys na navorsing op identiese tweeling wat aantoon dat hoe meer gene iemand met 'n homoseksuele familielid deel, hoe groter is die kans dat jy self ook homoseksueel sal wees.

⁴⁰ Potgieter en Van Huyssteen (2002:56; vgl ook Gagnon 2001:403-406, 461) wys verder daarop: “Indien homoseksualiteit 'n eenvoudige geneties-deterministiese oorerwingspatroon vertoon het, sou homoseksualiteit in 100% van die gevalle by albei lede van 'n tweelingpaar voorgekom het”. Hulle gevolgtrekking is: “Alle mesnlike gedrag is die resultaat van 'n komplekse wisselwerking tussen gene en die omgewing. Dit sou daarom verbasend wees as dit nie ook so was in die geval van homoseksualiteit nie. Oorerfbaar beteken nie oorgeërf nie” (Potgieter & Van Huyssteen 2002:66; vgl ook Dreyer 2004:192-193).

⁴¹ Sommige geleerdes is wel oortuig dat navorsing daarop dui dat “... there is a sizeable genetic component to homosexuality” (Bateman & Bennett 2006:261).

⁴² Sien Alberts se insiggewende artikel in Beeld (21 Maart 2007:11).

⁴³ Potgieter en Van Huyssteen (2002:52-53) wys met bogenoemde argument daarop dat dit nie so maklik is om te redeneer dat “homoseksuele se optrede nie moreel-eties beoordeel kan word nie omdat dit natuurlik en onvermydelik is”.

wat hulle daaraan skuldig maak nie daarvoor verantwoordelik is nie (Gagnon 2001:402-403). Daar kan dus hoogstens gesê word dat gene 'n predisposisie mag bydra tot 'n homoseksuele oriëntasie (Strommen 2001:26). Gene speel waarskynlik net 'n indirekte en gedeeltelike rol in die ontstaan van jou seksuele oriëntasie (Gagnon 2001:38, 401).

Ridley (2003:42) maak die volgende insiggewende opmerking: “Genes are not static blueprints that dictate our destiny. How they are expressed - where and when they are turned on or off and for how long - is affected by changes in the womb, by the environment and by other factors”.⁴⁴ Gene dien as beide oorsaak (cause) en gevolg (consequence) van mense se dade (Ridley 2003:47).

Buitendag (2004:77) som die nuutste insigte van genetiese navorsing soos volg op:

- Gene handel nooit geïsoleerd nie;
- Gene se aktiwiteit is altyd indirek;
- Gene kan aan- en afgeskakel word;
- Gene handel slegs op bepaalde fases van ontwikkeling;
- Gene en omgewing is altyd interaktief;
- Gene tree binne 'n unieke konteks op.

Gagnon (2001:430) is oortuig dat die nuutste wetenskaplike navorsing gewoon dit bevestig wat die Skrif en gesonde verstand ons reeds geleer het: menslike gedrag is die gevolg van 'n komplekse mengsel van biologies verwante begeertes (geneties, intrauteriene, post-natale breinontwikkeling), familiële en omgewings invloede, menslike sielkunde en herhaalde keuses. Anders gestel: “Menslike gedrag is altyd 'n funksie van oorerflikheid, omgewing en keuses” (NHKA 2004:389; vgl ook Buitendag 2004:64, 78).⁴⁵

⁴⁴ Ridley (2003:44) wys ook daarop “... that genes are not immutable things handed down from our parents like Moses' stone tablets but are active participants in our lives, designed to take their cues from everything that happens to us from the moment of our conception”.

⁴⁵ Alberts (Beeld 21 Maart 2007:11) gebruik die interessante voorbeeld van flaminke om te verduidelik dat die gesamentlike aksie van gene en omgewing verantwoordelik is vir flaminke se pienk kleur. Flaminke se pienk kleur is afhanklik van die omgewingsfaktor dieet (klein garnale en plankton). Indien hulle nie klein garnale en plankton eet nie, is hulle wit! 'n Flaminke se vermoë om pienk te word as gevolg van die spesifieke dieet is egter volkome afhanklik van hul gene. Selfs al voer jy 'n seemeeu lewenslank klein garnale en plankton, sal hulle nie pienk word nie. Die belangrike gevolgtrekking wat Alberts op grond hiervan maak is dat die flaminke se pienk kleur 100% die gevolg is van

Alberts (sien Beeld 21 Maart 2007:11) is oortuig dat die meeste mense 'n heteroseksuele oriëntasie het vir duidelike evolusionêre redes: dit produseer kinders wat die menslike ras laat voortleef.

Vir Blumfeld en Raymond maak die feit dat daar nie 'n duidelike antwoord op die vraag na die oorsaak van homoseksualiteit is, geen verskil nie⁴⁶, want: “There is no ‘one explanation’ for heterosexuality either!” (Doe 2000:68; vgl Wink 1999:36).

3.5 VERANDERING VAN SEKSUELE ORIËNTASIE

Op die vraag of seksuele oriëntasie kan verander, bestaan daar steeds groot meningsverskil (Potgieter 2005:140; NGK 2004:146).

Tot diep in die twintigste eeu is gepoog om deur middel van kastrasie, aversie terapie, hipnose, hormoonbehandeling, breinoperasies en selfs nog erger metodes, persone se seksuele oriëntasie te verander (NGK 2004:146; Doe 2000:66). Baie gays het al moedig probeer om in heteroseksuele te verander deur te trou en kinders te hê. Verskeie het selfs na intense gebed en psigoterapie geen verandering in hulle seksuele oriëntasie ervaar nie (Strommen 2001:49). Sommige gelowiges stel geloofsgenesing of bekering voor (De Villiers 2006a:188; Potgieter 2005:xv).

Pogings om iemand se seksuele oriëntasie te verander, loop meestal (sommige meen altyd) op mislukking uit (Potgieter 2005:147; Myers 1999:69).⁴⁷ Alberts wys daarop dat hoewel daar sterk bewyse is dat sommige gays hul seksuele oriëntasie kan verander, kan die oorgrote meerderheid dit nie doen nie (Beeld 21 Maart 2007:11). Om die seksuele oriëntasie van 'n volwasse persoon te probeer verander, behels 'n

oorerwingsgene en 100% die gevolg van omgewingsdiëet, wat beide teenwoordig moet wees. Hieruit blyk dit duidelik dat daar 'n komplekse wisselwerking tussen omgewing en gene bestaan wat uiteindelik tot 'n sekere kleur (gedrag) lei.

⁴⁶ Potgieter en Van Huyssteen (2002:65) is van oortuiging: “Ons glo dat, om vandag te verstaan wat die boodskap is wat die Skrif wil oordra, die wetenskaplike redes waarom hierdie toestande of verskynsels voorkom, nie noodwendig altyd bekend hoef te wees nie”. Potgieter (2005:135) wys ook daarop: “Voorstanders en teenstanders van homoseksuele verhoudings misbruik navorsing rakende 'n homoseksuele oriëntasie ... Dit is dus 'n ope vraag of die nadenker rakende oorsake vir homoseksualiteit enigsins van wetenskaplike resultate gebruik kan maak”.

⁴⁷ Jean du Plessis (1999:36) skryf: “Prof Aubrey Theron van die Universiteit van Pretoria meen dat dit net so onmoontlik is om 'n homoseksuele mens heteroseksueel te maak as wat dit sou wees om 'n geamputeerde been weer heel te maak. Byna alle sielkundiges en psigiaters met ervaring in hierdie veld sal met hom saamstem. Jare lange berading, pastorale begeleiding, direkte of rigtinggewende terapie kan net so min iemand se basiese seksuele oriëntasie verander as wat dit bruin oë kan blou maak” (Vgl ook Anthonissen & Oberholzer 2001:156).

totale verandering in sy emosionele, romantiese en seksuele gewaarwordings en die herstrukturering van sy selfkonsep en sosiale identiteit (Stander 2003:122).

Navorsing wat in 1990 deur die American Psychological Association gepubliseer is wys daarop dat terapie om 'n verandering van seksuele oriëntasie te probeer bewerkstellig, meestal groter emosionele probleme vir die persoon veroorsaak (Stander 2003:122). Nie hulle homoseksualiteit nie, maar die proses om te probeer ontken wie hulle is, beskadig homoseksuele persone (Dreyer 2004:190). Teenstanders van her-oriëntasie terapie beweer dat dit gevaarlik is en ook nie instaat is om blywende verandering teweeg te bring nie (Strommen 2001:50; Myers 1999:69).⁴⁸

Talle geleerdes is oortuig dat tot op hede geen vorm van behandeling of terapie om 'n persoon se seksuele oriëntasie te verander effektief is nie (NGK 2007:145; Dreyer 2004:193; NHKA 2004:374; Anthonissen & Oberholzer 2001:145; Strommen 2001:49-50). Al meer word gestel dat sielkundige behandeling alleen maar kan poog om homoseksuele persone te help om die werklikheid van hulle oriëntasie (waaroor hulle min beheer het) te aanvaar⁴⁹ voordat maatskaplike oordeel en persoonlike pyn hulle tot wanhoop, drank, dwelms of selfs selfmoord dryf (Anthonissen & Oberholzer 2001:25; Kelsey & Kelsey 1999:65).

Doe (2000:83) stel: “It would be fair to say that many of the church projects which used to focus on changing a person’s sexuality or on direct spiritual healing are now more concerned with helping gay and lesbian Christians to accept their orientation

⁴⁸ In 'n brief aan die American Psychiatric Association word hierdie bewerings egter deur vyf vooraanstaande psigiaters as onwaar afgemaak (Strommen 2001:55-56).

⁴⁹ Die American Medical Association stel in 1994 voor dat “psigoterapie aan gay mense daarop gerig moet wees om hulle te help “to become comfortable with their sexual orientation”” (Anthonissen & Oberholzer 2001:153). Anthonissen en Oberholzer (2001:152) wys daarop dat die APA in 1994 'n voorstel na een van sy komitees gestuur het wat die volgende as oneties beskou: “Pogings deur 'n sielkundige om 'n persoon se seksuele oriëntasie deur terapie te probeer verander” asook die “Verwysing van 'n pasiënt na 'n terapeut of organisasie wat probeer om mense se seksuele oriëntasie te verander”. Volgens Potgieter en Van Huyssteen (2002:48) word hierdie aanbevelings (hoewel dit in 2000 volledig aanvaar is) steeds hewig gedebatteer. Wat staan homoseksuele persone wat van oriëntasie wil verander, maar nie deur professionele persone gehelp wil word nie, te doen? Vir Strommen (2001:51) lyk hierdie toedrag van sake meer skadelik as om hulp te verleen aan homoseksuele persone wat graag wil verander.

and live with it. They understand this to mean embracing chastity, and carefully keeping away from the temptations of the gay sub-culture”.⁵⁰

Hierdie optrede deur talle kerke is ’n stap in die regte rigting.⁵¹ Die vraag is natuurlik wat homoseksuele persone te doen staan wat nie in staat is om selibaat te leef nie. Moet daar nie vir hulle ’n aanvaarbare ruimte geskep word om hul seksualiteit uit te leef nie?

Meeste homoseksuele persone beweer dat hulle nie gekies het om homoseksueel te wees nie⁵², maar dat dit eerder iets is waarvan hulle in hulle menswees bewus geraak het (NHKA 2004:377; Strommen 2001:62; Myers 1999:68).⁵³ Homoseksuele gedrag “kan verander word deur dit tot selibaat te kondisioneer, maar die innerlike emosionele en gevoelsoriëntasie van die gay verander nie” (Anthonissen & Oberholzer 2001:25, 155; Myers 1999:69).⁵⁴

⁵⁰ Anthonissen en Oberholzer (2001:162) sluit hierby aan wanneer hulle sê: “Skaamte en skuldgevoelens van die gay kan grootliks geëlimineer word deur ’n predikant indien hy, sonder enige veroordeling, die gay persoon kan help om sy of haar geestelike lewe te integreer met ’n gay georiënteerde waardesisteen”. Hulle meen verder daar “... kan en moet van die gay persoon verwag word om binne die raamwerk van sy of haar seksuele oriëntasie as gelowige te leef op ’n *verantwoordelike wyse*, in die lig van sy/haar status voor God en die Bybelse kriteria vir die sinvolle uitlewing van menslike seksualiteit. Presies hierop behoort die pastoraat aan die gay persoon af te stuur” (Anthonissen & Oberholzer 2001:174; vgl ook Cilliers 1997:174-175).

⁵¹ Talle kerke is egter steeds nie seker wat die doel van hul pastorale ondersteuning moet wees nie (NGK 2007:142).

⁵² Die American Psychological Association (APA) het in Julie 1994 gestel “Homosexuality is not a matter of individual choice. Research suggests that the homosexual orientation is in place very early in the life cycle, possibly even before birth” (Anthonissen & Oberholzer 2001:144; sien ook Dreyer 2004:193). Volgens Doe (2000:106): “...whatever the Early Church, or the medieval Church, understood by homosexuality, we now know ... things which they probably didn’t. ... we accept that it’s the way certain people are ‘made’ – it is, as we say, their ‘orientation’. Few Christians, and no public statements from any of the major denominations, now doubt this”.

⁵³ Anthonissen en Oberholzer (2001:144; vgl ook Myers 1999:68) is van oortuiging: “Gay gevoelens, emosies, erotiese reaksies en oriëntasie is net so min ’n geval van keuse as wat dit die geval is met heteroseksuele gevoelens, emosies en erotiese reaksies. Seksuele voorkeur kom slegs ter sprake wanneer ’n persoon ’n bewuste *biseksuele oriëntasie* het en dus kan kies watter geslag sy of haar maat gaan wees”.

⁵⁴ Dit is ’n vraag hoeveel heteroseksuele persone al gedink het of dit vir hulle sou moontlik wees om van seksuele oriëntasie te verander. Net soos dit vir die meeste heteroseksuele mense ondenkbaar is, is dit waarskynlik vir homoseksuele mense ook byna ondenkbaar. Dit is egter wat talle gelowiges van homoseksuele persone verwag!

Oor hierdie saak bestaan daar nie eenstemmigheid nie.⁵⁵ Argumente vir die teendeel bestaan ook (NGK 2007:169, 220-221). Daar is volgens Strommen (2001:40, 49, 51, 54-55) meer as 100 gepubliseerde studies wat daarop wys dat 'n homoseksuele oriëntasie wel deur onder andere verskillende vorme van psigoterapie of geloofgebaseerde programme verander kan word. Talle geloofgebaseerde kerklike bedieninge poog om homoseksuele persone te help met die proses om van seksuele oriëntasie te verander (Gagnon 2001:423-424). 'n Voorbeeld van so 'n groep is Homosexuals Anonymous wat ongeveer 50 takke regdeur Noord Amerika het en wat op die model van Alkoholiste Anoniem gegrond is.

Die psigoterapeut Joseph Nicolsi is oortuig dat die sukses van herstel (her-oriëntasie) terapie vir homoseksuele persone dieselfde is as vir enige vorm van psigoterapie: een derde is suksesvol, een derde toon 'n verbetering, en een derde is onsuksesvol (Strommen 2001:58). Sonder die motivering en dieperliggende begeerte om te wil verander, is feitlik geen verandering moontlik nie (Strommen 2001:60; Gagnon 2001:427). Strommen en Gagnon is in die lig van betroubare navorsing oortuig dat blywende seksuele heroriëntasie moontlik is vir sommige, maar nie vir alle homoseksuele persone nie (Strommen 2001:61, 80, 89; Gagnon 2001:428). Ander geleerdes is weer van oortuiging dat hulpverleners wat poog om 'n homoseksuele oriëntasie te verander hulle skuldig maak aan sosiale vooroordeel wat mense beskadig (Dreyer 2006:453).

Uit hierdie hoofstuk het dit duidelik geblyk dat gelowiges en ander, nie anders kan as om kennis te neem van die nuutste insigte oor homoseksualiteit in die natuur- en geesteswetenskappe nie. Homoseksualiteit is nie 'n afwyking, siekte, perversie of iets abnormaals nie. Oor die oorsake van homoseksualiteit, bestaan daar nie

⁵⁵ Dit blyk byvoorbeeld uit die woorde van die psigiater, Robert L Spitzer, op 9 Mei 2001 aan die American Psychiatric Association: "I'm convinced from the people I have interviewed, that many of them have made substantial changes toward becoming heterosexual ... I think that's news ... I came to this study sceptical. I now claim that these changes can be sustained" (Potgieter & Van Huyssteen 2002:49; vgl ook Beeld 21 Maart 2007:11; Gagnon 2001:420-429 en Strommen 2001:54-55).

eenstemmigheid nie. Dit is verder ook duidelik dat dit feitlik onmoontlik is om iemand se seksuele oriëntasie te verander.

HOOFSTUK 4

BYBELSE PERSPEKTIEWE

4.1 INTERPRETASIE VAN DIE BYBEL

Die Bybel dien as riglyn vir gelowiges se gedrag en vorm die basis vir hulle waardes en norme (Potgieter 2005:267; Dreyer 2004:175). Etiese kwessies soos homoseksualiteit dwing gelowiges om opnuut na die Bybel te luister en om in die lig daarvan te bepaal wat is normatief ten opsigte van 'n bepaalde vraagstuk (NGK 2007:146; Anthonissen & Oberholzer 2001:164).

Die debat oor homoseksualiteit skep 'n gunstige geleentheid om duidelikheid te kry oor hoe die Bybel vandag hieroor en ook oor ander sake geïnterpreteer behoort te word (Wink 1999:33). Ten diepste gaan die debat oor homoseksualiteit oor die vraag: Hoe moet 'n mens die Bybel interpreteer?

4.1.1 Reformatoriese perspektief op die Bybel¹

Een van die hoekstene van die gereformeerde tradisie is die beginsel van *Sola Scriptura* (Soards 1995:70). Dit beteken dat die geloof en leerstellings van die kerk en gelowiges op die Woord alleen berus (NGK 2004:139; Anthonissen & Oberholzer 2001:45; Soards 1995:69-71). Die Bybel vorm die bron en norm vir die lewenswandel en geloofsleer van gelowiges en die kerk (Human 2003:262). Enige gereformeerde kerk moet altyd bereid wees om haar standpunt oor 'n saak voortdurend aan die Skrif te toets (NGK 2004:139; Anthonissen & Oberholzer 2001:63).

Vir die sestiende-eeuse Hervormers was dit belangrik om die Skrif histories te verstaan. Elke Bybelgedeelte moes teen die agtergrond van sy eie ontstaanstyd verstaan word (Anthonissen & Oberholzer 2001:92). Die Bybel kan gevolglik alleen 'n positiewe bydrae in moderne gesprekke oor moeilike kwessies soos homoseksualiteit lewer indien die leser tekste binne hul historiese konteks ontleed en verstaan (NGK 2007:146; Nissinen 1998:126). Die Skrif moet gevolglik altyd in

¹ Volgens Doe (2000:47) het die sestiende eeuse reformatore gepoog om twee dinge te vermag: "One was to say that everything essential was there in Scripture, and so reject the Roman Catholic dependence on the teaching authority of the Church. The other was to distance themselves from the Puritan's claim that what Scripture said was self-evident and didn't need interpretation".

konteks verstaan en uitgelê word. Die leser moet verder die bepaalde kulturele omstandighede van sekere uitsprake deeglik verreken (NHKA 2004:378). Veral morele uitsprake kan 'n mens nooit los van hulle sosio-kulturele konteks verstaan nie (Dreyer 2004:198).

Die kulturele konteks² waarin 'n persoon (en die kerk) hulle bevind, het 'n groot invloed op hulle verstaan van die Bybel en homoseksualiteit (Punt 2006:902; Doe 2000:25). Die kerk moet voortdurend daarteen waak dat sy nie net instem en meegaan met die morele waardes van die kultuur van die dag³ of dit aanvaar sonder om dit aan die Bybel te toets nie (Strommen 2001:89).⁴ Indien gelowiges eenvoudig net die norme van die samelewing navolg, word hulle kulturele Protestante (Strommen 2001:89). Indien gelowiges of nie-gelowiges dus wil bepaal of homoseksualiteit versoenbaar met die Skrif is, moet hulle vasstel wat die Bybel daarvoor sê en hoe hulle dit moet interpreteer (Doe 2000:26).

Anthonissen en Oberholzer (2001:43) wys daarop: “'n Ander baie belangrike deel van ons gereformeerde erfenis is ... dat ons nie alleen die Woord reg sal uitlê nie, maar ook die menslike aard, in die geval homoseksualiteit as antropologiese gegewe, goed sal verstaan”. Ons weet, byvoorbeeld, vandag meer as Paulus oor aardrykskunde (die aarde is rond en nie plat nie⁵) en het baie meer wetenskaplike kennis oor die mens as wat 2000 jaar gelede die geval was (NGK 2007:203; Anthonissen & Oberholzer 2001:98; Nissinen 1998:124-125). Paulus was nie bewus van die onderskeid tussen

² Cilliers (1997:179) verwys na die uitspraak van die Verenigde kerk van Kanada: “We are called to constantly study and develop our theology for our time. We are called to continually work at our theology in our context. Truth is evolving; Our understanding of truth is provisional and contextual”. Veral die opmerkings oor waarheid sal vir sommige mense onaanvaarbaar wees.

³ Doe (2000:25) stel tereg: “But Christian truth can never be determined by cultural context. At the very least it emerges from the dialogue between that social context and all the ways in which God has been known in the past, in the belief that through this conversation we may hear God speaking to us in the present. Paramount in all of this is the way that God has spoken through the Bible, and how he makes himself known through our reading of the Bible today”. Hierdie woorde beklemtoon die belangrike plek wat die Bybel steeds moet speel in gelowiges se lewe en besinning oor homoseksualiteit. Potgieter (2005:163) wys daarop: “Die weg om 'n oortuiging (soos in die Skrif oorgedra) vas te stel hang wel van die konteks af, maar die “waarheid/boodskap” wat deur daardie oortuiging oorgedra word, hang nie van die konteks af nie”. Dit skep die vraag of daar iets soos kontekslose, ewig-geldende waarhede bestaan?

⁴ Sien Potgieter en Van Huyssteen (2002:78-79) wat saam met Webb stem dat die moderne kultuur nie die uitkoms van enige kulturele of transkulturele interpretasie van die Bybel moet bepaal nie.

⁵ Sien Potgieter (2005:170-173) vir die redes waarom hy oordeel dat die veranderde siening oor wêreldbeeld nie met homoseksuele verhoudings- en huwelike vergelyk kan word nie.

seksuele oriëntasie, waaroor talle meen dat jy geen keuse het nie, en seksuele gedrag waaroor jy wel kan kies nie (Wink 1999:36).⁶

Beteken dit egter dat sommige dele van die Bybel nie meer op vandag se situasie van toepassing is nie⁷ of dat sommige Bybelskrywers selfs verkeerd was in wat hulle geskryf het? (Strommen 2001:75; vgl ook NGK 2007:174). Indien nuwe navorsing anders oor die verskynsel van homoseksualiteit as die Bybel oordeel, wat moet die deurslag gee?⁸ Daar moet hermeneuties uitgemaak word of die reglynige toepassing van die Bybel se duidelike afwysing van homoseksuele gedrag in die lig van hedendaagse oorwegings geregverdig is (Gagnon 2001:341).

4.1.2 Gesag van die Bybel⁹

Deur al die eeue bely en glo die kerk: “Die Bybel is God se Woord” (Spangenberg 1998:34-35).¹⁰ Die hart van die Christelike geloof is die geskrewe Woord van God, die Bybel (Soards 1995:1). Die gesag¹¹ van God se Woord is die fondament vir die

⁶ Hierdie argument kan egter op feitlik enige onderwerp waaroor Paulus geskryf het van toepassing gemaak word, want al sy uitsprake is tydgebonde en sonder inagneming van die nuutste sielkundige, sosiologiese en biologiese inligting (Soards 1995:51-52).

⁷ König (2002:148-150) identifiseer minstens vier groepe dinge in die Bybel wat talle gelowiges nie meer as bindend en gesaghebbend vir hulle leer en lewe aanvaar nie, naamlik die wêreldbeeld, agterhaalde sake, etiese kwessies en insidentele sake. Potgieter (2005:141-142) oordeel dat die hele kwessie of persone met ’n homoseksuele oriëntasie deur die kerk in die huwelik bevestig kan word, niks met die veranderde wêreldbeeld te doen het nie, maar met moraliteit en die gebroke werklikheid.

⁸ Sommige geleerdes is oortuig dat slegs indien die Bybel (wat vir die kerk as gesagvolle norm vir geloof en lewe moet dien) opsy geskuif word, kan homoseksuele praktyke goedgekeur word. (vgl Soards 1995:53). Of dit werklik so is, is debatteerbaar.

⁹ Potgieter (2005:13) wys daarop: “Wat die Skrif vir ’n betrokke teoloog of individu is, bepaal die hermeneutiese metodiek waarmee met die Skrif omgegaan word. Die gesag wat aan die Skrif gegee word, is daarom ’n belangrike hermeneutiese sleutel”. Sommiges oordeel dat die Bybel objektiewe gesag besit, terwyl ander meen dat die Bybel slegs oor relasionele gesag beskik (Spangenberg 1998:33-34). Daar is volgens Potgieter en Van Huyssteen (2002:134-135) basies drie uitgangspunte of benaderings tot die Bybel, naamlik:

- Fundamentalisme of biblisme,
- Liberalisme, relativisme of postmodern,
- Behoudend of realisme.

¹⁰ Potgieter (2005:164) is oortuig dat die postmoderne hermeneutiek “... van die Skrif ’n dokument waarin die mense se nadenke oor God voorkom, maak en nie meer as die Woord van God gesien word nie. Die Skrif is daarom nie ’n Boek met ’n geslote teks en boodskap nie, maar bloot ’n dokument met oop tekste ... [en] dat wie so met die Skrif omgaan, teen die tradisionele siening van die gesag van die Skrif handel”. Die vraag is natuurlik wat is die tradisionele siening van die Skrif en wie bepaal dit?

¹¹ Stanton en Yarhouse wys volgens Potgieter (2005:154-156) dat die Skrifgesag met betrekking tot homoseksuele verhoudings- en huwelike op een van drie maniere funksioneer, naamlik perspektiwisme (die wetenskap en die Skrif is twee aanvullende gespreksvennote), imperialisme (die wetenskap en die Skrif staan konfronterend tot mekaar) en postmoderne relativisme (daar bestaan geen absolute waarhede nie). Potgieter (2005:156) kies eerder vir ’n krities-realistiese benadering of hermeneutiek (’n ware dialoog tussen die twee gespreksvennote).

gesag van die Bybel. Die gesag van die Skrif¹² lê egter nie in die boek self nie, maar in die subjek van wie dit getuig.

Beteken dit God het self elke letter daarvan gedikteer? (Anthonissen & Oberholzer 2001:87). Die Bybel is nie 'n orakelboek nie (Punt 2006:903; NGK 2004:139).¹³ Baie gelowiges gebruik die Bybel as 'n toorboek (lees dit konteksloos) wat magies toegepas en uitgelê word (Human 2003:261, 263). Die Bybel bestaan egter nie uit 'n versameling tydlose uitsprake wat heeltemal sonder die toedoen van mense tot stand gekom het nie (NGK 2004:139). Alle uitsprake wat in die Bybel oor God gemaak word, is ten diepste die gevolg van 'n ervaring met God (Human 2003:262).¹⁴

Die Bybel is aan die een kant 'n historiese boek wat deur mense in mensetaal geskryf is, maar aan die ander kant ook die plek waar die Woord van God gehoor en ervaar word (NGK 2004:139; Anthonissen & Oberholzer 2001:87, 101; Spangenberg 1998:30-34).¹⁵ Die Bybel is 'n geloofsboek en 'n menslike boek (Human 2003:262-263). God was betrokke by die ontstaan en is betrokke by die verstaan van die Bybel (Soards 1995:1).¹⁶

In Gereformeerde kringe¹⁷ word 'n organiese inspirasieteorie algemeen aanvaar.¹⁸ Die organiese inspirasieteorie beklemtoon die menslike rol in die ontstaan van die Bybel

¹² Die gesag van die Skrif funksioneer volgens Anthonissen en Oberholzer (2001:103) "... slegs "in die relasie" of verhouding tussen mens en Skrif". Potgieter (2005:121) is oortuig: "Die gesag van die Skrif lê in sy skopus".

¹³ Anthonissen en Oberholzer (2001:117) verduidelik wat dit beteken soos volg: "In die heidense godsdienste het die god Zeus in orakels gespreek. Die profetes in Delphi se "stembande" is as't ware alleen maar gebruik, maar Zeus self het gespreek. Dit was duidelik, dit was van bo af, dit was nie vatbaar vir misverstand nie, dit was altyd geldend".

¹⁴ Anthonissen en Oberholzer (2001:102) is van oortuiging "... vir die Bybel staan *openbaring* en *ervaring* nooit teenoor mekaar nie. Daar is selfs 'n sin waarin God Hom nooit los van ons ervaringe openbaar nie. Sy openbaring wil as openbaring herken en vergestalt word".

¹⁵ Daar is huidiglik verskillende sienings van die Bybel (Spangenberg 1998:1-2). Talle mense glo dat die Bybel die Woord van God is, ander dat dit nie letterlik die Woord van God is nie, maar God se woord in mensetaal en al meer vandag is talle oortuig dat die Bybel eintlik maar net woorde oor God is (dit bevat geloofsgetuïenisse van mense wat lank terug geleef het) (Spangenberg 1998:1, 30-34).

¹⁶ Calvin het eeue gelede reeds daarop gewys dat indien die Gees van God nie iemand verlig nie, sal die Bybel vir die leser net dooie letters bly (Soards 1995:1).

¹⁷ Potgieter (2005:112) wys daarop dat die Gereformeerde Skrifbeskouing in 'n krisis en oorgangstadium verkeer.

¹⁸ Die organiese inspirasieteorie was "... enersyds bedoel as standpunt teenoor die ouere sogenaamde ortodoksie en piëtisme (aanhangers van die meganiese teorie) maar andersyds ook bedoel as standpunt teenoor die vrydenkende subjektiwisme en liberalisme" (Anthonissen & Oberholzer 2001:99-100).

en gevolglik ook die historiese aard daarvan (Anthonissen & Oberholzer 2001:100).¹⁹ Die menslike skrywers van die Bybel was die organe wat deur die Heilige Gees gebruik is om God se Woord op te teken. Die term organies beklemtoon ook die eenheid van die Skrif wat beteken dat die Bybel 'n geheel vorm waarvan elke deeltjie binne die geheel van die sentrale boodskap²⁰ daarvan gelees en verstaan moet word.

4.1.3 Verskillende lees van die Bybelse teks

Potgieter en Van Huyssteen (2002:91) wys daarop:

Die probleem met die Skrif is dat mense dit meestal so lees dat dit hulle pas. Ons is natuurlik almal op die een of ander manier daaraan skuldig. Die dilemma is natuurlik net: waar trek jy die streep en waar nie? Wanneer sê 'n mens dit geld nie meer vandag nie of dit geld nog vandag? Wat die saak bemoeilik, is dat mense dinge en sake ignoreer omdat dit hulle soms nie pas nie; ander hou weer daaraan vas omdat dit hulle wel pas.

In die debat oor homoseksualiteit (net soos in alle ander gevalle) moet die Bybel op 'n verantwoordelike wyse gebruik word (NGK 2004:139; Soards 1995:ix). Dit beteken dat die lees en gevolglike interpretasie van die Bybel verantwoordbaar moet wees. Om apartheid of die onderdrukking van vroue, Bybels te probeer begrond en regverdig deur net 'n klompie tekste aanmekaar te ryg²¹, is nie meer verantwoordbaar nie. Net so is dit 'n vraag of die handjievul tekste wat skynbaar na homoseksualiteit verwys steeds gebruik kan word om gelowiges se denke en besluite oor homoseksualiteit te rig.

Dikwels aanvaar mense onnadenkend dat dit wat hulle in die Bybel lees heel eenvoudig maar presies is net wat die teks sê (NHKA 2004:381). Die Bybel is egter lank gelede en ver weg, in ander tye, in verskillende plekke, verskillende kulture, met

¹⁹ Potgieter (2005:115-116) kies vir 'n veelvuldig-teopneustiese inspirasieleer en nie vir die meganiese, organiese, intuïsie, illuminasie, diktering of dinamiese inspirasieleer nie.

²⁰ Sien byvoorbeeld NGK (2004:139) asook Anthonissen en Oberholzer (2001:101-102).

²¹ Haspel (2007:261) waarsku teen sommige mense se geneigdheid om spesifieke Bybelversies letterlik op te neem en om dit dan te gebruik om sekere standpunte in die lig daarvan te regverdig. 'n Atomistiese (bedoelende die literêre konteks waarbinne die teks voorkom, word nie verreken nie) hantering van enkele tekste, soos die oor homoseksualiteit, is onaanvaarbaar (NGK 2007:146).

'n ander wêreldbeeld en in verskillende tale geskryf (Human 2003:266-267; Soards 1995:7; Hayes & Holladay 1982:15-16). Niemand lees die Bybel (of enige ander teks) sonder om dit wat hulle lees te interpreteer nie. Alle lees van die Bybel is niks anders as interpretasie nie (Nissinen 1998:4). Soards (1995:7) is oortuig dat indien die inligting wat die Bybel wil oordra nie reg geïnterpreteer word nie, sal dit geen relevansie vir die lewe of geloof hê nie.

Heel eenvoudig behels die lees en interpretasie van die Bybel (Soards 1995:10-11) dat 'n mens vra:

- wat die Bybel se geskifte vir die eerste lesers (of hoorders) gesê het of dan ten minste wat ons verstaan as die outeur se bedoelde boodskap aan sy oorspronklike gehoor,
- wat die Bybel aan gelowiges en die kerk deur die eeue gesê het,
- wat die Bybel vandag vir gelowiges in hulle omstandighede wil sê.

Om die Bybel op die hedendaagse tyd van toepassing te maak behels dus altyd 'n hermeneutiese gebeurtenis waarin die verskille tussen die wêreld van die Bybel en ons eie hedendaagse wêreld op een of ander wyse uitgestryk word (Nissinen 1998:3).

Nuwe teorieë met betrekking tot die lees van tekste wys daarop dat die betekenis van tekste nie net bepaal word deur die skrywer nie, maar in die besonder ook deur die leser en die voorkeure en afkeure waarmee hy of sy die teks lees (NGK 2007:202-203; Anthonissen & Oberholzer 2001:113; Spangenberg 1998:25).

In die leesproses moet ten minste twee stelling aannames verreken word (Dreyer 2006:450; NHKA 2004:381). Eerstens moet gelet word op die leser van 'n teks: Almal lees 'n teks en ook die Bybel met 'n bepaalde bril, uit 'n sekere perspektief.²²

Ondersoeke het aangetoon dat die volgende faktore in die lees van 'n teks onder andere 'n rol speel: “..of ons manlik of vroulik is, ons ouderdom, etnisiteit of selfs nasionaliteit, die sosio-ekonomiese klas van 'n mens, ons kerklike affiliasie en ... ook seksuele oriëntasie” (NHKA 2004:381-382).

²² Sien bv Anthonissen en Oberholzer (2001:79-80) asook Hayes en Holladay (1982:106) wat enkele belangrike opmerkings hieroor maak.

Tweedens moet gelet word op die mense wat vanuit die teks kommunikeer (NHKA 2004:382; Anthonissen & Oberholzer 2001:119).²³ 'n Mens moet altyd in gedagte hou dat die skrywers van die Bybel mense was wat vanuit hulle bepaalde verstaan van die wêreld, met hul besondere verwysingsraamwerk, aannames oor die lewe en eie sosiaal-kulturele perspektiewe geskryf het. (Spangenberg 1998:19, 31). Dit kan onderskei word as hulle waardestelsels.

By die lees van Bybeltekste moet die leser albei hierdie stelling aannames doelbewus verdiskonteer. Gevolglik moet die leser "... baie bewustelik werk met die vooronderstellings (wat dikwels vooroordele word) waarmee [die leser(s)] by die teks aankom, maar ook met die vooronderstellings wat implisiet in die teks opgesluit is" (NHKA 2004:382).²⁴

Met betrekking tot homoseksualiteit kry Bybellesers veral te doen met die waardekateregoreie reinheid en onreinheid, en eer en skande en dan met besondere verwysing na geslags-ideologie.²⁵ Die definisie van manlikheid en vroulikheid het ten nouste daarmee saamgehang.

Die hermeneutiese benadering²⁶ wat 'n mens volg, moet nie alleen die Bybel as bron en norm ernstig neem nie, maar ook die mens(e) met wie ons voortdurend in gesprek is asook die situasie waarin die mense van die derde millennium hulle bevind (NHKA 2004:388; Anthonissen & Oberholzer 2001:119-120). Die hermeneutiese bril wat die

²³ Indien daar gekies word om die Bybel in terme van die "gradual evolution of religious thought" te beskou beteken dit dat die skrywers van die Bybel nie net meganies God se woorde en gedagtes neergeskryf het nie, maar onder leiding van die Heilige Gees ook kreatief betrokke was by die ontstaan van die Bybel (Anthonissen & Oberholzer 2001:97).

²⁴ Nog 'n belangrike aspek om in gedagte te hou is die volgende: "Wanneer dit die waardestelsels van mense wat op 'n bepaalde tyd in 'n bepaalde omgewing gewoon het in die prentjie bring, is een van die sentrale aspekte wat na vore getree het vanuit die sogenaamde hermeneutiek van suspisie, die kwessie van magsbelange. Dit geld eweneens die skrywer(s) en lesers. Dit maak ons bewus van die werklikheid dat tekste ontstaan het vanuit sekere magsbalanse en handhawing van posisies en dat dit ook weer figureer wanneer mense tekste lees. Hierdie kwessies is duidelik geillustreer in kwessies van gemarginaliseerdes soos vrouens en armes teenoor die patriargale sisteme en sosio-ekonomiese bevoorregtes respektiewelik" (NHKA 2004:382).

²⁵ Dit is insiggewend dat "... enige afwyking van die gestelde norm is deur die gemeenskap (van mans?) beoordeel as skandelik terwyl die onderhouding van die reëls met eer beloon is. Dit het ook 'n besondere plek in kultiese maatreëls ingeneem om te bepaal of iemand rein is en kan deelneem aan die tempelkultus of daarteenoor onrein is en dan nie kon deelneem aan kultiese gebeure nie (soos offers by die tempel)" (NHKA 2004:382).

²⁶ Volgens Potgieter (2005:162) bied die hermeneutiek van analogie antwoorde op die vrae waarmee die hedendaagse mens worstel en dit erken die gesag van die Skrif.

leser gebruik om die Bybel mee te lees sal op die einde bepaal hoe die leser die Bybel verstaan. Dit sal ook die uitkoms van 'n ondersoek na wat die Bybel oor homoseksualiteit sê bepaal.

4.1.4 Verskillende invalshoeke op die Skrif lewer verskillende resultate

Die rede waarom verskillende kerke verskillend oor homoseksualiteit oordeel, kan na 'n bepaalde kerk (of kerke) se Skrifbeskouing en Skrifhantering herlei word (NHKA 2004:368; Anthonissen & Oberholzer 2001:76). Dit lei tot die ontwikkeling van verskillende sisteme van Christelike teologie en moraliteit binne verskillende groepe. Omdat verskillende groepe verskillende hermeneutiese sleutels gebruik om die Bybel te ontsluit, is daar verskillende standpunte oor homoseksualiteit en homoseksuele praktyke (Potgieter & Van Huyssteen 2002:136). Daar is verskillende wyses waarop verskillende groepe die Bybel benader (Dreyer 2004:181-184; NHKA 2004:371-372; Anthonissen & Oberholzer 2001:99). Uit dogmatiese beskrywings sluit dit onder andere die volgende in:

4.1.4.1 Objektiewe Skrifverstaan²⁷

Groepe wat die Skrif vanuit hierdie hoek benader oordeel dat die geopenbaarde wil van God slegs twee moontlikhede in hierdie verband toelaat: die heteroseksuele huwelik, of selibaat (NHKA 2004:371). Alle homoseksuele gedrag is vir Christene verbode omdat dit immoreel is. Selfs langtermyn homoseksuele verhoudings wat deur liefde en trou gekenmerk word, is nie aanvaarbaar nie.

4.1.4.2 Subjektiewe Skrifverstaan

Hierdie invalshoek, wat ook erns met die Bybel maak, beskou nie homoseksuele gedrag as onversoenbaar met die Skrif nie (NHKA 2004:371-372). Die gedeeltes wat byvoorbeeld in die Nuwe Testament oor homoseksualiteit handel verwys nie na 'n liefdevolle verhouding tussen mense van dieselfde geslag nie, maar na pederastie, prostitusie of seksuele perversiteit. Of liefdevolle verhoudings tussen mense van

²⁷ Hierdie invalshoek “... beskou wetenskaplike gegewens as minder belangrik as die Bybel wanneer oor etiese kwessies besluit word” en “... reduceer mense se mens-wees tot wat hulle *doen*” (NHKA 2004:371).

dieselfde geslag in die Bybelse tyd bestaan het is nie duidelik nie, maar sullke verhoudings bestaan wel vandag.²⁸

4.1.4.3 Dialektiese Skrifverstaan

Volgens hierdie benadering is objektiewe Skrifinterpretasie nie moontlik nie (NHKA 2004:372; Anthonissen & Oberholzer 2001:45). Twee kontekste is altyd ter sprake wanneer 'n mens tekste interpreteer, naamlik die konteks van die teks en die konteks van die Bybelleser.²⁹ Dit kan gebeur dat die breër boodskap van die Bybel soms lynreg teen 'n spesifieke teks ingaan. In die lig van die evangelie as geheel kan sommige Bybeltekste selfs onaanvaarbaar wees. Indien dit die geval blyk te wees moet die evangeliebodskap in sy geheel swaarder weeg as 'n spesifieke teks, byvoorbeeld in die Ou Testament.

4.2 TEKSTE WAT SKYNBAAR HOMOSEKSUALITEIT AFWYS

Tradisioneel is aanvaar dat die Bybel alle homoseksuele dade veroordeel (Dreyer 2004:176; Stott 1990:347). Die Christelike kerk se tradisionele verwerping en veroordeling van homoseksualiteit is gebaseer op 'n handvol Bybeltekste (Strommen 2001:68). Hierdie tekste sluit onder andere in: Genesis 19, Levitikus 18:22 en 20:13, Rigters 19, Romeine 1:26-27, 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10.

Derrick Sherwin Bailey het in 1955 *Homosexuality and the Western Christian Tradition* gepubliseer. Bailey was met hierdie boek die eerste Christelike teoloog om die tradisionele interpretasie van die tekste wat homoseksualiteit verbied te herevalueer (Stott 1990:338). Sedertdien het die kerk se historiese standpunt al meer onder skoot gekom en word dit vandag selfs skerp aangeval (Strommen 2001:72). Talle teoloë herinterpreteer vandag die tekste oor homoseksualiteit³⁰ en vind nie meer 'n veroordeling van homoseksualiteit daarin nie (NGK 2004:140; Strommen

²⁸ Hierdie groep meen verder: “Die kerk het reeds daarin geslaag om by slawerny en die onmenslike behandeling van vroue (albei aanvaarbaar in die Bybel) verby te beweeg. Dit het nou tyd geword om verby te beweeg by 'n letterlike interpretasie van die Bybel wat veroordeel skep teen homoseksuele mede-gelowiges” (NHKA 2004:372).

²⁹ Daar moet altyd onthou word: “Alle lesers kom met hulle eie konteks, verstaan en veroordele na die Bybel toe. In hierdie verstaan van die Skrif moet die twee kontekste met mekaar in gesprek tree. Die een kan nie die ander volledig voorskryf nie” (NHKA 2004:372).

³⁰ Daar word gemeen dat “... eksegese oor hierdie paar tekste in die verlede, soms en in sommige kringe te reglynig op die klank af toegepas is. Sake, selfs die naam en definisie van homoseksualiteit is op 'n anakronistiese wyse in tekste ingelees, vertaal en dan weer uitgelê” (NHKA 2004:387).

2001:73). Die standpunt kom voor dat kwessies soos homoseksualiteit, masturbasie en nie-voortplantende seksuele omgang beide Jode en Christene dwing om hulle oorgelewerde tradisie te herinterpreteer sodat dit vir hedendaagse gelowiges betekenis kan hê (Wink 1999:42).

Wat die skrywers van die Bybel van homoseksualiteit geweet, ervaar, verstaan en veroordeel het en hoe dit met vandag se kennis verstaan en ervaar word, is volgens talle voorstanders vir die onvoorwaardelike aanvaarding van homoseksualiteit, nie dieselfde nie (Soards 1995:46). 'n Belangrike hermeneutiese beginsel is dat daar voldoende ooreenstemming of korrelasie moet wees tussen dit wat die Bybel en mense vandag onder 'n onderwerp soos homoseksualiteit verstaan (Nissinen 1998:123). Die vraag is dus: dra die begrippe waarmee sekere Bybelterme vandag vertaal word dieselfde semantiese inhoud as wat die antieke hoorders daaronder sou verstaan het? (Human 2003:270).

Dit is belangrik om daarop te let dat die term “homoseksualiteit” of homoseksueel nêrens in die Hebreëuse en Griekse teks van die Bybel of ander antieke bronne voorkom nie (Dreyer 2004:176; NHKA 2004:370; Nissinen 1998:v-vi; Soards 1995:15). Eers vanaf 1892 is daar van die verskynsel homoseksualiteit sprake (Potgieter 2005:20; NHKA 2004:370; Anthonissen & Oberholzer 2001:114). As gevolg daarvan kan 'n mens die verskynsel homoseksualiteit soos geleerdes en ander dit vandag definieer, nie direk uit die Bybel verstaan nie. Nêrens praat die Bybel oor homoseksualiteit as seksuele oriëntasie nie (NHKA 2004:378; Potgieter & Van Huyssteen 2002:50; Soards 1995:15). Die relevante teksgedeeltes praat grafies oor dade³¹, nie oor persone of seksuele oriëntasies nie (Soards 1995:15). Die Bybel en ander antieke bronne onderskei nie soos dit vandag die geval is tussen geslagsrolle (man en vrou), seksuele oriëntasie (homoseksueel, biseksueel, heteroseksueel) en seksuele praktyk nie (Nissinen 1998:128). Die tekste wat tradisioneel in die kerk gebruik is om homoseksualiteit as sonde te beoordeel is, eksegeties gesien, nie so eenduidig nie en het dikwels min of niks met die saak te doen (NHKA 2004:376; Strommen 2001:72; Soards 1995:15).

³¹ Potgieter (2005:327) is oortuig dat seksuele handeling soos bestialiteit, bloedskanie en homoseksuele omgang steeds vandag as immorele handeling gehandhaaf moet word en dat daar geen rede bestaan waarom dit opgehef kan word nie. Is dit egter billik om homoseksualiteit in dieselfde asem as bestialiteit en bloedskanie te noem?

Die teoloë en groepe wat steeds die historiese interpretasie aanhang wil getrou wees aan die Skrif³² en die tradisie van die kerk en is oortuig dat daar nie sonder dwingende teologiese argumente hiervan afgesien moet word nie (Strommen 2001:78). Die wat die kerk se tradisionele standpunt gewysig wil sien doen dit uit liefde vir die homoseksuele naaste en die begeerte om hom of haar teen ongeregtigheid en verwerping te beskerm.

Die vraag bly: hoe behoort gelowiges die Bybel oor homoseksualiteit en homoseksuele gedrag te interpreteer? (NHKA 2004:370; vgl ook Strommen 2001:78). Ten diepste worstel gelowiges en geleerdes hier met 'n hermeneutiese vraag (NGK 2004:147; NHKA 2004:379; Potgieter & Van Huyssteen 2002:73-74; Soards 1995:10-14).³³

4.3 TEKSTE WAT MOONTLIK NA HOMOSEKSUALITEIT VERWYS³⁴

Op die vraag wat die Bybel oor homoseksualiteit sê, is die eenvoudige antwoord: min of feitlik niks nie (Dreyer 2004:178; NGK 2004:143; Myers 1999:67-68; Soards

³² Potgieter en Van Huyssteen (2002:74) is van oortuiging dat uit die bestudering van die Skrifgedeeltes wat oor homoseksualiteit handel selfs die homoseksueel sal "... agterkom hoe moeilik dit is om homoseksuele praktyke uit hierdie gedeeltes te regverdig. Dit verg intellektuele kragtoere om sekere begrippe in die Skrif en/of die agtergrond van bepaalde gedeeltes en/of die bedoeling van die betrokke skrywer, totaal "nuut" te verstaan".

³³ In die woorde van Potgieter en Van Huyssteen (2002:73-74): "Ons moet probeer om uit te maak watter gesag die Bybel dra. Die hermeneutiek gee as't ware die grondbeginsels vir eksegeese (Skrifuitleg en -verklaring) en bepaal hoe goed ons die eksegeese van bepaalde Skrifgedeeltes doen". Anthonissen en Oberholzer (2001:43) merk op: "Ons moet seker maak dat ons in ons nadenke oor homoseksualiteit ... *trou sal bly aan die gesag en voorskrifte van die Woord*. Dis bekend dat die debat rondom homoseksualiteit binne die kerk vandag 'n stryd om die regte verstaan van die Bybel geword het. Soos nog nooit vantevore nie het die kwessie van homoseksualiteit die gesag van die Bybel en wat dit vir ons vandag beteken in die geding geplaas" (vgl ook Potgieter & Van Huyssteen 2002:73-74). Jan van der Watt sluit hierby aan: "Die debat gaan nie net oor die posisie van gays nie. Dit is ook 'n debat oor hoe die Bybel gehanteer behoort te word en of en op watter wyse die Bybel vandag nog inspraak kan lewer op ons etiese besluite. Die wyse waarop die besluite in die debat geneem gaan word, asook die soort besluite, gaan die toekoms van Bybelgebruik ingrypend beïnvloed" (Potgieter & Van Huyssteen 2002:7-8). Potgieter en Van Huyssteen (2002:133-134) som die hele saak soos volg op: "Die grootste probleem in die kerk is om dit wat in die bron (die Bybel) opgeteken staan, vandag hermeneuties "suiwer" (*uitlegkunde*; nie *inlegkunde* nie) en kontekstueel relevant toe te pas. Dit klink eenvoudig, maar die geskiedenis van die kerk deur al die eeue bewys dat dit 'n moeilike en uiters gekompliseerde taak is. Die enigste manier waarop hierdie taak "suksesvol" (bedoelende, soos wat God dit sou wou hê) uitgevoer kan word, is om uiteindelik te onderskei watter sake in elke tydvak geldig en/of normatief is (en dus deurgetrek moet word, baie keer in beginselvorm, na die huidige situasie) en watter nie (omdat dit byvoorbeeld kultuur- of tydgebonde is). Die verbod om nie moord te pleeg nie, is byvoorbeeld altydgeldend; die opdrag vir 'n vrou om 'n hoed op te sit wanneer sy wil bid of preek (1 Korintiërs 11:5) beslis nie".

³⁴ Cilliers (1997:179) wys daarop: "Die Bybel is die Christen se hoofbron in sy soeke na 'n beter begrip van seksualiteit. Dit bevat egter min direkte verwysings of voorskrifte wanneer dit by seksuele gedrag kom". Hierby moet egter dadelik gevoeg word dat die Bybel wel nog vandag as riglyn kan en moet dien wanneer gelowiges oor seksualiteit en die uitleef daarvan besin.

1995:viii, 15, 58). Frekwensie en graad van belangrikheid moet egter nie verwar word nie, want die Bybel verwys ook betreklik min na ander verbode vorme van seksuele gedrag soos byvoorbeeld prostitusie, bestialiteit en bloedskande hoewel dit nie onbelangrike sondes is nie (Potgieter 2005:210; Gagnon 2001:432-433). Selfs al is daar min tekste wat na byvoorbeeld die kinderdoop of die uitverkiesing verwys vorm dit vaste pilare in die teologie van verskeie gereformeerde kerke (Potgieter 2005:28).

Uit die aantal tekste wat eksplisiet of implisiet na homoseksualiteit verwys, blyk dit dat dit klaarblyklik nie 'n probleem was wat in die Bybelse tyd indringend aandag gekry het nie (NHKA 2004:381; Anthonissen & Oberholzer 2001:67; Myers 1999:68; Soards 1995:24). Een moontlike verklaring hiervoor is dat homoseksuele gedrag nie algemeen in Israel voorgekom het nie (Dreyer 2004:178).

Sewe tekste, vier in die Ou Testament en drie in die Nuwe Testament, verwys eksplisiet na homoseksuele gedrag (Sehsted 1999:54). Hierdie tekste is Genesis 19, Levitikus 18:22 en 20:13, Rigters 19, Romeine 1:26-27, 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10. Dit is belangrik om te bepaal watter gewig die tekste wat melding maak van dieselfde geslag erotiek in die debat oor homoseksualiteit moet dra (Nissinen:1998:126).

Ek sal wel kortliks na enkele Nuwe Testamentiese perspektiewe en tekste verwys, maar die fokus van hierdie studie val op die tekste in Levitikus. Gevolglik sal die ander Ou Testamentiese tekste ook nie in diepte bespreek word nie.

4.3.1 Ou Testament

4.3.1.1 Inleiding

Dit wil voorkom of skrywers van die Ou Testament oor die algemeen min begrip van seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde geslag gehad het en dat heteroseksualiteit as die norm beskou is (Anthonissen & Oberholzer 2001:114). Onder die volk Israel was daar skynbaar nie algemene homoseksuele praktyke nie, waarskynlik as gevolg van die sterk tradisie van anti-homoseksuele praktyke in die Ou Testament (Potgieter & Van Huyssteen 2002:25, 108). Dit is opmerklik dat die Ou Testament glad nie melding maak van vroulike homoseksualiteit nie (Wink 1999:34-35). Die enkele tekste wat wel na seksuele verhoudings tussen mense van dieselfde

geslag verwys deel die Bybelse wêreldbeskouing wat deurgaans slegs een model vir seksuele verhoudings voorhou, naamlik die tussen 'n man en vrou in 'n lewenslange verbintenis (Gagnon 2001:437).

4.3.1.2 Genesis 19 (en Rigters 19)

Die narratiewe Genesis 19 en Rigters 19 is buiten die twee tekste in Levitikus die enigste twee tekste in die Ou Testament wat pertinent na homoseksualiteit verwys (Snyman 2006:969). Die verhaal van Sodom en Gomorra in Genesis 19 (asook die soortgelyke verhaal in Rigters 19) het 'n groot rol in die kerk se latere leer oor homoseksualiteit gespeel (Potgieter 2005:274; Doe 2000:29). Vandag aanvaar die meeste geleerdes egter dat die gedeelte in werklikheid min of niks met homoseksualiteit te doen het nie (Doe 2000:29; Wink 1999:33-34).³⁵ Doe (2000:29; vgl ook NGK 2007:150-151; Groenewald 2006:62-63; Nissinen 1998:45-49; Soards 1995:15-16) som dit soos volg op:

The wickedness being denounced here is violence, and the violation of the sacred code of hospitality. It's about gang rape, not same-sex love. No other biblical reference to Sodom gives homosexuality as the reason for its destruction. Even the reference in the Epistle of Jude (v.7) is to sex with angels, not someone of the same gender. The second-century (AD) Jewish writer Josephus is the first to connect the fall of Sodom with homosexuality.

In die Ou Nabye Ooste (en ook in die Ou Testament) is homoseksuele verkragting as 'n verskriklike oortreding beskou omdat dit geweldige vernedering vir die slagoffer ingehou het (Otto 2007:61). In Genesis 19 en Rigters 19 gaan dit dus om die kollektiewe verkragting van vreemde mense (wat die situasie vererger) en nie om 'n durende homoseksuele verbintenis van liefde en trou nie.

³⁵ Daar is geleerdes wat nie saamstem nie. Sien byvoorbeeld Gagnon (2001:71) en Potgieter (2005:277-280, 290).

4.3.1.3 Levitikus 18:22 en 20:13

Levitikus 18:22 en 20:13 is die enigste tekste in die Ou Testament wat homoseksuele handeling tussens mans oënskynlik uitdruklik verbied (Potgieter 2005:294-295; Maarsingh 1974:157).

Hoe moet die tekste in Levitikus vertaal en verstaan word? Sommige Bybelwetenskaplikes hervertaal die tradisionele tekste wat oor homoseksualiteit handel sodat hulle nie homoseksuele gedrag tussens twee instemmende volwassenes veroordeel nie (Strommen 2001:70). Die tekste oor homoseksualiteit is tradisioneel deur die kerk volgens hulle letterlike betekenis³⁶ verstaan (Strommen 2001:68, 75). Indien Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 op 'n letterlike en natuurlike wyse geïnterpreteer word, is dit duidelik dat God beveel dat homoseksualiteit nie beoefen moet word nie (Strommen 2001:69).³⁷

Om hierdie tekste net eenvoudig letterlik te lees, skep egter sekere probleme.³⁸ 'n Letterlike interpretasie³⁹ van die tekste in die Heiligheidskode (Levitikus 17-26)⁴⁰, waarvan Levitikus 18 en 20 deel vorm, beteken dat persone wat hulle aan sekere dade skuldig maak die doodstraf moet kry (Potgieter 2005:304).⁴¹ Sekere voorskrifte

³⁶ Die hervormers het die letterlike betekenis van tekste sterk beklemtoon (Spangenberg 1998:9, 39). Hayes en Holladay (1982:22) wys byvoorbeeld op Luther se woorde: "The Holy Spirit is the plainest writer and speaker in heaven and earth, and therefore His words cannot have more than one, and that the very simplest, sense, which we call the literal, ordinary, natural, sense".

³⁷ Potgieter (2005:308) is oortuig dat die verbod op homoseksuele verhoudings nie opgehef kan word nie, want: "Hierdie verbod het 'n tydlose reikwydte, aangesien die Ou Testamentiese verbod konsekwent in die Nuwe Testament gehandhaaf word. Dit hou verband met die moraliteit van die kinders van God". Die feit dat 'n saak deur beide die Ou en Nuwe Testament konsekwent verbied word, verhef nie net op grond daarvan die verbod tot 'n tydlose, ewiggeldende verbod nie.

³⁸ Sien byvoorbeeld Snyman (2006:969) wat kortliks verduidelik waarom hierdie tekste met inagneming van hul literêre en historiese konteks(te) gelees moet word.

³⁹ Baie van die wetgewing in Levitikus 18 tot 20 kan as kommentaar op die geboorte in die dekalog gesien word, terwyl baie van die wetgewing wat in Lev 17-26 voorkom algemeen geldende wette is wat vandag nog geldig is (Potgieter 2005:305). Dit is ook belangrik om te vra na die beginsels agter die kultiese en reinheidswette van Levitikus.

⁴⁰ Potgieter (2005:306) wys daarop: "Die heiligheidswette kan onderverdeel word in verskillende tipe wette. Lev 17; 21-22; 24:1-9 is die kultiese wette. Lev 18 word gesien as wette wat verband hou met seksuele moraliteit. Lev 19-20; 24:10-23 is weer 'n vermenging van godsdienstige en etiese wette. Lev 25 hou verband met die Sabbatsjaar terwyl Lev 26 weer verband hou met seëning en strawwe".

⁴¹ Dit sluit onder andere in Levitikus 20 in: twee mans wat homoseksueel verkeer (v 13), persone wat egbreuk pleeg (v 10), iemand wat sy pa en ma vloek (v 9), persone wat bestialiteit beoefen (v 15-16), persone wat hulle ophou met geeste oproep of beswering (v 27) (vgl Strommen 2001:69). Die eet van rou vleis en vark, bloedskanie, om al die graan in die veld of druiwe in die wingerd te oes, om te steel, lieg en bedrieg, om 'n kledingstuk van verskillende soorte materiaal te dra, om die voorhare te sny, om te skeer, om tatoeëermerke te dra, om nie die sabbat te hou nie, is ook verbied (Strommen 2001:69; Soards 1995:16).

aanvaar gelowiges sonder enige probleem (bloedskande is verkeerd)⁴² maar oor ander oordeel hulle dat dit glad nie meer vandag van toepassing is nie (om 'n kledingstuk van verskillende soorte materiaal te dra of om rou vleis te eet skep vir min mense 'n probleem).

Voorstanders⁴³ en teenstanders van homoseksualiteit gebruik hierdie tekste in Levitikus 18:22 en 20:13 om hul standpunte te begrond en te verdedig (sien Snyman 2006:970). Ek sal gevolglik Levitikus 18:22 en 20:13 verder in hierdie studie deeglik analiseer.

4.3.1.4 Ander tekste

Tekste in Genesis wat volgens talle geleerdes meer lig op menslike seksualiteit werp, is die skeppingsverhale aan die begin van die boek in Gen 1-3 (Gagnon 2001:43, 56-62; Doe 2000:29).⁴⁴ Of hierdie verhale egter sondermeer die deur sluit vir enige vorm van homoseksualiteit is debatteerbaar (NGK 2007:149-150).

Sommige verklaarders sien Genesis 9:20-27⁴⁵ as die beskrywing van bloedskandelike, homoseksuele verkragting (Potgieter 2005:268-273; Gagnon 2001:64-64). Dit is egter onmoontlik om Gam se oneerbiedige (skandelike) optrede teenoor Noag net so op hedendaagse homoseksualiteit van toepassing te maak (Gagnon 2001:68-69).

Ander gedeeltes in die Ou Testament wat die debat oor seksualiteit beïnvloed, sluit onder andere Hooglied in. Die hele boek is 'n "unashamed celebration of erotic love" (Doe 2000:35). Die verhale oor die passievolle vriendskappe tussen Dawid en Jonatan (vgl Nissinen 1998:53-56) en Rut en Naomi kan 'n mens hierby voeg. Hoewel dit nie oor homoseksualiteit handel soos mense dit vandag ken en verstaan nie, wys dit tog volgens sommige geleerdes op die Godgegewe liefde tussen twee mense wat buite die

⁴² Sien Potgieter (2005:305) vir enkele voorbeelde.

⁴³ Voorstanders van homoseksualiteit lees byvoorbeeld hierdie tekste dat dit impliseer dat wanneer twee mans omgang het die een nie aan die ander moet dink as 'n vrou nie. 'n Ander interpretasie sien dat die tekste dui op die plek waar seksuele omgang tussen manlike persone plaasvind naamlik nie in die bed van die vrou nie. Nie een van hierdie interpretasies word volgens my deur die teks ondersteun nie.

⁴⁴ Volgens Stott (1990:344): "... the *negative* prohibitions of homosexual practices in Scripture make sense only in the light of its *positive* teaching in Genesis 1 and 2 about human sexuality and heterosexual marriage".

⁴⁵ Sien Gagnon (2001:63-71) vir 'n bespreking.

ruimte van die huwelik as instelling voorkom (Doe 2000:35). Nissinen (1998:56, 124) beskou die verhouding tussen Dawid en Jonatan as 'n voorbeeld van “ancient oriental homosociability” wat toelaat dat selfs intieme gevoelens (ook fisies) uitgedruk kan word. Daar bestaan egter nie oortuigende bewyse uit die tekste in 1 Samuel 18-23 of 2 Samuel 1 dat daar 'n homoseksuele verhouding tussen Dawid en Jonatan was nie (Potgieter 2005:318-321; Gagnon 2001:153-154).

Sommiges gebruik die twee verse in Deuteronomium 23:17-18 om homoseksualiteit af te wys⁴⁶ maar hier is eerder sprake van manlike en vroulike prostitute wat betrokke was in Kanaänitiese vrugbaarheidsrites wat Israel se godsdiens binnegedring het (Wink 1999:34). Of die mans waarna verwys word homoseksueel of heteroseksueel was, in die verse is nie sprake van 'n volwasse dieselfde-geslag liefdesverhouding nie.

In hierdie verband is die volgende opmerking van belang naamlik dat “... sinvolle dialoog oor die gay kwessie *sonder nadenke oor 'n algemene seksuele etiek* nie moontlik is nie” (Anthonissen & Oberholzer 2001:63).⁴⁷ Skrifgedeeltes wat in die algemeen oor seksualiteit handel kan nie buite rekening gelaat word nie (Potgieter 2005:27). Sommige geleerdes meen dat die Bybel nie 'n seksuele etiek bevat nie, maar slegs 'n verskeidenheid van seksuele sedes, waarvan sommige met verloop van tyd verander het (Wink 1999:44). Wat die hele debat oor homoseksualiteit aantoon is dat gelowiges weer na die begroning van hul denke en oortuigings oor menslike seksualiteit moet kyk.

⁴⁶ Sien byvoorbeeld Gagnon (2001:100-110) vir 'n bespreking van homoseksuele kultiese prostitusie in Israel.

⁴⁷ Potgieter (2005:219 e v) poog om 'n Skriftuurlike beeld van seksualiteit te skets asook hoe seksualiteit tot vandag ontwikkel het om sodoende tot 'n duidelike definisie vir seksualiteit te kom. Hy reken dat daar eers dan sinvol oor die vraagstuk van homoseksuele huwelike en- verhoudings geteologiseer kan word. Potgieter (2005:2346-249) is oortuig dat die Ou en Nuwe Testamente sowel as die kerklike tradisie heteroseksualiteit as die enigste vorm van seksualiteit handhaaf. Haspel (2007:271) beskou liefde, permanensie en vertroue as die belangrikste beginsels van seksuele etiek en oordeel dat dieselfde beginsels vir beide homo- en heteroseksuele verhoudings geld.

4.3.1.5 Nuwe Testament⁴⁸

Die Nuwe Testament bevat in vergelyking met die literatuur van die Grieks-Romeinse wêreld waar daar talle verwysings na pederastie is, baie min verwysings na homoseksualiteit (NHKA 2004:384). Nie een van die Evangelies verwys na homoseksualiteit nie (NGK 2007:147; Sehested 1999:56).

Dit is opmerklik dat Jesus tydens sy aardse bediening niks oor homoseksualiteit sê nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:135; Gagnon 2001:185-186; Doe 2000:36; Myers 1999:68; Soards 1995:27). Die rede is waarskynlik dat dit nie in die tyd van Jesus in die Joodse samelewing 'n probleem was nie (Potgieter & Van Huyssteen 2002:25). Dit beteken volgens Potgieter en Van Huyssteen (2002:92; sien ook Gagnon 2001:187, 228) egter nie dat Jesus ten gunste daarvan was of dit as onbelangrik beskou het nie, want Jesus het ook niks oor verkragting, kindermolestering, bloedskanie of bestialiteit gesê nie.

Twee dinge wat hy sê en doen is egter belangrik: Eerstens verdedig hy die huwelik en versterk dit deur die vrou daarbinne te beskerm (Potgieter & Van Huyssteen 2002:92; Doe 2000:36). Jesus het self egter nooit getrou nie. Baie sien dit as 'n duidelike aanduiding dat die seksuele eenwording van man en vrou nie 'n noodsaaklike of noodwendige voorwaarde is vir menslike vervulling nie (Soards 1995:28-29). Tweedens is dit duidelik dat Jesus op elke wyse die 'buitestaanders' of gemarginaliseerdes van sy tyd nader getrek het (NGK 2004:144). 'n Mens kan Jesus se bediening as inklusief tipeer (Doe 2000:37). Baie geleerdes wys ook daarop dat Jesus "...transcended the laws of the Old Testament by the new commandment to love one another as he has loved us" (Doe 2000:37; vgl ook NGK 2004:144-145).

Daar is twee verwysings deur Paulus (Rom 1:26-27; 1 Kor 6:9-10) na homoseksualiteit en een verwysing in die brief aan Timoteus (1 Tim 1:10) wat in die naam van Paulus geskryf is (NHKA 2004:384). Die gedeelte in Korintiërs is die eerste en oudste verwysing in die Christelike literatuur na dieselfde-geslag (manlike) seksualiteit. Die twee verse in Romeine vorm waarskynlik die belangrikste verwysing na wat anakronisties as homoseksualiteit verwys word (NHKA 2004:386;

⁴⁸ Omdat hierdie studie op die tekste in Levitikus 18:22 en 20:13 fokus, word die Nuwe Testamentiese verwysings na homoseksualiteit slegs kortliks genoem en nie verder bespreek nie.

Anthonissen & Oberholzer 2001:135-136). Dit bevat ook die enigste eksplisiete verwysing in die Bybel na vroulike dieselfde-geslag seksualiteit.

Matteus 19:10-12 word ook soms verkeerdelik in die debat oor homoseksualiteit betrek.⁴⁹

4.3.1.6 Gevolgtrekking

Tekste wat afkeurend na sekere heteroseksuele praktyke verwys, byvoorbeeld verkragting en owerspel, word nie gebruik om die “Bybelse leer” oor heteroseksualiteit te bepaal of om heteroseksualiteit as sodanig in die lig van daardie tekste af te keur nie (Anthonissen & Oberholzer 2001:122). Net so kan daar nie op die klank af van die skrifgedeeltes wat skynbaar afkeurend na homoseksuele praktyke verwys, gebruik gemaak word om die “Bybelse siening oor homoseksualiteit” te bepaal of om homoseksualiteit daarom sonder meer af te wys nie. Verwys hierdie tekste nie eerder na geperverteerde vorme van homoseksualiteit soos verkragting, tempelprostitusie, afgodery en pederastie nie soos sommige geleerdes meen nie? (NGK 2004:140).⁵⁰

Dit is dus belangrik om te bepaal of die Bybel net die praktyke en veral die drif tussen mense van dieselfde geslag beskryf en of die tekste enigsins iets te sê het oor die verskynsel van homoseksualiteit soos ons dit vandag ken en definieer (Anthonissen & Oberholzer 2001:121, 166). Hoe moet daar in die lig van die Bybel se gegewens oor ’n langtermyn eksklusiewe homoseksuele verbintenis tussen twee instemmende verantwoordelike volwassenes geoordeel word? (Myers 1999:67-68).

Die tekste in Levitikus wat oënskynlik homoseksualiteit afwys word nou verder analiseer.

⁴⁹ Potgieter en Van Huyssteen (2002:92-93) wys daarop: “Matteus 19:10-12 word soms gebruik om te sê dat daar mense is wat nie trou nie, omdat hulle van geboorte af homoseksueel is. [Dit] handel nie oor homoseksualiteit nie maar oor die huwelik tussen man en vrou”.

⁵⁰ Potgieter en Van Huyssteen (2002:90) stel daarteenoor: “As ons verantwoordelik eksegeese in die konteks van die destydse samelewing doen is dit nie so eenvoudig om te beweer dat homoseksualiteit “soos ons dit vandag ken” nie deur die Ou Testament afgewys word nie”.

4.4 KONTEKS VAN LEVITIKUS 18 EN 20

4.4.1 Ou Nabye Oosterse perspektiewe

'n Mens kan nie Bybeltekste los van hul omgewing en historiese *Sitz im Leben* verstaan nie (Human 2005:630, 634). Die Ou Testament vorm onlosmaaklik deel van van die Ou Nabye Ooste. Gevolglik moet alle Ou Testamentiese tekste teen hierdie kultuurhistoriese agtergrond gesien, gelees en geïnterpreteer word (sien Otto 2007:58).⁵¹

Uit die beskikbare getuienis wil dit volgens sommige geleerdes voorkom of die Ou Testament se verwerping van alle vorme van homoseksuele gedrag waarskynlik uniek is in die antieke wêreld (Wenham 1990:360). Ongelukkig is daar nie baie inligting oor hierdie onderwerp in die Ou Nabye Ooste beskikbaar nie. Die beoefening van homoseksuele praktyke was wel bekend in die Ou Nabye Ooste (Potgieter 2005:50-55). Hierdie vorm van seksualiteit (ten minste soos mense in die antieke wêreld dit skynbaar verstaan het) is nie oral en te alle tye op dieselfde wyse beoordeel nie. Of dit wat ons vandag onder homoseksualiteit verstaan en dit wat beskrywings uit die Ou Nabye Ooste daarvoor dokumenteer dieselfde is, is nie heeltemal seker nie (Human 2005:630).

Sekere vorme van seksuele omgang tussen mense van dieselfde geslag was oor die algemeen onaanvaarbaar, byvoorbeeld, bloedskande⁵², pederastie en wanneer 'n man 'n ander man van dieselfde sosiale stand wil verneder deur hom te dwing tot geslagsgemeenskap (Human 2005:631; Wenham 1990:361). Die kulture van die Ou Nabye Ooste kan as manlik en patriargaal gedomineerd beskryf word en gevolglik het hierdie vorm van geslagsomgang geïmpliseer dat 'n man in die openbaar die plek of rol van 'n vrou inneem. Hierdie praktyk is as 'n vernedering van iemand se eer en status beskou, as 'n skanddaad, binne 'n samelewing van eer en skande waarin hierdie sosiale waardes sterk gefunksioneer het (Human 2005:631; Potgieter 2005:51). Dit is belangrik om daarop te let dat seksualiteit as magsmiddel gebruik is in die antieke samelewings.⁵³

⁵¹ Otto (2007:58) wys daarop dat indien hierdie hermeneutiese uitgangspunt gevolg word, dan sal dit duidelik blyk dat Ou Testamentiese uitsprake oor verhoudings tussen persone van dieselfde geslag nie direk op die huidige konteks toegepas kan en mag word nie.

⁵² Bloedskande verwys na geslagsverkeer tussen 'n pa en 'n seun.

⁵³ Genesis 19 en Rigters 19 dien as goeie voorbeelde.

Die meeste inligting oor veral homo-erotiek kom uit sekere wette, magiese tekste, mites en epiese verhale uit Mesopotamië (Human 2005:630, 632). In een Assiriese droomboek is 'n aantal drome opgeteken wat na homoseksuele kontak verwys (Otto 2007:59).⁵⁴ In Mesopotamië is homoseksuele praktyke skynbaar aanvaar en is niks moreel of godsdienstig daarmee fout gesien nie, solank dit tussen twee instemmende volwassenes plaasvind (Wenham 1990:360). Uit die beskikbare getuienis wil dit nie voorkom of homoseksuele seksuele kontak tot rituele onreinheid gelei het nie (Otto 2007:59). Die Middel-Assiriese wetskodeks (Tafel A) bespreek seksuele kontak tussen persone van dieselfde geslag, maar dit is nie seker of dit nie eerder na homoseksuele verkragting verwys nie (Otto 2007:59-60). Dat homoseksuele gedrag onder mans voorgekom het, is duidelik. Hoe dit beoordeel is, is egter nie altyd duidelik nie. Opinies het moontlik gewissel van gebied tot gebied.

Wat die Hetiete aanbetref is 'n pa verbied om met sy seun gemeenskap te hê, maar word daar nie verder na dieselfde geslag seksuele praktyke verwys nie (Human 2005:632; Wenham 1990:361). Dit wil voorkom of die Hetiete moontlik dieselfde beskouing oor homoseksuele gedrag gehuldig het as die Assiriërs. Wat Egipte betref is die getuienis meer dubbelsinnig.⁵⁵ Geleerdes interpreteer die getuienis op verskillende maniere en gevolglik lewer dit nie 'n groot bydrae in hierdie verband nie (Potgieter 2005:54-56). Sommige geleerdes is egter van oortuiging dat die Egiptenare niks immoreel gesien het in homoseksuele daade wat met wedersydse instemming gedoen is nie (Wenham 1990:361). Ugaritiese tekste gee geen aanduiding van Kanaänitiese beskouings ten opsigte van homoseksualiteit nie.

Dit is opvallend dat daar geen skriftelike of ikonografiese verwysings na vroulike homoseksualiteit voorkom nie (Otto 2007:60). Otto (2007:60) verwys na twee moontlike redes vir hierdie verswyging:

- Die tekste reflekteer 'n manlike perspektief (omdat dit deur mans geskryf is),

⁵⁴ Geleerdes is nie seker watter afleidings oor die aanvaarbaarheid van homoseksuele gedrag uit hierdie drome gemaak kan word nie.

⁵⁵ Onkritiese uitsprake oor homoseksuele kontak kom voor, asook negatiewe uitsprake (taboe voorskrifte) in die Egiptiese *Boek van die Dode* (Otto 2007:60).

- Heteroseksuele kontak het die verstaan van seksualiteit tot so 'n mate bepaal dat seks slegs gesien is as voortplantingshandeling. Dit is gevolglik gereduseer tot die familie en genealogie.⁵⁶

Beskikbare getuienis uit die kultuurruimte van die Ou Nabye Ooste is te twyfelagtig om as gespreksgenoot vir die moderne verstaan van homoseksualiteit te dien (Human 2005:631). Dit laat die vraag ontstaan of dieselfde nie waar is van die Bybelse getuienis oor homoseksualiteit nie? Kan die beskikbare Bybelse getuienis oor homoseksualiteit as gespreksgenoot dien vir die moderne verstaan van homoseksualiteit?

4.4.2 Levitikus

Die boek Levitikus vorm deel van die eerste verteleenheid van die Ou Testament (die Heksateug) wat met Genesis 1 begin en met Josua 24 eindig (Deist 1987:1-3). Joodse eksegete, asook ander geleerdes, sien Levitikus as die hart van die Tora en Pentateug (Venter 2003:167).⁵⁷ Deist (1987:4) identifiseer die tema van die Heksateug as “God se mag om getrou te bly aan beloftes wat Hy gemaak het aan mense wat hulleself nie kon help nie”.

Die Heksateug val in 'n aantal episodes uiteen (sien Deist 1987:5) naamlik

- die aartsvaderverhale,
- die uittogverhale,
- die woestynverhale,
- die Sinaiverhaal⁵⁸,
- die intogverhaal,
- die verhaal oor die verdeling van die land.

Na die uittog uit Egipte, het die volk Israel ongeveer twee jaar lank aan die voet van die berg Horeb vertoef⁵⁹ om na die Here te luister (sien Eks 19 tot Num 10) (Venter

⁵⁶ Dit is ook die rede waarom homoseksualiteit as amoreel beskou is.

⁵⁷ Sien byvoorbeeld Snyman (2006:972-973) wat kortliks die literêre konteks van die boek Levitikus bespreek.

⁵⁸ Hierdie verhaal vertel hoe God met die volk Israel 'n ooreenkoms gesluit het en omvat 'n groot deel van Eksodus, Levitikus en Numeri.

⁵⁹ Die voet van die berg Horeb vorm die toneel waar die hele Levitikus afspeel.

1993:151). Levitikus handel oor die diens van die Israeliete aan God met die eerste deel wat fokus op die diens in die heiligdom (kultus) en die laaste deel wat grootliks fokus op die lewe van die volk buite die heiligdom sodat hulle steeds kon meedoen aan die erediens in die heiligdom (Breytenbach 1989:115). Die begrip heiligheid⁶⁰ vorm die teologiese fokus van Levitikus (Venter 2003:166).

4.4.3 Heiligheidskodeks

Levitikus 18 en 20 vorm deel van die sogenaamde “Heiligheidskodeks” (Otto 2007:61). Hoofstuk 17-26 bevat materiaal oor verskillende onderwerpe en kom nie werklik homogeen voor nie (Hartley 1992:xxxv). Die sentrale begrip in hierdie hoofstukke is “heiligheid” en poog om ’n reaksie te formuleer op die opdrag in Levitikus 19 vers 2: “Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig” (Venter 2003:180). Die heiligheidskodeks kan volgens talle geleerdes histories geplaas word in die eksilies-na-eksiliese tyd waarin “dit gaan om die vraag na ’n heilige lewe in die teenwoordigheid van ’n heilige God” (sien Snyman 2006:977). Veral die terreine van die kultiese en etiese kom hier ter sprake.

In die voetspore van Hartley (1992:xxxiv) kan hierdie gedeelte van Levitikus 17:1-26:46 soos volg verdeel word:

Wette oor ’n heilige lewe (Lev. 17:1-26:46)

- A. Wette oor die offer van mak diere en oor bloed (17:1-16)
- B. Wette wat die uitgebreide familie bestuur (18:1-30)
- C. Wette en vermanings oor ’n heilige lewe (19:1-37)
- D. Wette met sekere strawwe vir die wyding van kinders aan Molek, oproep van geeste en waarsêery, en seksuele oortredings (20:1-27)
- E. Spesifieke voorskrifte aan die priesters (21:1-24)
- F. Voorskrifte vir die priesters oor die eet van gewyde voedsel (22:1-16)
- G. Voorskrifte oor aanvaarbare en onaanvaarbare diereoffers (22:17-33)
- H. Kalender van gewyde feeste (23:1-44)
- I. Voorskrifte oor die versorging van die lampe en die offerbrood (24:1-9)
- J. ’n Geval van laster en ander regsreëls (24:10-23)

⁶⁰ In Levitikus word daar 152 keer na heiligheid verwys.

K. Die kalender vir sewe jaar siklusse asook seëninge en strawwe (25:1-26:46)

1. Sewe jaar siklusse: Die sabbatsjaar en hersteljaar (25:1-55)
2. Enkele algemene verbondsvoorskrifte (26:1-2)
3. Seën en straf (26:3-46)

Talle geleerdes beskou Levitikus 18-20 as 'n eenheid.⁶¹ Levitikus 18 en 20 staan aan weerskante van Levitikus 19. Levitikus 19 fokus op die individueel-etiese met as hoogtepunt die liefdesgebod (vgl Lev. 19:17 e v; Otto 2007:61).

4.5 LEVITIKUS 18

4.5.1 Struktuur van Levitikus 18

In navolging van Hartley (1992:284-285) kan die struktuur van hoofstuk 18 soos volg uiteengesit word:

- I. Inleidingsformule (1)
- II. Rede (2-30)
 - A. Opdrag om te praat (2a)
 - B. Eintlike rede (2b-30)
 1. Eerste parenetiese gedeelte (2b-5)
 - a. Formule van Jahwe se self-bekendmaking (2b)
 - b. Eintlike parenese (3-5)
 - 1) Twee verbodsbepalings teen vreemde praktyke (3)
 - 2) Twee vermanings om God se wette te onderhou, beide gesteun deur formules van Jahwe se self-bekendmaking (4-5)
 2. Wette wat verskillende seksuele verbintenisse reguleer (6-23)
 - a. Algemene wet (6)
 - b. Twee groepe wette (7-17a)
 - 1) Wette teen bloedskanie (7-18)
 - a) Primêre verhoudings
 - (1) Met 'n ma (7)
 - (2) Met 'n vrou van jou pa (8)
 - (3) Met 'n suster (9)

⁶¹ Snyman (2006:973-974) toon oortuigend aan waarom hierdie drie hoofstukke saamgegroepeer kan word. Sien ook byvoorbeeld Breytenbach (1989:115).

- (4) Met 'n kleindogter (10)
- (5) Met 'n stiefsuster (11)
- (6) Met 'n tante aan vaderskant (12)
- (7) Met 'n tante aan moederskant (13)
- (8) Met 'n tante, 'n vrou van jou oom (14)
- (9) Met 'n skoondogter (15)
- (10) Met 'n skoonsuster (16)
- (11) Met 'n ma en haar dogter (17a)
- b) Addisionele wette teen sekere huwelike (17b-18)
 - (1) Teen 'n huwelik met 'n vrou en haar kleindogter (17b)
 - (2) Teen 'n huwelik met 'n vrou en haar suster (18)
- 2) Wette teen sekere seksuele praktyke en offers aan Molek (19-23)
 - a) Teen seksuele omgang met 'n menstruerende vrou (19)
 - b) Teen seksuele omgang met 'n naaste se vrou (20)
 - c) Teen die wyding van kinders aan Molek (21)
 - d) Teen verkeerde homoseksuele dade (22)
 - e) Teen bestialiteit, manlik en vroulik (23)
3. Tweede parenetiese gedeelte (24-30)
 - a. Eintlike parenese (24-30a)
 - 1) Vermaning met historiese begroning (24-25)
 - 2) Parenese gesteun deur dreigement van uitsetting uit die land (26-29)
 - 3) Aansporing om hierdie wette te onderhou (30a)
 - b. Formule van Jahwe se self-bekendmaking (30b)

4.5.2 Inleidende opmerkings

Die wette in hoofstuk 18 gee verskillende voorskrifte aan die Israeliete oor verbode seksuele verhoudings (Venter 1993:176; Breytenbach 1989:134). Dit is opmerklik dat dit in die bondige bevelsvorm staan (jy moet of jy mag nie) (Venter 2003:181). Hoewel die aard en die erns van die oortredings vermeld word, word daar nie spesifieke strawwe vir elke oortreding aangedui nie (Levine 1989:118, 135). Daar is slegs sprake van 'n kollektiewe straf wat geformuleer is binne die raamwerk van die waarskuwing teen afgode diens (Levine 1989:135).

Om hierdie wette te dateer is moeilik. Daar bestaan heelwat meningsverskil onder geleerdes oor die datering (Hartley 1992:291).

Dit blyk dat die wette gerig is aan die hoof van 'n vader se huis. Hy moes toesien dat die wette gehoorsaam word. Drie tot vyf generasies wat moontlik uit tussen 50 en 100 persone kon bestaan het so 'n vader se huis gevorm en het nou saamgeleef (Hartley 1992:285-286). Hierdie uitgebreide gesin se gesinslewe is deur hierdie wette beskerm (Snyman 2006:974-975; Venter 1993:176; Hartley 1992:298-299). Die wette in verse 6-23 stem tot 'n groot mate ooreen met die wette in Levitikus 20 en Deuteronomium 27:20-23 (Venter 1993:176; Levine 1989:118).

Hierdie hoofstuk is in 'n selfsluitende eenheid gevorm (Gerstenberger 1996:246). Dit bestaan uit minstens drie tekstuele blokke, elk met verskillende uitgangspunte en bedoelings, wat saamgevoeg is (Gerstenberger 1996:247).

4.5.3 Raamwerk: Inleiding (1-5) en slot (24-30)

Deur Moses spreek Jahwe self 'n groter groep hoorders (die Israeliete) aan. Die gedeelte begin (2b) en eindig (30b) met die verklaring (ook genoem die verbondsformule): “Ek is die Here julle God” (Levine 1989:118; Maarsingh 1974:149). Dit word ook in 4b nog 'n keer herhaal as amplifikasie (Gerstenberger 1996:247). Hierdie woorde plaas die wette teen die agtergrond van die Sinai-verbond (Hartley 1992:291). In verse 5 en 6 asook vers 21b word die verkorte vorm van hierdie self-bekendmaking gebruik (Gerstenberger 1996:247).

Die hoofstuk begin (vss1-5) en eindig (vss 24-30) met vermanings wat duidelik die gevolge uitspel indien daar oortree word (Levine 1989:118). Vers 3a kyk terug na die tyd in Egipte en 3b vooruit na Kanaän (Maarsingh 1974:149). Israel word gewaarsku om nie die praktyke van haar bure na te volg nie en opgeroep om heilig te wees (Hartley 1992:285). In die inleidende verse (2-5) en in die slotverse (24-30) word die redes vir hierdie voorskrifte gegee (Breytenbach 1989:134). Die wette dien deur hierdie omraming as voorbeelde van onaanvaarbare praktyke wat Israel moet vermy (Gerstenberger 1996:255).

Die klem op afsondering van die omringende nasies en hulle gebruike maak dit moontlik om hierdie hoofstuk teen die agtergrond van die Persiese periode te plaas (Gerstenberger 1996:256). Of Israel se bure werklik wat hulle seksuele sedes en praktyke betref veel van Israel verskil het, is nie uit die beskikbare getuienis so seker nie (Gerstenberger 1996:256-257).

Maarsingh (1974:149-160) beskou verse 1-6 as inleiding en 7-17a as 'n gedeelte wat oor bloedskande handel. Verse 17b en 18 verwys na verbode huwelike, 19-23 bevat voorbeelde van perverse seksualiteit en 24-30 gee 'n beskrywing van hoe verontreiniging ondergang bewerk.

4.5.4 Wette wat verskillende seksuele verbintenisse reguleer

Die voorskrifte in verse 6-23 het almal met seksuele verhoudings te doen en vorm die kern van die hoofstuk (Hartley 1992:285; Breytenbach 1989:134). Al die wette is uit die perspektief van 'n man geformuleer (Gerstenberger 1996:249).

Vers 6 dien as 'n inleidende stelling. Die algemene kategorie wat daar neergelê is, word dan in die verse wat volg duideliker omskryf (Levine 1989:120).⁶² Dit wat in die volgende perikoop volg, word dus saamgevat in vers 6 (Maarsingh 1974:150). Vers 6-18 trek duidelik die grense van met watter vroue 'n man geen seksuele verhouding mag hê nie (Maarsingh 1974:154). Dit is opmerklik dat daar nie in hoofstuk 18 of 20 'n wet is wat seksuele omgang tussen 'n pa en dogter uitdruklik verbied nie (Gerstenberger 1996:296; Hartley 1992:287). Seksuele omgang tussen 'n broer en suster word ook nie deur enige van die bepalings verbied nie (Snyman 2006:974).

Levine (1989:118) verdeel die hoof gedeelte van die hoofstuk op grond van drie klasse van verbode seksuele aktiwiteit: bloedskande (6-16), verbintenisse met vroue wat nou verwant is (17-18) en ander verbode seksuele aktiwiteit (19-20, 22-23).

Hartley (1992:285) verdeel hierdie kerngedeelte op grond van twee groepe wette wat hy identifiseer: die eerste groep verbied seksuele omgang met 'n naby bloedverwant

⁶² Sien Gerstenberger (1996:248-249) wat vers 6 as 'n latere opskrif en interpretasie van die taboe lys beskou.

(7-17a + 17b-18) en die tweede groep verbied verskeie ander seksuele oortredings (19-20, 22-23). Vers 21 verwys na die wyding van kinders aan Molek.

Gerstenberger (1996:247, 258) oordeel dat die kern van die hoofstuk in twee groepe wette uiteen val: 7-17 wat op die familiegroep van toepassing is en 18-23 wat op 'n wyer gehoor gerig is. Otto (2007:62) oordeel dat verse 7 tot 18 'n reeks verbode seksuele verhoudings beskryf wat almal binne familieverband val.

4.5.4.1 Verbode verhoudings met 'n naby bloedverwant (6-18)

Verbode verhoudings met 'n naby bloedverwant⁶³ kom eerste aan die beurt (6-18) (Breytenbach 1989:134). Bloedverwante het nie net eie bloedfamilie ingesluit nie, maar ook aangetroude familie. In die lig van Gen 2:24 oordeel Breytenbach (1989:134) dat 'n huwelik twee mense een maak. Dit is opmerklik dat die uitdrukking “jy mag nie die naaktheid ontbloot nie ...” telkens in vers 7-17 herhaal word (Gerstenberger 1996:247). 'n Baie belangrike rede vir die wette in Levitikus 18:7-17 oor taboe persone is die behoud van manlike eer (Gerstenberger 1996:249-250).

Vers 17b en 18 verskil van die voorafgaande wette deurdat dit na verbode huwelike verwys (Hartley 1992:289). Dit is belangrik om daarop te let dat verse 17, 22 en 23 met die drievoudige beslissing, “it is a depravity, an abomination, a perversion” drie sinonieme terme gebruik om diagnosties te bepaal of 'n daad gevaarlik is (Gerstenberger 1996:247). Dit toon formele en wesenlike ooreenkoms met die verklarings van die priester “dit is rein/onrein” of “dit is 'n ernstige velaandoening” (vgl Lev 13), terwyl die uitdrukking “it is loathsome” (bv in Lev 11) wat in die voedselvoorskrifte gebruik word ook nou verwant is (Gerstenberger 1996:247).

4.5.4.2 Verontreinigende seksuele dade (19-23)

Verse 19-23 bevat 'n groep wette wat perverse of verontreinigende seksuele dade verbied (Hartley 1992:289). Dit wil voorkom of daar 'n progressie is in die ordening van hierdie wette vanaf aktiwiteite wat 'n verwringing is van normale seksuele gedrag tot onnatuurlike seksuele gedrag. Die verklarende formules wat die wette in die

⁶³ Potgieter (2005:214-216) beskou bloedskaande as 'n goeie analoë voorbeeld waarom homoseksuele verhoudings steeds vandag afgewys moet word. Ek stem egter nie hiermee saam nie. Twee homoseksuele persone in 'n permanente verhouding is byvoorbeeld nie bloedverwante (twee broers of twee susters) nie!

tweede groep begrond (sosiale verantwoordelikheid) verskil aansienlik van die in die eerste groep wette (verontreiniging) (Hartley 1992:289). Dit is interessant dat vers 19 'n man se seksuele verhouding met sy eie vrou aanspreek (Levine 1989:122). In die lig van Levitikus 15:19-24 maak hierdie verbod op omgang met 'n menstruerende vrou sin (Gerstenberger 1996:252). Egbreuk (20) word ook in die dekalooë verbied en word in alle antieke oosterse wet versamelings ernstig gestraf (Gerstenberger 1996:252-253).

Vir die meeste moderne lesers lyk dit of vers 21 nie by hierdie groep wette pas nie (Hartley 1992:289). Die gegewens in die Bybel oor die Molek kultus (21) is moeilik om duidelik te interpreteer en het heelwat meningsverskil onder geleerdes tot gevolg (Levine 1989:123; sien Hartley 1992:334-337 vir 'n volledige bespreking). Die vrae waarmee geworstel word is onder andere: was Molek 'n afgod of verwys die term na 'n tipe offer? Is kinders werklik geoffer aan hierdie afgod? (Gerstenberger 1996:253; Hartley 1992:335). Dat daar in Israel 'n verband gelê is tussen seksuele oortredings en die Molek kultus blyk daaruit dat wette teen wyding aan Molek ook in hoofstuk 20 voor 'n groep wette oor seksuele oortredings geplaas word (Hartley 1992:290).

Die tema van vers 22 is verkeerde manlike homoseksuele dade (Gerstenberger 1996:254).⁶⁴

Vers 23 handel oor bestialiteit.⁶⁵ Bestialiteit word alreeds in die voor-eksiliese Bondsboek⁶⁶ (Eks 22:19) veroordeel en met die dood gestraf (Otto 2007:61). Vers 23 bevat die enigste geval in die hoofstuk waar 'n vrou in 'n voorskrif aangespreek word (Gerstenberger 1996:251; Levine 1989:123). Die tweede persoon manlike enkelvoud aanspreekvorm word deurgans in al die ander wette gebruik (Levine 1989:123). Die inleiding en slot asook vers 6 (wat Gerstenberger saam met verse 1-5 groepeer) staan in die tweede persoon meervoud, is wat taalgebruik en inhoud betref te onderskei van

⁶⁴ Snyman (2006:975) wys tereg daarop: "Die literêre konteks van die prohibisies as verhoudings primêr binne familieverband, maak die interpretasie as sou dit hier gaan om kultiese tempel prostitusie onwaarskynlik".

⁶⁵ Dit is opmerklik dat nie die Bondsboek of Deuteronomium homoseksuele kontak tussen mans verbied nie, in die lig gesien dat beide die Bondsboek en Deuteronomium deur die Pentateugredaktor en Priesterskrif in Levitikus 17-26 uitgelê en geherinterpreteer word (sien Otto 2007:61).

⁶⁶ Eksodus 20:22-23:33 vorm die Bondsboek.

die wette, en vorm sodoende 'n raamwerk waarbinne die wette geplaas word (Gerstenberger 1996:247; Maarsingh 1974:149).

4.5.5 Levitikus 18:22

⁶⁷.awhi hb;[e/T hV:ai
ybeK]v]mi bK'v]ti al; rk; zÉAta, wÒ ²²

Verskillende vertalings⁶⁸ van hierdie vers lui soos volg:

King James Version: Thou shalt not lie with mankind, as with womankind: it is abomination.

New International Version: Do not lie with a man as one lies with a woman; that is detestable.

Ou Afrikaanse Vertaling: Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel.

Nuwe Afrikaanse Vertaling: Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde.

Multivertaling Bybel: Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê (by 'n ander man slaap soos jy by 'n vrou slaap) nie. Dit is 'n afstootlike sonde.

Nuwe Lewende Vertaling: Moenie lê by 'n man soos wat 'n man by 'n vrou lê nie. Dit is 'n afstootlike sonde.

Uit die verskillende vertalings⁶⁹ is dit nie heeltemal duidelik wat nou eintlik deur die vers afgewys word nie:

- Word homoseksuele daade tussen twee mans afgewys?
- Word 'n homoseksuele verhouding afgewys?
- Word homoseksualiteit in die algemeen afgewys?

⁶⁷ Geen tekskritiese wysigings word voorgestel nie.

⁶⁸ Dit is belangrik om in gedagte te hou vertaling en interpretasie loop hand aan hand (Spangenberg 1998:40).

⁶⁹ Sien ook Snyman (2006:970-972) wat verskillende vertalings van Levitikus 18:22 en 20:13 vergelyk.

- Wys hierdie vers net verkeerde homoseksuele daade tussen (heteroseksuele) manlike persone af?⁷⁰

Dit wil voorkom of selfs die verskillende vertalers van hierdie vers nie heeltemal seker is hoe hierdie vers die beste vertaal kan word nie.

Otto (2007:61) plaas Levitikus 18 vers 22 (asook Levitikus 20:13) teen die agtergrond van die na-eksiliese Pentateugredaksie. Hy oordeel dat beide regsuitsprake in Levitikus 18:22 en 20:13 terugherlei kan word na die Pentateugredaktor wat dit in hoofstuk 18 en 20 ingevoeg het in 'n reeks verbodsbepalings oor geslagtelike verhoudings. Of die twee uitsprake oor homoseksualiteit 'n skepping van die Pentateugredaktor self is of na vroeëre oorlewerings teruggevoer kan word, is egter onseker.

Daar moet fyn gelet word op die presiese terminologie van hierdie verbod (Wenham 1990:362). Die aktiewe vorm van homoseksualiteit, wat volgens sommige geleerdes as heel fatsoenlik in die antieke wêreld geag is, word verbied. Die passiewe deelnemer word net beskryf as 'male' en nie as 'man' of 'youth' nie (Wenham 1990:362). Die feit dat hierdie algemene term gebruik word dui volgens sommige geleerdes daarop dat alle vorme van man tot man (male-male) seksuele omgang verbied word (Wenham 1990:362). Die passiewe deelnemer word nie direk aangespreek nie. Enkele belangrike vrae is egter:

- Op grond waarvan word die afleiding gemaak dat hierdie vers alle homoseksuele daade (en verhoudings) vir tyd en ewigheid verbied?
- Waarom word hierdie daad afgewys?
- Is hier sprake van 'n langtermyn verbintenis van liefde en trou tussen persone van dieselfde geslag?

Dit is opvallend dat een van die sterkste moontlike veroordelende terme **hb; [e / T**⁷¹ (abomination, gruwel) in die Ou Testament gebruik word om

⁷⁰ Snyman (979) stel onder andere: "Dit handel in die tekste om heteroseksuele manlike persone wat homoseksuele daade pleeg. Dit is daarom onwaarskynlik dat durende homoseksuele verhoudings tussen persone van dieselfde geslag aangespreek word in die Levitikus-tekste".

⁷¹ Hierdie term kom 123 keer in die Ou Testament voor. Sien byvoorbeeld Potgieter (2005:312) vir 'n kort bespreking.

hierdie praktyk te veroordeel (Potgieter 2005:558; Wenham 1990:362). Binne die heiligheidswetgewing is homoseksuele gemeenskap die enigste seksuele daad wat eksplisiet as **hb; [e / T** (afstootlik) beskryf word (Potgieter 2005:309, 311).

Dit is gevolglik belangrik om te bepaal hoe hierdie term verstaan moet word.

Snyman (2006:976) wys daarop: “Die term het nie ’n uitsluitlik kultiese betekenis nie. Daar is gewoon dinge wat met die wese van Jahwe onverenigbaar is en wat deur Hom afgewys word – dit word ’n gruwel of afstootlike sonde genoem. Binne hoofstuk 18 funksioneer die begrip as sinoniem vir wat as “onrein” beskou word”.

Drie soorte dade word in Levitikus op hierdie wyse omskryf: oortredings van die voedselvoorskrifte, oortredings van die seksuele wette van Levitikus 18 en 20 asook deelname aan afgodediens (Stiebert & Walsh 2001:139). Die tipiese skeppings teologie van die Priesterlike tradisie⁷² wat poog om dit wat bymekaar pas (volgens hulle aard of soort) saam te groepeer en te skei van dit wat nie daarby pas nie, is die onderliggende motivering vir hierdie wette. Hierdie term word gebruik om die grense tussen Israel (Jahwe se heilige volk wat vir hom afgesonder is) en die omringende volkere, wat hulle volgens Israel aan verbode voedsel-, seksuele- en kultiese praktyke skuldig gemaak het, te bewaar.

Die seksuele voorskrifte in hierdie hoofstuk kan moontlik soos volg verstaan word (sien Stiebert & Walsh 2001:139-140):

- Omgang met ’n naby bloedverwant word verbied om die moontlike verwarring van twee onverenigbare groepe te voorkom naamlik die groep van potensiële sekmaats en die groep van familielede;
- Bestialiteit word verbied omdat dit die grens tussen mens en dier oorskry;
- Man tot man seksuele omgang word verbied omdat dit die grens oorskry tussen aktiewe manlike en passiewe vroulike seksuele rolle.

⁷² Die P-bron het waarskynlik in priesterkringe ontstaan en bevat materiaal wat veral vir die priesters van belang was. Dit bestaan hoofsaaklik uit wettemateriaal en geslagsregisters en kom waarskynlik uit die ballingskapyd (Spangenberg 1998:43).

Geen straf word vir hierdie oortreding in hoofstuk 18 gespesifiseer nie (Wenham 1990:362). Daar is ook geen verwysing na seksuele oriëntasie nie (wat in daardie tyd totaal onbekend was). Wat die interpretasie van hierdie vers veral bemoeilik is dat daar geen motivering of rede vir die verbod op homoseksuele dade gegee word nie.⁷³

Die belangrikste vraag is of hierdie vers enigsins verwys na dieselfdegeslag-verhoudinge van liefde en trou (NGK 2007:147). Dit is baie belangrik om daarop te let dat hier nie in hierdie vers sprake is van 'n langtermyn verbintenis tussen twee mans of 'n huweliksverhouding nie, maar eerder van 'n insidentele seksuele ontmoeting (Snyman 2006:976, 978, 979). In hoofstukke 18 en 20 word seksuele promiskuiteit dus moontlik veroordeel (Snyman 2006:979).

4.6 LEVITIKUS 20

4.6.1 Struktuur van Levitikus 20

In navolging van Hartley (1992:329-330) kan die struktuur van die hoofstuk soos volg uiteengesit word:

- I. Inleidende formule (1)
- II. Rede (2-27)
 - A. Opdrag om te praat (2aα)
 - B. Eintlike Rede (2aβ-27)
 - 1. Eerste groep wette (2aβ –6)
 - a. Offers aan Molek (2aβ-5)
 - b. Oproep van geeste en waarsêery (6)
 - 2. Eerste parenese, oproep tot heiligheid (7-8)
 - 3. Tweede groep wette (9-21)
 - a. Vloek pa of ma (9)
 - b. Verskillende seksuele verhoudings (10-21)
 - 1) Wette wat die doodstraf vereis (10-16)
 - a) Egbreuk (10)
 - b) Bloedskande (11-12)

⁷³ Snyman (2006:977) oordeel dat daar die volgende moontlikhede bestaan: Die Heiligheidswet kan dalk die onderskeid tussen rein en onrein in gedagte hê, dit kan moontlik gaan om die onderskeid tussen Israel en die ander volke met wie hulle in kontak kom of laastens kan dit te doen hê met die verspilling van manlike semen wat tot gevolg het dat kinders nie verwek word nie.

- (1) Seksuele omgang met 'n vrou van jou pa (11)
- (2) Seksuele omgang met 'n skoondogter (12)
- c) Homoseksuele dade (13)
- d) Huwelik met 'n vrou en haar dogter (14)
- e) Bestialiteit (15-16)
 - (1) Deur 'n man (15)
 - (2) Deur 'n vrou (16)
- (2) Wette wat afsnyding vereis (17-18)
 - a) Seksuele omgang met suster of halfsuster (17)
 - b) Seksuele omgang tydens menstruasie (18)
- (3) Wet wat straf beveel maar nie straf spesifiseer nie-seksuele omgang met tante aan moeders- of vaderskant (19)
- (4) Wette wat verbeuring van regte vereis (20-21)
 - a) Seksuele omgang met oom se vrou (20)
 - b) Seksuele omgang met skoonsuster (21)
- 4. Tweede Parenese (22-26)
 - a. Vermaning om wette te onderhou (22-23)
 - b. Belofte van inbesitname van die land (24)
 - 1) Eintlike belofte (24a)
 - 2) Uitgebreide formule van Jahweh se self-bekendmaking (24b)
 - c. Bevel om te onderskei tussen rein en onrein diere (25)
 - d. Oproep tot heiligheid (26)
- 5. Wet teen oproep van geeste en beswering met die doodstraf (27)

4.6.2 Inleidende opmerkings

Die veertien oortredings wat in hoofstuk 20 genoem word, sluit nou aan by die sewentien voorskrifte of wette⁷⁴ van hoofstuk 18 (Gerstenberger 1996:288). Hierdie hoofstuk herhaal en herformuleer grootliks die inhoud van Levitikus 18 (Venter 1993:178; Levine 1989:135). Levitikus 18 en 20 is feitlik spieëlbeelde van mekaar met vergelykbare materiaal wat verskillend ontwikkel is (Gerstenberger 1996: 245). Sekere temas van hoofstuk 19 word ook gereflekteer (Levine 1989:135). Die volgorde waarin die wette voorkom verskil van die volgorde in hoofstuk 18 (Hartley 1992:332;

⁷⁴ Potgieter (2005:296) beskou die wette of riglyne in hierdie hoofstukke waarvolgens God se mense moet leef as vaste norme.

Maarsingh 1974:176). Wette word egter nie soos in Levitikus 18 in die direkte vorm van bevel (jy moet/mag nie) gegee nie, maar in die voorskrifvorm vir 'n bepaalde geval (indien/wanneer ... dan moet jy ...) (Venter 1993:178). Hierdie gevallestudiewette dui ook die spesifieke strawwe vir die verskillende oortredings aan (Venter 2003:181; Breytenbach 1989:136).

Dit is volgens sommige geleerdes moontlik dat hierdie wette, anders as in hoofstuk 18, gerig is aan die hele gemeenskap, veral die leiers wat verantwoordelik was vir die oplê van die voorgeskrewe strawwe (Hartley 1992:332). Of dit wel die geval is, is egter nie uit die beskikbare getuienis seker nie. Hoofstuk 18 en 20 se eiesoortige perspektiewe dui volgens sommige geleerdes op verskillende historiese agtergronde (Levine 1989:135). Beide hoofstukke sien egter 'n verband tussen afgodediens en seksuele verval wat weer beskou word as die redes vir die ballingskap (Levine 1989:135).⁷⁵

Heel moontlik was die outeur(s) van hoofstuk 20 bekend met ander gedeeltes van Levitikus en het hulle hierdie tekste gebruik om onderwerpe wat reeds behandel is uit 'n nuwe perspektief te belig (Gerstenberger 1996:288-289). Hierdie hoofstuk, wat talle streng vermanings bevat, het waarskynlik 'n na-ballingskapse agtergrond (Gerstenberger 1996:295). In daardie tyd is 'n stryd om oorlewing gevoer.

4.6.3 Inhoud van hoofstuk 20

Net soos ander tekseenhede in Levitikus (bv hoofstuk 18 en 19) begin die hoofstuk met die formule: “Die Here het vir Moses gesê” (Gerstenberger 1996:289).

Dit wil voorkom of die voorskrifte moontlik georden is volgens die straf wat in elke geval opgelê moes word (Breytenbach 1989:136). Verse 1-16 beskryf oortredings wat met die dood gestraf moes word (Venter 1993:178; Levine 1989:135). Vers 14 bepaal uitdruklik dat die doodstraf deur verbranding voltrek moes word (Gerstenberger 1996:289).⁷⁶ Gerstenberger (1996:289) beskou verse 9-16 as 'n kompakte lys 'wetlike

⁷⁵ Die verbintenis tussen Levitikus 18 en 20 kan volgens Potgieter (2005:303) soos volg gesien word: Levitikus 18: verbod op ongewensde seks → want jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Lev. 19:18, 34) daarom → Levitikus 20: is daar 'n verbod op ongewensde seks.

⁷⁶ Op watter wyse die doodstraf vir die ander halsmisdade voltrek is (sommige meen deur steniging soos bepaal in vers 2 en 27), is nie seker nie (Gerstenberger 1996:289).

beginsels' wat algemeen as genre in Israel voorgekom het. Verse 17-18 beskryf oortredings wat met die afsny van die volksgenote gestraf is en verse 19-21 beskryf oortredings wat met die verbeuring van regte gestraf moes word (Breytenbach 1989:136). Telkens neem die erns van die straf af (Hartley 1992:331).

'n Ander moontlikheid is om die oortredings van kultiese en godsdienstige voorskrifte (1-8) saam te groepeer en om die oortredings teen bloedverwante en oortredings van voorskrifte ten opsigte van seksuele verhoudings (9-21) saam te groepeer (Breytenbach 1989:136).⁷⁷ Die strafbepalings in vers 2-6 asook die strafbepalings in vers 9-21 word beide afgesluit met 'n oproep tot heiliging en gehoorsaamheid (7-8 en 22-26) (Breytenbach 1989:136-137). Die klem op skeiding (24b-26) is ook opvallend (Gerstenberger 1996:291). Die temas van vers 22-26 bind hoofstuk 20 aan die wette oor hoe om heilig te lewe (Levitikus 17-26) en aan die wette oor rituele reinheid (Levitikus 11-15) (Hartley 1992:332). Vers 27 pas nie goed in die patroon van die hoofstuk nie en lyk na 'n latere aanvulling (Breytenbach 1989:137).

Die hoofstuk begin met 'n inleidende gedeelte wat ernstig waarsku teen die Molek kultus (1-5) (Levine 1989:135). Net hierdie eerste wet of vermaning (v2) word van uitgebreide kommentaar voorsien (v3-5) (Gerstenberger 1996:290). Dit word gevolg deur 'n verbod op nekromansie in vers 6 en dan eindig die hoofstuk weer met dieselfde tema in vers 27 (Levine 1989:135). Sodoende vorm daar 'n inclusio (Hartley 1992:330).

4.6.4 Levitikus 20:13

$\mu h, y n E v] \quad W c [; \quad h b ; [e / T \quad h V ; a i$
 $y b e K] v] m i \quad r k ; z \acute{E} A t a , \quad b K ' v] y I \quad r v , a \}$
 $v y a i w \grave{O}^{13}$

⁷⁷ Vgl ook Maarsingh (1974:176-183) wat dieselfde indeling volg, behalwe dat hy vers 9 alleen plaas.

⁷⁸. μB; μh, ymeD] Wtm;Wy t/m

Verskillende vertalings van hierdie vers lui soos volg:

King James Version: If a man also lie with mankind, as he lieth with a woman, both of them have committed an abomination: they shall surely be put to death; their blood shall be upon them.

New International Version: If a man lies with a man as one lies with a woman, both of them have done what is detestable. They must be put to death; their blood will be on their own heads.

Ou Afrikaanse Vertaling: En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle.

Nuwe Afrikaanse Vertaling: Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.

Multivertaling Bybel: Twee mans wat homoseksueel verkeer ('n Man wat by 'n ander man slaap soos by 'n vrou), doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet (moet albei) doodgemaak word. Hulle verdien die dood.

Nuwe Lewende Vertaling: As 'n man by 'n man lê soos wat 'n man by 'n vrou lê, moet beide doodgemaak word. Dit is 'n afskuwelike ding en hulle is skuldig aan 'n baie ernstige oortreding.

Hoewel die bewoording van hierdie vers effens verskil van Levitikus 18:22 is die sleutel frase presies dieselfde en word die term $hb; [e/T$ (abomination, gruwel) gebruik om hierdie daad te beskryf (Potgieter 2005: 309, 311; Stiebert & Walsh 2001:142). Die regstegniese inhoud van die formulerings in Levitikus 18:22 en 20:13 is identies (Otto 2007:62). Dit is opmerklik dat hierdie vers bepaal hoe oortreders behandel moet word: hulle moes met die dood gestraf word (Wenham

⁷⁸ Na oorweging van die tekstkritiese nota, word die teks onveranderd behou.

1990:362).⁷⁹ Die doodstraf vir hierdie daad wat vir Israel 'n gruwel is, moes toegepas word omdat die onderskeid tussen aktiewe manlike en passiewe vroulike seksuele rolle, wat volgens die veronderstelling van die Priesterlike outeur reeds met die Skepping vasgelê is, verwar is (Stiebert & Walsh 2001:143). Anders as in Levitikus 18:22 word beide die aktiewe en passiewe deelnemer aangespreek. Dit is interessant dat beide partye dieselfde straf ontvang: die aktiewe en passiewe deelnemer kry beide die doodstraf (Stone 1995:98; Wenham 1990:362).

Daar is verder geen aanduiding dat hier van verkragting sprake is nie, maar wel van instemmende omgang tussen twee persone (NGK 2007:165; Wenham 1990:362). Indien die seksuele omgang nie instemmend plaasgevind het nie, sou beide mans nie met die dood gestraf word nie, net die verkrachter. Dit wil dus voorkom of die Ou Testament alle vorme van homoseksuele omgang verbied, selfs waar beide partye daartoe instem, nie net waar dit met mag afgedwing is nie of waar pederastie ter sprake is nie (Wenham 1990:362). Die brandende vraag is egter waarom die Ou Testament homoseksuele omgang verbied?

Otto (2007:62) wys daarop dat die parallelle formulering van Levitikus 20:13 en Eksodus 22:19 se verbod op bestialiteit opmerklik is en stel: “Dit laat die vermoede ontstaan dat die redaktors telkens geput het uit 'n reeks seksuele delikte waarin die woord “lê” (Hebreeus *škb*) voorgekom het. Hierin kom voorbeelde van bestialiteit (Lev 18:23; 20:15 e v) en manlike homoseksualiteit voor. Indien dit so sou wees, sou 'n mens weer eens die agtergrond vir hierdie verbod kon sien in die sterk verband wat ook Oud-Israel gelê het tussen seksualiteit en voortplanting”.

4.7 SINTESE VAN LEVITIKUS 18:22 EN LEVITIKUS 20:13

Teologiese argumente vorm die grondslag vir die verbod teen omgang tussen mans (Otto 2007:64). Levitikus 18-20 vra veral twee belangrike dinge van Israel: lojaliteit aan die Here deur sy bepalings en voorskrifte te gehoorsaam en afsondering van die

⁷⁹ Die ernstige straf dui volgens Potgieter (2005:309) op die onaanvaarbaarheid van die daad in die oë van God en mag nie onder gelowiges voorkom nie. Die *mōt jūmat*-formulerings belemtoon die strafregtelike karakter van hierdie uitsprake en sodoende word homoseksuele omgang ook van sosiaal-etiese norme geskei (Otto 2007:63).

heidene⁸⁰ (om nie te doen wat die Egiptenare en Kanaäniete doen nie) (sien White 1995:21). Afsondering, om jou groep onbesmet en onbesoedel (rein) te hou, is die wese van heiligheid. Die Israeliete moet hulle op geen manier verontreinig soos die heidene gedoen het nie (Lev 18:24). Die verbod teen homoseksuele daade is dus net soveel 'n diatribe teen die heidene as 'n bevel vir Israel. Dit wil dus duidelik maak dat hierdie praktyk 'n heidense manier van doen is, dat die doen daarvan Israel sal besoedel en gevolglik is dit 'n gruwel. Die manlike geslagsorgaan vertoon die teken van besnydenis en om daarmee 'n onrein daad te pleeg is die daad van 'n onbesnede heiden (NHKA 2007:4-5; Dreyer 2006b:450).

Seksuele daade tussen persone van dieselfde geslag word in antieke tekste en ook in die Bybel beskryf teen 'n heteroseksuele agtergrond (Human 2005:630). Dit is insiggewend dat Levitikus 18:22 en 20:13 manlike homoseksuele kontak aandui deur middel van 'n eksplisiete vergelyking met heteroseksuele omgang (Stone 1995:98). Die manlike aangesprokenes in hierdie wette word verbied om by 'n man te lê op dieselfde wyse as wat 'n man by 'n vrou lê (Potgieter 2005:299; Stone 1995:98). Seksuele kopulasie tussen man en man, soos dit normaalweg tussen man en vrou plaasvind, word dus verbied (Human 2005:634).⁸¹ Mans mag gevolglik nie met ander mans seksuele daade pleeg soos wat hulle met vrouens doen nie (Potgieter 2005:557). Geld dit egter onder alle omstandighede vir tyd en ewigheid?

'n Belangrike vraag is gevolglik: veroordeel die Hebreeuse Ou Testament homoseksualiteit *per se*, of veroordeel dit 'n man se passiewe rol in 'n seksuele daad? (Stiebert & Walsh 2001:128).⁸² Wat Levitikus bedoel wanneer dit verwys na 'n man wat soos 'n vrou optree of funksioneer is slegs verstaanbaar teen die tradisionele Mediterreense kulturele agtergrond (White 1995:16). Die manier waarop hier na manlike homoseksuele aktiwiteit in terme van manlike en vroulike rolle vir seksuele

⁸⁰ Die wette in Levitikus 18-20 moes Israel onderskei van die omringende volke "... ten opsigte van hulle etiek en moraliteit in terme van gesinswaardes en seksuele gebruike. In daardie opsig stel die reinheidswette grense aan God se mense ... en geld heelwat van die wette nog steeds" (Potgieter 2005:306-307). Die vraag waarom daar groot meningsverskil bestaan is: watter wette geld vandag steeds? Hoe bepaal 'n mens dit? Dit is ook interessant dat net sekere dele van sekere wette steeds geld.

⁸¹ Potgieter (2005:325) oordeel dat die rede waarom homoseksuele gemeenskap verbied word is die volgende: "Dit gaan dus om die seksuele vermenging van twee dinge wat nooit bedoel was om vermeng te word nie. Dit is die oortreding van die geslagtelikheid soos God dit aanvanklik bedoel het ... Homoseksuele gemeenskap is dus die aantasting van die fisiese vorming van die menslike geslagtelikheid".

⁸² Die feit dat daar nêrens in die Hebreeuse Ou Testament na vroulike homoseksuele gedrag verwys word nie, maak sin in terme van die netwerk van voorveronderstellings oor seks en geslag wat gegeld het (Stone 1995:98-99).

gedrag verwys word, wys op die belang van geslagsrol onderskeiding in die houding wat daar teenoor manlike homoseksuele kontak ingeneem word (Stone 1995:98). Seksuele kontak tussen mans word verbied omdat dit die grense tussen geslagtelike subjek-objek kategorië verwar. Levitikus 18:22 en 20:13 protesteer dus teen die omkering van manlike en vroulike geslagsrolle in die openbare samelewing omdat dit in die lig van die waardes van eer en skande as 'n vernedering beskou is wanneer 'n man die rol van 'n vrou in die openbaar inneem (Human 2005:634). Die outeurs van die Heiligheidskodeks beskou hierdie verwarring as afstootlik en het baie moeite gedoen om die onderskeidings en kategorië in terme waarvan die wêreld eintlik georden moes word, uit te stippel (Stone 1995:98). Enige aktiwiteit wat moontlik hierdie sisteem van geordende reinheid kon ontwig, is veroordeel. Heiligheid is 'n reinheidskonsep wat vermenging en twyfelagtigheid (ambiguity) verafsku en is 'n saak van rein en onrein, gewyd en profaan (White 1995:18).⁸³ Die sleutel tot reinheid en heiligheid is orde met die gevolg dat dit wat onrein en profaan is uitgesluit moet word om 'n patroon of kategorie in stand te hou (White 1995:18). Heiligheid vereis dat individue aanpas by die groep waaraan hulle behoort, dat hulle die vermenging van persone of dinge van verskillende groepe of klasse vermy (White 1995:19).

In gemeenskappe waar reinheidsvoorskrifte so 'n groot rol speel was dit belangrik vir mense om te weet presies waar alles en almal in hierdie reinheidsstelsel pas (vgl White 1995:19). Levitikus beskryf 'n relatief eenvoudige reinheidsstelsel. Die logika van hierdie stelsel word in die verhale aan die begin van Genesis gevind wat die struktuur van die wêreld orden, klassifiseer en omlin soos Israel dit gesien het. Vaste tye vir werk en rus ('n kalender) word vasgestel. Die diere, visse en voëls word in suiwer (rein) vorme geskep (geen basters of onrein wesens nie), en op hulle behoorlike plekke geplaas naamlik op land, in die water of in die lug, met behoorlike kos en die vermoë om te beweeg, vlieg of swem volgens hulle aard. 'n Hiërargie van geskape wesens word vasgestel in die skepping, met die mens wat oor alles heers, terwyl die uitleg (argitektuur) van die tempel hierdie vasgestelde orde herhaal. Bepaalde diere is heilig, rein, sonder gebrek en geskik om geoffer te word. Verder is sekere persone heilig asook sekere plekke. Hierdie heiligheid van plekke en persone is

⁸³ Mary Douglas wys volgens White (1995:18) op die volgende handige praktiese reël om reinheidsreëls te identifiseer, insluitende heiligheid: "if persons and things are clean when they are not dirty, and dirt is matter out of place, then purity is quite simply matter in its proper place".

ook hiërargies in Israel georden. In die lig hiervan word bepaalde dade veroordeel omdat dit onvanpas is vir hierdie of daardie groep persone, in hierdie of daardie tyd of plek, dus volgens die bepaalde reinheidsreëls wat geld (White 1995:20). Die beoefening van homoseksuele dade maak mense onrein en onrein mense moet uitgesluit word van interaksie met God en ander (NHKA 2007:4; Dreyer 2006b:450).

4.8 WAAROM VERBIED DIE OU TESTAMENT OËNSKYNLIK HOMOSEKSUELE DADE?

Waarom die Ou Testament homoseksuele dade verbied, is 'n baie belangrike vraag. Die vae konteks waarin die tekste wat homoseksualiteit afwys, voorkom, open die deur vir verskillende verstaansmoontlikhede (Human 2005:634).

Een moontlikheid is dat dit na die afwysing van manlike kultiese prostitusie⁸⁴ verwys (vgl Human 2005:634 asook NGK 2007:151 en Groenewald 2006:63-64 vir 'n kort bespreking).

Wenham (1990:363) vermoed dat Israel se afwysing van homoseksuele omgang uit haar Skeppingsleer vloei. Baie van die mees fundamentele beginsels van die Ou Testamentiese wette word in die inleidende hoofstukke van Genesis⁸⁵ aangetref (Wenham 1990:362). Hierdie beginsels is van toepassing op wette oor voedsel, verskillende offers, die sabbat en seksuele praktyke. Genesis 1 wys byvoorbeeld verskeie kere daarop dat God verskillende plante en diere gemaak het om voort te plant 'elkeen na sy aard' (Wenham 1990:363). Gevolglik verbied die wet (byvoorbeeld Levitikus 19:19) enige kruisteeling of dade wat dit kan aanmoedig. Die ernstigste voorbeeld hiervan word in Genesis 6:1-4 beskryf en het die vloed tot gevolg. Wanneer daar in Genesis na die skepping van die mens verwys word, word daar duidelik gestel dat God doelbewus twee geslagte (man en vrou) geskep het om sy eerste opdrag uit te voer: "Wees vrugbaar, word baie ...". Omdat homoseksuele dade

⁸⁴ Dit wil volgens sommiges uit beskikbare getuienis (bv Deut 23:17-18; 1 Kon 14:24; 1 Kon 15:12-14; 1 Kon 22:47) blyk of kultiese prostitusie waarby mans betrokke was wel met tye in Israel voorgekom het. (Potgieter 2005:313-314). Daar bestaan egter nie eenstemmigheid onder geleerdes oor wat die rol van hierdie manlike tempelprostitute was nie (Potgieter 2005:316). Potgieter (2005:321-323) is egter oortuig dat homoseksuele verhoudings nie destyds onaanvaarbaar was omdat dit in die heidense kultusse voorgekom het nie, maar omdat dit 'n praktyk is wat die gesin skade aandoen. Sien ook NGK (2007:178-179) waar gestel word dat die kultiese praktyke van die Kanaäniete nie in die tekste in Levitikus ter sprake is nie.

⁸⁵ Sien Groenewald (2006:57-61) vir 'n bespreking van hoe seksualiteit ingebed is in die skeppingsverhale.

geen moontlikheid tot voortplanting bied nie, pas dit glad nie in by die denke van Genesis 1 nie.⁸⁶ Ook in Genesis 2 word die eensame Adam nie van nog 'n Adam nie, maar van Eva, 'n helper wat by hom pas, en met wie hy op intieme wyse een vlees kan word, voorsien. In die lig hiervan kan homoseksuele dae nie in Israel toegelaat word nie.

In Levitikus, soos reeds gestel, is daar nie sprake van 'n langtermyn verbintenis tussen twee mans of 'n huweliksverhouding nie, maar moontlik eerder van 'n insidentele seksuele ontmoeting. In Levitikus 18 en 20 word seksuele promiskuïteit dus moontlik veroordeel.

'n Verdere moontlike rede vir die afwysing van homoseksualiteit is dat dit kon dui op 'n openbare seksuele daad wat die bedoeling gehad het om 'n ander persoon in die openbaar te oonteer of in die skande te steek (NHKA 2007:5; Human 2005:634).

Antropologiese studies toon aan dat seksuele gebruike en die betekenis wat daaraan toegeken word oor verskillende kultuurgrense heen verskil (Dreyer 2006b:464). Die antropologie van Midde Oosterse en Mediterreense eer en skaamte bied waardevolle hulpmiddels om die simboliese betekenis wat skynbaar onderliggend aan Bybelse tekste is te interpreteer (Stone 1995:102). Dit is belangrik om te bepaal tot watter mate die antropologie van eer en skaamte kan lig werp op opvattinge oor geslag en seksuele praktyk (Stone 1995:95). Gilmore het aan die hand gedoen dat 'n bepaalde konfigurasie van oortuigings oor seks, geslag, eer en skaamte eintlik een van die min kulturele eienskappe is wat genoegsaam wydverspreid is om dit te regverdig om die lande van die Mediterreense kom en dele van die Midde Ooste saam te hanteer as 'n studie voorwerp (Stone 1995:95).

Dit wil voorkom of ons te doen het met 'n kulturele matriks waarin geslagsrolle skerp onderskei is (Stiebert & Walsh 2001:124). In die gemeenskappe waarin die eer-skaamte kompleks bestudeer is, is manlike homoseksualiteit meermale met besondere afkeer bejeën (Stone 1995:96). Waaraan is hierdie negatiewe oordeel te wyte? Dit het

⁸⁶ Otto (2007:64) stel tereg dat Genesis 1:27 die verstaanshorison verskaf vir die verbod op seksuele omgang tussen mans. Sien ook NGK (2007:181) waarin gestel word dat die verbod op homoseksuele dae in Levitikus in die lig van Bybelse denke sin maak (die heteroseksuele man-vrouverhouding in die skeppingsverhale word as die archetipiese, deur-God-gewilde model geskets).

waarskynlik te doen met die skerp onderskeiding van manlike en vroulike geslagsrolle asook met die hiërargiese aard van hierdie onderskeiding. 'n Ware of regte man is aktief, strydvlugtig en altyd gereed om sy eer te verdedig sodat dit in die openbaar erken kan word (Stiebert & Walsh 2001:126). Eer kan omskryf word as die openbare agting wat 'n persoon of groep geniet en dui sosiale stand en regmatige plek in die gemeenskap aan (White 1995:16). 'n Eerbare man is iemand wat in beheer was van sy liggaam, sy huis (en familieledede in die huis), sy dorp of stad (White 1995:17). Eer is hoofsaaklik die gevolg van afkoms (geboorte). Die positiewe vroulike ekwivalent van eer is skaamte. Vroulike skaamte is 'n passiewe kwaliteit wat hoofsaaklik gerig is op die bewaring van maagdelikheid voor die huwelik en getrouheid aan jou man daarna (Stiebert & Walsh 2001:124). Vroue se gedrag is gevolglik gekenmerk deur 'n sensitiwiteit vir naaktheid, skamerigheid en beteuling (White 1995:17).

Hoe ander 'n man sien is uiters belangrik. Daarom sal dit ongehoord vir 'n man wees om enigsins op 'n wyse op te tree wat nie in lyn is met hoe daar van 'n man (sy soort) verwag is om op te tree nie. Gedrag wat as vroulik of passief gesien kan word, is vermy (Stiebert & Walsh 2001:126). Manlikheid is nie net anders as vroulikheid nie, maar verhewe. Gevolglik is dit feitlik altyd as 'n belediging beskou om te sê dat 'n man soos 'n vrou optree (Stone 1995:96).

Manlike homoseksuele daade kry binne hierdie netwerk van voorveronderstellings oor geslag 'n bepaalde omvang van betekenis (Stone 1995:96). Homoseksuele gedrag tas in 'n patriargale samelewing (soos die van die Ou Testament) manlike eer aan (Dreyer 2006b:450). Mans is beskou as geskikte seksuele subjekte en alle vroue as geskikte seksuele objekte (Stone 1995:97-98). Die manlike seksuele rol is om die aktiewe penetreerder te wees, en die passiewe rol (om geopenetreer te word) bring skande oor 'n man (Stiebert & Walsh 2001:145).

Dit is interessant om in ag te neem hoe daar oor voortplanting gedink is. Vir voortplanting is saad en grond nodig (White 1995:17). Die man saai dus sy saad (skenk lewe) in die vrou (die saailand) wat op haar beurt geboorte skenk (White 1995:17-18). 'n Vrou was die enigste natuurlike plek waar 'n man sy semen mag stort omdat destyds geglo is dat die semen reeds die volledige lewe bevat (Potgieter 2005:296). Die voortbring van manlike erfgename is as baie belangrik beskou en

enige optrede wat dit verhinder is as 'n vermorsing van saad en gevolglik as onaanvaarbaar gesien (NHKA 2007:4; Dreyer 2006b:450). In antieke Israel, net soos in die Ou Nabye Ooste, was seksualiteit in die engste verband net aan die reproduksie van die familie gekoppel (sien Otto 2007:62). Homoseksuele kontak was waarskynlik in Israel met die dood strafbaar omdat dit buite die norm geval het. Die norm was seksualiteit slegs binne familieverband, met seks wat gevolglik vereng is tot voortplantingsmiddel wat vir nuwe lewe moes sorg.

Wanneer twee mans homoseksuele omgang het neem een van die mans 'n rol in wat kultureel gesproke slegs by die vroulike geslag pas, met ander woorde een man vertolk die rol van seksuele objek en nie seksuele subjek nie (Stone 1995:96). Die man wat toelaat dat daar op hierdie wyse seksueel teenoor hom opgetree word toon daardeur dat hy die objek van 'n ander man is en word sodoende 'vervroulik'. So 'n man is sonder eer (hy word as saailand vir 'n ander man se saad gebruik) omdat hy in 'n sekere sin nie meer as 'n man beskou word nie (White 1995:18). Binne hierdie raamwerk kan die negatiewe houding teenoor manlike homoseksuele gedrag beskou word as 'n funksie van geslag-hiërargie en differensiasie (Stone 1995:96-97). Seksuele penetrasie dui ook op sosiale onderdanigheid en wanneer 'n man so 'n vroulike rol aanneem, dan is dit 'n rol wat geassosieer word met laer status en mag. Homoseksualiteit kry betekenis in terme van ongelyke sosiale posisies en magsverhoudings.

Hierdie insigte kan help om die besware teen homoseksuele gedrag in Levitikus beter te verstaan. Dit blyk ook duidelik dat die Ou Testamentiese uitsprake oor homoseksualiteit tydsgebonde is en dat die etiese norme en waardes wat daarin gereflekteer word, nie net so op moderne etiese vraagstukke toegepas kan word nie (NHKA 2007:4-5; Otto 2007:64-65).

HOOFSTUK 5

SINTESE

Uit hierdie navorsing het onder andere die volgende duidelik geblyk:

5.1 AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING

Aan die begin van die 21e eeu vorm homoseksualiteit een van die mees aktuele en uitdagende vraagstukke. In wetenskaplike kringe, tydskrifte, publieke forums en kerke woed daar wêreldwyd 'n hewige debat oor homoseksualiteit. In kerke regoor die wêreld, en ook in Suid-Afrika, bestaan daar nie eenstemmigheid oor hoe homoseksuele Christene hanteer behoort te word nie. Ten diepste handel die debat oor homoseksualiteit oor die vraag: Hoe moet 'n mens die Bybel interpreteer?

Geleerdes stem nie saam oor hoeveel mense 'n homoseksuele oriëntasie vertoon nie. Ten spyte van groter verdraagsaamheid en meer gay rolmodelle blyk dit dat die gay minderheid in die samelewing min of meer konstant tussen 2 en 3 persent bly. Hoewel sommige mense dit moeilik aanvaar, vorm homoseksuele persone ook deel van die kerk en wil hulle graag openlik hulle plek binne hul bepaalde geloofsgemeenskap inneem.

Gelowiges en kerke worstel met kwessies soos homoseksuele huwelike, homoseksuele ampsdraers en of die praktisering van 'n homoseksuele oriëntasie aanvaarbaar is. Die voorkoms van homofobie vra ook van alle kerke 'n duidelike standpunt.

In die lig van die hedendaagse verstaan van die Bybel en van homoseksualiteit is dit waarskynlik tyd vir die kerk om haar eeue-oue standpunt oor homoseksualiteit te heroorweeg.

5.2 DOELWITTE

Die eerste belangrike doelwit van hierdie ondersoek was om die problematiek en aktualiteit rondom homoseksualiteit aan te toon. Homoseksualiteit skep nie 'n eenvoudige vraagstuk nie. Talle gelowiges en ander neem egter deel aan die debat oor homoseksualiteit sonder om die problematiek rondom hierdie saak te verstaan of in ag

te neem. In die lig van die Skrif, en met inagneming van die nuutste wetenskaplike navorsing oor homoseksualiteit vanuit verskeie dissiplines, moet die kerk en gelowiges 'n ingeligte standpunt oor homoseksualiteit vorm.

Die tweede doelwit was om die belangrikste historiese asook natuur- en geesteswetenskaplike insigte oor homoseksualiteit te belig. 'n Intelligente, deernisvolle en gebalanseerde gesprek oor homoseksualiteit is slegs moontlik wanneer iemand kennis neem van hoe dit deur die loop van die eeue beskou en beoordeel is.

Sedert die tyd van die Bybel het omvangryke verdere en nuwe ontwikkelings in die natuur- en geesteswetenskappe plaasgevind. Wanneer oor homoseksualiteit vanuit 'n teologiese hoek besin word, kan hierdie natuur- en geesteswetenskaplike insigte nie buite rekening gelaat word nie. Hierdie nuwe insigte moet in gesprek gebring word met die perspektiewe van die Bybelskrywers.

'n Verdere doelwit was om meer lig te werp op die invloed van die gebruik van verskillende hermeneutiese vertrekpunte. Ten diepste worstel geleerdes en gelowiges in die hele kwessie rondom homoseksualiteit met 'n hermeneutiese vraag. Omdat verskillende hermeneutiese sleutels gebruik word deur verskillende mense wat die Bybel lees en interpreteer, bestaan daar verskillende standpunte oor homoseksualiteit en homoseksuele praktyke. Die hermeneutiese invalshoek wat iemand gebruik om die Bybel te ontsluit, sal op die einde sy of haar standpunt oor homoseksualiteit bepaal.

Die laaste doelwit was die uitleg en toepassing van Levitikus 18:22 en 20:13. Die Christelike kerk se tradisionele verwerping en veroordeling van homoseksualiteit is gebaseer op 'n handvol Bybeltekste, waaronder die twee tekste in Levitikus. Daar moet hermeneuties uitgemaak word of die reglynige toepassing van die skynbaar duidelike afwysing van homoseksuele gedrag in die lig van hedendaagse oorwegings geregverdig is.

5.3 METODE

Hierdie navorsing het hoofsaaklik uit twee dele bestaan naamlik 'n literatuurstudie en tegelyk 'n eksegetiese studie met 'n hermeneutiese onderbou.

Die literatuurstudie het die huidige stand van die debat en werklike problematiek rondom homoseksualiteit aangetoon. Die teologie, maar ook insigte uit ander wetenskappe het aan die orde gekom.

Die tweede belangrike deel van hierdie navorsing was 'n eksegetiese studie. Van die ander tekste wat oënskynlik na homoseksualiteit verwys, is kortliks bespreek. Die tekste in Levitikus is meer uitvoerig met inagneming van beide literêre en historiese perspektiewe geanaliseer met sinkronie en diakronie as komplementêre gespreksgenote. Die volgende aspekte is onder andere in die leesproses van die tekste in Levitikus 18 en 20 ondersoek:

- Tekskritiek en literêre genre;
- Struktuur, opbou en inhoud van die twee hoofstukke;
- Verskillende vertalingsmoontlikhede van Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 met enkele belangrike opmerkings oor hierdie verse;
- Moontlike redes waarom homoseksualiteit oënskynlik verbied word deur die Ou Testament;
- Hoe die funksionering van eer en skaamte lig kan werp op die verstaan van hierdie tekste;
- 'n Teologiese perspektief op Levitikus 18:22 en 20:13.

5.4 INHOUD

Die *eerste hoofstuk* bied 'n oorsig oor die aktualiteit van homoseksualiteit en die probleme wat dit huidiglik omring. Hieruit vloei die doelwitte vir hierdie studie en die metode van ondersoek wat gebruik is. Die hipotese, hoofstukindeling en verduideliking van die belangrikste terme wat in die homoseksuele debat aan die orde kom, volg daarna.

Met 'n historiese perspektief bied die *tweede hoofstuk* ondersoek hoe homoseksualiteit deur die eeue beoordeel is en wat die huidige stand van sake is. Van die belangrikste problematiese aspekte daar rondom word belig.

Feitlik alle kulture ter wêreld, reg deur die loop van die menslike geskiedenis, is bekend met homoseksuele praktyke. Min bronne deur die loop van die eeue verwoord die Christelike kerk se standpunt oor homoseksuele praktyke en dit bemoelik navorsing oor die kerklike tradisie en homoseksualiteit. Homoseksuele persone het na gelang van die kultuurhistoriese situasie waarin hulle verkeer het hulle oriëntasie op verskillende wyses uitgeleef. Gevolglik is homoseksualiteit deur die loop van die geskiedenis verskillend beskryf en beoordeel. 'n Oorsig van die geskiedenis toon aan dat die meeste Christene in feitlik elke era van die kerk dieselfde-geslag seksuele praktyke verwerp en afgekeur het. Die probleem van homoseksuele gedrag was nooit deur die loop van die kerkgeskiedenis afwesig nie en het periodieke veroordeling vereis. Deur die eeue het die tradisionele Christelike standpunt teenoor homoseksuele gedrag in intensiteit en skerpheid gewissel, maar dit was deur die bank konstant negatief. Die huidige tyd word egter gekenmerk deur 'n groter wordende groep, veral binne Protestantse kringe, wat die kerk se tradisionele standpunt oor homoseksualiteit bevraagteken en selfs verwerp.

Die huidige debat oor homoseksualiteit speel af teen die agtergrond van 'n vinnig veranderende postmoderne era. Suid-Afrika het in die negentigerjare van die vorige eeu 'n nuwe grondwet met 'n handves van menseregte gekry. Die regte wat hierin beskerm word, is onder andere dat daar nie teen iemand op grond van sy of haar seksuele oriëntasie gediskrimineer mag word nie. In sommige dele van die wêreld, word homoseksualiteit en homoseksuele gedrag vandag al meer aanvaar as 'n gelyke deel van 'n toenemend diverse kultuur. Uit die beskikbare getuigenis blyk dit egter nie in Afrika die geval te wees nie.

Homoseksualiteit konfronteer kerke met verskeie vrae en probleme. Die Christelike kerk kan die seerkry, swaarkry, worsteling, verwerping en nood van homoseksuele gelowiges nie langer ignoreer nie. Die belangrikste kwessie bly steeds in hoe 'n mate onderskeie kerke en gelowiges se optrede teenoor die homoseksuele naaste deur liefde gekenmerk word of nie.

Baie homoseksuele persone beleef die kerk se hantering van homoseksualiteit as inkonsekwent en skynheilig. Daar kan nie een stel waardes vir homoseksuele gelowiges en 'n ander stel waardes vir heteroseksuele gelowiges geld nie. Die feit dat

die kerk in die praktyk verskillende waardestelsels vir homo- en heteroseksuele mense voorhou, lei tot 'n geloofwaardigheidskrisis.

Talle homoseksuele Christene dring vandag aan op dieselfde regte en voorregte wat heteroseksuele Christene in kerke geniet, naamlik om georden te word as ampsdraers en om te trou. Internasionaal en ook in Suid-Afrika verkeer kerke toenemend onder druk van die staat om homoseksuele huwelike te aanvaar. Die vraag waarmee dit die kerk konfronteer is of gelowiges en ander homoseksualiteit vandag as normale variant van menslike seksualiteit kan sien en of homoseksuele huwelike daarom net soos heteroseksuele huwelike erkenning kan geniet. Hoe gelowiges en kerke in die lig van die Bybel oor homoseksualiteit oordeel, sal bepaal hoe daar oor homoseksuele huwelike geoordeel word. Op die vraag of 'n mens homoseksuele gedrag kan versoen met die Bybel of nie, bestaan daar verskillende antwoorde.

Indien talle kerke die standpunt bly handhaaf dat die heteroseksuele huwelik die enigste ruimte is waarbinne menslike seksualiteit uitgeleef kan word, beteken dit dat daar geen ruimte of regte manier is waarop kernhomoseksuele Christene hul seksualiteit kan uitleef nie. Al hoe meer word betoog dat net soos die huwelik vir heteroseksuele persone 'n moontlikheid is, 'n lewenslange, liefdevolle homoseksuele verbintenis ook 'n moontlikheid moet wees. Vandag vind dit al meer plaas dat homoseksuele persone permanente verhoudings, wat gegrond is op Bybels-etiese waardes, binne huweliksverband met mekaar aangaan. Oor hierdie verdelende en emosioneel gelaaide saak is daar egter nog nie konsensus binne die meeste kerke nie.

Daar is waarskynlik nie een kerklike denominasie wat nie homoseksuele ampsdraers in hulle midde het nie. Daar is kerke wat meen dat homoseksuele Christene wat selibaat lewe tot die ampte toegelaat kan word. Indien homoseksuele persone in die kerk welkom is as lidmate waarom nie ook as ampsdraers nie? Of is net homoseksuele persone wat nie hulle seksuele oriëntasie uitleef nie welkom in die kerk en die ampte? Tog meen talle gelowiges en kerke steeds dat praktiserende homoseksuele persone nie tot die ampte toegelaat moet word nie en dat persone wat onberouvol in 'n homoseksuele lewenswyse volhard op een of ander wyse onder die kerklike dissipline hanteer moet word. Die vraag is of die praktisering of uitleef van 'n homoseksuele oriëntasie in die lig van die Bybel moreel aanvaarbaar is? Is die beoefening van

homoseksuele seks (ook binne 'n permanente verbintenis van liefde en trou) sonde wat persone wat homoseksuele verhoudings beoefen uitsluit van die nagmaal en ampte soos sommiges beweer? Waarom hoef heteroseksuele ampsdraers nie ook selibaat te bly nie?

Vir kernhomoseksuele persone is 'n heteroseksuele huwelik, bevryding van hulle homoseksuele oriëntasie en 'n lewe van selibaat soms nie moontlik nie. Wat van die moontlikheid van 'n langtermyn homoseksuele verbintenis? Ook oor die praktisering van homoseksualiteit bestaan daar geen eenstemmigheid onder gelowiges nie. Vir homoseksuele gelowiges en ander homoseksuele persone behoort daar egter 'n ruimte geskep te word om op verantwoordelike wyse hul seksualiteit uit te leef.

Van die grootste probleme waarmee homoseksuele persone en- gelowiges worstel is die homofobie wat hulle daaglik in die wêreld en ook in die kerk ervaar. Vandag is daar 'n groter wordende bewustheid van homofobie, die skade wat dit aan homoseksuele persone doen en doelbewuste optrede daarteen.

Talle wanpersepsies, wanvoorstellings en oningeligtheid omring homoseksualiteit steeds in die hedendaagse wêreld.

Uit die *derde hoofstuk* blyk die rol wat die buite-Bybelse wetenskappe kan speel in die huidige verstaan van homoseksualiteit. Homoseksualiteit kan nie direk en alleenlik uit die Bybel verstaan word nie. Verdere ontwikkelings in die wetenskap na die tyd van die Bybel moet in ag geneem en in gesprek gebring word met die Bybel. Verskillende kategorië van seksuele oriëntasie verteenwoordig 'n moderne klassifikasie wat 'n mens nie in antieke bronne en perspektiewe vind nie. Hierdie kategorië is streng gesproke 'n produk van moderne westerse denke. Dit beteken egter nie dat antieke bronne niks oor homoseksuele dade te sê het nie of dat dit nie in die antieke tye voorgekom het nie.

Daar bestaan steeds verskillende menings oor homoseksualiteit. Binne psigiatriese en sielkundige kringe word homoseksualiteit eers vanaf die sewentigerjare van die twintigste eeu deur talle geleerdes nie meer as 'n afwyking beskou nie. Die nuutste sielkundige navorsing toon aan dat homoseksualiteit nie as 'n geestesiekte, as iets

abnormaals of 'n morele afwyking geklassifiseer kan word nie. Homoseksualiteit is die wyse waarop 'n minderheid menslike liefde en seksualiteit uitdruk. Al hoe meer mense in die hedendaagse wêreld beskou homoseksualiteit as net nog 'n aanvaarbare alternatiewe lewenswyse of seksuele variant wat ongeïnhibeerd en skuldvry uitgeleef kan word.

Daar bestaan geen eenstemmigheid oor waarom sekere mense homoseksueel en ander byvoorbeeld heteroseksueel is nie. Selfs in die huidige postmoderne tyd bly die redes vir en oorsake van 'n homoseksuele oriëntasie onbekend. Daar is voorstanders van beide konstitusionele homoseksualiteit en verworwe homoseksualiteit asook 'n kombinasie van die twee. Wetenskaplikes is dit egter eens dat dit nie moontlik is om net een enkele oorsaak te gee vir 'n homo- en/of heteroseksuele oriëntasie nie. Volgens die jongste geestes- en natuurwetenskaplike navorsing blyk dit dat seksuele oriëntasie die gevolg is van 'n komplekse interaksie tussen biologiese, psigologiese en sosiale faktore in die eerste lewensjare. 'n Duursame homoseksuele gerigtheid is volgens die meeste kenners nie iets wat jy self kies nie, maar eerder met verloop van tyd ontdek.

Op die vraag of seksuele oriëntasie kan verander, bestaan daar steeds groot meningsverskil. Tot diep in die twintigste eeu is gepoog om deur middel van kastrasie, aversie terapie, hipnose, hormoonbehandeling, breinoperasies en selfs nog erger metodes, persone se seksuele oriëntasie te verander. Pogings om iemand se seksuele oriëntasie te verander, loop meestal (sommige meen altyd) op mislukking uit. Hoewel daar sterk bewyse is dat sommige gays hul seksuele oriëntasie kan verander, kan die oorgrote meerderheid dit nie doen nie.

In die *vierde hoofstuk* kom die belangrikste Bybelse perspektiewe aan die orde met besondere klem op die analise van die tekste in Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 en toepassing. Ten diepste worstel geleerdes en gelowiges in die hele kwessie rondom homoseksualiteit met 'n hermeneutiese vraag. Omdat verskillende hermeneutiese sleutels gebruik word deur verskillende mense wat die Bybel lees en interpreteer, bestaan daar verskillende standpunte oor homoseksualiteit en homoseksuele praktyke. Die hermeneutiese invalshoek of sleutel wat iemand gebruik om die Bybel te ontsluit sal op die einde sy of haar standpunt oor homoseksualiteit bepaal.

'n Verdere dilemma is dat die Bybel min of feitlik niks oor homoseksualiteit sê nie. Christelike kerke se tradisionele verwerping en veroordeling van homoseksualiteit is gebaseer op 'n handvol Bybeltekste. Hierdie tekste word soms onverantwoordelik gebruik en misbruik om bepaalde standpunte Bybels (selfs goddelik) te begrond of om debat oor die saak summier te beëindig. Daar moet hermeneuties uitgemaak word of die reglynige toepassing van die Bybel se skynbaar duidelike afwysing van homoseksuele gedrag in die lig van hedendaagse oorwegings geregverdig is. Groter versigtigheid by die lees en interpretasie van die Bybel asook eerlikheid oor Skrif benadering is nodig.

Beskikbare getuienis uit die kultuurruimte van die Ou Nabye Ooste is te twyfelagtig om as gespreksgenoot vir die moderne verstaan van homoseksualiteit te dien. Dit laat die vraag ontstaan of dieselfde nie ook waar is van die Bybel se getuienis oor homoseksualiteit nie.

Die tekste in Levitikus 18:22 en 20:13 is uitvoerig met 'n literêr-historiese bril bekyk.

Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 is die enigste tekste in die Ou Testament wat oënskynlik homoseksuele handeling tussens mans uitdruklik verbied. Dit is egter belangrik om te bepaal hoe bruikbaar hierdie tekste in die debat oor homoseksualiteit is en of kerke net eenvoudig hierdie tekste kan gebruik om die afwysing van homoseksuele verhoudings 'Bybels' te regverdig.

Die vae konteks waarin hierdie twee tekste wat homoseksualiteit afwys voorkom, open die deur vir verskillende verstaansmoontlikhede.

In Levitikus is daar nie sprake van 'n langtermyn verbintenis tussen twee mans of 'n huweliksverhouding nie, maar moontlik eerder van 'n insidentele seksuele ontmoeting. In hoofstukke 18 en 20 word seksuele promiskuiteit dus moontlik veroordeel.

My afleiding is dat man tot man seksuele omgang verbied word omdat dit die grens oorskry tussen aktiewe manlike en passiewe vroulike seksuele rolle. Die manier waarop hier na manlike homoseksuele aktiwiteit in terme van manlike en vroulike

rolle vir seksuele gedrag verwys word, wys op die belang van geslagsrol onderskeiding in die houding wat daar teenoor manlike homoseksuele kontak ingeneem word. Seksuele kontak tussen mans word verbied omdat dit die grense tussen geslagtelike subjek-objek kategoriëe verwar. Levitikus 18:22 en 20:13 protesteer dus teen die omkering van manlike en vroulike geslagsrolle in die openbare samelewing omdat dit in die lig van die waardes van eer en skande as 'n vernedering beskou is wanneer 'n man die rol van 'n vrou in die openbaar inneem. Die outeurs van die Heiligheidskodeks beskou hierdie verwarring as afstootlik en het baie moeite gedoen om die onderskeidings en kategoriëe in terme waarvan die wêreld eintlik georden moes word, uit te stippel. Enige aktiwiteit wat moontlik hierdie sisteem van geordende reinheid kon ontwig is veroordeel.

Homoseksuele gedrag tas in 'n patriargale samelewing (soos die van die Ou Testament) manlike eer aan. Mans is beskou as geskikte seksuele subjekte en alle vroue as geskikte seksuele objekte. Die manlike seksuele rol is om die aktiewe penetreerder te wees, en die passiewe rol (om geopenetreer te word) bring skande oor 'n man.

Laastens volg *hoofstuk vyf* waarin 'n sintese van die bevindings van hierdie ondersoek gemaak word.

5.5 HIPOTESE

Die hipotese van hierdie studie is die volgende: *die bepaalde hermeneutiese sleutel wat 'n eksegeet gebruik om tekste soos dié in Levitikus te ontsluit, bepaal sy of haar verstaan van hierdie tekste. 'n Eksegetiese en hermeneutiese analise van hierdie tekste dui daarop dat beide Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 nie in die hedendaagse teologiese debatte oor homoseksualiteit eenvoudig direk eweredig aangewend kan word om die seksuele oriëntasie van homoseksualiteit op hierdie Bybelse gronde af te wys nie.*

Hierdie tekste kan nie net so op vandag se verstaan van homoseksuele verhoudings toegepas word nie, omdat hulle nie konstitusionele homoseksualiteit in die oog het nie. Dit reageer op probleme wat eie was aan die konteks van die volk Israel. 'n Mens kan die verskynsel homoseksualiteit soos geleerdes en ander dit vandag definieer, nie

direk uit die Bybel verstaan nie. Nêrens praat die Bybel oor homoseksualiteit as seksuele oriëntasie nie. Die relevante teksgedeeltes praat grafies oor dade, nie oor persone of seksuele oriëntasies nie. Nêrens word lig gewerp op 'n durende homoseksuele verbintenis van liefde en trou nie.

Dit blyk ook duidelik dat die Ou Testamentiese uitsprake oor homoseksualiteit tydsgebonde is en dat die etiese norme en waardes wat daarin gereflekteer word, nie net so op moderne etiese vraagstukke toegepas kan word nie.

5.6 SLOTWOORD

God se liefde vir die hele skepping blyk duidelik uit die Ou Testament. Hierdie liefde sluit alle mense in, of hulle heteroseksueel of homoseksueel is. Hierdie beginsel van God se liefde vir sy hele skepping behoort gelowiges se denke, woorde en optrede oor homoseksualiteit en teenoor homoseksuele persone te rig en te bepaal.

BIBLIOGRAFIE

- Anthonissen, C & Oberholzer, P 2001. *Gelowig en gay?: Riglyne vir 'n sinvolle dialoog met gay lidmate*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Bateman, P W & Bennet, N C 2006. The biology of human sexuality: Evolution, ecology and physiology. *Verbum et Ecclesia* 27(1), 245-264.
- Beeld* 30 Julie 2004. Om te kan trou (vrou met vrou), bl 15.
- Beeld* 16 Oktober 2004. Gay Christene loof die Here oor sinode-besluit, bl 5.
- Beeld* 21 Oktober 2004. NG Kerk se sinode sê nie ja vir gay leraars, bl 9.
- Beeld* 10 November 2005. Sinode besluit in '07 oor gays, bl 14.
- Beeld* 10 November 2006. Huwelike, bl 18.
- Beeld* 1 Desember 2006. Gay-paartjies kon toe al gister trou, bl 5.
- Beeld* 9 Desember 2006. 1ste Britse gay-egpaar gaan skei, bl 3.
- Beeld* 17 Januarie 2007. 'Ek sal nie stilbly nie': Swart lesbiërs praat oor haat en 'regstellende verkragtings', bl 9.
- Beeld* 17 Januarie 2007. Swart lesbiërs en gays loop veel meer deur as wittes, bl 9.
- Beeld* 22 Februarie 2007. Anglikane vra vrae oor gays in kerk, bl 7.
- Beeld* 21 Maart 2007. Vere maak die voël, of hoe? Die gay vraagstuk kry in wetenskap antwoorde, bl 11.
- Bosman, H L 1986. Die ontstaan en verstaan van die Ou-Testament, in Deist, F E & Vorster, W S (reds) 1986:1-15.
- Botha, A H 1986. *Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?* Pretoria: Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid.
- Breytenbach, A P B 1989. Levitikus, in Van Zyl, A H (red), *Verklarende Bybel*, 115-147. Kaapstad: Lux Verbi.

- Buitendag, J 2004. “Genes Я us” – of juis nie?: Oor determinisme en voluntarisme by die mens met verwysing na homoseksualiteit. *HTS* 60(1&2), 61-81.
- Cilliers, P 1997. *'n Kas is vir klere*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Deist, F E 1986. Die skrywer, sy teks en sy gehoor, in Deist, F E & Vorster, W S (reds) 1986:16-36.
- Deist, F E & Vorster, W S (reds) 1986. *Woorde wat ver kom: Die literatuur van die Ou-Testament (Deel 1)*. Kaapstad: Tafelberg.
- Deist, F E, 1987. Die Heksateug, in: Bosman, H L & Loader, JA (reds), *Vertellers van die Ou Testament*, 1-43. Kaapstad: Tafelberg.
- De Villiers, D E 2006a. Kruispunte in Christene se besluitneming oor homoseksualiteit. *Verbum et Ecclesia* 27(1), 186-198.
- 2006b. Gee die Bybel nog vandag aan ons morele oriëntering oor kwessies soos homoseksualiteit? *Acta Theologica* 26(1), 54-78.
- Die Hervormer* 1 November 2005. Homoseksualiteit, bl 3 en 4.
- Die Kerkbode* 24 September 2004. Gay-debat kan tot magstryd lei by Algemene Sinode, bl 1.
- Die Kerkbode* 27 Oktober 2006. GKSA distansieer hul van NGK-voorlegging, bl 5.
- Doe, M 2000. *Seeking the truth in love: The Church and homosexuality*. London: Darton, Longman and Todd.
- Douma, J 1984. *Homofilie*. Kampen:Van den Berg.
- Dickson, C 2002. Response: Does the Hebrew Bible have anything to say about homosexuality? *OTE* 15(2), 350-367.
- Dreyer, Y 2004. Homoseksualiteit: Die kerk, die tradisie en die Bybel – homofobie en sarkofobie en die evangelie. *HTS* 60(1&2), 175-205.
- 2006a. Prejudice, homophobia and the Christian faith community. *Verbum*

- et Ecclesia* 27(1), 155-173.
- 2006b. Heteronormatieweit, homofobie en homoseksualiteit – ’n roetekaart vir ’n inklusiewe kerk. *HTS* 62(2), 445-471.
- Du Plessis, J 1999. *Oor gay wees*. Kaapstad: Tafelberg.
- Du Toit, B 2007. NG Kerk Algemene Sinode 2007.02: Besluit oor gay debat.
<http://www.teo.co.za/wmview.php?ArtID=557> soos afgelaai op 2007/06/10.
- Egerston, P W 1999. One family’s story, in Wink 1999:23-30.
- Gagnon, R J 2001. *The Bible and homosexual practice: Texts and hermeneutics*.
Nashville: Abingdon Press.
- Germond, P & de Gruchy, S (eds) 1997. *Aliens in the household of God: Homosexuality and Christian faith in South Africa*. Cape Town:
David Philip Publishers.
- Gerstenberger, E S 1996. *Leviticus: A commentary*, tr by D W Stott. Louisville:
Westminster John Knox Press (The Old Testament Library).
- Geysers, P A 2002. Bybelse getuienis oor homoseksualiteit – met ander oë gesien.
HTS 58(4), 1655-1677.
- Geysers, P A & Van Aarde, A G 2004. “Om nie te dink bo wat in die Skrif geskrywe staan nie” – konsistensie en ontwikkeling in die teologie van Piet Geysers.
HTS 60(1&2), 7-28.
- Groenewald, A 2006. Drink met vreugde uit die liefdesfontein! – ’n Ou-Testamentiese perspektief op menslike seksualiteit. *Verbum et Ecclesia* 27(1), 42-69.
- Hartley, J E 1992. *Leviticus*. Dallas: Word Books (Word Biblical Commentary).
- Haspel, M 2007. Christelike seksuele etiek in ’n tyd van MIV/Vigs: ’n uitdaging vir openbare teologie, in Human & Vos 2007:260-279.

- Hayes, J H & Holladay, C R 1982. *Biblical Exegesis: a beginner's handbook*. Atlanta: John Knox Press.
- Human, D J 1999. Die literêr-historiese lees van 'n teks. *Skrif en Kerk* 20(2), 354-368.
- 2003. Teologie kroniek: Skrifverstaan en die Nuwe Hervorming. *Verbum et Ecclesia* 24(1), 260-276.
- 2005. Homoseksualiteit: perspektiewe uit die antieke Nabye Ooste. *OTE* 18(3), 629-636.
- Human, D & Vos, C (reds) 2007. *Liefde is die grootste: oor erotiek en seksualiteit*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kelsey, M & Kelsey, B 1999. Homosexualities, in Wink 1999:63-66.
- König, A 2002. *Ek glo die Bybel - ondanks al die vrae*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Koopman, N & Vosloo, R 2002. *Die ligtheid van die lig: Morele oriëntasie in 'n postmoderne tyd*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Levine, B A 1989. *Leviticus*. Philadelphia: The Jewish Publication Society (The JPS Torah Commentary).
- Maarsingh, B 1974. *Leviticus*. Nijkerk: Callenbach (De Prediking van het Oude Testament).
- Malherbe, E F J & Rautenbach, I M 1998. *What does the constitution say?* Pretoria: JL van Schaik.
- Myers, D G 1999. Accepting what cannot be changed, in Wink 1999:67-70.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). Algemene Sinode 2004. Agenda deel ii.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). Algemene Sinode 2007. Agenda deel 1.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2004. Agenda

- van die Algemene Kerkvergadering 2004. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- Besluitbundel van die 67ste Algemene Kerkvergadering 2004. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2007. Bylae A. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- Nissinen, M 1998. *Homoeroticism in the Biblical world: A historical perspective*, tr by K Stjerna. Minneapolis: Fortress Press.
- Otto, E 2007. Homoseksualiteit in die Ou Nabye-Ooste en Ou Testament, in Human & Vos 2007:58-66.
- Potgieter, J 2005. *'n Nuwe-Testamentiese studie in hermeneutiek: Die homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986-2004)*. Ongepubliseerde Ph.D.- proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Potgieter, J & van Huyssteen, F 2002. *Homoseksualiteit in perspektief: Hoop en heling uit die Bybel*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Prinsloo, G T M 1989. *'n Literêr-eksegetiese analise van die boek Habakuk*. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Punt, J 2006. Using the Bible in post-apartheid South-Africa: Its influence and impact amidst the gay debate. *HTS* (62)3, 885-907.
- Ridley, M 2003. What makes you who you are? *Time* (161) 22, 40-47.
- Sanders, J A 1976. s v Hermeneutics. *IDB* (Supplementary Volume).
- Sehested, K 1999. Biblical fidelity and sexual orientation: Why the first matters, why the second doesn't, in Wink 1999:50-60.
- Soards, M L 1995. *Scripture and homosexuality: Biblical authority and the Church Today*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

- Spangenberg, I 1998. *Perspektiewe op die Bybel: God se woord in mensetaal*.
Pretoria: JL van Schaik.
- Snyman, S D 2006. Help Levitikus 18:22 en 20:13 die (NG) Kerk in die debat oor
homoseksualiteit? *OTE* 19(3), 968-981.
- Stander, H (red) 2003. *Wat die Bybel sê oor ...: 50 raakvatantwoorde oor kwessies
waaroor almal wonder*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.
- Stiebert, J & Walsh J T 2001. Does the Hebrew Bible have anything to say about
homosexuality? *OTE* 14(1), 119-152.
- Stone, K 1995. Gender and homosexuality in Judges 19: Subject-Honor, Object-
Shame? *JSOT* 67, 87-107.
- Stott, J 1990. *Issues facing Christians today*. London: Marshall Pickering.
- Strommen, M P 2001. *The Church and homosexuality: Searching for a middle
ground*. Minneapolis, Minnesota: Kirk House Publishers.
- Van Wyk, I W C 1997. *Homoseksualisme*. Ongepubliseerde klasaantekeninge.
- Venter, P 1993. Levitikus, in Vosloo, Wil en Van Rensburg, Fika J (red), *Die
Bybel in Praktyk*, 151-189. Vereeniging: Cum.
- 2003. Levitikus, in van der Watt, Jan (red), *Die Bybel A-Z*, 165-186.
Vereeniging: Cum.
- Vorster, N 2006. Voorlegging aan die Portefeulje-Komitee van die Departement van
Binnelandse Sake oor die wysiging van die Huwelikswet (Wet No. 25 van
1961): reaksie op die Konsepwet vir Burgerlike Verbintenisse (Civil Unions
Bill), <http://www.gksa.org.za/aktueel/brief%20regering.asp> soos afgelaai op
2007/01/28.
- Wenham, G J 1990. The Old Testament attitude to homosexuality. *The Expository
Times* 102, 359-363.

White, L J 1995. Does the Bible speak about gays or same-sex orientation? A test case in Biblical ethics: Part 1. *Biblical Theology Bulletin* 25(1), 14-23.

Wink, W (ed) 1999. *Homosexuality and Christian faith: Questions of conscience for the Churches*. Minneapolis: Fortress Press.

SAMEVATTING

Aan die begin van die 21e eeu vorm homoseksualiteit wêreldwyd een van die mees aktuele en uitdagende vraagstukke. Gelowiges en kerke worstel met kwessies soos homoseksuele huwelike, homoseksuele ampsdraers en of die praktisering van 'n homoseksuele oriëntasie aanvaarbaar is. Die doel van hierdie navorsing is om die problematiek en aktualiteit rondom homoseksualiteit aan te toon. Die belangrikste historiese asook natuur- en geesteswetenskaplike insigte oor homoseksualiteit word ook belig. Ten diepste handel die debat oor homoseksualiteit oor die vraag: Hoe moet 'n mens die Bybel interpreteer? Die bepaalde hermeneutiese sleutel wat 'n eksegeet gebruik om tekste soos dié in Levitikus te ontsluit, bepaal sy of haar verstaan van hierdie tekste. 'n Eksegetiese en hermeneutiese analise van hierdie tekste dui daarop dat beide Levitikus 18:22 en Levitikus 20:13 nie in die hedendaagse teologiese debatte oor homoseksualiteit eenvoudig direk eweredig aangewend kan word om die seksuele oriëntasie van homoseksualiteit op hierdie Bybelse gronde af te wys nie.

SLEUTELTERME

homoseksualiteit, homoseksualisme, homofilie, homoerotiek, homoseksueel, gay, lesbies, homoseksuele huwelike, homoseksuele, ampsdraers, homofobie, heteroseksisme, seksuele oriëntasie, seksualiteit, Levitikus 18:22, Levitikus 20:13

ABSTRACT

Worldwide homosexuality currently forms one of the most challenging and contentious issues. Churches are struggling with questions about homosexual marriage, the ordination of homosexual clergy and office-bearers as well as the acceptability of acting on a homosexual orientation. The aim of this research is to shed light on the different problem areas that surrounds homosexuality and show why it is so topical. The most important insights about homosexuality from history as well as modern science, are also discussed. The homosexuality debate centres around the question: How should one interpret the Bible? This study confirms that the hermeneutical key an exegete uses to unlock texts like those in Leviticus determines his or her understanding of these texts. The exegetical and hermeneutical analysis of these texts makes it clear that neither Leviticus 18:22 nor Leviticus 20:13 can simply be applied directly in the current theological debate.

KEYTERMS

homosexuality, homosexualism, homophilia, homoeroticism, homosexual, gay, lesbian, homosexual marriage, homosexual clergy, homophobia, heterosexism, sexual orientation, sexuality, Leviticus 18:22, Leviticus 20:13